Rapport
5 April 2020

Die bakker, die stripper en die visserman kry swaar – 7

Louis Wilsenach word begrawe.

**Stille begrafnis vir 'n Covid-slagoffer – 4**

**Jake probeer Damian Willemse vir Bulle kaap – Sport**

**Stian Bam wys sy nuwe liefde – 5**

Divan Serfontein en Burger Geldenhuys op die gholfdag.

# Inperking dalk tot 4 maande langer

**Mkhize voorspel 'n 'ontploffing' van getalle.**

## Private sektor skarrel om ventilators vir stortvloed siekes te bou

**Verslagspan**

Inperkingsmaatreëls in Suid-Afrika sal met tussen twee en vier maande verleng moet word as die land enige kans wil staan om die verspreiding van die dodelike koronavirus te keer.

Volgens voorspellings deur die Amerikaanse konsultasiefirma die Boston Consulting Group (BCG) sal Suid-Afrika se aantal nuwe Covid-19-gevalle wat daagliks aangemeld word eers teen die begin van Junie sy hoogtepunt bereik. Dit beteken dat die inperking eers teen die vierde week van Junie – of selfs eers aan die einde van Augustus – opgehef kan word.

Die voorspelling is in ooreenstemming met waarskuwings van verskeie kabinetslede die afgelope week.

Pres. Cyril Ramaphosa, 'n groot bewonderaar van die bestuur van die pandemie in China, waar die inperking twee en 'n half maande geduur het, het Maandag in sy presidensiële nuusbrief gesê enige inperkingsmaatreëls werk net as dit "vir verskeie weke geld" en "streng gehoorsaam word".

Cassel Mathale, die adjunkminister van polisie, het Woensdag in Kimberley ook gewaarsku dat daar "geen ander opsie sal wees" as om die inperking te verleng as die huidige inperkingsmaatreëls nie suksesvol is nie.

Ook dr. John Purchase, uitvoerende hoof van Agbiz en 'n lid van Business for South Africa se Covid-krisiskomitee, sê hy het min twyfel dat die 21 dae-inperking waarskynlik verleng sal word, maar hopelik met maatreëls wat "minder drakonies" is en meer ekonomiese vryhede toelaat.

"Kyk maar wat internasionaal gebeur – jy kan dit nie sommer net ophef nie. Maar ons hoop die regering sal van die maatreëls verslap. Soos dit nou daar staan, is dit baie drakonies," het hy aan *Rapport* gesê.

Die BCG se epidemiologiese model maak staat op die wêreldwye data van die Johns Hopkins-universiteit in Amerika en die ondervinding van Chinese owerhede in hul stryd om die uitbraak in dié land se Hubei-provinsie onder beheer te kry. Dit vergelyk inligting uit 20 lande en maak voorspellings vir elkeen gegrond op die lande se infeksiesyfers, reaksie op die pandemie en unieke omstandighede van elke land.

In China is die inperking in Wuhan eers verslap sewe en agt weke nadat die aantal daaglikse nuwe infeksies 'n hoogtepunt bereik het.

Suid-Afrika is lank nog nie op daardie punt nie. Die Suid-Afrikaanse minister van gesondheid, dr. Zweli Mkhize, het hierdie week gewaarsku dat ons tans "die stilte voor die storm" beleef. Hy voorspel 'n "ontploffing van getalle" oor die volgende weke.

Die BCG-verslag, wat op 26 Maart verskyn het, hou wel rekening met die feit dat Suid-Afrika se inperkingsmaatreëls baie vroeër as elders ingestel is.

Twee belangrike veranderlikes tel egter teen Suid-Afrika: Die aantal hospitaalbeddens per 100 000 van die bevolking en die persentasie van die bevolking wat sukkel met respiratoriese siektes. Die regering se vermoë om die pandemie te bestuur word as "neutraal" beoordeel – nie goed of sleg nie. Ander lande met 'n "neutrale" beoordeling is Brittanje, Italië en Spanje.

Die feit dat die aantal sterftes en pasiënte wat kritieke sorg nodig het nog redelik laag is, moet die regering se gesondheidsbeplanners hoop gee omdat dit hulle waardevolle tyd gee om voor te berei vir die "storm" wat Mkhize voorspel.

Teen druktyd gisteraand was daar tien mense in intensiewe sorg en sewe bevestigde sterfgevalle.

Die feit dat die departement beoog om sy toetsvermoë van sowat 5 000 per dag tot 36 000 per dag uit te brei, voorspel 'n dramaties styging in die aantal bevestigde gevalle – in pas met wat elders ter wêreld gebeur het. Die uitbreiding gebeur egter stadig en slegs tien van die 67 mobiele toetseenhede wat Mkhize verlede week beloof het, is reeds ontplooi (sien berig op bl. 8).

"Ons moet ons toetsingsvermoë verbeter sodat ons 'n beter idee van ons werklike syfers het, dan sal ons weet wie positief is en dan kan ons hulle geïsoleer kry," het dr. Kamy Chetty, uitvoerende hoof van die National Health Laboratory Service, gesê.

Intussen is daar steeds groot onsekerheid oor die land se vermoë om die stortvloed van siekes wat verwag word te verpleeg. Daar is veral vrae oor die beskikbaarheid van hospitaalbeddens en ventilators.

Mkhize het op 16 Maart gesê daar is 813 (uit 'n totaal van 87 309) intensiewesorgbeddens in staatshospitale en 161 (uit 2 146) intensiewesorgbeddens in die private sektor.

Die aantal beddens in intensiewe sorg kan egter veel hoër wees. Prof. Alex van den Heever, 'n gesondheidsekonoom van Wits, meen daar is sowat 7 195 intensiewesorgbeddens in die land – 2 238 in staatshospitale en 4 957 in die private sektor.

**'Ons moet ons toetsingsvermoë verbeter.'**

Dr. Anchen Laubscher, mediese direkteur van Netcare, het die afgelope week aan *Rapport* gesê dié groep beskik oor 1 200 beddens in sy hoësorgeenhede. Dr. Charl van Loggerenberg, hoof van noodgeneeskunde by Life Healthcare, sê hulle beskik oor 1 050 hoësorgbeddens.

Suid-Afrikaanse hospitale beskik na raming oor sowat 8 000 ventilators (4 000 in private hospitale en 2 000 in staatshospitale) – 'n apparaat wat kritiek noodsaaklik is om baie siek Covid-19-pasiënte te red.

Covid-19 pasiënte moet gemiddeld drie weke aan 'n ventilator gekoppel wees – teenoor vyf dae vir die meeste ander pasiënte in 'n hoësorgeenheid. Daar is wêreldwyd 'n reusetekort aan dié masjiene.

**Lees verder op bl. 2**

Wetstoepassers op patrollie Woensdag in Parkwood in Kaapstad op dag ses van die inperking. | FOTO: ZIYAAD DOUGLAS

### Lees binne


- 'Geweld kan uitbreek oor inperking' – 2
- Vier bejaardes in ouetehuis toets positief – 4
- TB-masjiene help nou om vir Covid te toets – 8
- Hanlie Retief gesels met Edcon se baas – 10
- Verbod op rook kan SA miljarde kos – Sake
- Vrees pak Amerika, skryf Jani Allan – Weekliks


## Hospitaal vra Divan moet vir eers wegbly

**Hendrik Hancke** en **Dawie Boonzaaier**

Die Mediclinic-hospitaal in Stellenbosch het die voormalige Springbokkaptein Divan Serfontein, wat by die hospitaal as mediese spesialis werk, gevra om by die huis te bly tot hy kan bewys hy het nie Covid-19 onder lede nie.

Intussen het die hospitaal ook begin om kontak te maak met al die kollegas en pasiënte wat Serfontein die afgelope tyd gesien het om te probeer vasstel of hulle enige simptome van die siekte toon.

Vrae het ontstaan omdat Serfontein nie wil sê of hy siek is of nie nadat hy by 'n gholfdag in Jan Kempdorp saam met oud-Springbok-spanmaats was. Ten minste ses van hulle het intussen siek geword.

Ondanks die feit dat een van sy spanmaats aan *Rapport* gesê het hy het reeds tydens die gholfnaweek siek geword met tipiese Covid-19-simptome, het Serfontein die afgelope week glad nie op *Rapport* se navrae gereageer nie – alhoewel hy wel die koerant se teksboodskappe gelees het.

Die laaste keer dat Serfontein wel op die koerant se navrae gereageer het, was verlede Saterdag. Aanvanklik het hy gesê dat hy hom laat toets het en nog wag op sy uitslae. Later het hy gesê die uitslag van sy toetse is privaat.

Die Knie-kliniek in Stellenbosch, waar Serfontein onder die ortopediese chirurg dr. Spike Erasmus praktiseer, het nie op *Rapport* se navrae gereageer nie.

**Lees verder op bl. 4.**

R29,10 Bel 087 353 1300 om in te teken. Prys in Namibië: N$35,60

9 771017 165006 01420

VERDIEN 'N BETER RENTEKOERS
MET 'N FINBOND 60-MAANDE VASTE TERMYN BELEGGING VAN R1 MILJOEN OF MEER

0860 44 22 11
E-pos: deposit@finbond.co.za
SMS Deposit na 33903 en ons sal u skakel*
*Elke SMS kos R1.50

'N BETER KOERS VAN 11.5% Nominale rente
Kapitaal en Rente GEWAARBORG

FINBOND GROEP BEPERK
www.finbond.co.za
Finbond Groep Beperk is n gemagtigde finansiële diensteverskaffer. Terme en voorwaardes geld.

Vir 'n 60-maande vastetermynbelegging van R1m of meer betaal Finbond nominale rente van 11.5% per jaar. Kliënte kan kies dat rente maandeliks, kwartaalliks, halfjaarliks, of jaarliks uitbetaal word - of alles gelyktydig aan die einde van die kontrak, in welke geval rente maandeliks gekapitaliseer en saamgestel word. Met saamgestelde rente het kliënte die geleentheid om rente op rente te verdien. Indien 'n kliënt die saamgestelde rente opsie kies, dan is die totale opbrengs gemiddeld 15.45% per jaar oor die 60-maande periode.

## Rapport sê

# Covid-19 is ’n toets vir almal – en ’n kans

Miljoene Suid-Afrikaners sonder ’n inkomste en kos om te eet het opdrag gekry om in digbevolkte townships in propvol pondokke gekerker te bly anders word hulle in hegtenis geneem, aangerand of geskiet. Dié mense plaas reeds hul lewe op die spel wanneer hulle snags na buitetoilette loop terwyl moordenaars op loer lê of deur soggens in wegholtaxi’s te pendel na hul werkplekke, want die treine is gebreek.

Dieselfde staat wat die treinstelsel gebreek en die hospitale laat vergaan en die tsotsi’s nie opsluit nie, vertel hulle nou dat die inperking die beste van ’n klomp slegte maniere is om ’n dodelike virus-vyand te verslaan wat van oorsee af gekom het. Loop rond en jy tart Covid-19; bly tuis sonder inkomste en ons sal probeer sorg dat jy nie verhonger nie, sê die staat.

Hierdie arm burgers is ’n geldige fokus van beleidmakers, welsynsorganisasies en ons nuusdekking omdat hulle so kwesbaar is vir die virussiekte weens die hoë voorkoms van onderliggende kwale en gekompromitteerde immuunstelsels, swak voeding, en minder toegang tot behoorlike mediese sorg. Hulle is ook die eerste teikens van vrot appels in die polisie en weermag.

Hulle is egter allermins die enigste slagoffers van Covid-19 of die grendelstaat wat lewensmiddele en nywerhede en kleinsakeondernemings en werksgeleenthede verwoes, bemindes en families en gemeentes skei en ons dorpe en stede soos in Deon Meyer se profetiese roman *Koors* ontvolk.

Almal word geraak deur ’n ongekende ramp. Daar was al dodelike wêreldwye pandemies, maar soveel mense is nog nooit tot hul huise beperk nie; soveel van die wêreldekonomie het nog nooit tot stilstand gekom nie; en soveel inligting oor die pandemie was nooit voorheen so oombliklik beskikbaar nie. Tegnologie is natuurlik ’n groot voordeel, en ook gesondheidstelsels se vermoë om siekes te versorg het merkbaar verbeter sedert 1918 se Groot Griep.

Die moeilikheid is egter dat ons nog nie weet of die inperkings wat dit onmoontlik maak om saam met geliefdes te rou langs ’n oop graf of jou jou werk kos of jou tuinier sonder ’n inkomste laat, die siekte se galop kan stuit of genoegsaam kan beperk nie. Ons het gesien dat drastiese stappe in baie Westerse lande en sommige Oosterse lande werk, maar in geen van daardie lande woon mense opmekaar soos in Alexandra of Khayelitsha nie. Inperking is nog nie met sukses probeer in ’n land soos Suid-Afrika nie, waar die gelukkiges die lewensgehalte van Switsers en ander dié van Kongolese het. In Suid-Afrika is daar die bykomende gevaar dat die ANC-regering, verblind deur ideologie, dronk op korrupsie, hoog op magshonger, die pleidooie van gewone mense om versigtig met hul vryhede en regte te werk, sal ignoreer omdat hulle glo dat hulle altyd van beter weet.

Die siekte het egter ook ’n ander dimensie. Dit dwing almal om te besin oor wat regtig saak maak. Dit lei tot ’n ongekende uitstorting van hulp deur dié wat dit kan bekostig. Dit gee ons as gesinne en samelewing kans om te vra: Is daar dinge wat ons voor Covid-19 gedoen het, en maniere waarop ons toe geleef het, wat ons dalk beter daaraan toe is om te laat vaar?


## Kontak ons

**Teken in:** 087 353 1300. SMS “Rapport” na 31069.
**Intekenare-navrae:** 087 353 1300. (Maandag tot Vrydag: 07:00-16:30. Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae: 07:00-11:00.) SMS “diens” na 31069. E-pos: intekenare@media24.com
WhatsApp: 087 353 1333
**Waar kry ek Rapport?** 087 741 3137
**Nuuswenke:** 011 713 9633 of 021 406 3228
E-pos: nuus@rapport.co.za
**Klagtes oor stories:** Alet Wichmann 011 713 9682. alet@media24.com
**Redakteur:** Waldimar Pelser 011 713 9633 of 021 406 3228 waldimar.pelser@rapport.co.za
**Nuus- en Sakeredakteur:** Erika de Beer 011 713 9633 of nuus@rapport.co.za
**Sportredakteur:** Albert Weideman 011 713 9671 of albert.weideman@rapport.co.za
**Beleef:** Alet Wichmann 011 713 9682 of alet@media24.com
**Weeklikks en briewe:** Pieter Malan 021 406 3514 of pmalan@rapport.co.za



**Rapport**
**Hoe kan ons help?**
*Rapport*-intekenare kan ons by die volgende besonderhede kontak met enige navrae.
**Skakel: 087 353 1300**
**SMS: “diens” na 31069** (SMS's kos R1,50c)
**WhatsApp nommer: 087 353 1333**
**E-pos: intekenare@media24.com**


# SAPD-lid positief, geboue ontruim

**Hendrik Hancke**

Drie polisiegeboue in Pretoria is die afgelope week ontruim nadat ’n beampte wat in een van hulle werk positief getoets is vir Covid-19.

Gewone lede vrees boonop vir hul veiligheid weens ’n tekort aan maskers, handskoene en handreiniger.

Brig. Vish Naidoo, nasionale polisiewoordvoerder, het die ontruimings bevestig, maar sê *Rapport* “maak ’n berg uit ’n molshoop”.

Die polisie is volgens Naidoo op 2 April deur ’n Pretoriase hospitaal ingelig dat ’n lid van die afdeling vir sigbare polisiëring positief getoets het vir die koronavirus. Hy sê die afdelingsbestuur het die drie geboue waarvoor hulle verantwoordelik is as voorsorgmaatreël laat ontruim.

“Die ontruiming is gedoen sodat lede kan selfisoleer en ook sodat die geboue ontsmet kan word. Al drie geboue, in plaas van net die gebou waar die lid werksaam was, is ontruim, want lede wat met dié lid in kontak was, kon in kontak met ander lede gewees het wat in die ander twee geboue werk.”

Die drie geboue, Sancardia, Veritas en 540 Pretorius, huisves die hoof en senior lede van die afdeling vir sigbare polisiëring. Veritas is ongeveer ’n blok van Wachthuis, die polisiehoofkwartier.

“By 540 Pretorius is die kantore van die afdelingskommissaris, lt.genl. (Moeketsi) Sempe, en al sy personeel,” het ’n hoggeplaaste beampte wat in Sancardia werk aan *Rapport* gesê.

Die lid wat positief getoets is, werk volgens twee bronne in 540 Pretorius, waar talle personeellede uit ander geboue daagliks vergader.

“Wat as hierdie ding sneeubal en ons bystand-ouens begin siek word?”

Hy sê die afgelope week het hy wel meer erns op hoë vlak by die polisie opgemerk. “Die generaals het besef hier is ’n probleem en die mense opgedeel. Ons werk nou in kleiner spanne sodat as daar infeksies is, ons wel kan voortgaan.”

**Polisielede aan die voorpunt kry swaar.**

’n Beampte wat self in 540 Pretorius werk en nou soos sy kollegas in selfisolasie is, sê: “Die polisie waag kanse met ons lede se lewens. Ná die president die ramptoestand afgekondig het, het ons maskers en seep gekry. Die seep het nie alkohol in nie en die maskers is net gewone stofmaskers. Baie lede het daai seep eenvoudig weggegooi.”

Volgens hom kry die polisielede aan die voorpunt swaar.

“Die lede kry elke dag as jou skof begin ’n masker en handskoene. Die masker is net vir ses ure veilig, maar jou skof is 12 ure lank. Die handskoene moet jy eintlik uittrek en weggooi ná jy ’n toilet gebruik of geëet het. Nou het jy een paar, so jy kan nie.”

Hy het sy handseep by ’n padblokkade aan kollegas gegee.

’n Lid van ’n Covid-eenheid in die Oos-Kaap sê in ’n boodskap: “So staan my skof vanoggend parade. Nog geen maskers nie. Intussen het ons tien gekry van daai gewone papiermaskers, wat jy net vir ’n klein rukkie kan gebruik, en handskoene. Ons voertuie is suf, wat ons moes oorvat by nagskof vanoggend. Daar is nie tyd om skoon te maak nie. Ongelukkig is dit die realiteit vir elke lid wat die Covid-19 dienste doen. Voertuie is vir ons ’n risiko. Ons gaan oorleef, want ons glo ons gaan hier ook deurkom. Ons almal is geskok in die bestuur se patetiese reaksie. Hulle voel niks vir ons nie, solank hulle *happy* is en veilig voel. Ons Covid-19-eenheid se lede werk ons werklik moerbye toe. Ons kry skaars kans vir eet in ’n 12-uur skof. Net ’n koue, vinnige pastei wat jy elke dag letterlik afwurg terwyl jy stres of als skoon genoeg is, want jy moet weer oor tien minute gaan werk. Maar ons bly sover positief.”

Bheki Cele, minister van polisie, het gister teenoor *City Press* ontken dat die polisiehoofkwartier ooit in enige gevaar was. “Wachthuis is ’n blok weg van die drie geboue. Wat is die probleem? Nie te veel mense loop tussen Wachthuis en die geboue wat ontruim is nie. Ons het nooit gedink die polisie is immuun nie. Ons het geweet dit gaan kom, daarom het ons voorbereidings hiervoor getref.”

Hy ontken dat gewone polisielede onbeskermd gelaat word. “Amper al die lede op die voorste linie het almal handskoene en gesigmaskers. Ons het selfs weggooivoorskote gekoop. By die polisiekollege in Pretoria het ons ’n hospitaalafdeling wat regstaan vir as die virus onder lede begin versprei.”

Intussen het AfriForum bekend gemaak dat genl.maj. Patricia Rampota ’n skenking van 5 000 bottels handreiniger vir polisielede geweier het.

“Dis soos om as jou huis brand die ou weg te wys wat vir jou ’n brandslang aanbied, want jy het ’n ander opdrag,” sê Ian Cameron, AfriForum se hoof van veiligheid.

## Rye grafte lê en wag

**’n Lugfoto van die Vila Formosa-begraafplaas in São Paulo, Brasilië, tydens ’n begrafnis vir ’n slagoffer van die Covid-19-pandemie. Volgens die Brasiliaanse departement van gesondheid was daar teen gister landwyd 9 216 bevestigde gevalle en 365 sterftes.** | FOTO: GETTY IMAGES

# ‘Die regering leer soos ons aangaan’

**Vervolg van bl. 1**

’n Plaaslike groep sakelui, onder leiding van die sakeman en filantroop Justin Corbett, staan aan die voorpunt van ’n poging om plaaslik ventilators te bou. ’n Maatskappy sonder winsbejag, die South African Emergency Ventilator Project (SAEVP), is reeds op die been gebring en hulle hoop om die Nuffield 200, ’n verouderde ventilator van Britse oorsprong, in produksie te bring. Dié masjien bestaan uit meganiese onderdele wat plaaslik vervaardig kan word met geen ingevoerde elektroniese komponente nie.

Van den Heever sê Suid-Afrika se kritieke tekort aan mediese toerusting soos ventilators sou nog erger gewees het as die private sektor nie in die laaste jare daarin belê het nie. Hy sê die openbare sektor het die afgelope 20 jaar onderbelê in intensiewe-, hoë- en kritiekesorgdienste en die primêre gesondheidsorg het voorkeur geniet. Die private sektor het weer oorbelê. “Dankie tog hulle het, want dit is al waarom ons ventilators het, anders sou ons net die staat s’n gehad het.”

Suid-Afrika se twee grootste hospitaalgroepe, Netcare en Life Healthcare, het ook alle nienoodsaaklike chirurgie opgeskort en geen operasies wat nie lewensnoodsaaklik is, sal by hul hospitale gedoen word nie.

’n Verpleegster by ’n private hospitaal wat nie geïdentifiseer wil word nie, sê in haar hospitaal word pasiënte nou so gou moontlik huis toe gestuur. Geen besoekers word ook toegelaat nie. “Die enigste besoekers in die hospitaal is in die kindersaal, waar ons slegs een ouer toelaat wat dan heeltyd by die kind bly.”

Tog is die hospitaal steeds baie besig.

“Ons het massas mense wat hospitaal toe kom om hulself te laat toets. Baie van hulle is glad nie siek nie. Hulle het óf ’n ligte verkoue óf hulle was in aanraking met iemand wat moontlik positief is.”

Sy sê die komende week is “D-dag”.

“Nou sien ons nie siek mense nie, maar die verwagting is dat ons volgende week gaan begin simptome sien, want dit is dan 14 dae sedert die eerste gevalle in Suid-Afrika begin versprei het.”

’n Verpleegster by ’n besige staatshospitaal in die Wes-Kaap, wat ook nie geïdentifiseer wil wees nie, sê daar word maskers en handskoene uit hul hospitaal gesteel en hulle moet dit toesluit. “Ons werk spaarsamig sodat ons nie later te min het nie.”

In hul hospitaal is twee teekamers in sale omskep en staan nou vol beddens vir die aanslag wat verwag word.

Khaya Xaba, woordvoerder van die National Education, Health and Allied Workers’ Union (Nehawu) met sowat 218 000 lede, sê hul lede se grootste bekommernis is ’n tekort aan persoonlike beskermende toerusting en saniteerders - nie net vir hande nie, maar ook om oppervlakke en ambulanse mee te reinig.

“Ons hoor van gevalle waar Covid-19-pasiënte alleen agter in die ambulans moet ry omdat die paramedici nie beskermende toerusting het nie. Ons moet onthou hospitale verskil en van die hospitale is natuurlik meer gereed as ander. Ons gesondheidstelsel het nog altyd gesukkel met onder meer te min personeel en korrupsie, maar ek dink die regering leer soos ons aangaan. Hulle probeer.”

**– Verslaggewing deur Liezel de Lange, Johan Eybers, Dawie Boonzaaier, Landi Slatter, Jacob Rooi en Liesl Peyper.**

# ‘Geweld kan uitbars oor inperking’

## Honger mense laat hulle nie inperk nie, maar Bheki Cele sê die polisie mág geweld gebruik

**Jan de Lange**

Kommer laai op dat vergrype deur polisie- en weermaglede teen ingeperkte inwoners van plakkerkampe en townships wat deur hongersnood in die gesig gestaar word, tot grootskaalse geweldpleging kan lei.

’n Topamptenaar in die veiligheidsektor het selfs aan *Rapport* gesê dit was ’n ernstige fout om die weermag saam met die polisie te ontplooi omdat die weermag opgelei is om ’n “vyand” uit te wis.

Die kombinasie van mense wat van hul inkomstebronne afgesny is, vasgekeer is in hul woonplekke, nie toegang het tot kos nie en deur gewapende magte gekarnuffel word, skep die ideale toestande vir grootskaalse geweld en moeilik beheerbare strooptogte.

Die instituut vir armoede-, grond- en landelike studies (Plaas) aan die Universiteit van Wes-Kaapland het ook in ’n verslag teen dreigende, wydverspreide geweld gewaarsku.

“As mense nie kos in die hande kry nie, word die gevaar van gewelddadige konflik, insluitende wydverspreide strooptogte, baie groot. En as die polisie en weermag gewelddadige en verdrukkende maniere gebruik om die inperking op te dwing, bedreig dit die inperking self, wat rampspoedige gevolge vir openbare gesondheid sal hê.”

Die jongste verslag van die onafhanklike polisieondersoekdirektoraat (Opod), wat Vrydag aan die media uitgelek het, wys dat 38 klagtes van geweld en korrupsie die afgelope week by Opod ingedien is:

- Agt mense is reeds in Covid-19-operasies dood;
- In 11 gevalle het beamptes skerp ammunisie gebruik;
- 14 aanrandingsake is teen polisielede aanhangig gemaak;
- ’n Polisielid word van verkragting tydens een van die operasies beskuldig.

Vrydagmiddag het ’n polisiewoordvoerder in Durban boonop bekend gemaak dat die Ethiopiese eienaar van ’n spazawinkel in Isipingo die vorige nag dood is in ’n worsteling met polisielede. Dis nie bekend of sy dood opgeneem is in die Opodverslag waarvan *Rapport* ’n afskrif gekry het nie.

Op sosiale media het *Rapport* Vrydag minstens tien video’s van voorvalle opgespoor wat wys hoe polisie- en weermaglede burgerlikes in plakkerkampe en townships aanrand, met sambokke slaan, hulle op die grond laat rondrol en hulle dwing om oefeninge te doen omdat hulle op straat betrap is.

In een voorval skiet polisielede met haelgewere op verpleegpersoneel van ’n hospitaal in Welkom omdat hulle protesteer daarteen dat hulle geen vervoer het huis toe ná hul skof nie.

John Steenhuisen, leier van die amptelike opposisie, het die speaker van die parlement die afgelope tien dae twee keer gevra dat ’n ad hoc-komitee dringend aangewys moet word om die parlement se toesigrol te vervul in die ontplooiing van die weermaglede en die afdwing van die rampregulasies.

Lechesa Tsenoli, adjunkspeaker, het gisteraand gesê Steenhuisen se versoek is te wyd en die gewone portefeuljekomitees, in dié geval verdediging en polisie, moet die toesigwerk doen.

’n Topamptenaar in die veiligheidsektor sê politici verstaan nie die verskil tussen die polisiediens en die SANW nie. “Ek was ’n beroepsoldaat en is later as ’n polisiebeampte opgelei. Ek verstaan die verskille en ek verstaan waarom soldate nooit vir ’n burgerlike rol ontplooi moet word nie. Maar dit was ’n politieke besluit en ons moet dit uitvoer,” het hy gesê.

“As jy na video’s van die voorvalle kyk, sal jy sien waar polisielede by is, hulle meestal eers eenkant staan, terwyl die soldate feitlik onmiddellik geweld gebruik. Dis omdat soldate werk met ’n vyand wat duidelik omskryf is en uitgewis moet word,” sê hy.

Adv. Lennit Max, voormalige polisiekommissaris in die Wes-Kaap en tot verlede jaar raadgewer van Bheki Cele, minister van polisie, sê die hardhandige optrede kan die prikkel wees wat ’n gemoedelike skare in ’n woedende massa kan omskep.

“Ons het hier met miljoene te doen. As dit gebeur, sal geen gesamentlike mag van die SAPD en die SANW dit in bedwang kan bring nie,” sê hy.

In ’n onderhoud met *City Press* het Cele gesê die polisie hou meestal by die reëls en dat die Strafproseswet die polisie magtig om geweld te gebruik as hulle aangeval of deur lede van die publiek bedreig word.

“Mense moet verstaan dat ons wetstoepassers is.”

Cele sê daar sal minder klagtes teen die polisie wees as mense eenvoudig by die huis bly soos wat hulle moet.

Hy waarsku dat nie alle video’s oor polisiegeweld eg is nie en sê dat hy net weet van een enkele geval waar ’n polisielid te veel geweld gebruik het.

## Regstellings

■ In die berig ‘Nog ’n gemeente betaal nie oor gays’ het *Rapport* verkeerdelik ’n aanhaling aan ds. Tiaan Victor van die Heilbron-Suid-gemeente toegedig. Dis inderwaarheid ds. Danie Kritzinger van die Modderrivier-Ritchie-gemeente wat gesê het daar is in die algemene sinode “ ’n beweging weg van die Bybel as die onfeilbare Woord van God. Dit het volgens ons uitgeloop op die besluite van 2015 en 2019 oor homoseksuele persone se plek in die kerk. Ons wil dit duidelik stel dat ons glo die kerk is ’n hospitaal vir sondaars en nie ’n hotel vir heiliges nie. Daarom is alle mense welkom om deel te wees van ons gemeente. Die besluit dat selfdegeslagpaartjies in die huwelik bevestig kan word en dominees wat in aktiewe homoseksuele verhoudings is as leraars kan werk, kan egter op geen manier Bybels verantwoord word nie”. Die Modderrivier-Ritchie-gemeente is ook in die Noord-Kaap en nie in die Oos-Kaap soos berig nie.

Die berig het verlede Sondag op bl. 10 verskyn. *Rapport* vra om verskoning vir die fout.

■ In die berig ‘Ons het ’n katjie, ons het ’n huis’ wat op 15 Maart in *Sake-Rapport* verskyn het, het die opskrif bo die tabel verkeerdelik gelui: Só word oordragkoste bereken. Dit moes eintlik wees: Só word belasting op oordragkoste bereken.

Dieselfde geld ’n paragraaf wat aandui dat Tito Mboweni, minister van finansies, sou sê geen oordragkoste word op eiendomme goedkoper as R1 miljoen betaal nie. Jy betaal net nie belasting op die oordragkoste nie.

Aan ons helde in die voorste linies, wat die woord 'Super' in supermark sit, asook ons verskaffer-vennote wat seker maak dat ons rakke vol bly – ons salueer julle.

**#UnitedWeShallServe**

SHOPRITE Checkers OK U$ave

995 HOOTCOACKIDA

# Die virus

## ‘Dis net Burger wat nog sukkel’

**Vervolg van bl. 1**

Die koerant wou onder meer weet of Serfontein sedert 22 Maart (die dag waarop hy van die gholfdag teruggekeer het) enige pasiënte behandel het, watter prosedures of operasies hy uitgevoer het en of hy die praktyk se pasiënte verwittig het dat hy in kontak was met mense wat later positief getoets het.

Nóg die praktykbestuurder, Rozanne Dicks, nóg dr. Erasmus het op herhaalde navrae gereageer, selfs nadat *Rapport* aan hulle uitgewys het dat die Mediclinic-hospitaalgroep Serfontein gevra het om bewys te lewer dat hy gesond is voordat hy weer in die hospitaal mag kom.

Intussen het die voormalige Springbok-senter Danie Gerber teenoor *Rapport* beweer Serfontein het reeds die Saterdag (21 Maart) in die vroeë oggendure begin sleg voel. “Sy kop was vreeslik seer en hy het kouekoors gekry. Toe vat hy ’n Panado en klim terug in die bed.”

Gerber was die eerste lid van die groep wat positief getoets is vir die virus, vier dae nadat hy van die gholfnaweek in Jan Kempdorp teruggekeer het.

Hy het dadelik al sy vriende in kennis gestel en het besluit om die feit dat hy siek geword het ook wyer openbaar te maak.

“Ek is nie iemand wat publisiteit najaag nie, maar dié virus is gevaarlik en groter as een mens. Mense wat met my in kontak was moet wéét ek het dit, dat hulle op die uitkyk kan wees vir simptome. Die res moet in hul huise bly,” het hy gesê.

Gerber het die afgelope week gesê die koronapasiënte in hul gholfgroep trek nou al by sewe.

“Ek, Robbie Blair, die twee Geldenhuys-broers, Jan en Burger, en nog drie ouens het almal positief getoets.

“Ek het verlede Woensdag begin simptome wys. My lyf was ongelooflik seer.”

Die Doring van Despatch sê hy voel al heelwat beter.

“Ek hoes maar nog ’n bietjie, maar die ergste lyfseer is weg. My dogter Elanie (wat by hom aangesteek het) het lankal ’n ding met haar lewer en niere wat maar ’n bietjie pynlik is, maar verder gaan dit beter met ons altwee.”

Blair sê hy voel heelwat beter.

“Ek het voor die tyd ’n effense verkoue gehad, so ek het nog ’n bietjie van ’n parra in my keel, maar verder voel ek baie beter en het ek geen simptome nie.”

Hy sê dieselfde geld sy spanmaats.

“Dit gaan met die meeste ouens baie beter. Dis net Burger wat nog sukkel. Divan voel ook baie beter en hou homself besig deur in die tuin te werk. Ons praat gereeld met mekaar.”

Irma Geldenhuys, Jan Geldenhuys se vrou, het die afgelope week aan Netwerk24 gesê dit gaan beter met die twee broers.

Sy het Donderdag gesê Burger was ’n dag in die hospitaal omdat hy erge diarree gehad het, maar hy sterk by die huis aan.

’n Inwoner van Hartswater in die Noord-Kaap, sowat 20 km van die Border-hotel in Jan Kempdorp, het Donderdag aan **Suzanne Venter** gesê hy het die dag saam met Gerber gholf gespeel en homself in kwarantyn geplaas nadat hy gehoor het Gerber is siek.

“Ek het nog geen simptome gehad nie en ek en die ander ouens praat elke dag met mekaar. Ons meet daagliks ons koors en drink ekstra vitamines.”

Hy sê dit was vir hulle van die begin af belangrik om die regte dinge te doen omdat van hulle ouer familielede het, en ook in kontak is met mense wat kanker het.

“Almal wat moet weet, is in kennis gestel. Die een ou se vrou is swanger. Jissie, en ek mis my *girl*. Dis erg om mekaar vir so lank nie te sien nie. Maar Saterdag is die 14 dae gelukkig verby. Ek kan nie wag nie.”

Die oud-Springbokke Divan Serfontein en Danie Gerber kuier die aand voor die gholftoernooi.

# ’n Stille afskeid vir Louis

## ‘Sy dood is belangrike boodskap om siekte ernstig op te neem’

**Suzanne Venter**

Dit was hel om nie by die begrafnis te kon wees nie, sê Mia Ziervogel (53) oor die begrafnis van haar pa, Louis Wilsenach (79), wat vroeër dié week weens Covid-19 dood is.

Mia se oudste seun, Max Ziervogel (26), het sy oupa Vrydag in Krugersdorp begrawe.

Haar pa is alleen dood en weens die inperking kon net vier mense sy begrafnis bywoon.

“Niemand kon eens my pa se hand vashou terwyl hy so gely het nie. Ek het hom die laaste keer gesien toe ek hom omtrent nege dae gelede by die hospitaal afgelaai het,” het ’n hartseer Mia gister gesê.

Omdat sy hom versorg het nadat hy siek geword het, is sy, haar man, Christo, en haar jongste seun, Luca (24), sedertdien in isolasie op haar pa se kleinhoewe in Muldersdrift.

Max moes die begrafnis hanteer, want hy was die enigste van die familie wat nie met sy oupa kontak gehad het sedert hy siek geword het nie.

Hy moes by die polisie toestemming kry om rond te ry. “Ons het sy persoonlike besittings, soos sy selfoon, by die hospitaal gaan haal. Dit is alles in ’n sterk plastieksak toegemaak wat ons eers oor 14 dae mag oopmaak,” sê Max.

Wilsenach se lyk is ook in drie plastieksakke toegemaak voordat dit na die lykbesorger gebring is.

Louis Wilsenach se begrafnis. Net sy kleinseun Max Ziervogel (tweede van regs), dié se vriend Stephan le Roux (middel) en Louis se aangenome seun, Tebo (heel regs) is toegelaat om die begrafnis by te woon. Die kort diens is gelei deur past. Eben Combrinck. Heel links is ’n werknemer van Avbob.

Louis Wilsenach (links voor) saam met sy dogter, Mia Ziervogel, en sy twee kleinseuns, Mia se seuns, Max (agter) en Luca (voor).

By Avbob is dit in ’n spesiale afgesonderde gebied gehou waar niemand toegelaat is nie en dit is met nog drie plastieksakke omhul.

“Dit was alles ’n logistieke nagmerrie. My oupa was die derde mens wat aan die siekte dood is in Suid-Afrika, so al die stelsels is ook nog nie in plek nie en niemand is mooi seker hoe om dit te hanteer nie,” sê Max.

Boonop kan die amptelike doodsertifikaat ook eers ná die tyd van inperking by die departement van binnelandse sake afgehandel word.

“Selfs die hospitaal se doodsertifikaat is in plastiek omhul en niemand mag vir 14 dae daaraan raak nie, omdat sy vingerafdruk daarop is,” sê Max.

Dit was Wilsenach se wens om saam met sy vrou, Gretchen, in haar graf in die Helderfontein-begraafplaas in Krugersdorp begrawe te word.

“Aanvanklik het ons gehoor dit mag nie gedoen word nie, want hy moet veras word. Na ’n lang gesukkel het ons toestemming gekry. Ons moes hom toe binne drie dae begrawe.”

Net Max, sy vriend Stephan le Roux (29), Wilsenach se aangenome seun, Tebo Lechela (35), en ’n jarelange vriend, past. Eben Combrinck, kon by die begrafnis wees. Combrinck het die kort diens waargeneem en Max het dit op video opgeneem sodat familie en vriende van sy geliefde Opi later daarna kon kyk.

**Ons moet saamwerk om ons land te red.**

“Ek en Stephan het toestemming gekry om boodskappe van vriende en familie op die kis te skryf. Dit is toe in die grond laat sak, toegegooi met grond en toegemessel. Selfs Avbob se mense sê dit was een van die vreemdste ervarings wat hulle nog gehad het,” sê Max.

Hulle het klippe op die graf gepak en toe ook ’n olyfboompie op die graf geplant.

Terwyl die begrafnis Vrydagoggend om 08:00 aan die gang was, het Mia, Christo en Luca by Wilsenach se huis kerse aangesteek en saam gebid.

Ná die tydperk van inperking sal hulle ’n gedenkdiens hou waar almal teenwoordig kan wees.

Mia sê haar pa was in George op vakansie toe hy siek geword het.

“Hy het al griepsimptome gehad met Luca se verjaardag op 20 Maart. Hy het al hoe sieker geword en ek het by hom gaan bly om hom te versorg. Maar hy was hardkoppig en wou nie hospitaal toe gaan nie. My pa het baie na aan God geleef en geglo in die Here se genesing en regtig nie gedink hy sal só siek word nie.”

Sy het hom op 27 Maart hospitaal toe gevat. Sy moes hom in die ongevalle-afdeling groet. Hy is Maandag dood.

“Ek wil benadruk mense moet dringend hulp kry as hulle siek voel. Moenie wag nie. Ek dink met sy dood het my pa vir Suid-Afrikaners ’n baie belangrike boodskap gelos.

“Dit is om die stryd teen Covid-19 ernstig op te neem en te sorg dat hulle veilig is. Ons moet saamwerk om ons land te red.”

# Vier in dieselfde tehuis in Durban het Covid

**Johan Eybers**

Vier inwoners van ’n tehuis vir bejaardes in KwaZulu-Natal het Covid-19 onder lede nadat die 81-jarige Drienie Dorrington, wat Donderdag in die St. Augustine-hospitaal in Durban dood is, vroeër in dié tehuis versorg is.

Dorrington is een van drie mense wat dié week binne 72 uur in dié hospitaal weens Covid-19 dood is. Elf van die hospitaal se gesondheidswerkers is ook positief getoets en Netcare het die hospitaal se trauma-eenheid gesluit.

Dudley Fortune, bestuurder van die Bill Buchanan Association for the Aged se tehuis in Morningside, sê al hul inwoners en personeel is Vrydag getoets vir die koronavirus. Vier se toetse het reeds positief teruggekom. 16 van die tehuis se personeellede wag in afsondering in hul huise op die uitslag van hul toetse.

Dorrington was van die Bluff in Durban, en het in Maart ’n operasie gehad waarna sy in die ouetehuis se siekeboeg aangesterk het. Haar toestand het versleg en sy is terug hospitaal toe waar Covid-19 by haar gediagnoseer is. ’n 78-jarige inwoner wat ’n kamer met haar gedeel het, is een van die mense wie se toets positief was.

Fortune sê die inwoners se kinders oorval hulle sedert verlede week met oproepe omdat hulle bang is hul ouers kan die virus opdoen.

“Ons het reeds sowat R400 000 aan goed soos beskermende klere, maskers en ontsmetmiddels bestee. Ons het vreeslik gesukkel om maskers en ontsmetmiddels in die hande te kry, want daar is oral tekorte.”

Intussen het die banke gebel om te sê die tehuis se inwoners moenie hul pensioene kom haal nie, al is hulle gesond.

In Europa maai die siekte onder ouetehuise se inwoners, berig *Financial Times*.

Die gesondheidsowerheid in die Grant Est-streek in Frankryk wat die swaarste deur Covid-19 getref is, het Dinsdagaand gesê twee derdes van sy 620 ouetehuise is deur die virus geraak en 570 inwoners is dood.

52 van die 152 inwoners van ’n ouetehuis in Mediglia in Italië het verlede week die virus onder lede gehad.

Die Franse regering het mense begin Maart verbied om hul familielede in ouetehuise te besoek, maar vir baie inwoners het dié besluit te laat gekom.

Jérôme Salomon, Frankryk se direkteur-generaal van gesondheid, sê hospitale en siekeboë is die twee vernaamste plekke waar mense sterf.

’n Soortgelyke verhaal speel af in Spanje waar ’n derde van almal wat weens die virus dood is, in ouetehuise was.

# 1 600 ondersoek ná gebedsgroep in die Vrystaat

**Dawie Boonzaaier**

Die nagevolge van die Vrystaatse gebedsbyeenkoms wat bygewoon is deur vyf buitelanders - wat almal Covid-19 onder lede gehad het - is steeds aan die uitkring.

Die Vrystaatse departement van gesondheid het teen Donderdag al meer as 1 600 mense opgespoor en ondersoek nadat hulle die Jerusalem Prayer Breakfast bygewoon het of in kontak was met mense wat die virus daar opgedoen het.

Die 85-jarige John Hlangeni (85), ’n kerkleier by die Global Reconciliation Church, het Maandag Suid-Afrika se derde Covid-19-slagoffer geword toe hy in die Pelonomi-hospitaal in Bloemfontein oorlede is. Sy vrou is ook siek en word in die intensiewesorgeenheid behandel.

’n Verpleër in die Duduzakliniek in Ekurhuleni aan die Oos-Rand is positief getoets vir die virus en die departement van gesondheid het die kliniek Woensdag gesluit. Sy het ook die gebedsbyeenkoms bygewoon.

*Volksblad* het gister berig dat die 54-jarige gastehuiseienaar wat die vyf besmette buitelanders wat die byeenkoms bygewoon het, gehuisves en vervoer het, ook met Covid-19 simptome dood is.

’n Sakeman en vriend van die oorledene sê die oorsaak van sy dood is op sy doodsertifikaat aangeteken as “long-embolisme (bloedklont)” en “Covid-19?”. Die man glo egter nie sy vriend het die virus by sy oorsese gaste opgedoen nie omdat hy glo eers op 29 Maart siek geword het - 17 dae nadat hy hulle vervoer het.

Teen Vrydagmiddag het die Vrystaat 84 Covid-19-gevalle gehad. *Rapport* verneem oor die 70 van die gevalle in die provinsie kan direk aan die byeenkoms gekoppel word. Die laaste amptelike getal van die regering was dat 67 mense wat die byeenkoms bygewoon het, positief getoets is. Die departement van gesondheid glo dat diegene wat positief getoets is intussen kontak gehad het met minstens 1 600 ander mense.

**Só versprei virus by kerkbyeenkoms**




Bron: Departement van gesondheid Grafika24

Mondli Mvambi, Vrystaatse woordvoerder vir gesondheid, het die afgelope week bevestig dat amptenare van sy departement al mense tot in Gauteng, die Wes-Kaap, die Noord-Kaap en die Oos-Kaap gaan soek het wat met die positiewe kerkgangers kontak kon gehad het.

Altesaam 895 mense het die gebedsbyeenkoms oor die drie dae bygewoon. Boonop het drie kerkleiers (wat intussen positief getoets is) die Sondag ná die byeenkoms kerkdienste gelei.

Benewens dié drie kerkleiers is die lekepredikant Angus Buchan en sy vrou, Jill, sowel as eerw. Kenneth Meshoe, ACDP-leier, en sy adjunk, Steve Swart, ook positief getoets vir die virus. Meshoe en Buchan was gassprekers by die kerkbyeenkoms.

In Hartswater, Noord-Kaap, is past. Henk Kruger en sy vrou, Berna, positief getoets. Hulle was ook op die byeenkoms in Bloemfontein, berig **Suzanne Venter**. Boonop is die gholfdag waar verskeie oud-Springbokke besmet geraak het op Jan Kempdorp, 20 km van Hartswater, gehou. Nou is daar sewe Covid-19-positiewe mense in die distrik.

Die inwoners eis dat hul name bekend gemaak word, maar die plaaslike geneesheer, dr. Jan Steenkamp, sê dis nie nodig nie.

“Mense kan ontspan. Die taakspan wat die toetse doen, is regtig professioneel. Almal met wie die mense in aanraking was, is in kennis gestel en die nodige stappe is gedoen,” sê Steenkamp.

John Hlangeni, die eerste Covid-19-sterfte wat verband hou met die Jerusalem Prayer Breakfast in Bloemfontein.

Kruger self sê hy was vir vier of vyf dae baie siek, maar hy is weer op die been. “Ek het al malaria gehad en dit voel baie dieselfde as malaria.”

Die Border-hotel, waar ’n troue én die gholfdag gehou is, is steeds gesluit. Venessa van Aswegen, een van die eienaars, sê die hotel het onmiddellik sy deure gesluit toe hulle besef wat gebeur. Nie een van hul werkers het tot dusver siek geword nie.

# Dalton van aanranding, rassisme beskuldig

Dawie Boonzaaier

Die veiligheidswag wat die oud-Springbokhaker James Dalton die afgelope week van aanranding en rassisme beskuldig het, sê hy het ná die voorval vir Dalton gesê hy is veronderstel om 'n rolmodel te wees.

Simphiwe Mntunani, 'n veiligheidswag by die Harbour View-gebou in Woodstock, Kaapstad, het die afgelope week 'n klag van aanranding teen die 47-jarige Dalton ingedien oor 'n voorval Maandag 23 Maart.

In 'n video van die voorval, wat intussen op sosiale media versprei is, kan gesien word hoe Dalton met Mntunani stry in die voorportaal van die gebou waar Dalton gewoon.

Hy staan dan nader en stamp Mntunani met die kop.

Volgens Mntunani het die voorval in die vroeë oggendure gebeur.

"Hy was dronk," sê Mntunani van Dalton. "Hy is altyd dronk."

"Ek was besig om video's op my foon te kyk toe hy inloop, waarna hy vir my gevra het of ek op die WiFi is …

"Toe vra hy hoekom ek na video's kyk en nie liewers buite na die karre gaan kyk nie."

Mntunani sê toe hy vir Dalton verduidelik dis nie sy werk om na karre te kyk nie, het Dalton hom vererg.

Faranaaz Gaffoor, die EFF-raadslid wat Mntunani bystaan, beweer Dalton het Mntunani 'n "f****n swart aap" genoem.

Mntunani sê hy het toe vir Dalton gevra hoekom reël hy nie dan wit veiligheidswagte nie.

Gevra oor of hy enige beserings het, het Mntunani gesê hy is "fisiek 100%".

Dalton het nie op *Rapport* se navrae gereageer nie, maar het vroeër die week vir Netwerk24 gesê die saak teen hom is nie geloofwaardig nie.

"Nee, nee, nee," het Dalton Dinsdag gesê.

"Daar's nog nie 'n bona fide-saak van enigiets nie. Ons is besig daarmee en ek sal mettertyd 'n verklaring uitreik."

Dalton, wat tussen 1994 en 2002 in 43 toetse vir die Springbokke gespeel het, het 'n geskiedenis as 'n moeilikheidmaker en het sy vuiste al in verskeie voorvalle in die openbaar laat klap.

Gaffoor sê benewens die aanrandingsklagte het sy ook die Menseregtekommissie gevra om die beweerde rassisme te ondersoek.

Die polisie het bevestig dat hulle 'n saak van aanranding ondersoek, maar dat niemand nog in hegtenis geneem is nie.

Dalton besig om met Mntunani te praat.

Dalton raak dan woedend en slaan Mntunani met die kop.

# Man sy huis kwyt nadat hy sê vrou moet trap

Julian Jansen

Vat jou *panty* en tandepasta en f****f uit my vakansiehuis!

Dié aggressiewe houding van haar man het 'n vrou van Victoriabaai aan die Kaapse suidkus na die hof gedryf.

Nou het die Wes-Kaapse hooggeregshof die man beveel om self uit dié huis te trek. Hy mag dit hangende die uitslag van hul skeisaak nie verhuur of verkoop terwyl sy daarin woon nie. Die egpaar het verlede jaar na Victoriabaai verhuis.

Die man het in Oktober teruggetrek na hul huis in die Noord-Kaap, maar het vroeg in Desember en kort nadat die vrou 'n skeisaak aanhangig gemaak het, na Victoriabaai teruggekeer.

Sy het op 12 Desember 'n beskermingsbevel teen hom gekry. Sy voer aan nadat sy met die skeisaak begin het, het hy dreig- en ontoepaslike boodskappe gestuur en haar laat teister deur veiligheidswagte.

In die feestyd moes sy na Springbok gaan om haar siek ma te versorg.

Op 14 Januarie het die man by die Victoriabaai-huis ingetrek. Volgens die vrou het sy op beeldmateriaal van die veiligheidskameras gesien hoe hy 'n ander vrou soen en liefkoos.

Sy het hom op 21 Januarie ingelig dat sy op die 24ste terugkeer en dat hy moet oppak en gaan. Maar toe verander die man die kode van die huis se veiligheidstelsel, die motorhuis en die alarm.

Hy het haar later wel toegang tot die huis gegee, maar net tot sekere vertrekke. Volgens die vrou het hy haar verbaal aangeval.

Haar regspan het aangevoer die man se meisie slaap in die hoofslaapkamer.

Die man het ontken hy het haar lewe ondraaglik gemaak. Hy sê hy het haar nooit enige rede gee om vir hom bang te wees nie en het haar nooit mishandel of beledig nie.

Die man sê hy het haar net toegang tot die hoofslaapkamer geweier. Hy het erken hy is "romanties" betrokke by 'n ander vrou.

Die skeisaak is in Augustus voor die hof.



Willem Pool en Sanel Prinsloo, wat mekaar op *Boer soek 'n vrou* ontmoet het, sê hulle geniet die 21 dae van die nasionale inperking saam op die plaas.

# Liefde blom op dié plase

Suzanne Venter

Boer Hentie en sy Hantie is (nog) nie getroud nie. Dié paartjie, wat mekaar verlede jaar op die 12de reeks van *Boer soek 'n vrou* op kykNET ontmoet het, is die laaste paar weke uit alle oorde geluk gewens met hul troue.

Maar dit was eintlik Hentie se dogter wat op 14 Maart getroud is.

"Sy is in die Paarl getroud en ek het foto's van ons op Facebook gesit. Nou dink almal dis ons wat getroud is," sê Hantie.

"Die dag as ons trou, doen ons dit op Lambertsbaai," sê Hentie.

Hantie woon al sedert Desember in Clanwilliam by hom op die rooibosteeplaas waar hy voorman is. Sy werk by 'n prokureursfirma op die dorp, nadat sy uit Pretoria daarheen getrek het.

"Ek is baie bly sy is hier," sê Hentie. "Ek kon nie 'n beter persoon gekies het nie. En die meeste van die tyd het sy nog 'n *smile* op haar gesig, so ek neem aan sy is ook *happy*."

Dit is 'n aanpassing vir twee ouer mense wat gewoond is aan hul eie ruimte om die nou te deel.

"Maar ons is ouer en weet wat ons uit die lewe wil hê, so as daar probleme is, stryk ons dit vinnig uit," sê sy.

Hoewel Hentie tans nog besig is om rooibostee te oes, is Hantie weens die inperking by die huis.

"Ek is baie lief vir haar. Dit was sleg om alleen te wees, maar dit gaan oor meer as dit. Ek het ook 'n maat gevind met wie ek alles kan deel. Ons kan die pad saam stap," sê Hentie.

**'Ek het nou 'n maat met wie ek alles kan deel.'**

Dit gaan net so goed met hul bure, Willem Pool en Sanel Prinsloo, wat mekaar ook op die 12de seisoen van die reeks ontmoet het.

"Ons vermoed dit moet iets in die tee wees wat maak dat ons die vroumense so suksesvol kon lok," spot Willem.

Hulle is nou al amper sewe maande saam en Sanel het begin vanjaar na Leipoldtville naby Clanwilliam getrek waar sy 'n gr. R-onderwyseres is.

Willem sê Sanel is nou "vir 'n slag 'n bietjie by die huis. Nou kan sy vir ons lekker kosmaak."

"O, en ek kan nie kook nie, so ek is nou besig om mooi te leer," sê Sanel. "Hy het soveel lekker goedjies in sy kaste. Ons altwee hou baie van eet en dis vir ons 'n groot uitdaging om nie die hele tyd te eet nie," sê sy.

Hentie Kruger en Hantie Fourie sê dit is steeds lekker om hul lewens met mekaar hier op die plaas te deel.

Vra jy oor trouplanne, sê Willem dis skrikkeljaar en die onus rus nou op Sanel om 'n kreatiewe plan te maak.

As hy vir haar wag, gaan hy lank wag, terg sy.

"So stukkie vir stukkie verander ons haar nou in 'n volwaardige boervrou," sê Willem.

# Apteek moet opdok ná inspuiting-fiasko

Jeanne-Marié Versluis

'n Verslankingsinspuiting bokant haar stuitjie, pleks van in haar boud, het 'n vrou 'n epileptiese aanval laat kry - só erg dat 'n skyf in haar ruggraat vergruis is.

Bernadette Hesketh moes selfs uit haar werk bedank weens die erge rugpyn.

Die Prellerplein-apteek in Dan Pienaar, Bloemfontein, het einde Maart sy appèl verloor teen 'n bevinding van die hooggeregshof in die stad in 2018 dat hy vir al Hesketh se skade aansprreeklik is.

Hesketh het in haar eis van R3 miljoen teen die apteek getuig sy is in 2006 soontoe vir 'n reeks inspuitings as deel van 'n dieetprogram.

Die eerste inspuiting is omtrent in die middel van haar lyf en bokant die boudgleuf toegedien. Sy het verwag dit sou in die regterboud wees, maar alles het goed verloop. Sy het ná die eerste inspuiting en pille wat sy moes drink, sowat 3 kg verloor.

Volgens Hesketh se getuienis is die spuitnaald "regtig groot".

Toe sy vir die tweede inspuiting op 23 Augustus 2006 apteek toe is, het die vrou wat dit toedien, gelag en gesê: "Nee, man, hy is nie so groot nie."

Toe sy die prik van die naald voel, het sy 'n ontsaglike pyn in die agterkant van haar linkerbeen tot in haar voet gevoel skiet. 'n Warm gloed het oor haar lyf gespoel en sy het vooroor geval.

Die dokter wat haar in die hospitaal behandel het, het die pienk pille wat sy onder haar tong moes plaas teen haar suikerlus, die verslankingstonikum en vitamienpille weggegooi en gesê dié dieet is baie nadelig vir jou niere.

Die omvang van Hesketh se skade moet in 'n volgende hofgeding bepaal word.

# Stian Bam se nuwe liefde

## Akteur skei, hy en student verklaar hul passie op FB

Jaco Nel

Stian Bam (regs) het nuwe liefde gevind by Handré Basson in Stellenbosch. | FOTO: FACEBOOK

Die akteur Stian Bam het 'n nuwe liefde gevind - 'n Matie wat byna twee dekades jonger is as hy.

Handré Basson (23), volgens sy Facebook-profiel 'n BSc Agric-student, het die afgelope week 'n foto van hulle op Facebook geplaas met dié woorde: "Ek het een ding geleer die afgelope jaar. Ek het geleer dat wanneer jy iemand bitter lief gekry het, maak dit nie meer saak wat die res van die wêreld sê nie, dink of doen nie.

"Ek het ook geleer dat liefde nie geslag ken nie. Dat liefde werklik is. Ook dat liefde geen ouderdom ken nie."

Bam (42) is in 2009 met Truda Serfontein getroud en hulle het twee kinders, 'n seun (7) en 'n dogter (4).

Hulle is besig om te skei, het hy dié week aan *Rapport* gesê. "Dit is al meer as 'n jaar dat ek nie meer by my gesin woon nie." Hy en Basson het mekaar tien maande gelede toevallig ontmoet en toe "wortel geskiet", skryf hy op Facebook.

"Ek wou daarteen baklei, myself verset en dit ontken, soos soveel keer vantevore, maar ek kon dit nie regkry nie," skryf hy.

Hy het duidelik die skoot hoog deur: "Jy is die Isis. Ek Osiris." En: "Ons is die rotsvy en die krans op Gifberg. Op mekaar aangewese om te oorleef," skryf hy.

Basson is ewe verlief. "Ek het hierdie man liefgekry met my hele bestaan. En so sal dit wees - hierdie tipe liefde wens ek vir al my vriende toe. Ek het jou lief, Stian Bam."

Stian Bam en Truda Serfontein is in 2009 getroud. Hulle is besig om te skei.

Bam skryf weer: "Jou liefde ken geen perke nie. En jy gee dit vir my en my kinders sonder skaamte. Dankie dat ek nou saam met jou kan stap en aanvat wat voorlê."

Bam se planne om by vanjaar se KKNK op te tree is deur Covid-19 in die wiele gery.

"Ek sit nou by die huis," sê hy. "Die ergste op die oomblik is dat ek my kinders nie kan sien nie. Hulle bly by hul ma."

jaco.nel@rapport.co.za

**Oor 12 maande** wil ek graag **6.80%** meer hê vir…

☑ **Aftree-spaargeld** ☐ **Kar** ☐ **Huis** ☐ **Onderrig**

Belê R10 000 of meer in 'n 12-maande Bidvest Bank Vaste Deposito-rekening en verdien **6.80%** rente. So, oor 12 maande kan jy van een ding seker wees – jou geld sou met **6.80%** gegroei het. En sou jy ouer as 55 jaar wees, kry jy 'n rentekoers van **6.95%**. Al wat jou te doen staan, is om te besluit waarop jy dit gaan spandeer.

Doen aanlyn aansoek by **bidvestbank.co.za** vir 'n opbrengs van **6.80%**. Of kies 'n produk uit ons reeks van deposito-produkte met kompeterende rentekoerse om aan jou beleggingsbehoeftes te voldoen.

Bidvest Bank
Let's get it done

Die bostaande gekwoteerde rentekoerse (**6.80% en 6.95% vir ouer as 55 jaar**) geld vir 'n 12-maande Vaste Deposito-rekening met 'n minimum deposito van R10 000. Rente word aan die einde van die tydperk betaal. Rentekoerse is onderhewig aan verandering. Bepalings en voorwaardes geld. Bewys van verblyf en positiewe identifisering is 'n vereiste vir die opening van 'n Bidvest Fixed Deposit-rekening. Bidvest Bank Beperk (Registrasienommer 2000/025478/06) is 'n gelisensieerde finansiëledienstenverskaffer en 'n geregistreerde kredietverskaffer. NCRCP177

# Viljoen véél meer as goeie soldaat



Genl. Constand Viljoen. Hy het PW Botha gewaarsku dat die soldate hoogstens tyd kan wen vir die politici om 'n nuwe bedeling te vind | FOTO: WESSEL OOSTHUIZEN

■ **Hy het groot rol gespeel om Afrikaners sonder bloedvergieting te versoen**

**Leopold Scholtz**

Ek het wyle genl. Constand Viljoen persoonlik maar baie effens geken. Maar as daar enige Suid-Afrikaanse leier uit die vorige bedeling was wat ek sonder voorbehoud gerespekteer het, was dit hy.

Viljoen, wat dié week op 86-jarige ouderdom dood is, het op beslissende oomblikke 'n beslissend positiewe invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedenis gehad.

Sy eerste kans, waarvan min mense weet, het gekom in 1966, toe hy as kolonel in bevel van die Leërkollege in Voortrekkerhoogte was. In daardie stadium was die SA Weermag (SAW) se militêre leerstelling geskoei op die lees van die Tweede Wêreldoorlog – met ander woorde, taamlik statiese linies wat teenoor mekaar opgestel word en aanvalle op die frontlinie (gepaard met groot verliese) noodsaak.

Viljoen het ingesien dat die destydse eksklusief wit SAW nie genoeg mannekrag daarvoor gehad het nie en dat die gebied te groot was. 'n Terugkeer na die tradisionele mobiele oorlogvoering, soos in die Anglo-Boereoorlog, was nodig.

Hy het dus 'n proses aan die gang gesit om 'n nuwe mobiele doktrine te ontwikkel. Offisiere soos die latere genl. Roland de Vries het dit in die 1970's ontwikkel, en dit is in die daaropvolgende dekade met groot sukses in die agtereenvolgende oorgrens-operasies teen Swapo en Fapla in Angola toegepas. Operasies soos Reindeer, Sceptic, Protea, Askari en Moduler was monumente vir sy bydrae. Hy het by verskeie operasies saam gegaan en persoonlik groot gevaar getrotseer.

**Hy was 'n man uit een stuk.**

Maar Viljoen se invloed het verder gestrek as die militêre omgewing. Hy het ook beslissende politieke bydraes gelewer.

Teen 1982 het die regering van pres. PW Botha probleme begin kry. Botha het ingesien dat sy voorganger, John Vorster, se verbeeldinglose benadering die land in 'n moeras sou laat beland, en hy het dus met 'n groot gedruis allerlei hervormings begin toepas.

In dié jaar het Viljoen, ondertussen 'n volle generaal en hoof van die SAW, 'n memorandum aan Botha gerig wat behoorlik invloedryk was. Synde 'n soldaat, het Viljoen nie politieke beleidsake aan die premier probeer voorskryf nie, maar op sy eie terrein gebly.

Viljoen het soos die Pruisiese militêre filosoof Carl von Clausewitz in die 19de eeu geleer het, besef dat oorlog wesenlik politiek is wat met ander middele gevoer word.

Hy het sy memorandum gebruik om die misverstand, wat taamlik algemeen in die destydse Nasionale Party geheers het, dat die stryd teen die ANC/SAKP en die revolusionêre aanslag met militêre geweld gewen kon word, te takel.

Hy het Botha gewaarsku om nie te veel van die SAW te verwag nie. Die soldate kan hoogstens tyd wen vir die politici om 'n nuwe bedeling te vind wat bevredigend vir die meeste Suid-Afrikaners – wit én swart – sou wees, was sy boodskap.

Die Driekamer-parlement, wat bruin en Indiër Suid-Afrikaners in die politieke stelsel betrek het, was die eerste uitvloeisel daarvan. Uiteindelik was dit onvoldoende, maar dit het 'n dinamiek aan die gang gesit wat in 1990 uiteindelik op die wettiging van die ANC/SAKP uitgeloop het.

Viljoen het in 1985 afgetree en op sy plaas in die distrik Ohrigstad gaan woon. Maar die wettiging van die ANC-SAKP het hom weer na 'n posisie van invloed teruggetrek.

In Maart 1994 het die Afrikanerweerstandsbeweging (AWB) van Eugène Terre'Blanche 'n staatsgreep in die "tuisland" Bophuthatswana probeer uitvoer, wat klaaglik misluk het. Viljoen het ingegryp en deur sy optrede is die bloedvergieting beperk.

Dié kwessie het hom aangespoor om in die nuwe bedeling aan die politiek deel te neem. Hy het 'n nuwe party, die Vryheidsfront, gestig en het dit party in die eerste post-apartheidsparlement gelei.

In teenstelling met vorige konserwatiewe partye en groepe – 'n mens dink aan die Herstigte Nasionale Party (HNP), die Konserwatiewe Party (KP) en die AWB – het Viljoen se party hom konstruktief opgestel. Op persoonlike vlak het Viljoen uitstekende betrekkinge met oudpres. Nelson Mandela opgebou en die twee het groot respek vir mekaar gehad.

In dié posisie het Viljoen ook 'n volskaalse oorlog tussen die ANC en Mangosuthu Buthelezi se IVP voorkom.

Mario Ambrosini, ontslape IVP-lid, vertel in sy memoires dat Mandela in die vroeë 1990's vir Viljoen gepols het oor of die weermag 'n oorlog teen die IVP sou kon wen. Volgens Ambrosini het Viljoen geskok gereageer en geantwoord dat die topografie in die omgewing van Ulundi sodanig was dat die weermag sou kon ingaan, maar nie úit nie – in elk geval nie sonder groot verliese nie.

Uiteindelik het Viljoen 'n groot rol gespeel om die Afrikaners sonder bloedvergieting met die nuwe bedeling te versoen. Van hom is gesê dat hy sy vinger op die sneller gehad het, maar dat hy dit nie getrek het nie.

Almal wat Viljoen geken het, het die grootste respek gehad vir dié man, kiertsregop in sy uniform en iemand wat jou reguit in die oë gekyk het. Hy het geborrel van energie, en hy was oral só vinnig dat sy bynaam "Stofstrepie" was. Sy soldate het hom aanbid.

Iemand moet 'n biografie van hom skryf. Hy was 'n man uit een stuk, soos die Bybel sê, " 'n Israeliet waarin daar geen bedrog geskuil het nie."

■ **Leopold Scholtz is 'n historikus met verskeie boeke oor die destydse oorlog in Angola agter sy naam.**

# Sidego help SA anders maak

Dié joernalis, burgemeester en ambassadeur kon jou laggend in sý skoene plaas, skryf **Tim du Plessis.**

Conrad Sidego, in 2016 nog burgemeester van Stellenbosch, gesels hier met skoolkinders. | FOTO: EIKESTAD NUUS

Conrad Sidego in 1981 toe hy aangestel is as redakteur van *Rapport-Ekstra*.

Sidego, die joernalis en Muhammad Ali in 1979.

Donderdag het Conrad Sidego gesterf. Hy was 'n Nuwe Suid-Afrikaner lank voordat Louis Wilsenach, toevallig ook dié week dood, die raakvat-frase "Nuwe Suid-Afrika" gemunt het.

Brugbouer was Sidego (74) by uitstek; loopbaanverskeidenheid sy ding: onderwyser in Tulbagh, sy tuisdorp waar hy ook 'n korrespondent vir *Die Burger* was, joernalis by *Die Burger-Ekstra*, redakteur van *Rapport-Ekstra*, skakelhoof van die ou AngloAmerican-korporasie, Suid-Afrikaanse ambassadeur in Denemarke, skakelhoof by Naspers en burgemeester van Stellenbosch.

"Die akker van nierassigheid sou in sy tyd altyd braak bly lê het as mense soos Conrad nie agter die ploeg was nie," sê Johann Maarman, 'n protégé van Sidego toe dié redakteur was van *Rapport-Ekstra*, meer as drie dekades gelede. Maarman is eindredakteur van *Die Burger*.

Daardie dae het ek Conrad skrams geken. Later, toe hy Johannesburg toe is om vir Anglo American te werk, het ons mekaar gereeld gesien.

Sy vertellings het my in sy skoene laat stap om 'n idee – en nie meer as dit nie – te kry van hoe dit was aan die ontvangkant van apartheid. Conrad het altyd met 'n uitbundige lagbui weggetrek. Wetende wat kom, het ek maar senuagtig saamgegrinnik. Agterna het die impak my dan getref.

Toe oorlede adv. Lang David de Villiers, besturende direkteur van die ou Nasionale Pers, hom in 1971 aanstel by *Die Burger-Ekstra*, die koerant se bylae se vir bruin lesers, het Sidego geskiedenis gemaak as *Die Burger* se eerste bruin joernalis.

In die Burger-gebou in Keeromstraat oorkant die Kaapse hooggeregshof mog dié nuwe kollega nie die net-vir-wittes toilet gebruik nie. Hy moes vier, vyf blokke afstap na die Kaapse Parade, waar 'n lamlendige toilet was vir "nie-blankes". Later is die toilet by die kantoor "oopgestel", maar eers nadat dit omvattend opgeknap is, kompleet met 'n heeltydse skoonmaker, sodat die "standaarde" waaroor die wit kollegas so begaan was, gehandhaaf kon word. Hulle het hom nooit bedank vir die deftige nuwe toilet nie, het hy tussen die lagbuie deur vertel.

> Hy het gelag oor die ironie dat die "kleurlingman" toe die enigste redaksielid was met 'n poelmotor net vir hom.

En toe daar besware kom dat die "kleurlingman" die redaksie se poelmotors gebruik, het die advokaat stilweg vir Conrad 'n gebruikte karretjie gekoop sodat hy kon uitgaan om nuus in te samel. Hy het gelag oor die ironie dat die "kleurlingman" toe die enigste redaksielid was met 'n poelmotor net vir hom.

In sy Anglo-dae nooi Senweslandboukoöperasie hom om 'n saamtrek van voorste boere en klante by die destydse Rob Ferreira-oord naby Christiana aan die Vaalrivier toe te spreek. Voor hom sit 'n saal vol Wes-Transvaalse en Vrystaatse boere wat hom aangluur, fris arms gevou om hul stoere borskaste. Hy praat brugbou en wedersydse begrip. Geen ooglid roer nie.

In vraetyd staan een op. Ek het nou na jou geluister, sê hy. Maar wat jy nie verstaan nie, is die fout lê nie by ons nie; dit lê by "julle mense".

Conrad bly vir die braai agterna. Soos die Klippies eenkant van die paartie invloei, vloei die argwaan anderkant uit. Waar slaap jy vanaand? vra dieselfde grootbul, nou ewe gul, wat 'n paar uur te vore nog vol "julle mense" was.

Wel, die wet sê ek mag nie hier in Rob Ferreira slaap nie, so ek sal maar 'n plan moet maak, antwoord Conrad.

Nou maar kom slaap sommer in my *bungalow*; daar's 'n leë bed.

Conrad sê vir oomblik het hy die uitnodiging oorweeg. Net om sy nuwe vriend se gesig te sien die volgende oggend as hy wakker word met 'n "kleurling" in die bed langs hom. Maar toe ry hy maar die 120 km Kimberley toe om in Anglo se De Beers Club te gaan oorslaap.

Nooit het hy 'n verwytende vinger in jou gesig gedruk nie. Dit lig gehou. Maar só verseker dat jy nie daardie paar treë wat jy in sy skoene gestap het, sommer vergeet nie.

Een van sy gunstelinge was sy oproep na 'n Kaapse mevrou wat hondjies geadverteer het. Maar sal die hondjie 'n waghond kan wees? vra hy in sy beste standaard-Afrikaans. Meneer, met daardie hond sal geen kleurling naby jou huis kom nie, antwoord sy. Hy ruk van die lag.

Ek het nogal aan dié storie gedink toe ek dié week sien hy word " 'n persoon van kleur" genoem. Watter kleur? Ek onthou nie dat hy veel getwyfel het dat hy bruin was nie. Maar eers nadat hy Suid-Afrikaner en Afrikaans was. Dis wel my onthou.

Tog, waarsku oud-ambassadeur Franklin Sonn, dit sal 'n fout wees om Sidego net te onthou om sy wellewende humor. Hy het diepsinnig gedink.

"In die UDF-dampkring destyds het ons nie gehou van wat ons gesien het as 'n apartheidskoerant soos *Rapport-Ekstra* nie. Maar onder sy redakteurskap is ons 'n stem gegee. Mense het geweét van my onderwysvakbond wat militant anti-apartheid was."

Johann Maarman onthou dit was wilde jare. *Rapport*-hoofkoerant het die driekamerparlement gesteun, maar onder Sidego en sy opvolger, oorlede Zelda Jongbloed, het UDF-aktiviste soos Trevor Manuel, Allan Boesak, Farid Esack en Franklin Sonn huishoudelike name geword.

"In *Rapport-Ekstra* het ons die plek 'Namibië' genoem toe die ander Afrikaanse koerante, ook hoofkoerant-*Rapport*, nog van 'Suidwes-Afrika' gepraat het. 'Namibië' was mos die terroriste se naam vir die land."

"Kom ons gebruik *Rapport-Ekstra* om Suid-Afrika te verander," het Conrad gereeld vir hulle gesê.

Sidego was ook passievol oor nierassige sport. Die sportfederasie Sacos, wat gevaar het onder die vaandel van "Geen normale sport in 'n abnormale samelewing" nie, het ruim dekking in *Rapport-Ekstra* gekry.

Anne-Marie Mischke, voormalige adjunk-redakteur van *Rapport*, sê die hoofkoerant het destyds een politieke koers gehad – steun vir die driekamerparlement – terwyl se Sidego se *Rapport-Ekstra* 'n ander koers ingeslaan het. Die twee het nie altyd gestrook nie. Tot hul krediet het die destydse hoofredakteurs van *Rapport* hom laat begaan, sê Mischke.

Sidego het twee jaar gelede breinkanker gekry en laat verlede jaar is 'n tweede gewas in sy brein ontdek. Hy het in Rondebosch, Kaapstad gewoon.

Hy word oorleef deur sy vrou, Amy, en twee seuns, Conrad-Jay (36), wat getroud is en in Pretoria woon, en Jonathan (32), wat by 'n tegnologie-onderneming in Kalifornië in die VSA werk.

Die familie beoog 'n gedenkdiens ná die opheffing van die inperkingsmaatreëls.

# Ek groet jou, ouboeta Conrad…

**Peter Sidego**

My ouboeta Conrad was 'n optimis, 'n lewensavonturier en 'n bietjie van 'n idealis.

Hy het onwrikbaar geglo dat as die beste in elke mens vir elke ander mens skyn, sal ons hemel op aarde kan optower. Dit is moontlik, het hy gereken, as ons harte verander, koppe oopmaak en handevat.

Dit was vir hom lekker om mense met dikwels strydende standpunte te bevriend en om 'n tafel te laat gesels. Grense het hy gemaklik oorgesteek.

Conrad is die oudste van ses kinders – drie broers en drie susters – waarvan ek die jongste broer is. Sy baanbrekerswerk in joernalistiek het my geïnspireer om sewe jaar ná hom ook by *Die Burger* as joernalis te begin werk.

Nuwe geleenthede het hy soos avonture benader – so byvoorbeeld het hy die gemaksone van die onderwysberoep sonder aarseling vaarwel geroep om as baanbreker die eerste bruin joernalis by *Die Burger* te word.

Dalk kom dit van ons ma. Haar lewensverhaal het Conrad oneindig geïnspireer.

My ma het op 'n plaas in die Tulbagh-distrik grootgeword en was bestem om by haar ma, my ouma, as kombuiswerker in die plaashuis oor te neem.

My ma, toe 'n skrander leerling in st. 6, is egter deur haar onderwysers aangemoedig om verder te gaan leer. Verder leer vir 'n bruin kind het beteken om dit in die naaste groot dorp buite Tulbagh te doen. Net wit leerlinge kon in Tulbagh tot matriek studeer. My ma se leerkragte het aangebied om al die reëlings te tref sodat dit haar niks sou kos nie. Maar my ouma, wat nie kon lees óf skryf nie, wou niks hiervan hoor nie.

> Boelies het gou agtergekom dat hy maar 'n sagte hartjie het.

Met die aansporing van haar onderwysers het my ma een nag ná die Desember-skoolvakansie die nodigste in 'n leë meelsak gestop, stilletjies van haar plaaswerker-ma se huis weggeloop en sowat 12 km gestap om die trein na die Paarl te haal. Hier het sy haar skoolloopbaan voortgesit en uiteindelik haar onderwyskwalifikasie verwerf.

Die verhaal het Conrad lewenslank geïnspireer om homself aanhoudend te verbeter. Hy het byvoorbeeld voortdurend boeke oor inspirerende leiers en sakelui asook oor selfverbetering gelees.

Hoewel Conrad kop en skouers (letterlik) bo sy skoolmaats uitgetroon het – hy was uiteindelik 'n yslike 6'2" – het boelies gou agtergekom dat hy maar 'n sagte hartjie het. Toe my ma agterkom hy word geboelie, het sy het hom aangemoedig om liggaamsbou te doen en later selfs karatehandleidings aan te koop.

Vir die geboelie het Tromp van Diggelen se liggaamsbou-kursusse gehelp. Conrad het 'n advertensie hieroor in *Huisgenoot* uitgeknip en vir die kursus ingeskryf.

Toe hy 'n paar jaar later by Hewat-opleidingskollege in Kaapstad gaan studeer, het sy lengte en stewige liggaamsbou hom 'n woelige slot in die kollege se toprugbyspan gemaak.

Conrad se uitstekende vaardigheid as fotograaf, sy interessante geselsies oor astrologie (sterretekens) en sy sukses met Oom Lasie se kursusse in geheueskoling het hom dikwels die middelpunt van belangstelling gemaak by partytjies waar hy met groot genoegdoening sy nuut ontwikkelde goeie geheue as 'n partytjietruuk gebruik het. Hy kon mense se name onthou, selfs dié wat hy net een keer, soms maande en selfs jare vroeër, vlugtig ontmoet het. Dit het hierdie kennisse aangenaam verras.

Ek groet jou, ouboeta Conrad – 'n mentor en baanbreker. En mag ons almal se lampies aanhou vir mekaar skyn!

# Die virus

Anton la Grange en Rick Venter, eienaars van La Grange Food Worx.



Bart van Niekerk | FOTO: DEON RAATH

Die skipper Louis Dampies by sy skuit. | FOTO: EDREA DU TOIT

Garry van As in sy leë kombuis. | FOTO: EDREA DU TOIT

# Skielik droog al die geld op …

Terwyl groot maatskappye planne maak om hul ondernemings staande te hou te midde van die inperkingsmaatreëls, is die uitwerking op baie klein ondernemings dodelik. **Julian Jansen**, **Jaco Nel** en **Kelly Minnie** het met benoude mense in dié bootjie gepraat.

Cindy Pieters het in haar 40's 'n ontkleedanseres geword. Haar naam is nou Savannah. Weens die inperking kan sy glad nie meer dans nie. | FOTO'S: STEVE TRYBUS

Twee minute nadat pres. Cyril Ramaphosa op televisie gesê het mense mag nie meer in groepe van meer as 100 vergader nie, het Garry van As, 'n spysenier van Kuilsrivier, sy eerste kansellasie gehad.

"Dit was vir 'n weeklange slypskool. Duisende, *gone*… Toe weet ek ons gaan dit nie maak nie," sê hy.

Hy is na die leë rakke en koelkamer. Dit was net die begin. Sedertdien het nog 25 kliënte gekanselleer.

Garry en sy vrou, Jill, se onderneming Vibe Events & Catering is 11 jaar oud. Hulle het tien permanente werkers en 15 tydelikes in diens. Einde April sal hulle nie lone kan betaal nie.

"Ek het vir ons personeel gesê: 'Soos julle bang is, is ek ook bang'. Ons probeer ons bes. Elf jaar van harde werk en dit verdwyn nét so. En dis nie eens 'n *mistake* wat ons gemaak het nie."

Die egpaar vrees dinge gaan nie gou beter raak nie. Mense gaan nie gou weer in groot groepe wil vergader nie.

Maar al tref dit hulle swaar, respekteer hulle Ramaphosa se besluit. "Hy het geen keuse gehad nie. Dié virus kan 'n nasie uitwis. Ons hoop maar net die infeksiegetalle kom af. Ek weet God sal ons deursien. Ons sál terugkom," sê Garry.

> Elf jaar se werk verdwyn, en dis nie eens 'n *mistake* wat ons gemaak het nie.

In Houtbaai spartel die kleinskaalvissers soos visse op die droë grond, sê die skipper Louis Dampies (47) van Hangberg.

Regulasies is Donderdag gewysig sodat vissers wel agter vangste aan mag rondbeweeg.

Dampies sê kleinskaalvissers mag nou weer die hawens verlaat, maar mag nie hul vangste van die boot af aan die publiek verkoop nie. "Ons moet die vis aan die vismaatskappye verkoop en húlle maak hul eie pryse.

"Hier by Houtbaai en Slangkop is die snoek baie skaars, want die skole lê by Doringbaai en Lambertsbaai. Ons mag ook nou daar gaan vang, maar mag nie daar oornag nie. Ons gaan nog steeds sukkel.

"Ons betaal nie *UIF* nie en gaan nie hulp kry by die regering se *relief fund* nie. Die impak is baie groot op die vistermanne, *because* daar is niks in lyn gesit vir ons nie. Waar's al die *billions* wat die skatryk mense geskenk het?"

Leon Marcus (48), nog 'n Hangberg-skipper, sê sy vrou se Sassa-geld hou hulle aan die lewe. "As die *lockdown* verleng word, sal ons maar moet pad toe, ons sal moet *riot*."

Anders as die Van Asse en die vissers van Houtbaai, was Anton la Grange en sy vennoot, Rick Venter, aanvanklik nie bekommerd nie. Hul onderneming, La Grange Food Worx in Mosselbaai, is 'n tuisslaghuis wat vleis verwerk en aflewer - dus heeltemal binne die regulasies wat noodsaaklike dienste insluit. Of só het hulle gedink, totdat die polisie hulle verlede Sondag bel en belet om te werk.

> Jy kan nie meer kaal op iemand se skoot gaan sit nie. Mense gaan bang wees.

"Toe ons vra hoekom, het die sersant net gesê dit is die wet," sê La Grange. Die polisieman wat hulle gebel het, sers. Ebrahim Kapp, het gesê dié reël geld alle slaghuise in die omgewing.

"Ons lewer af vir oumense, vir mense sonder vervoer en vir mense wat te bang is om uit te gaan. Ons volg al die regte stappe om onsself en ons klante veilig te hou terwyl hulle noodsaaklike produkte kry," sê La Grange.

Woensdag het die munisipaliteit van Mosselbaai weer gesê vleisaflewering ís 'n noodsaaklike diens en sedertdien lewer La Grange en Venter weer af.

"Hou duim vas dat ons nie in die tronk slaap vanaand nie."

Sake by die Lollipop Lounge, waarskynlik die bekendste ontkleeklub in Johannesburg, het voor die inperking al tot stilstand gekom.

"Mans by *strip clubs* drink mos nie koeldrank nie. Toe ons nie meer alkohol ná sesuur saans kon verkoop nie, is ons almal dadelik huis toe gestuur," sê Cindy Pieters (45), 'n danseres.

"As die inperking volgende maand aanhou, sal ek nie meer my kar kan betaal nie. Ek het niks."

Sy doen oefeninge tuis om fiks te bly sodat sy reg is wanneer die klub weer oopmaak, maar sy is bekommerd. "Jou gesig teen 'n ander man se gesig… dit gaan nie meer werk nie. Jy kan nie meer kaal op iemand se skoot gaan sit nie. Mense gaan bang wees vir die virus."

Perle (GiGi) Sippel, eienares van die klub, sê al haar werkers sit gestrand. "My kosmakers, my skoonmaker, my dansers, my wagte… almal," sê GiGi.

Aan die Oos-Rand bid Bart van Niekerk elke dag vir 'n einde aan die krisis. "Hierdie *lockdown* gaan my doodmaak nog voordat ek siek word van enige virus."

Tot voor die inperking het hy elke week 30 piesangbrode, 16 dadelbrode, drie pynappelterte en drie appelterte gebak en dit Saterdae buite die Holiday Inn Roadhouse verkoop. Daarmee het hy sowat R500 per week verdien.

Nou verdien hy nie 'n sent nie. Die regering het wel dié week regulasies verslap sodat informele kosverkopers weer sake mag doen, maar dit help veel as mense nie uit hul huise kom om te kom koop nie.

"Ek het baie goeie vriende wat elke dag vir my kos bring," sê Van Niekerk. "Almal ken my nog daar van die straat af. Ek bid elke dag om weer te kan verkoop. Daar is 'n pastoor wat saam met my daarvoor bid."

# George se braaiers jammer ná bohaai oor video

Dawie Boonzaaier

Hulle is jammer en het om verskoning gevra, sê Fanus Truter, een van die buurmanne van George wat verlede naweek 'n inperkingsbraai op die vier straathoeke buite hul huise gehou het. 'n Video van dié braaiery het opslae gemaak en John Jeffery, adjunkminister van justisie, het gevra dat die polisie dit bekyk.

Die braaiers was glad nie kwaadwillig nie, sê Erica Brown, raadslid van Heatherlands in George. Hulle was op hul eie eiendom. In die video kan 'n mens sien hoe die gesinne ver van mekaar sit en braai om nie die regulasies van inperking te oortree nie.

Maar die video het soveel emosie veroorsaak dat hulle besluit het om die munisipaliteit se onderburgemeester, Charlotte Clarke, om verskoning te vra, sê sy.

Jeffery het Donderdag aan *Rapport* gesê sy probleem met die braai en die video is dat dit " 'n onnodige sosiale gaping veroorsaak op 'n tyd waarin ons land dit nie nodig het nie. "Dink jouself in as dit in 'n township gebeur het, sou die polisie dit toegelaat het?" Jeffery sê hy glo die braaiers het die Rampbestuurswet oortree, want van die mense was in die straat.

Hy sê ook hy het nie die saak na die polisie verwys sodat die gesinne vervolg moet word nie, maar net sodat hulle aangespreek moet word. *Rapport* verneem die polisie het wel met hulle gepraat.

Op sosiale media het verskeie mense gesê die gesinne se braaiery is tekenend van wit bevoorregting en die polisie se dubbele standaarde ná honderde inhegtenisnemings en vergrype.

Die straatbraai.

# Tjoekie toe as jy die reëls breek

Hendrik Hancke

Melissa Redelinghuys (31)

In China is dit tronksake as jy die inperking probeer omseil, en almal moet kragtens wet maskers dra.

So vertel Melissa Redelinghuys (31), 'n kleuterskoolonderwyseres van Potchefstroom wat in Changzhou, China, skoolhou.

Sy is pas ontslaan uit 'n plek waar sy onder kwarantyn moes bly nadat sy uit Suid-Afrika teruggekeer het.

Redelinghuys het in Januarie weens die "komende pandemie" by haar ouers in Hartenbos kom bly. "My skool het my in Maart gevra om terug te kom. Dit was die regte ding om te doen omdat hulle my nog die hele tyd betaal het. Toe vlieg ek 18 Maart terug na China."

Redelinghuys moes sowat 'n week ná haar aankoms in China na 'n hotel gaan wat in 'n plek van kwarantyn omskep is.

"Selfs in jou woonstel is die Chinese baie streng oor inperking. 'n Plakker word aan die buitekant van jou deur geplak sodat hulle kan sien of jy die plek probeer verlaat het. As jy uitgaan wanneer jy nie mag nie, is dit tronksake."

Toe sy hoor sy moet na 'n plek gaan waar sy in kwarantyn sou wees, het sy veral kos ingepak.

Sy het swaar gesluk aan dit wat hulle bedien het. "Die kos bestaan uit rys sonder sout, varklewer, -hart of -maag en spinasie net so opgekook in water. Ook kool sonder sout."

Sy het in 'n kamer van 3 m by 3 m gebly. "Ek is elke oggend voor 07:00 wakker gemaak en het 'n skottel met ontsmettingsmiddel gekry waarmee ek my kamer moes skoonmaak."

Nadat sy 'n tweede keer negatief getoets is, kon sy na haar woonstel terugkeer.

"Ek is basies nou net weer in kwarantyn. Iemand sal laat weet wanneer ek mag uitgaan."

# Zimbali hef R10 000-boetes

Johan Eybers

Inwoners van die rykmanslandgoed Zimbali by Ballito aan die KwaZulu-Natalse Noordkus is woedend omdat die huiseienaarsvereniging hulle met R10 000 wil beboet as hulle inperkingsreëls binne die mure van Zimbali verbreek.

Dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, minister van samewerkende regering en tradisionele sake, is 'n inwoner van die landgoed.

Sy het verlede week regulasies onderteken wat mense beperk tot hul "blyplek", sonder om te spesifiseer presies wat daarmee bedoel word.

'n Ontstoke inwoner van Zimbali het die afgelope week op *Rapport* se WhatsApp-stemnotadiens laat weet hy is deur 'n private veiligheidswag voorgekeer toe hy met sy fiets na 'n winkel gery het.

"Hy het vir my gesê ek mag nie met 'n fiets ry nie. Toe ek terugkom van die winkel af wou hy wraggies hê ek moet die winkel se kwitansie vir hom wys.

"Ek het gedink die ou is mal in sy kop, maar ek het steeds my kwitansie vir hom gewys. Die polisie vra nie eens vir 'n mens se kwitansies nie.

"Dis belaglik. Ek mag na die ingangshek loop, kruip of hardloop om te gaan inkopies doen, maar ek mag dit nie op 'n fiets doen nie," sê hy.

Hy vererg hom dat die "tannies" in Zimbali daagliks met hul Porsche-sportmotors op Woolworths toesak terwyl hy wat deur 'n landgoed fietsry om te gaan melk koop, soos 'n misdadiger behandel word.

"Ek meen wat de hel. Hulle voel dis hul morele plig om die inwoners teen Covid-19 te beskerm. Dis nie hul werk nie. Almal het nou die polisie geword en wil mekaar polisieer."

Nog 'n inwoner het in 'n brief gekla dat die huiseienaarsvereniging die soort reëls maak wat sou sin hê in 'n digbevolkte buurt. Inwoners hier behoort eintlik te kan gholf speel om "hul geestelike en liggaamlike gesondheid te bevorder in die moeilike tyd".

Hy verwerp die bestuur se verskoning dat hulle bloot opdragte van die regering opdwing en sê die bestuur tree in stryd met die Grondwet op.

Sathie Govender, voorsitter van die landgoed se bestuur, het Dinsdag in 'n brief aan inwoners gesê twee regskenners het hulle aangeraai om die regulasies te interpreteer in die "gees van wat die president bedoel het" en hulle het daarom besluit niemand sal toegelaat word om op die landgoed te stap, fiets te ry of te hardloop nie.

"Die besluit blyk die regte een te wees. 'n Dag nadat ons die besluit geneem het, het die gemeenskapskemas-ombuddiens (CSOS) ons ingelig dat daar geen ruimte is om die regulasies op 'n ander manier te interpreteer nie. Die polisie het ons ook onverwags besoek. Hulle het deur die landgoed gery om te verseker dat al ons fasiliteite gesluit is en dat inwoners die regulasies nakom," lui sy skrywe.

Graham Paddock, 'n regskenner wat in die bestuur van gemeenskapskemas spesialiseer, stem nie saam met die idee dat inwoners van 'n skema ingeperk kan word tot hul huise nie.

"Ingevolge die rampbestuurregulasies word mense tot hul woonplek beperk. In 'n deeltitel besit elke eienaar hul eie eiendom en 'n gedeelte van die gesamentlike eiendom vir residensiële doeleindes. Dit beteken dat eienaars daarop geregtig is om die gemeenskaplike eiendom vir toegang en vir ontspanning te kan gebruik." Paddock sê die polisie moet 'n lasbrief hê as hulle die landgoed wil betree.

DIE BESTE VAN ALBEI MET SONDAG+

Kry jou gedrukte Rapport en onbeperkte toegang tot Netwerk24 met ons SONDAG+-bondel teen 'n winskoop!

SLEGS R129 p.m.
SPAAR 42%

WAT KRY JY ALLES?

- Jou gedrukte **Rapport afgelewer** by jou deur
- Onbeperkte toegang tot **Netwerk24** en die **Netwerk24-app**
- Al jou **Afrikaanse koerante en tydskrifte** in digitale formaat
- **Luisterboeke, blitssepies**, spesiale verslae en veel meer

KRY HIERDIE AANBOD SO:
Bel: 087 353 1300
SMS: Sondag na 31069
E-pos: intekenare.nuut@media24.com

NETWERK24 Rapport

Weg! SARIE tuis Huisgenoot Kuier Landbou Volksblad Die Burger Beeld Baba finweek Ry&Sleep tvplus

Die virus

# Wedloop om meer te toets

## SA het toetsstasies, maar voorraad moet uit VSA kom - en die hele wêreld wil ook hê

**Dawie Boonzaaier en Liezel de Lange**

Internasionale mededinging vir toerusting, 'n tekort aan vlugte asook administratiewe prosesse kan die regering se planne kortwiek om blitstoetse vir die nuwe koronavirus op groot skaal in te stel.

Dr. Zweli Mkhize, minister van gesondheid, het die afgelope week met groot fanfare aangekondig dat 67 mobiele eenhede in veral townships ontplooi sal word.

Die regering wil hiermee help om die land se vermoë om te toets van ongeveer 5 000 tot meer as 30 000 per dag te verhoog, maar Mkhize het nagelaat om by te voeg dat dit weke kan duur voordat dit 'n werklikheid is. Nog net vyf is in Gauteng ontplooi met nog vyf wat van môre af in die Wes-Kaap operasioneel behoort te wees.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) en Suid-Korea, waar van die grootste suksesse tot nog toe behaal is om die verspreiding van die virus te bekamp, beklemtoon die belang van 'n massiewe toetsveldtog. Só kan pasiënte vinnig geïdentifiseer en geïsoleer word en die owerhede kan blitsig hulpbronne ontplooi na waar dit die nodigste is.

Anders as die meeste ander lande het Suid-Korea nie 'n staat van inperking ingestel nie, maar skole is wel gesluit. Teen middel-Maart het Suid-Korea reeds 3 960 toetse per miljoen mense gedoen teenoor Amerika, waar die pandemie tans op sy ergste woed, se vyf toetse per miljoen mense, volgens syfers van die Amerikaanse Centers for Disease Control (CDC).

Teen die naweek was Suid-Afrika se toetskoers 847 per miljoen mense - sowat 50 000 toetse in 'n bevolking van 58,8 miljoen.

Hierdie week is vyf van die beloofde 67 mobiele toetseenhede onder meer in Alexandra, naby Sandton, ontplooi. Nog vyf kom môre in die Wes-Kaap in bedryf.

Gevalle van die virus is reeds in Alexandra en Khayelitsha bevestig en die mobiele eenhede sal veral fokus op die meer as 900 grootste risikogebiede wat die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad geïdentifiseer het.

Dié eenhede kan tans slegs moontlike pasiënte vir toetsing identifiseer. Toetse moet steeds by laboratoriums gedoen word.

Net sowat 30 van die mobiele eenhede wat deur die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens (NHLS) verkry is, sal plaaslik vir die nuwe koronavirus kan toets, het dr. Florette Treurnicht, 'n viroloog by die NHLS, gesê.

Suid-Afrika, soos die meeste ander lande, gebruik 'n polimerase-kettingreaksie-toets (PKR) vir die virus en die uitslag is ná 24 uur beskikbaar.

Die Nasionale Patologiegroep (NPG), wat private laboratoriums verteenwoordig, het vroeër in 'n verklaring gewaarsku dat veral kitstoetse wat teenliggaampies toets, dikwels vals resultate oplewer.

Die Amerikaanse kos-en-medisyne-owerheid (FDA) het egter op 24 Maart 'n nuwe PKR-kitstoets goedgekeur wat binne 45 minute wys of iemand die siekte het.

Suid-Afrika het 325 Genexpert-toetsstasies in 180 persele oor die land heen waarmee dié toetse gedoen kan word. Dié masjiene is in 2013 gekoop en personeel is opgelei om dit gebruik vir tuberkulosetoetse, maar dit kan ook gebruik word vir koronatoetse.

"Die groot uitdaging is nou om die materiaal vir die Covid-19-toetse uit Amerika te kry. Die hele wêreld ding mee om goeie, vinnige toetse te bekom," het 'n Gautengse spesialis gesê. "Die beperking op vlugte belemmer sake nog verder."

Treurnicht het Vrydag op die radiostasie 702 gesê die eerste toetse vir die Genexpert-masjiene behoort volgende week in die land aan te kom, maar dit is onmoontlik om te sê hoeveel. Sy sê weens die groot behoefte wêreldwyd deel Amerikaanse verskaffers hul produksie proporsioneel toe en dit is nie altyd seker dat jy die hoeveelheid kry wat jy bestel het nie.

Suid-Afrika oorweeg ook 'n alternatiewe toets uit Suid-Korea, wat binne 'n uur 'n uitslag gee en ook in 'n mobiele eenheid gesit kan word, sê Treurnicht.

Forbes berig dat Suid-Koreaanse vervaardigers van Covid-19-toetse hulself staal om dié PKR-toetse op groot maat te begin uitvoer. Meer as 121 lande het al hiervoor gevra.

Treurnicht sê alle nuwe toetse moet egter eers aan plaaslike goedkeuringsprosesse onderwerp word.

Dr. Kamy Chetty, NHLS-hoof, sê die regering hoop om met die nuwe toetse sy vermoë van 5 000 toetse per dag na 15 000 te verhoog teen middel April, en dan tot 36 000 per dag aan die einde van die maand.

**Google het foondata gebruik om te bepaal of Suid-Afrikaners hulle aan die inperking steur. Hier is die resultate.**

**Kleinhandel en ontspanning**
Die afname in beweging by restaurante, winkelsentrums, museums, biblioteke en fliekteaters.

**Openbare vervoer**
Veel minder mense besoek bus- of treinstasies

**Kruideniersware en apteke**
Dié winkels bly meestal oop, maar het tog heelwat stiller geraak sedert die inperking.



Benjamin Tsiane (42) verdien al die afgelope sewe jaar sy daaglikse brood net-net by 'n verkeersligkruising. Dié inkomste het nou byna heeltemal verdwyn. | FOTO'S: DEON RAATH

Simphiwe Mkhize (33) sê hy bedel al vyf jaar op dieselfde hoek. Hy het die afgelope Woensdag vir *Rapport* gesê dit was sy tweede dag in 'n ry sonder kos.

Duncan Serene (24), oorspronklik van Secunda, lewe al drie jaar op straat deur goëltoertjies in Aucklandpark te doen.

# As die strate stil word, ly hulle

**Hendrik Hancke**

Die afgelope sewe jaar verdien Benjamin Tsiane net-net meer as genoeg vir sy daaglikse brood by dieselfde Johannesburgse verkeersligkruising.

Op die hoek van Marciastraat en Ernest Oppenheimer-laan in Bruma in Johannesburg staan 'n verwese Tsiane (42), gesigmasker permanent afgesak ("sodat ek kan asemhaal") tot oor sy ken.

"Voor die virus het ek tussen R20 en R30 per dag verdien. Nou is die mense weg en dit is wat ek vandag gemaak het," sê Tsiane. In sy gekraakte handpalm blink net meer as R3.

Steeds gooi hy nie tou op nie. Elke verbygaande voertuig word smekend en vergeefs aangekyk, maar van tollende venster-muntstukke is daar min sprake.

"Ons is nie misdadigers nie. Ons is honger mense wat net wil eet en lewe," sê Tsiane. Hy sê die polisie verwilder hulle gereeld, dan vlug hy na 'n beboste spruit sowat 50 m daarvandaan.

"Ek kruip maar weg tot hulle gery het en dan kom ek weer terug. Wat anders kan ek doen? 'n Mens moet eet. Soos vandag, ek het nog niks vandag geëet nie."

Simphiwe Mkhize (33) sê hy bedel al vyf jaar op dieselfde hoek. "Ons het nooit baie geld gemaak nie. Ek het so R20 of R30 per dag verdien. 'n Mens kon darem eet. Nou is daar die meeste dae amper niks. Ek het nog nie 'n sent vandag gekry nie. Ek weet nie wat ek gaan eet nie," sê Mkhize.

Hy sê buiten vir sy verlies aan inkomste het die lewe nie vir hom veel verander nie.

"As die polisie ons hier kry, moer hulle ons. Die mense van Suid-Afrika moer ons nog altyd maklik. Hulle sê ons moet skuiling toe gaan, maar die naaste een is in die stad, dis te ver."

Op die hoek van Marciastraat en Albertina Sisulu-weg naby die Eastgate-winkelsentrum is die ruitwasser Ben Ndlovu (30) soos altyd aan diens. Hy beweeg nou tussen kruisings rond in die hoop om iewers 'n geldjie te maak. "Ek is eintlik van Barberton in Mpumalanga. Ek het stad toe gekom om werk te soek. Nou is ek al ses jaar op dié straathoek," sê Ndlovu.

Hy sê dit is nie uit eie keuse nie. "Ek het nie 'n ander plek

# Noodskuiling in Hillbrow vir straatmense ingerig

**Jana Smit**

Straatmense wil gewoonlik nie in skuilings gaan woon nie, maar tydens die inperkingstyd laat polisielede almal wat hulle op straat vind, oefeninge doen.

Nou is dié straatmense maar al te gewillig om saam met hom na die nuut ingerigte skuiling vir hawelose mense te gaan, sê Remembrance Shabalala (47), 'n welsynswerker wat met hawelose mense in Johannesburg se middestad werk.

Die organisasie MES (die afkorting staan vir "Mould, Empower, Serve") het takke oor die land heen waar hulle probeer om armoede te verlig en om die hawelose mense vaardighede te leer en weer in die samelewing te integreer.

Hul Hillbrow-kantore is in 'n noodskuiling omskep. Tot sowat 'n jaar gelede was dit 'n hospies.

Leona Pienaar, uitvoerende hoof van MES nasionaal, sê sedert verlede Vrydag is 30 mense by dié skuiling ingeneem. Daar is plek vir nog 30.

Dr. Thérèse Maarschalk, voorheen 'n Malawiese sendingdokter en tans vrywillige dokter by MES, het sowat drie weke gelede 'n oproep gekry van Pienaar, wat voorgestel het hulle open die gebou. Almal by die skuiling word daagliks bygestaan om 'n vraelys oor Covid-19-simptome te voltooi – "wie hoes, wie het koors, wie het 'n seer keel, is jy moeg?" verduidelik Maarschalk.

Met *Rapport* se besoek aan die MES-skuiling in Hillbrow was Miriam Moreki (48) in die kombuis besig met groentesop. Etes word hier vir twee ander MES-skuilings in Johannesburg voorberei.

Vrywilligers van 'n jeugprogram, Joshuas (matrikulante van verlede jaar wat in 'n oorbruggingsjaar by MES werk), help ook met die voorbereiding.

'n Deel van die skuiling word ingerig vir mense wat geïsoleer moet word.

Pienaar sê party mense wat aanmeld is aan dwelms verslaaf en MES werk saam met die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkoholisme en Dwelmafhanklikheid (Sanca) om hulle te help.

Tupac Makadel (26) het tot verlede Donderdag in Mayfair op straat gewoon. Hy het op 'n televisie in 'n winkel van die inperking gesien. "Ek het nyaope ('n mengsel van dagga en goedkoop heroïen) gerook, maar dis nou 'n week vandat ek laas gerook het. Nou eet ek gesonde kos," sê hy terwyl hy 'n lemoen eet. "Ek slaap nou op 'n matras. Dis baie beter as voorheen."

Leona Pienaar, uitvoerende hoof van MES nasionaal.

Drie etes word per dag bedien aan hawelose mense wat sedert die inperking in 'n nuut ingerigte skuiling van MES in Johannesburg woon.

Zama Ndlovu help as vrywilliger by MES in Johannesburg.

Kos word aan hawelose mense uitgedeel by MES se skuiling in Hillbrow, Johannesburg. | FOTO'S: DEON RAATH

Toe *Rapport* Tsiane die afgelope Woensdag in Bruma besoek het, het hy R3 vir sy oggendskof verdien.

Ben Ndlovu (30), 'n vensterwasser, se inkomste het van gemiddeld R120 tot R150 per dag na byna niks nie geval.

waar ek kan wees nie. Die maatskaplike werker het vir my 'n brief gegee wat ek skuiling toe moet gevat het in Joubert Park in die stad, maar hulle was vol, toe kom ek maar terug."

Hy sê in die verlede kon hy met sy ruitwassery oorleef. "Ek het tussen R120 en R150 per dag gemaak. Nou is daar niks," sê Ndlovu.

Hy hou sy hand uit na *Rapport* se fotograaf.

"Hierdie R4 is al wat ek vandag gekry het."

Skielik raak die verkeerslig rooi en 'n paar verdwaalde karre kom tot stilstand. Ndlovu spring weg op 'n drafstap en begin die naaste voorruit desperaat was. By elke kar word hy met fronse en leë hande weggewuif.

**'Ek het nie vandag of gister geëet nie.'**

Duncan Serene (24), oorspronklik van Secunda, lewe al drie jaar op straat, meestal by die kruising van Barry Hertzog-laan en Empireweg in Aucklandpark. "As die polisie jou nou vang, vat hulle jou na 'n skuiling toe, maar ek wil nie daar wees nie. Daar is te veel mense en ek hoor baie mense maak jou siek. Ek is bang vir daardie plekke," sê Serene.

Hy doen goëltoertjies met stokke om te oorleef. "Ek het altyd so R200 per dag gemaak, nou is daar niks nie. Ek het nie vandag of gister geëet nie."

# Breekbaar in die townships in dié virustyd

■ **'Mense kan honger raak, en daar is nie geld nie.'**

**Jacob Rooi** en **Julian Jansen**

Voordat ons nie weet wat in die townships aangaan nie, kan ons nie selfvoldaan raak (oor die land se vordering om die verspreiding van die korona-virus te bekamp) nie, het dr. Zweli Mkhize, minister van gesondheid, gister gewaarsku.

En uit *Rapport* se gesprekke met inwoners van townships is dit duidelik talle vind dit baie moeilik om aan die inperkingsmaatreëls gehoor te gee – om sosiale én finansiële redes.

"Mense gaan eers gehoor gee as hulle siekes rondom hulle sien sterf," verwoord 'n moedelose gemeenskapsleier in Alexandra in die noorde van Johannesburg Donderdag sy frustrasie.

David Mahlangu het oorkant die huis waar 'n begrafnisdiens in Alexandra gehou is, gestaan om nie die regulasies oor begrafnisse ('n maksimum van 50 mense) te oortree nie.

"Ons kultuur hier is dat ons vir onsself moet sien. Eers as familielede begin sterf, sal jy die mense nie op die straat gewaar nie."

In Khayelitsha in die Wes-Kaap, 'n reuse-gebied met minstens 1 miljoen inwoners, is twee inwoners reeds positief vir die siekte getoets.

Nomafrench Mbombo, Wes-Kaapse LUR vir gesondheid, het Donderdag beloof dat die hoeveelheid toetse in die buurte waar dié twee mense gewoon het, drasties verhoog gaan word.

"Min mense besoek mediese gerieue gedurende die 21 dae van die inperking. Daarom gaan die gesondheidsowerhede na die mense."

Ry jy deur Khayelitsha, is dit opmerklik dat die gegoede buurte en gebiede met subekonomiese behuising baie stiller is as die armer dele, waar daar 'n geroesemoes van mense is met talle wat om vleisbraaivure saamdrom. Hier is ook baie meer polisie-patrolliemotors.

'n Klipgooi van die Khayelitsha-hospitaal pak die 29-jarige kleinsakeman Samkelo Qoko (29) vroegaand hoenders op 'n vleisbraaivuur. Spineweg, waar hy sake doen, is stil vir dié tyd van die dag. Langs hom staan 'n ry verlate braaidromme van ander verkopers.

"In Suid-Afrika hou ons daarvan om op straat te koop. Hier kry jy meer hoender as by KFC," sê hy met 'n groot glimlag oor sy hoenders wat hy teen R90 stuk verkoop.

Qoko doen minder sake sedert die inperking begin het. Hy reken inwoners gee gehoor aan die inperking se streng reëls, "want die polisie vat vas!"

In die noorde lyk die prentjie soortgelyk. Teen Donderdag was daar een sterfgeval in die Setswetla-gebied in Alexandra. Die provinsiale owerhede vrees die virus kan nou vinnig versprei in die Gauteng-provinsie met die meeste mense wat positief getoets is.

Die grootste kommer onder inwoners is nie te min kos nie, maar eerder dat hulle nie geld gaan hê om dit te koop nie. Ook sanitasie is 'n onverwagte probleem. Omdat meer mense tuis is, is die druk op die beperkte getal buitetoilette groter.

Chris Ngonyama (links) en Steven Thamaga is bekommerd oor sanitasiegeriewe in Alexandra.

Minder klante – 'polisie vat vas!'

Samkelo Qoko (29) sê sy braai-onderneming in Spineweg, Khayelitsha, doen minder sake tydens die inperking. | FOTO: EDREA DU TOIT

Steven Thamaga, een van die inwoners, sê hoewel die 26 buitetoilette (wat sowat 1 000 mense bedien) drie keer per week gediens word, is dit onvoldoende.

"Dan is daar die haweloses wat nie werk nie en nie geld het om kos te koop nie. Ons kollekteer maar by mense en gee aan hulle wat niks het nie."

Chris Ngonyama vrees mense sal oproerig begin raak as hulle honger raak en daar is nie geld nie.

In Londonweg in Alexandra kla drie jeugdiges oor hongerte. Bayanda Paqwa (21) sê hulle het nie werk of geld nie. "Ons word van die straat gejaag, maar ons het soms mense se karre gewas om kosgeld te kry." Van hulle het ook gehelp waar daar bouwerk was. "As dit nog 20 dae aanhou, weet ons nie wat gaan gebeur nie. Dié week is alreeds moeilik."

Terug in Khayelitsha in Steve Biko-rylaan in Kaapstad sê George Mnonose (64) die inwoners "luister na die president. Hulle sukkel ook maar en is bang hulle verloor hul werk. Baie het nie UIF (werkloosheidsversekering) nie en is ook nou deur hul werkgewers gedwing om onbetaalde verlof te neem."

In Bongorylaan sê Thembakazi Sonkqayi (32) sy gaan vroegoggend inkopies doen, "want as jy later kom, is die rye chaoties. Die sjebiens is toegemaak en baie mense smag na drank, maar as jy die wet verontagsaam, dan . . . Die lewe is gespanne in Khayelitsha. Ons is so paranoïes, breekbaar."




(Teen druktyd was die jongste syfers – benewens die Wes-Kaap – nog nie bekend nie.)

Onbekende oorsprong: 94

# Plaaslike hospitale deel van studie

**Liezel de Lange**

Pasiënte by 14 Suid-Afrikaanse hospitale landwyd sal deel uitmaak van die grootste internasionale mediese studie nóg om doeltreffende prosedures vir die behandeling van Covid-19 te ontwikkel.

Suid-Afrika is een van die eerste tien lande ter wêreld wat hul bereidheid verklaar het om deel te neem aan die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se Solidarity-program wat die doeltreffendheid en veiligheid van vier soorte behandeling gaan toets. Na verwagting sal minstens 45 lande en duisende pasiënte deel vorm van die allemintige studie.

Die plaaslike program, onder leiding van prof. Helen Rees en dr. Jeremy Nel van Wits, betrek senior akademici, navorsers en medici van agt van die land se mediese skole.

"Die tempo waarteen ons kennis oor die virus groei, is verstommend," sê Nel.

"Die studie gaan tegelyk in 'n klomp lande gedoen word. Dit is moeilik om te sê wanneer ons deurslaggewende resultate sal hê, maar hoe meer pasiënte betrokke is, hoe vinniger sal ons weet watter medisyne werk en watter nie."

Die Solidarity-program fokus op die doeltreffendheid en veiligheid van vier soorte behandeling wat belowende resultate in laboratoriumstudies getoon het.

Dit sluit in remdesivir ('n middel wat ontwikkel is in die stryd teen Ebola), chlorokien (wat al dekades lank gebruik word om malaria te behandel), 'n kombinasie van lopinavir en ritonavir (wat gebruik word teen MIV/vigs) en interferon, wat die immuunstelsel verander op maniere wat dalk ook teen Covid-19 ingespan kan word.

Pasiënte by hospitale soos Steve Biko in Pretoria, Charlotte Maxeke en Baragwanath in Johannesburg, Groote Schuur en Tygerberg in Kaapstad asook Pelonomi en 'n private hospitaal in die Vrystaat sal aan die studie deelneem as hulle toestemming daarvoor verleen.

Die WGO verskaf sagteware wat spesiaal vir die studie ontwikkel is, en wat die dokter of verpleegster in staat stel om elke pasiënt se behandeling, vordering en onderliggende gesondheidsprobleme elektronies aan te teken sodat dit dadelik aan navorsers beskikbaar is.

## Só kan jy in dié tyd help

■ Donasies aan MES kan inbetaal word in hul Absa-rekening: MES General, rekeningnommer 324 014 0208, takkode 632 005.

■ Die Heilsleër gee daagliks sowat 1 200 etes vir armes in Pretoria. Neem skenkings na WF Nkomostraat 183 (voorheen Kerkstraat) of in Johannesburg na 11de Laan in Dewetshof (langs die Eastgate-winkelsentrum). Maj. Carin Holmes sê daar is 'n groot behoefte aan kos, water, meel, sanitasieprodukte, handreinigers en geld vir brandstof. Skakel 082 994 4351.

■ Die NG Kerk Welsyn se grootste behoeftes by hul afdeling vir gesinsorg is nie-bederfbare kos en groente met 'n langer rakleeftyd; basiese sanitêre produkte – van seep tot sjampoe; medikasie, weggooidoeke en melkformule vir babas; basiese skoonmaakmiddels soos bleikmiddel en Handy Andy en veral kinderklere. Skenkings kan by enige van die 12 gesinsorgkantore afgelaai word. Besoek www.ngwelfare.co.za/welfare-offices/ of stuur 'n e-pos aan info@ngwelsyn.co.za vir die kantoor naaste aan jou.

■ Imtiaz Sooliman van Gift of the Givers sê hulle kry versoeke van oor die land heen van mense wat nie kos het nie omdat hulle nie hul welsynstoelae gekry het nie. "Daar is 'n groot vraag na kos." Hy sê kontantdonasies stel hulle in staat om in gebiede waar nood is, kos en water te koop en af te laai. Besoek hul Facebook-blad of skakel hul tolvrynommer 0800 786 911.

■ Die Solidariteit Beweging het 'n noodfonds wat deur Solidariteit Helpende Hand bestuur word. René Roux sê hulle verskaf steeds deur hul kosblikkieprojek 'n maaltyd aan 8 000 kinders. Intussen word versoeke van oor die land heen ontvang van gesinne wat behoeftig is en in nood verkeer. Skenkings kan op hul spesiale koronakrisis-webblad gemaak word. Gaan na www.corona.org.za/donasie/.

# Kindertoelaes gebruik vir armoedeverligting

**Jan de Lange**

Die regering het afgesien van die plan om 'n algemene inkomstetoelae te betaal aan werkers in die informele sektor wat hul inkomste verloor het, en wil nou eerder die kindersorgtoelae van R445 per maand per kind skerp verhoog.

Dit sal twee maande duur om 'n algemene inkomste-toelae op dreef te kry, terwyl die betaalstelsel en infrastruktuur vir die kindersorgtoelae dadelik ingespan kan word deur die toelae te verhoog.

'n Taakspan wat die moontlikhede ondersoek, het Woensdag by die kabinet aanbeveel dat die kindersorgtoelae verdubbel word. Dit sal baie van dieselfde mense bereik wat met 'n algemene inkomste-toelae geteiken sou word.

Die kabinet het die voorstel aanvaar, maar die tesourie moet nou binne 'n week finansiering vind om dit moontlik te maak. Tito Mboweni, minister van finansies, is gevra om eerskomende Woensdag daaroor aan die kabinet verslag te doen. Die kindersorgtoelae van R445 per maand word aan 11,8 miljoen begunstigdes uitbetaal. Daarvoor is vanjaar R69 miljard begroot. Mboweni sal dus net soveel moet vind as hy dit wil verdubbel.

Dr. Kate Philip, hoof van die presidensiële taakspan oor die toelaes, sê dit was baie moeilik om maniere te vind waarop die informele sektor met 'n toelae bereik kan word. "As jy diegene uitsluit wat reeds ander maatskaplike toelaes kry en diegene wat beskerming van die Werkloosheidsversekeringsfonds het, is daar sowat 12 miljoen mense."

In dié groep het 'n informele werker 75% van sy of haar inkomste verloor.

"Daar is byvoorbeeld baie huiswerkers wat enkelma's is en wat die kindersorgtoelae kry. Almal van hulle wat nie inwoon nie, het op 18 Maart laas gewerk. Hulle kry daaglikse lone vir stukwerk. Hulle is dus nou al drie weke

> Die kabinet het die voorstel aanvaar, maar die tesourie moet nou finansiering daarvoor vind.

lank sonder geld. Hulle kry reeds baie swaar," sê Myrtle Witbooi van die SA Domestic Service and Allied Workers Union.

Aisha Pandor, uitvoerende hoof van SweepSouth, wat opgeleide huiswerkers met 'n selfoon-app met huishoudings verbind, sê geeneen van dié werkers werk tans nie. "Ons het sowat 20 000 huiswerkers op ons databasis van wie sowat 5 000 aktief is. Dit lyk egter asof sowat 40% van ons kliënte die diens gebruik om huiswerkers te betaal, al kan hulle nie kom werk nie," sê Pandor.

Daar is 11,8 miljoen begunstigdes van die kindersorgtoelae. Die databanke van die nasionale sensus en Sassa wys dat net meer as 40% van diegene wat die kindertoelaes ontvang, minstens een gesinslid het wat in die informele sektor werk.

"Dis nie genoeg nie, maar ons sal 'n baie groot gedeelte van diegene wat hul werk in die informele sektor verloor het, bereik deur die kindersorgtoelae te verhoog," sê Philip. Dit sal volgens haar ook 'n rimpeleffek hê deurdat mense wat hul inkomste verloor het, weer by afsetpunte soos straathandelaars kos sal koop, sê sy.

Die verbod op straathandelaars is Donderdag ná die kabinetsvergadering opgehef in 'n wysiging aan die Covid-19-regulasies wat dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, minister van samewerkende regering en tradisionele sake, in die *Staatskoerant* gepubliseer het. Dit sluit klein vissers ook in.

Die regulasies bepaal egter dat informele koshandelaars 'n permit van die munisipaliteit moet hê om te mag handel dryf.

Jane Barrett, direkteur van Wiego, 'n sambreelliggaam vir organisasies in die informele sektor, sê die besluit bevorder voedselsekerheid. "Ek hoop net alle munisipaliteite raadpleeg vinnig verteenwoordigers van spazawinkels en informele koshandelaars sodat hulle op eenvoudige, bestuurbare en niediskriminerende maniere kan ooreenkom om die lisensies uit te reik," het sy gesê.

Die regering het egter vertoë om afvalsorteerders ook tot 'n noodsaaklike diens te verklaar, van die hand gewys.

In 'n dringende verslag sê die Instituut vir Armoede, Grond en Landelike studies (Plaas) dat van die land se armste mense onmiddellik hul inkomste en hul toegang tot kos verloor het. Dis veral omdat straathandelaars in die aanvanklike regulasies verbied is en dadelik opgehou het om sake te doen en kleinboere die afsetpunte vir produkte verloor het.

## Hanlie Retief gesels met Grant Pattison

# Ekonomieë kan herstel. Dooie mense nie . . .

### 'As jy wil verstaan onder watter stres ondernemings is, kyk net na wat met Edcon gebeur het'

"Takel die probleem, takel die probleem." Verlede week by sy huis in die noorde van Johannesburg, saam met sy hond Sheldon.

In die wêreld van konglomerate wat struikel - Anglo, Massmart en Edcon - staan Grant Pattison bekend as die sonskynseun wat die plan maak en laat werk.

Maar selfs dié uitvoerende hoof van Edcon het laasweek vir 'n paar oomblikke geknak toe hy in 'n pynlike telekonferensie vir sy verskaffers moes sê hy kan hulle nie betaal nie.

Aan die einde van sy oproep, toe hy simpatiseer met die verskaffers oor die vernietigende impak daarvan op hulle, was hy so emosioneel dat hy vir 'n paar oomblikke glad nie kon praat nie.

Een van die verskaffers het die oproep opgeneem en toe Bruce Whitfield dit later op sy sakeprogram *The Money Show* op CapeTalk en Radio 702 uitsaai, het Whitfield ook in trane uitgebars en gesê hy het nog nooit so-iets gehoor nie.

Pattison is die eerste stem uit die sakewêreld wat die verwoestende verlies aan werkgeleenthede en moontlike bankrotskappe weens Covid-19 verwoord.

"As jy wil verstaan onder watter stres bykans elke kleinhandelaar en onderneming in Suid-Afrika nou is, kyk maar net na wat met ons gebeur het," sê hy Donderdag in ons onderhoud.

"Ek het emosioneel in die telekonferensie geraak, want as 'n mens slegte nuus verbaliseer, word dit skielik 'n verskriklike werklikheid."

Jy hoor 'n bietjie verleentheid in sy stem - tranerigheid is nie juis in sy DNS nie. Pattison is kindjare reeds taai gebrei in 'n bosskool in Matebeleland. Hy het op 'n myn in Zimbabwe grootgeword, waar sy pa 'n ingenieur was. In sy studentejare het hy vakansies op Vrystaatse goudmyne gewerk.

Taai is Grant Pattison se handelsmerk.

Maar dis juis die paar sekondes emosionele knak op minuut 3:58 in die oproep wat almal aangegryp het.

Ons het die stem gehoor van die man wat moontlik Edgars se deure finaal sal moet toemaak. Dié 90-jarige sakereus wat soos Ouma Beskuit en Mrs Ball's 'n Suid-Afrikaanse instelling is.

Pattison was destyds die poppemeester agter die Walmart-Massmart-oor-eenkoms. "Soos jy kan onthou, het die regering dit teengestaan. In 'n krisis, pres. Ramaphosa weet dit beter as enigiemand, beland al die druk op die bestuurshoof. Sukses het baie pappies, maar mislukking is 'n weeskind."

Edcon se finansiële probleme kom egter reeds van lank voor die koronavirus. Toe Pattison in 2018 uitvoerende hoof geword het, was die kalf in die put.

"Toe ek daar begin het, het ek 'n lang lys opgestel van als wat gedoen moet word om Edcon te red. Februarie was ek deur daardie lys, selfs die laaste taak: 'n verkoopooreenkoms vir CNA.

"In Februarie het Edcon vir die eerste keer 'n positiewe vooruitsig gehad. Ons kon ons weg deur winter 2020 sien, éintlik was ons nogal baie opgewonde oor die winter. Die eerste twee weke van Maart het ons van ons beste verkope gehad."

Op 16 Maart, die dag ná pres Ramaphosa se eerste ramptoestand-aankondiging, het hul omset met 40% gedaal.

"Dis vernietigend, want drie weke daarvan beteken 'n verminderde omset van R750 miljoen. Daarvan herstel jy nie. Ek het reeds daardie aand besef ek sal nie my verskaffers kan betaal nie."

En toe kom die inperking.

Vir Pattison en sy span was dit 'n 100 m-naelloop om te probeer plan maak hóé om 730 winkels in sewe lande betyds toegemaak te kry.

"Winkels is nie ontwerp om toe te maak nie. Wat van veiligheid, IT-stelsels, water en ligte, vervoer? Trokke op die pad, vraghouers op see van China af wat in Durban se hawe aankom . . ."

In sy huis in die noordelike voorstede van Johannesburg is hy nou heeltyd aan die planmaak vir ná die inperking. Heeltyd. Selfs tydens ons onderhoud is hy tussendeur besig om e-posse te antwoord. "Ons moet nou die hóé van heropen probeer uitpluis."

As Edcon sy deure finaal moet sluit, verloor byna 17 000 mense hul werk. Maar, keer hy met 'n effense laggie, "die klem is op 'as'. Ons gaan ná die inperking ons winkeldeure oopgooi en R3,2 miljard se voorraad verkoop."

En Edcon se bestuurspan? "Ons sal die groot gat wat die koronavirus geskep het, moet hanteer. Ek weet steeds nie hóé nie."

In sekere kringe word gesê die streng inperking-roete van ons regering was verkeerd, dat die bankrotskappe, werkloosheid en hongersnood wat dit tot gevolg gaan hê, verreikender gaan wees as Covid-19 self.

Nee, sê Pattison.

> "Ons weet nie wat sou gebeur as ons 'n ander roete gekies het nie."

'n Jonger "en meer astrante" Grant Pattison. Hy is bekend in die sakebedryf vir sy veglus om struikelende kleinhandelreuse soos Massmart en Edcon te red.

"Ekonomieë kan herstel. Dooie mense kan nie.

"Ek glo die president het die regte besluit geneem."

Wat help dit om nou sulke scenario's te bedink, sê hy. Dis net demoraliserend. Ons is klaar verbind tot dié pad.

"Hoe weet mens ná die tyd of dit die verkeerde besluit was? Ons weet nie wat sou gebeur as ons 'n ander roete gekies het nie."

In 'n twiet sê hy hy is verstom met hoeveel selfvertroue kommentators hul menings oor die koronakrisis lug, met hoeveel sekerheid hulle daaroor praat. "Dis 'n een-in-'n-honderd-jaar gebeurtenis, daar's nie handleidings nie. Hoe weet hulle soveel? Tydreisigers? Heldersiendes?"

Pattison noem homself 'n tipiese elektriese ingenieur wat hou van studeer en sport. Hy leer tans in sy vrye tyd Linux en Python.

Van kleinhandel het hy nie 'n snars geweet nie. Hoe hy destyds Massmart se uitvoerende hoof geword het, is al 'n klein bedryfslegende.

Grant was 'n "effens obsessief-kompulsiewe" 27. Ná 'n onsuksesvolle werkonderhoud by 'n IT-maatskappy in die Massmart-gebou, loop hy en sy onderhoudvoerder, Richard van Rensburg, vir Mark Lamberti, Massmart se uitvoerende hoof, in die voorportaal raak.

"Daar was 'n paar ongemaklike oomblikke en toe, heel spontaan, noem Richard dat Mark dalk 'n werk vir my het.

"Mark nooi my toe na sy kantoor, en ek sê so ewe: gaaf om jou te ontmoet, maar watse werk doen jy? En watse maatskappy is dié? En toe Mark vir my sê, vertel ek hom met my oormaat naïewe selfversekerdheid dat ek van Dion hou, maar Mákro! Ek was die naweek daar en die produkte was deurmekaar én die stofsuier wat ek wou koop, was uit voorraad.

"Net daar laai Mark my in die kar en ons sit af Makro toe, waar ek vir hom moes vertel wat als verkeerd is. En toe kry ek die werk," lag hy.

Pattison was later op die kortlys om Eskom se uitvoerende hoof te word. In die kar op pad na die finale onderhoud, is hy gebel en meegedeel dat Brian Molefe heraangestel is.

"Ek was eintlik verlig. Ek is nie so seker of ek goed sou vaar in daardie polities komplekse omgewing nie, my denke is te onafhanklik."

Pattison het uitvoerende hoof van Edcon geword wetende dis byna 'n onbegonne taak, die skuldlas was oorweldigend. Hy het die pos aanvaar om te probeer keer dat Edcon se (destydse) 100 000 werknemers hul werk verloor.

In die herstrukturering waarin winkelgroepe verkoop is en Edgars-takke van 1 500 na 730 gekrimp het, kon hy daarin slaag om 90% van die vloerpersoneel steeds te behou.

"In die toekoms sal niemand meer onthou dat Edgars en Jet gered is nie. Maar om te kan verhoed dat mense hul werk verloor is beduidend, belangrik."

Hy begin lag en vertel dat sy grootste ambisie destyds was om die hoofingenieur van die President Brand-myn in Welkom te word.

"Nou dink ek dit sou dalk 'n baie beter idee gewees het!

"Ek het seker maar 'n ingenieursbrein. Ek hou daarvan om dinge reg te maak."

Sy raad aan mense wat nou naels kou oor hul ondernemings op pad is bodem toe?

"Die eerste ding wat gebeur, is dat 'n mens oorweldig voel. Die meeste van ons kan dinge hanteer wat binne ons beheer is, selfs al is dit stresvol, dis binne ons vermoëns. Maar die koronavirus is totaal buite ons beheer. Ons is gebunker in ons huise, dit voel asof ons in 'n fliek is.

"As 'n mens oorweldig word deur die omvang en skaal van 'n probleem, hardloop jou kop rond in sirkels en al wat jy dink, is: Ek is *screwed*.

"Ek het nou al geleer as ek so begin voel, hanteer ek dit deur die probleem in deeltjies op te breek en dan een vir een aan te pak.

"Ek voel persoonlik baie beter nadat ek die eerste tien stappe van hierdie duisend-stappe-proses gedoen het."

Dis presies hoe Pattison net voor die inperking gevoel het, net voor daardie emosionele telekonferensie. Betaaldag was die monster aan die einde van die maand. Personeel, verskaffers. "Hoeveel geld het ek? Wie kan ek wat betaal?

"Kry dit uit die pad. Maak daai oproep verskaffers toe. Byt deur: Ek kan julle nie betaal nie. Doen dit. Dóén dit. Gaan net vorentoe. *Never give up*.

"Dis wat 'n mens altyd die moeilikste vind: om te begin."

So. Week 2 van die inperking. Vroeggoggend staan die Pattisons op. Trek aan. Eet die spek en eiers. Drink jou vitamiene. Speel bietjie krieket met die vierjarige Jack. Gooi die bal vir Sheldon, die labrador.

"En begin met iets. Wat dit is, maak nie saak nie. Vul jou dae, kry goed gedoen, bereik jou klein mikpunte, jy gaan beter voel.

"En as jy eers momentum het, kort voor lank is jy halfpad deur Die Probleem, en kort daarna is die probleem agter jou.

"Al manier om hierdeur te kom, is om as Suid-Afrikaners saam te staan. Ons is skaars in die begin van die pandemie. Die pad is nog lank vorentoe. Kom ons baklei nie oor onbenullighede nie. Daar is net een vyand: Covid-19."

# Werkers kry nie volle salaris tydens inperking

**Jan de Lange**

Sowat 4 000 werkgewers het teen Vrydagmiddag by die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) geregistreer om as tussenganger tussen die fonds op tree vir die uitbetalings van werkloosheidsvoordele. Die stelsel wat Thulas Nxesi, minister van indiensneming en arbeid, tien dae gelede aangekondig het, maak voorsiening daarvoor dat werkgewers voordele van die WVF eis namens werkers wat weens die Covid-19-regulasies nie langer kan werk nie.

"Die voordele word aan die werkgewer uitbetaal. Dit sal tussen 38% en 60% van 'n werknemer se loon tydens die inperking beloop, maar dit sal eers uitbetaal word nadat die staat van inperking opgehef is," sê Gerhard Papenfus, uitvoerende hoof van die werkgewersorganisasie Neasa, wat gemoeid is met onderhandelinge tussen die regering en Busa in Nedlac oor die uitbetaling van die voordele.

Werkgewers kan intussen die voordele gedeeltelik of ten volle uitbetaal as 'n lening wat later vereffen word wanneer die inperking verby is. "As die inperkingstyd verleng word, sal die voordele ook vir die verlenging geld," sê hy.

**Maksimum van R17 700 per maand.**

Die WVF-voordele sal as eenmalige bedrag aan die werkgewer uitbetaal word. Hy is dan verantwoordelik daarvoor om dit aan werknemers uit te betaal, maar moet 'n ouditspoor skep sodat hy bewys kan lewer van die uitbetaling. Die oogmerk met die stelsel is om voordele vinniger en makliker uit te betaal sonder om die WVF se takkantore met individuele eise te belas.

"Die ooreenkoms tussen ondernemings en die WVF is nog nie afgehandel nie, want daar is lastige punte wat nog uitgestryk moet word. Die WVF wil byvoorbeeld hê werkgewers moet bewys lewer dat hulle onder druk is en daarom nie kan bekostig om self hul salarisse te betaal nie," sê hy. Dit sal beteken dat sakeondernemings inkomstestate sal moet indien, maar hulle is nie bereid om dit te doen nie omdat dit vertroulike maatskappyinligting is.

"Ons meen alle ondernemings moet vir die voordele kan aansoek doen. Dit lyk asof ons tog 'n oplossing daarvoor gaan vind," sê Papenfus.

Die stelsel moet net geld vir ondernemings wat meer as tien werknemers het. Vir diegene met minder as tien werkers wil die WVF self die individuele uitbetalings doen.

Die WVF gaan ook net tot R17 700 per maand per werknemer uitbetaal. Vir 'n werknemer wat byvoorbeeld R25 000 per maand verdien, moet die werkgewer op ander maniere voorsiening maak.

Dit lyk dus nie asof werkers hul volle inkomste gaan kry tydens die inperking nie. "Daar is groot onsekerheid oor hoe lank die toestand gaan voortduur. Werkgewers voel hulle wil hul kontantbronne beskerm sodat hulle in staat is om hul ondernemings weer in bedryf te bring wanneer die inperking verby is.

"Daar is geen wenners nie - dit gaan eintlike daaroor om die las van die Covid-19-regulasies te probeer versprei sodat werknemers of werkgewers nie alleen die spit afbyt nie," sê Papenfus.

**As 'n noodsaaklike diensverskaffer sal die Media24-Intekenaarinbelsentrum vir die duur van die inperkingstydperk operasioneel bly.**

Let egter daarop dat die sentrum tans 'n hoë volume oproepe ontvang en u moontlik vertragings mag ervaar. Indien u met die inbelsentrum in verbinding wil tree, stuur eerder e-pos na **intekenare@media24.com** of 'n Whatsapp-boodskap na **087 353 1333**. Die inbelsentrum se direkte nommer is **087 353 1300.**

Ons waardeer u geduld.

MEDIA24

Pas jou neseier op in swaar tye - 13

Rapport
Sake

Dink mooi oor 'n betaal-vakansie - 14

Blink plan: Slaapplek vir moeë Covid-vegters - 13

# Verbod op rook kan SA baie kos

## Belasting van miljoene rande in die weegskaal

**Riana de Lange**

Die verbod op die verkoop van tabakprodukte in die inperkingstyd kan tot 'n dramatiese toename in sigaret-sluikhandel lei, wat die regering miljoene rande kan kos.

Sluikhandel het reeds sowat 42% van die plaaslike informele sigaretmark oorgeneem, waarsku rolspelers in die tabakbedryf.

Johnny Moloto, hoof van openbare betrekkinge by British American Tobacco South Africa (Batsa), sê belastinginkomste uit wettige tabakverkope beloop tans sowat R1,5 miljard per maand. Dis onmiddellik vir die staatskoffers verlore weens die verbod.

**Tot 42% van SA mark is al sluikhandel.**

Die SAID verloor reeds sowat R8 miljard per jaar aan onbetaalde belasting weens die sluikhandel. Die inperking kan op langer termyn 'n aansienlike verlies aan markaandeel vir wettige rolspelers beteken, wat kan uitloop op werksverliese en verlies aan belastinginkomste vir die staatskas.

Boonop kan dit die oogmerk van die inperking ondermyn as die land se geraamde 11 miljoen volwasse rokers wyd en syd na dampies soek.

Dié sienings word gedeel deur Batsa, die South African Tobacco Transformation Association (Satta) en Fair-trade Independent Tobacco Association (Fita).

Satta raam 15 miljoen sigarette wat in die sluikhandel bekom is, word daagliks in Suid-Afrika gerook. Ntando Shadrack Sibisi, voorsitter, sê selfs voordat die verbod ingestel is, het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) na raming inkomste van meer as R20 miljoen per dag verloor weens dié sluikhandelbedrywighede. Dit sal nou nog meer wees.

Luidens die jongste begrotingsdokumente het die staat inkomste van R14,4 miljard in 2019-'20 uit sigarette en sigarettabak verwag, en nog R475 miljoen uit pyptabak en sigare.

Tertius Troost, 'n belastingspesialis van Mazars, sê dit is net sogenaamde sondebelasting en sluit nie BTW in wat vervaardigers aan die staatskas betaal nie.

Batsa, wat 'n markaandeel van 78% van die wettige sigaretmark het, sê daar is anekdotiese bewyse van 'n styging in die sigaret-sluikhandel en berigte van die polisie wat sedert die begin van die inperking op die onwettige optrede toeslaan.

Batsa het reeds plaaslik onwettig ingevoerde en nagemaakte Peter Stuyvesant-produkte, wat 'n BAT-handelsmerk is, uit China gesien.

Satta, wat tabakboere, werkers, verwerkers en vervaardigers regdeur die waardeketting verteenwoordig, sê tabakboerdery in Suid-Afrika gee werk aan 8 000 plaaswerkers met meer as 30 000 afhanklikes in landelike gebiede.

Hulle is nie die enigstes wat werksverliese vrees nie.

Batsa se fabrieke is ook gesluit. Moloto sê Batsa verkoop sy sigarette deur sowat 50 000 winkels, waaronder kruideniers-, drank- en spazawinkels, asook informele handelaars en vulstasies, maar tot 16 April mag dit nie gebeur nie.

Die South African Drug Policy Initiative waarsku mense wat van alkohol en rook afhanklik is, kan nie bloot ophou om die middels te gebruik nie.

Hulle kan ernstige simptome soos psigose ontwikkel of hulle tot uiters gevaarlike produkte wend.

Sinen Mnguni, voorsitter van Fita, sê nikotienonttrekking veroorsaak ook ongeduld, frustrasie, 'n wisselvallige gemoed en angstigheid.

'n Werker by 'n vulstasie in Johannesburg het die afgelope week aan *Rapport* gesê gefrustreerde rokers haal hul frustrasie op die personeel uit as hulle nie hul gunsteling-sigarette kan koop nie.

"Hulle skree vreeslik op ons as hulle sien ons rakke is leeg en hoor ons kan niks daaraan doen nie."

Batsa is glad nie gekonsulteer voordat die regering die verbod ingestel het nie.

Volgens Mnguni het Fita gevra om met die minister van handel, nywerheid en mededinging oor die verbod te praat, maar nog geen reaksie gekry nie.

Vir Batsa is die onmiddellike skade die verlies aan inkomste. Klein ondernemings sit byvoorbeeld met voorraad wat hulle nie kan verkoop nie, dus kan hulle kontantvloeiprobleme kry, sê Moloto.

Satta sê die nasionale inperking behoort nie 'n eksperiment te wees om rokers van die gewoonte te laat afsien nie. Die inperking gaan oor beperking van beweging, en nie om dit aan te moedig nie.

Richard Chelin, 'n navorser van die Enact-projek wat deur die Europese Unie gefinansier word onder die Instituut vir Sekerheidstudies, sê die doel met die verbod kan waarskynlik wees om beter respiratoriese gesondheid aan te moedig omdat die Covid-19-virus onder meer erge asemhalingsprobleme kan veroorsaak.

Tog kan 21 dae van nie rook nie jou respiratoriese gesondheid nie veel verbeter nie, sê hy.

Mnguni sê hoewel vroeë stadiums van longe se herstel sigbaar is binne 'n maand nadat iemand opgehou rook het, is daar geen bewyse dat Covid-19-simptome verlig word deur 21 dae van onthouding nie.

Dr. Zweli Mkhize, minister van gesondheid, en dr. Nomafrench Mbombo, Wes-Kaapse LUR vir gesondheid, besoek Vrydag 'n Covid-19-toetsstasie in die Khayelitsha-distrikshospitaal in Kaapstad.

Genl. Bheki Cele: Die verkoop van sigarette is verbode. | FOTO'S: GALLO IMAGES

# Vrae oor kontrak vir IT in Gauteng

**Abram Mashego en Setumo Stone**

Die Gautengse regering word daarvan beskuldig dat hy die Covid-19-pandemie misbruik het om 'n groot inligtingstegnologiekontrak sonder behoorlike tenderprosesse deur te druk.

Die kontrak van R22 miljoen vir onder meer kuberveiligheid vir Gauteng e-gov is onderteken binne 24 uur nadat Stella Ndabeni-Abrahams, minister van kommunikasie en digitale tegnologie, toestemming gegee het vir 'n afwyking van normale verkrygingsprosesse.

Die kontrak is toegeken aan In2IT Technologies, wat die sokkerspan Moroka Swallows borg.

'n Fluitjieblaser het by pres. Cyril Ramaphosa daaroor gekla. Ander IT-maatskappye het ook by Ndabeni-Abrahams gekla.

Die tender is twee keer geadverteer, maar nie toegeken nie nadat die tesourie uitgewys het tenderspesifikasies is verontagsaam. GSOC Security Services het toe op 'n maandelikse grondslag aangehou om die diens te lewer.

Senior amptenare in die Gautengse departement van finansies en e-regering het aan *City Press*, susterskoerant van *Rapport*, gesê hulle vermoed die tender is so dringend deurgedruk om 'n spesifieke maatskappy te bevoordeel.

'n Verkrygingsbeampte het firmas op 25 Maart om 17:17 uitgenooi om teen 10:00 die volgende dag te tender vir 'n kontrak van 12 maande waarvoor hulle binne hoogstens sewe dae ná die ondertekening beskikbaar moet gewees het.

In2IT het dadelik 'n gedetailleerde kwotasie van meer as 100 bladsye ingedien en die kontrak gekry.

Die betrokke LUR, Nomantu Nkomo-Ralehoko, het by monde van haar woordvoerder, Tshepo Shawa, gesê alles is op die regte manier gedoen. Volgens haar kom die feit dat GSOC Security Services se maand-tot-maand-kontrak sedert Maart 2016 voortgeduur het, op 'n onreëlmatige uitgawe neer.

# SA klop nie aan by IMF (nog nie)

**Riana de Lange**

Die tesourie bekyk "alle opsies" om Suid-Afrika se beleidsrespons op die Covid-19-pandemie te finansier en dit kan die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) insluit, maar ons het nog nie aan dié deur gaan klop nie.

Volgens die IMF het sowat 20 ontwikkelende lande die afgelope twee weke vir nood-finansiering gevra om skerp toenames in staatsbesteding en skerp dalings in staatsinkomste gedurende die noodsituasie te help finansier. Gediminas Vilkas, senior kommunikasiebeampte van die IMF, het gesê Suid-Afrika was nie onder dié lande nie, hoewel die IMF verwag dat nog sowat tien lande in die volgende paar dae hulp kan kom vra.

Dit beteken op die allerminste Suid-Afrika sal moet inval by 'n taamlik lang tou as die geld opraak.

Die tesourie het Vrydag by navraag gesê die regering "ondersoek alle finansieringsopsies" om die Covid-19-pandemie te bestry. "Dié opsies is nie tot die plaaslike mark beperk nie, maar sluit vennote wêreldwyd in," lui die antwoord.

Kristalina Georgieva, besturende direkteur van die IMF, het verlede week gesê die Covid-19-pandemie is erger as die wêreldwye finansiële krisis van 2008-'09 en 50 lae-inkomste-lande het die IMF reeds genader. Konserwatief geraam sal dit $2 500 miljard kos om hulle te help. Meer as 31 middel-inkomste-lande het die IMF gekontak.

Volgens Vilkas is die IMF in gesprek met al sy lede in Afrika suid van die Sahara om behoeftes te bepaal en te kyk waar vinnig gehelp kan word deur beleidsadvies, tegniese bystand of finansiering. Die IMF sal minstens $50 miljard beskikbaar stel wat vinnig uitbetaal kan word. Dit sluit $10 miljard in wat op gunstige voorwaardes aan laeinkomste-lande kan gaan.

Sedert die kredietgraderingsagentskap Moody's Suid-Afrika se soewereine skuld tot sub-beleggingsgraad afgradeer het, wat dit dadelik duurder gemaak het vir Suid-Afrika om op die geldmarkte te leen, woed die debat opnuut oor of Suid-Afrika IMF-hulp moet vra.

Moody's meen Suid-Afrika se skuld kan teen 2023 90% van die bruto binnelandse produk (BBP) beloop.

**Moody's meen Suid-Afrika se skuld kan teen 2023 90% van die bruto binnelandse produk beloop.**

Fitch Ratings het Suid-Afrika se staatskuld Vrydag-aand nóg laer afgegradeer – volgens die agentskap omdat daar nie 'n duidelike pad is na die stabilisering van staatskuld nie, asook weens die verwagte impak van Covid-19.

Volgens David Knee van Prudential het studies ná die wêreldwye finansiële krisis van 2008-'09 daarop gedui dat as 'n land se skuld-BBP-verhouding tot bo 90% styg, sal dit 'n negatiewe impak op ekonomiese aktiwiteit hê as die regering dan bykomende skuld aangaan. Dit hang egter af tot watter mate die land se skuld gedenomineer is in 'n buitelandse geldeenheid soos die dollar. Net sowat 10% van Suid-Afrika se staatskuld is in buitelandse geldeenhede, wat ons in 'n beter posisie plaas as talle ander lande.

Die politieke analis R.W. Johnson het die afgelope week op politicsweb.co.za geskryf belangstelling in Suid-Afrikaanse staatseffekte het in die week van 24 Maart opgedroog, wat die Reserwebank genoodsaak het om self toe tree en effekte in die sekondêre mark te koop. Die regering veil weekliks staatseffekte op om die begrotingstekort te finansier en betaal dan 'n opbrengs aan die houer van die effek vir die tydsduur daarvan. Hoe laer die pryse van staatseffekte, hoe hoër die opbrengskoers en hoe beter vir die belegger.

Volgens Johnson is die gebrekkige vraag na 'n land se staatseffekte een van die maniere waarop so 'n land in 'n situasie kan beland waar hy nie sy skuld kan betaal nie.

"Dit is wat verlede week in die Suid-Afrikaanse effektemark gebeur het," skryf hy op 28 Maart.

Die Covid-19-paniek het buitelandse beleggers laat padgee na dollar-bates. Soos hulle van Suid-Afrikaanse staatseffekte ontslae geraak het, het pryse gedaal en opbrengskoerse gestyg. Dit het 'n uitwerking op plaaslike beleggers gehad wat kontant wou in deur ook hul effekte te probeer verkoop.

Johnson skryf die SARB het by gebrek aan kopers effekte begin koop om die mark te laat bly funksioneer. "Die koper was dus die laaste moontlike koper en net dié desperate optrede het 'n effektiewe wanbetaling gekeer."

Opbrengskoerse op die tienjaarstaatseffek het op 24 Maart tot 12,38% opgeskiet – van sy hoogste vlakke nog.

"Die tesourie moet elke dag effekte ter waarde van R1,1 miljard verkoop, maar teen bogenoemde koerse sal dit Suid-Afrika se rentebetalings op skuld aansienlik verhoog en die land in die rigting van wanbetaling druk," sê Johnson.

Andrew Davison, hoof van adviesdienste by Old Mutual Corporate Consultants, sê egter Suid-Afrika het sy eerste marktoets ná die Moody's-aankondiging met vlieënde vaandels geslaag.

Bloomberg-data wys die afgelope Dinsdag se effekte-uitreiking van R4,53 miljard het 'n rekordvraag gelok.

Teen Vrydag het die opbrengskoers op die tienjaareffek verbeter tot 11,2%.

Nolan Wapenaar, 'n fondsbestuurder van Anchor Capital, meen geensins die SARB se optrede spreek van desperaatheid nie. Hy sê vir twee weke in Maart het buitelanders R56 miljard se Suid-Afrikaanse staatseffekte verkoop wat beteken markskeppers (derde partye wat verantwoordelik is vir voortdurende, billike pryskwotasies van waarteen hulle bereid is om die staatseffek te koop en verkoop) is oorval deur beleggers wat effekte wou verkoop terwyl daar 'n lae vraag was. Dit het pryse totaal skeefgetrek en die SARB het ingegryp om sake te normaliseer.

Volgens Wapenaar het die strategie gewerk omdat daar nou weer vraag en aanbod is en prysdeursigtigheid. Die huidige opbrengskoerse weerspieël volgens hom weer die konteks van wat om ons gebeur. Hy sê Dinsdag se veiling van staatseffekte was een van die bestes in 'n baie lang tyd, wat wys die mark funksioneer goed.

Adrian Saville van Cannon Asset Managers sê omdat Suid-Afrika se staatseffekte eers einde April uit die World Government Bond Index sal val, kan die volle impak van die verkoop van staatseffekte eers in Mei gesien word.

## Franchise-houers moet hulp kry

Suid-Afrika se franchise-bedryf het aan die einde van 2019 altesame R734 miljard tot die land se BBP bygedra.

Luidens die jongste franchise-peiling is daar ongeveer 48 000 franchises in Suid-Afrika wat nagenoeg 'n halfmiljoen mense in diens neem, sê die Franchise-vereniging van Suid-Afrika (Fasa).

Die stand van sake vir 2020 sal egter veel swakker daar uitsien weens die uitbreek van die Covid-19-pandemie. Die franchisebedryf sal ongetwyfeld swaar getref word deur die 21 dae-inperking, sê Fasa, omdat die meeste van die ondernemings nie tel as noodsaaklike dienste nie.

Vera Valasis, uitvoerende direkteur van Fasa, sê dit is noodsaaklik dat franchise-houers hulp moet kry sodat hulle hul werknemers op die betaalstaat kan hou totdat die pandemie verby is.

Die finansiële hulp wat die regering aangekondig het ten opsigte van klein- en middelslagondernemings word verwelkom.

"Maar ons hoop die vereistes om vir hulp te kwalifiseer is nie so streng dat juis die ondernemings wat daaruit moet voordeel trek, van hulp uitgesluit word nie," sê Akhona Qengqe, voorsitter van Fasa.

## Franchise-ondernemings en die ekonomie




Bronne: Sanlam & Franchise-vereniging van SA: 2019-Franchise-peiling; 2017 Survey on the Economy Impact of Franchising Worldwide – World Franchise Council

THEUNS KRUGER, Grafika24

# Vakbonde gaan op agtervoet wees ná inperking

Gideon du Plessis

**Vakbondfokus**

Covid-19 gaan arbeidsverhoudinge radikaal verander. Dié virussiekte gaan negatiewe en positiewe gevolge vir arbeidsverhoudinge en veral vir kollektiewe onderhandelinge in Suid-Afrika inhou.

Die virus se aanvanklike positiewe invloed was die wyse waarop arbeid, die sakesektor en die regering se verteenwoordigers binne die nasionale ekonomiese ontwikkelings- en arbeidsraad (Nedlac) in die aanloop tot die inperkingstyd spoedig 'n ooreenkoms kon bereik oor aanvanklike ekonomiese stimulusmaatreëls. Daar was ook konstruktiewe uitkomste oor wysigings aan die werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) en pensioenfondsregulasies om werkgewers wat onder ernstige finansiële druk verkeer tegemoet te kom met WVF-ondersteuning aan werknemers wanneer salarisse nie betaal kan word nie, of pensioenfondsbydraes nie volgehou kan word nie.

Covid-19 se grootste negatiewe impak op arbeidsverhoudinge sal werksverliese wees. Die damwal gaan ná die inperkingstyd breek en werknemers in bykans elke ekonomiese sektor sal aan aflegging-, likwidasie- en sakereddingsprosesse blootgestel word.

'n Positiewe gevolg is dat Covid-19 'n werklikheidsbesef onder populistiese vakbondleiers laat posvat het. Zwelinzima Vavi, die vakbondfederasie Saftu se hoofsekretaris - wat al telkemale gedreig het om die land se ekonomie deur 'n staking tot stilstand te bring - besef nou wat die gevolge van sy dreigement is. Vavi het in reaksie op die inperkingsmaatreëls aangevoer "dat dit die finale spyker in die doodskis van die ekonomie en werkskepping sal wees".

Weens Covid-19, en SA se afgradering na rommelstatus, gaan die magsewewig swaai en vakbonde op die agtervoet wees. Ná die inperkingstyd sal vakbonde saam met werkgewers kreatiewe oplossings moet vind om verlore produksie en werknemervergoeding in te haal, en die afleggingsbloedbad te versag. Om dit te verwesenlik sal werknemers en werkgewers groot toegewings moet maak. By verskeie werkplekke sal werknemers hulle tydelik moet verbind tot langer werksure oor naweke en op openbare vakansiedae. Maatskappye in die oorgangstydperk sal hopelik verliese langer kan dra sonder om personeel drasties te verminder in die hoop dat die maatskappye 'n finansiële gelykbreekpunt binne 'n redelike tydperk kan bereik.

So 'n gee-en-neem-benadering sal die weg baan vir die implementering van die wen-wen, belangegegronde werkgewer-vakbond-onderhandelingsmodel wat die huidige posisionele bedingingsmodel kan vervang. Die uitgerekte en konfronterende posisionele model beteken vakbonde dien ellelange looneise in en werkgewers begin met 'n onrealisties lae salarisverhogingsaanbod, terwyl vakbonde met onrealisties hoë verhogingseise begin. In die belangegegronde model, wat deur die Amerikaners Roger Fisher en William Ury ontwikkel is en suksesvol in die VSA, asook Europese en Skandinawiese lande aangewend word, is die fokus op gedeelde belange en die soeke na wedersydse voordele, en nie die afdwing van selfgesentreerde belange nie. William Thomson, 'n gerespekteerde bemiddelaar van die kommissie vir versoening, bemiddeling en arbitrasie (KVBA), is reeds opdrag gegee om die model plaaslik onder rolspelers te "bemark".

Waar die uitgediende posisionele model gaan voortleef, behoort dit 'n ander vorm aan te neem want werkgewers en vakbonde gaan met die aanvang van onderhandelinge ná die inperkingstyd nie net die druk van Covid-19 se ekonomiese en finansiële nalatenskap ervaar nie, maar daar gaan tydsdruk wees om uitgestelde onderhandelinge af te handel. Vakbonde en werkgewers begin nou in die inperkingstyd leer om vakbond-looneise, motiverings- en wedersydse reaksies op skrif te hanteer. Hierdie praktyk sal toekomstige onderhandelinge versnel.

Tweedens, die gevolge van Covid-19 sal vakbonde en werkers laat besef dat volhoubaarheid en werksekerheid belangriker is as loonverhogings bo inflasie. Só sal die klem verskuif na die "maatskaplike loon" wat diensvoorwaardes soos pensioenvoordele, mediese sorg, beroepsveiligheid en opleiding prioritiseer.

Derdens, werkgewers sal noodgedwonge verhogings aan uitsette begin koppel.

Laastens behoort loonooreenkomste ook tipies driejaar-ooreenkomste te wees om werksplekstabiliteit te verhoog en voldoende tyd te bied om produksieteikens te bereik.

Die Marikana-voorval van 2012 het 'n veranderde arbeidsverhoudinge-bedeling tot gevolg gehad, maar die Covid-19-ontwrigting van arbeidsverhoudinge gaan baie radikaler wees.

■ **Gideon du Plessis is hoofsekretaris van Solidariteit.**

# Kortliks

## Skuldvlakke kan nou styg

Skuld aan private huishoudings en sakeondernemings wat finansieel sukkel weens die Covid-19-pandemie kan op kort termyn styg, maar daarna sal groei in kredietverlening afplat soos banke hul uitleenbeleid streng toepas en huishoudings lugtig raak vir bykomende skuld, sê Nedbank se ekonomiese eenheid.

Volgens die jongste syfers van die Suid-Afrikaanse Reserwebank Maandag was kredietverlening aan die private sektor in Februarie 5,1% hoër op 'n jaargrondslag, teenoor 5% in Januarie. Krediet aan huishoudings het in Februarie vir die vierde agtereenvolgende maand verlangsaam op 'n jaargrondslag.

## PMI laagste sedert 2009

Absa se aankoopbestuurdersindeks (PMI) vir die eerste kwartaal staan op 45,9 indekspunte, vergeleke met 47,6 in die vierde kwartaal van 2019. Dit is die laagste vlak sedert 2009.

Absa sê in 'n verklaring die PMI vir die eerste kwartaal is wel ondersteun deur 'n styging in Maart in die subindeks vir aflewerings deur verskaffers wat op stadiger aflewerингstye dui.

Absa sê in normale omstandighede is stadiger aflewerings 'n positiewe teken omdat dit beteken verskaffers is besiger.

Maar die rede vir voorraad wat nou langer neem om afgelewer te word, is die ontwrigting in die internasionale verskaffingsketting weens Covid-19.

## De Beers stel verkoping uit

De Beers en Gemfields, groot verkopers van ongeslypte diamante, gaan vir eers nie dié edelstene kan verkoop nie.

Die twee sê in afsonderlike verklarings Maandag reisbeperkings wêreldwyd weens Covid-19 beteken handelaars kan nie reis om die ongeslypte diamante te besigtig nie.

Albei beplan om hul verkopings wat hulle nou sou hou, vir later in die jaar te belê.

Hoewel De Beers in die eerste verkoopsiklus van 2020 $51 miljoen méér diamante verkoop het as in 2019, het verkope in die tweede verkoopsiklus reeds met $141 miljoen gedaal teenoor 2019. **– Netwerk24**

## Meer werk in 4de kwartaal

Totale indiensneming het in die vierde kwartaal van die jaar net-net gestyg met 16 000 of 0,2% teenoor die vorige kwartaal.

Dit was grootliks danksy 39 000 mense wat in die handelsektor in diens geneem is, 12 000 in die sakesektor en 3 000 in gemeenskapsdienste (wat die staat insluit).

Dit blyk uit die kwartaallikse indiensnemingsyfers wat Statistieke Suid-Afrika Dinsdag bekend gemaak het.

Personeel wag vir klante in 'n juwelierswinkel in Sjanghai, China. | FOTO: GETTY IMAGES

# Veilige goud blink weer oor Korona

## Maar teen die huidige prys is dit nie meer 'n goedkoop bate nie

**Liesl Peyper**

Wanneer die wêreld in beroering is, skarrel beleggers om goud in die hande te kry, soos wat die sterk lopie in die goudprys reeds die afgelope 18 maande bewys.

Die stewige toename in die goudprys is tekenend daarvan dat daar 'n premie is op goud as 'n bateklas wat waarde stoor, sê Johan Gouws, hoof van adviesdienste by Sasfin Securities.

Beleggers wat in goud in randwaarde belê het (soos deur middel van 'n beursverhandelde fonds), is die afgelope 20 jaar reeds goed beloon.

Van einde Maart 2019 tot einde Maart vanjaar het beleggings in goud met 53% gegroei. Van die vierde kwartaal in 2019 tot aan die einde van die eerste kwartaal in 2020 het dit met 35% geklim; en oor die afgelope 20 jaar tot aan die einde van 2019 met 13,3%, sê Gouws.

Sedert die uitbreking van die Covid-19-pandemie het beleggers wêreldwyd hulle opnuut tot goud gewend omdat die edelmetaal 'n sogenaamde toevlugsoord-belegging is.

Goud as 'n veilige belegging, veral in 'n hoërisiko-omgewing, soos met onbestendige markte, spruit uit die feit dat die edelmetaal nie gekorreleer is met bateklasse soos aandele wat daal in krisistye nie, sê Herman van Papendorp, hoof van beleggingsnavorsing en bateklastoewysing by Momentum Investments. Goud as 'n bateklas het egter ook beperkinge en die geleentheidskoste om daarin te belê kan hoog wees omdat dit nie soos aandele dividende lewer of rente betaal soos in die geval van staatseffekte nie.

As aandele en eiendom byvoorbeeld goed vertoon, sal die goudprys nie daarmee saam klim nie - trouens, sy waarde kan selfs afneem.

"Juis daarom moet 'n mens klem daarop lê dat goud 'n deel moet wees van 'n gediversifiseerde portefeulje. Dit is 'n goeie beskermer teen risiko, maar dit is ook nie goed om net goud te hê nie," sê Van Papendorp.

Gouws sê in 'n omgewing waar baie maatskappye nou hul dividende opskort en waar die rente op effekte uiters gering is, is die geleentheidskoste (van goud) skielik nie meer so groot om dividende of rente-inkomste te verbeur nie.

Nog 'n rede waarom mense tans in goud belê, is vanweë die verskeie maatreëls wat sentrale banke wêreldwyd instel om hul lande se ekonomieë aan die gang te hou terwyl daar 'n staat van inperking heers. "As 'n mens gaan kyk na wat die stimulusmaatreëls se uitwerking is op die balansstate van sentrale banke en regerings, dan is die vraag hoe volhoubaar hierdie finansiële bestel is met al die geld wat gedruk word en nie weer terugvloei na die ekonomie of behoorlik gerugsteun word nie. Goud is dan 'n goeie manier om waarde te stoor," sê Gouws.

Die vraag is wat die goudprys inhou vir die toekoms, veral in 'n omgewing waar goudproduksie - nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in ander wêreldlande - gestaak is te midde van die pandemie. Tradisioneel sal die prys van 'n bateklas klim wanneer aanbod daal, maar dis nie so eenvoudig in die huidige klimaat nie, sê Van Papendorp.

"Daar is wel minder goud in omloop en wanneer die aanbod daal, sal dit gewoonlik pryse opdruk. Maar die vraagkant word ook nou (met die inperkings wêreldwyd) negatief beïnvloed. Mense wat in hul huise toegesluit is, sal byvoorbeeld nie nou uitgaan en goud by hul juweliers gaan koop nie."

**'Dis 'n goeie beskermer teen risiko.'**

Hoewel goud tans verhandel teen so wat $1 600 per ons, is dit nie 'n uitgemaakte saak dat die goudprys sal aanhou klim nie.

Van Papendorp verduidelik dat die dollar-goudprys die laaste paar dekades aangedryf is deur reële rentekoerse, soos inflasiegekoppelde Amerikaanse staatseffekte. Reële rentekoerse het sedert die ekonomiese wêreldkrisis skerp gedaal.

Volgens Van Papendorp het die lopie in die goudprys in November 2018 begin, toe die prys in die omgewing van $1 200 per ons was en reële rentekoerse net bokant 1%. "Reële rentekoerse is tans op -0,3% en goud verhandel tans rondom $1 600 per ons. Maar goud verdiskonteer eintlik maar die omgewing waarin reële rentekoerse negatief is en dit beteken nie daar is noodwendig opwaartse potensiaal nie," sê Van Papendorp.

Kortom: Beleggers behoort twee keer te dink voordat hulle skarrel om grootskaals in goud te belê, want op $1 600 per ons is die goudprys nie meer werklik goedkoop as 'n bateklas nie, benadruk hy. "Die goudprys is op sy huidige vlak reg gewaardeer."

# Nuwe bepalings vir kragopwekking stel teleur

**Antoinette Slabbert**

Rolspelers in die energiebedryf is teleurgesteld omdat die regering se nuutste bepalings oor die lisensiëring en registrasie van onafhanklike kragverskaffers net vir projekte van tot 1 MW geld.

'n Toegewing daarin wat wel verwelkom word, is dat beperkings op die opwekkingsvermoë van aanlegte wat nie aan die land se kragnetwerk gekoppel word nie, opgehef is. Aanlegte wat krag vir eie gebruik opwek, hoef ook nie meer op dieselfde perseel as die gebruiker te wees nie, sê Alexandra Felekis, energiekenner van die regsfirma Webber Wentzel.

Ingevolge wysigings aan Skedule 2 van die Wet op Elektrisiteitsregulering in 2017 was dit in sekere gevalle nie nodig om 'n lisensie vir kragopwekking by die nasionale energieregulateerder (Nersa) te kry nie. Van sommiges is slegs registrasie vereis.

Daar was egter heelwat onduidelikheid in die dokument en in sommige kringe is selfs geglo dat elke kragopwekker in die land by Nersa geregistreer moet word.

Pres. Cyril Ramaphosa het vroeër vanjaar aangedui dat beperkings op private kragopwekking verslap sal word en daar is verwag dat projekte tot 10 MW van lisensiëring vrygestel sou word.

Op 26 Maart is verdere wysigings aan die skedule oplaas in die *Staatskoerant* gepubliseer, maar dit het meestal net vorige onduidelikhede opgeklaar.

Dit sluit in dat 'n lisensie of registrasie by Nersa nie nodig is vir kragopwekking vir bystand of rugsteun nie, sê Ig du Plessis, direkteur van Sonfin. Dis onnodig vir huishoudelike stelsels wat aan die netwerk gekoppel is, soos sonkrag-installasies, van kleiner as 100 kW. Hulle moet wel by hul eie kragverspreider, byvoorbeeld die plaaslike munisipaliteit, registreer.

'n Belangrike wysiging is volgens Du Plessis dat die opwekkingsvermoë nie meer aan geïnstalleerde vermoë gemeet word nie, maar aan die maksimum uitset. 'n Stelsel met 'n maksimum uitset van 1 MW hoef nie 'n lisensie te kry nie, maar moet by Nersa registreer, sê Du Plessis.

# Wat van jou UA in dié moeilike dae?

Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

Kan ek my uittreeannuïteit (UA) laat uitbetaal? Dié vraag kry ek die afgelope week en dit het te doen met die finansiële gevolg wat die koronavirus vir ons gebring het. Mense verloor inkomste weens afdankings of kleinsake wat nie meer kan voortbestaan nie.

Laat ek net eers 'n bietjie perspektief bring in hierdie neerdrukkende dae met markdalings, afgraderings en "huisarres". Ons sit midde-in 'n tydelike probleem. Dit is nie die einde van die wêreld nie. Dit is nie die einde van Suid-Afrika nie. Dit is nie jou einde nie. Dit is net 'n terugslag.

Om nou jou aftreegeld (pensioenfonds of UA) te wil laat uitbetaal (as jy sou kon), gaan jy net 'n tydelike probleem permanent maak. En jy skep 'n veel groter finansiële probleem vir jouself en die land se ekonomie vorentoe. Hoekom?

Hier is drie redes. Die wêreldwye markinsinking het ook jou aftreegeld geraak. Die waarde in jou fonds is nou veel minder as wat dit was voor korona. As jy dit nou neem, mis jy die groei vorentoe.

Jy gaan belasting betaal op die onttrekking en wel teen 'n hoër koers (tot 36% op alles bo R990 000) as vir die kontantgedeelte by aftrede.

Net R25 000 is belastingvry en nie R500 000 soos by aftrede nie. Kom ons sê jou gemiddelde belasting vir die bedrag wat jy onttrek is 25% en jou markverlies op die belegging is 20%. Dit is altesame 40% van jou aftreegeld wat jy net in die water gooi.

Dit is ook 40% minder se spaargeld waarop jy in die volgende jare beleggingsgroei - belastingvrye beleggingsgroei! - sou kon kry.

Die derde punt? Jy krimp jou aftree-neseier. Daardie neseier moet voorsien in 'n tyd van jou lewe waarin jy nou al weet jy kan nie verdien nie.

Jy sou jou geld uit 'n pensioenfonds kon onttrek as jy afgelê word, maar dink tog mooi voordat jy dit doen.

Dit sal op lang termyn beter wees om die geld in 'n bewaringsfonds te hou sodat dit beskikbaar is vir aftrede. Wat tog die doel daarvan is, is dit nie? Dit was nooit bedoel as 'n instaangeldjie in 'n tyd van finansiële krisisse nie.

> Maar die geldnood druk, wat kán jy doen?

Jou UA sal nie kan uitbetaal nie. Wetgewing sal eers moet verander. Die premies was aftrekbaar vir belasting, so al word wetgewing geskep om dit uitbetaalbaar te maak, sal jy dan belasting moet betaal op die onttrekking, wat presies dieselfde gevolg gaan hê as wat ek hierbo verduidelik.

Maar die geldnood druk, wat kán jy doen?

Jy kan die betaling van jou premies minder maak, of heeltemal ophou daarmee tot dinge beter gaan. Ten minste help dit jou nou oorleef, terwyl dit wat jy reeds gespaar het kan bly groei vir daardie eendag, wat ons weet gaan kom. En dit kos jou niks.

Ongelukkig vir diegene wat in polistipe-UA's is - waarteen ek oor jare gereeld in hierdie rubriek waarsku - kan jy dieselfde doen, maar teen 'n bykomende verlies in die waarde van jou belegging. Die rede? Jy het koste en kommissie vooruit betaal, wat uit die poliswaarde gehaal sal word. En as jy dom genoeg is om dan weer met so 'n UA voort te gaan, sal jy weer vooruit kommissie en koste moet betaal.

Ons is in 'n tyd van nood. Dit verg koel koppe om nie toe te laat dat emosie ons geldbesluite dryf nie.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

# Veilige verblyf in haar hotelle

## Gesondheidswerkers hoef nie huis toe ná hul hospitaalwerk

**Niel (29) en Alex Bosman (57) van Alex Bosman Prokureurs in Pretoria het R100 000 aan die Solidariteitsfonds geskenk en vra nou ander mense in die regsberoep om hul voorbeeld te volg.** | FOTO: DEON RAATH

**Antoinette Slabbert**

Terwyl Kim Whitaker, Suid-Afrika se koronapasiënt nr. 42, in kwarantyn was, het sy 'n plan bedink om vir gesondheidswerkers huisvesting te gee wanneer die volle mag van die grootste mediese krisis in dekades die land tref.

Volgende week trek die eerste 25 gesondheidswerkers in Whitaker se Once in Cape Town-hotel in, 'n veilige blyplek waar hulle naby die werk kan oornag met die wete dat hulle nie hul gesinne kan besmet nadat hulle met koronapasiënte gewerk het nie.

Dit danksy die platform Ubuntu Beds, wat Whitaker bedink het. Die noodverblyf is gratis en Ubuntu Beds probeer finansiering kry vir basiese koste soos water, elektrisiteit, wasgoed en personeeluitgawes.

Whitaker het drie weke gelede van 'n handelskou in Duitsland teruggekeer en op mediese advies haarself afgesonder en laat toets vir Covid-19.

Hoewel sy 'n hoesie gehad het, was dit 'n groot skok toe sy twee dae later uitvind sy het die siekte onder lede. "My huis het oornag as't ware 'n hospitaal geword," sê sy. "Die afsondering het my tyd gegee om te dink oor die groter implikasies van die virus."

Tydens 'n Zoom-oproep met die Entrepreneurs' Organization (EO) het sy aan 'n kollega in Lombardye, Italië, gevra wat hy anders sou doen as hy die horlosie twee weke kon terugdraai.

Hy het gesê Italië is in 'n mediese krisis wat die ekonomiese geheel en al oorskadu. "Ons moes leë hotelle benut het om mediese werkers veilig naby hul werkplekke te huisves," het hy gesê.

In Italië moes dié kosbare werkers ná lang werksdae huis toe reis, te midde van beperkings op openbare vervoer, en boonop die risiko loop om hul eie familie bloot te stel aan die siekte. Die uiteinde van die saak was dat baie van hulle in motors of iewers in 'n hoekie probeer slaap het. Dit het uitbranding meegebring, tot nadeel van die hele gemeenskap.

Whitaker het hospitale gebel en verblyf in haar twee hotelle - sy besit ook die Once in Johannesburg-hotel - met 50 kamers elk, vir hul personeel aangebied.

Danksy die gratis hulp van ander EO-entrepreneurs soos Nicework.co.za wat die webwerf uitgebou het, het Whitaker die Ubuntu Beds-platform ontwikkel waar ander in die gasvryheidsbedryf ook verblyf kan aanbied. Sover het 110 ondernemings hulp aangebied.

"Ons hoop om teen die einde van die week die riglyne van die departement van gesondheid te hê oor die reiniging en bestuur van die fasiliteit."

Vir eers is dit selfsorg vir die "gaste", maar sy droom van welkompakkies vir elkeen en 'n warm maaltyd elke dag.

Dit gaan hoegenaamd nie om die inkomste nie, sê Whitaker. "Ons is almal saam in hierdie ding. Ons doen dit alles in die gees van ubuntu."

Gesondheidsorgwerkers en verblyfverskaffers kan betrokke raak by www.ubuntubeds.org.

Intussen stroom die geld en aanbiedinge van hulp uit die private sektor in na die regering se Solidariteitsfonds.

**Kim Whitaker was Covid-19-pasiënt nommer 42. Sy het haar tyd in afsondering gebruik om Ubuntu Beds te stig.**

Dié fonds staan ná net twee weke op R1,7 miljard.

R100 000 daarvan kom van Alex Bosman Prokureurs in Pretoria, berig **Hendrik Hancke**. "Soos die meeste ander bedrywe gaan ons 'n *knock* vat, dis onvermydelik, maar hierdie is 'n tyd vir omgee," sê Alex Bosman.

Hy sê die krisis is almal se probleem, ryk en arm. "Ons almal moet iets doen terwyl ons nog kan. Ons moet mekaar hoop gee terwyl daar nog hoop is om te gee."

> Ons is almal saam in hierdie ding. Ons doen dit alles in die gees van ubuntu.

Sy skenking gaan ook nie net oor die eindpunt-bestemming van sy geld nie.

"Ek wil dit nie 'n kompetisie maak nie, so 'uitdaag' is seker die verkeerde woord. Daarom vra ek ander regsgeleerdes om ook só te maak. Kom ons as 'n beroep voeg ons geldelike ondersteuning by dié van mense soos Patrice Motsepe en die Oppenheimers."

AngloGold Ashanti het twee hospitale vir die regering beskikbaar gestel - een in Gauteng naby Carletonville met 300 beddens en een in Orkney in Noordwes met 270 beddens, berig **Liesl Peyper**.

Boonop het talle ondernemings wat 3D-drukkers het, waaronder Curro-skole, die Universiteit van Johannesburg en Ruah 3D, begin om beskermende toerusting vir gesondheidswerkers te maak.

"Teoreties sal ons uiteindelik 6 000 gesigsmaskers per dag kan druk," het Cornelius van der Steenhoven, stigter van Ruah 3D, aan *Rapport* gesê.

Talle Wes-Kaapse produsente het die afgelope week reeds varsprodukte gratis gelewer aan hulporganisasies wat gemeenskappe se voedselnood verlig.

Outsurance het R102 miljoen in die Solidariteitsfonds gestort, Santam R20 miljoen en Naspers R500 miljoen. Naspers het ook R1 miljard gegee om toerusting en mediese voorrade in China aan te koop in vennootskap met die Chinese regering en Tencent.

# Staat verloor só miljarde aan taks

**Riana de Lange**

Meer as R100 miljard se inkomste wat die staat toekom, is verlore weens belastingbetalers wat wetend of onwetend hul belastingpligversuim, dié wat aggressief belasting ontduik én dié wat deur en deur skelm is en die belastinggaarder bedrieg, sê Edward Kieswetter, kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID).

Die belastinggaarder het egter deur sy inkomste-herwinningsprogram in die afgelope boekjaar tot einde Maart 'n bykomende R75 miljard vir die staatskas ingesamel, het Kieswetter Woensdag met die bekendmaking van die voorlopige belastinginkomstesyfers gesê.

Die netto belastinginkomste was R1 356 miljard en sluit terugbetalings van R292 miljard in.

Die inkomste is R68,2 miljard (of 5,3%) meer as in die 2018-'19-boekjaar en volg te midde van nominale BBP-groei van net 4,8%, het Kieswetter gesê. Tog is die totale belastinginkomste steeds R66 miljard (of 4,7%) minder as die R1 422 miljard wat in die 2019-begroting gestel is en 0,2% minder as die aangepaste syfer van R1 359 miljard in die begroting in Februarie vanjaar.

Al die syfers is voorlopig en onderworpe aan finansiële rekonsiliasie en 'n finale oudit.

Kieswetter het gesê belastinginvordering was die laaste paar jaar swakker as verwag, grootliks weens swak ekonomiese groei. Die afgelope boekjaar was geen uitsondering nie en in alle belastingkategorieë is minder ingesamel as wat aanvanklik geraam is.

Altesame R528,9 miljard se persoonlike inkomstebelasting is ingesamel. Dit is wel 7,1% hoër as die vorige jaar, maar 4,7% laer as die vooruitsig in die 2019-begroting.

Persoonlike inkomstebelasting maak 39% van die staat se belastinginkomste uit. In 2018-'19 het dit 38,4% van die totaal uitgemaak.

BTW (25,6% van die totale inkomste) was 6,7% hoër as die vorige boekjaar, maar 3,0% laer as wat in Februarie 2019 geraam is.

**2,4 mjd. in eerste vier inperkingsdae betaal.**

Maatskappybelasting van R214,7 miljard is ingevorder. Dit is 'n klein styging van 0,1% op 'n jaargrondslag. Dit maak 15,8% van die totale inkomste uit.

Belasting deur maatskappye in die landbousektor was 13,4% laer op 'n jaargrondslag, die petroleumbedryf 13,9% laer en die konstruksiebedryf 7,3% laer.

Belastinginkomste van maatskappye in die myn-, verblyf- en spysenierings-, en mediese en gesondheidsbedryf was onderskeidelik 10,9%, 9,1% en 5% hoër as 'n jaar gelede, sê die SAID.

### Só vaar belastinginvordering in 2019-'20




Mynmaatskappye se verdienste het 'n hupstoot gekry vanweë sterk vraag na ystererts en die platinumgroepmetale.

Volgens die SAID het onbetroubare kragvoorsiening, stagnante kommoditeitsprys en die Covid-19-pandemie maatskappye se winsgewendheid geraak.

Kieswetter waarsku as 'n oop ekonomie is Suid-Afrika baie gevoelig vir probleme in die wêreldekonomie. Dit saam met die Covid-19-krisis en Moody's wat verlede week Suid-Afrika se soewereine skuld tot rommelstatus afgegradeer het, kan tot 'n daling in belastinginkomste lei, sê hy.

Kieswetter sê om ondernemings met kontant te help in die Covid-19-krisis, het die SAID in die eerste vier dae van die nasionale inperking R2,4 miljard se terugbetalings gedoen - R1,1 miljard was aan groot ondernemings en R1,3 miljard aan kleiner ondernemings.

# Virus laat motorverkope in Maart met 29% daal

**Dirk Jordaan**

Die motorbedryf voel reeds die uitwerking van Covid-19 en net dié vraag bly oor: Hoe steil en hoe lank gaan die afdraande wees?

Volgens die Nasionale Vereniging van Motorvervaardigers (Naamsa) het die verkope van nuwe voertuie in Suid-Afrika verlede maand - die laaste maand van die eerste kwartaal - met 29,7% afgeneem.

33 545 voertuie is verkoop teenoor 47 695 in dieselfde tydperk verlede jaar.

Aanvanklike ramings het daarop gedui dat voertuigverkope vanjaar waarskynlik sou gly. 'n Bestendige Februarie, toe verkope bykans gelyk getrek het met verlede jaar se tweede maand, het die hoop laat opflikker.

"Dit wou voorkom of die mark 'n mate van stabiliteit sou behaal, gemeet aan Februarie se vertoning, maar toe word dit deur Covid-19 ongedaan gemaak," sê Lebogang Gaoaketse, hoof van bemarking en kommunikasie van WesBank.

"Die ware impak sal in April gevoel word omdat die staat van inperking tot minstens 16 April gaan duur en baie handelaars se deure gesluit gaan bly."

Leon Theron, hoof van bemarking en verkope van Toyota Suid-Afrika, sê eintlik het net vier verkoopsdae in die vorige maand verlore gegaan.

"Die motorbedryf is baie erger beïnvloed deur die algehele negatiewe ekonomiese sentiment wat wêreldwyd heers weens die chaos wat Covid-19 saai."

En al word die staat van inperking nie verleng nie, lê die Paasnaweek en talle vakansiedae nog voor.

Wêreldwyd kan dit 'n bitter jaar vir die bedryf wees.

Die Chinese motormark, die grootste ter wêreld, het byvoorbeeld in Februarie al met sowat 80% gekrimp, sê Gaoaketse.

**'n Werknemer van 'n Volkswagen-fabriek verlaat onlangs die gebou nadat dit weens Covid-19 gesluit is.** | FOTO: AP

In Amerika het General Motors se plaaslike verkope vir die eerste kwartaal reeds met 7% afgeneem en Fiat Chrysler s'n met 10,4%, berig *Financial Times*.

Teen einde Maart was Tesla die enigste motorvervaardiger in dié land waarvan die aandeelprys nog nie in die rooi was nie.

Eintlik was inperkingsmaatreëls daar tot dusver bra slap. Boonop is motorhandelaars in talle deelstate as "noodsaaklik" geklassifiseer, wat beteken hulle kan steeds sake doen.

Tog het kopers die afgelope week of wat begin wegbly uit vrees vir die virus en omdat daar minder geld in omloop is.

As Maart se verkope deurgetrek word na die res van die jaar toe, kan verkope van tussen 10 miljoen en 12 miljoen voertuie vir 2020 verwag word, het Michelle Krebs, 'n bedryfsanalis, aan *Financial Times* gesê.

Altesame 17 miljoen voertuie is verlede jaar in Amerika verkoop.

Krebs meen 'n verkoopsyfer van "ver onder" 16 miljoen is realisties vir die jaar indien die virus onder beheer gekry word.

# Jou geld

Belê slim

# Uitstel, maar betaal sál jy

'n Grasietyd vir die terugbetaling van skuld help dalk nou, maar jy sal straks veel langer moet betaal, skryf **Riana de Lange** en **Liesl Peyper.**

As jy met vakansie gaan, beteken dit noodwendig jy moet weer eendag huis toe kom en terugkeer na die werklikheid.

So is dit ook met 'n grasietydperk vir skulderugbetalings - oftewel 'n betaalvakansie. Die geld wat jy skuld, sal terugbetaal moet word - en heel moontlik teen ekstra koste.

Die uitbreking van die Covid-19-pandemie en die inperking plaas ongekende druk op huishoudings se geldsake en in baie gevalle het dit vir mense moeilik of selfs onmoontlik geword om die paaiemente op hul huisverband, lenings of kredietkaart ten volle te betaal.

Talle Suid-Afrikaanse banke en ander finansiële instellings het hul kliënte tegemoet gekom - óf met verminderde terugbetalings óf met 'n grasietydperk wat mense toelaat om paaiemente oor te slaan indien hulle vooraf met die bank of uitlener daaroor ooreengekom het.

**Wat banke doen**

Kliënte met 'n goeie kredietgeskiedenis by hul bank en wat op datum is met hul betalings, maar nou swaar trek weens die impak van Covid-19 op hul bedrywighede en finansies, sal eerste deur hul bank gehelp word.

Besonderhede van hulp aan diegene wat reeds voor Covid-19 finansieel gesukkel het, is meer kompleks en heelwat werk moet nog hier gedoen word, blyk uit inligting van handelsbanke oor maatreëls om verbruikers en sakeondernemings te help wat in die moeilikheid beland omdat hul kontantvloei geraak is, hul sakebedrywighede tot stilstand gekom het of hul werk verloor het.

Die meeste banke het reeds maatreëls aangekondig om hul kliënte by te staan.

Banke is dit eens kliënte wat in finansiële moeilikheid is, moet hulle so gou moontlik kontak sodat 'n werkbare oplossing tot voordeel van albei partye gevind kan word.

Kontak jou bank om te hoor watter oplossings tot jou beskikking is.

Opsies is:

- Betaalvakansies op lenings of kleiner maandelikse paaiemente;
- Betaalvakansies vir klein en middelslagondernemings met 'n omset van minder as R20 miljoen (Standard Bank);
- Verligting vir heeltydse studente met studentelenings;
- Die herstrukturering en konsolidasie van skuld;
- Bykomende krediet;
- Tydelike opskorting van Saswitch-gelde (wanneer jy 'n kitsbank van 'n ander bank gebruik);
- Pasgemaakte oorbruggingsfinansiering waar nodig;
- Waar moontlik hulp met die verwerking van kredietversekeringseise;
- Kort- en langtermynbetalingsplanne;
- Omvattende skuldhersiening;
- Herfinansiering vir eiendom; en
- Gepaste individuele oplossing op enige leningsooreenkoms met die bank vir kontantvloeiprobleme wat uit Covid-19 spruit.

Jacques Celliers, uitvoerende hoof van FNB, sê as 'n eerste fase sal FNB-kliënte gehelp word wat voor Covid-19 finansieel stabiel was.

FNB wil verseker dié kliënte kan oor twee of drie maande normaal met hul bedrywighede voortgaan eerder as dat Covid-19 hulle in die knyp laat beland.

Verligting aan dié groep individue en sakeondernemings geld van 1 April tot 30 Junie.

Sowat 50% van FNB se kliënte het 'n kredietverhouding met die bank en sowat 80% van hulle het 'n goeie kredietprofiel, sê Celliers.

Van die verslappingsmaatreëls wat die Reserwebank aangekondig het, maak dit vir handelsbanke moontlik om hul eie kapitaal te gebruik om die kliënte te help.

Daar is ook riglyne gegee oor hoe banke ingevolge die internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde (Ifris) kliënte kan help sonder om die bank se inkomstestaat te benadeel, sê hy.

"Nou het ons die vermoë en kan ons besluit waar om te help.

"Waar kliënte terugbetalings vir drie maande uitstel, sal FNB dit finansier en dit oor drie of vier jaar laat terugwerk."

Celliers sê dis 'n duur belegging en groot deel van die bank se kapitaal sal daaraan bestee word, maar dit is beter om hierin te belê as dat daardie kliënte ná dié krisis nie weer hul deure kan open nie.

Wat kliënte betref wat voor die Covid-19-uitbreking gesukkel het, lê baie werk nog voor en hier sal hulp van die regering en skenkers nodig wees, sê Celliers.

Om die aansoekproses so maklik en vlot moontlik te laat verloop, is daar 'n spesiale Covid-19-ikoon op die FNB-app. Kliënte kan ook die bank via ander kanale kontak.

Kliënte hoef nie elke afdeling van die bank te kontak waar hulle 'n lening het nie. Celliers sê daar is nie tyd vir hope papierwerk en dae lange frustrasie nie.

Die volumes is groot en sal waarskynlik in die volgende paar weke aansienlik toeneem en FNB wil nie sloer met 'n uitgerekte proses voordat mense gehelp word nie.

Standard Bank sê daar kan in enige sake- of persoonlike finansiele siklus uitdagings wees wat beteken ondernemings of individue sukkel om hul finansiële verpligtinge na te kom, en dat die uitdagings vererger kan word deur 'n ekonomiese afswaai of krisis.

Hoe gouer dié wat in die moeilikheid is, hul bank kontak, hoe beter vir albei.

"Dit is nie in Standard Bank se belang dat enige onderneming ondergaan of enigeen sy huis verloor nie. Dit is in albei partye se belang om 'n werkbare oplossing te vind."

Geoff Lee, uitvoerende bestuurder van huislenings, kleinhandel- en besigheidsbanksake van Absa in Suid-Afrika, sê alle gevalle van kliënte wat sukkel word individueel oorweeg en hang van die spesifieke kliënte se besonderhede af.

"Dit sluit in kliënte wat op datum is met hul betalings en wat nou finansiële druk ervaar weens Covid-19."

## Bytplekke

Rita Cool, finansiële adviseur van Alexander Forbes, sê mense wat dit kan bekostig om hul maandelikse paaiemente te betaal moet voortgaan om dit te doen.

"In baie gevalle word rente steeds gehef op die lening gedurende die grasietydperk en dit verleng bloot die tydperk waarin jy jou skuld sal moet delg," sê sy.

"Onthou, daar is nie iets soos 'n gratis middagete nie, net 'n middagete waarvoor jy met jou kredietkaart betaal het wat jy later moet terugbetaal."

Benay Sager, bedryfshoof van die skuldberader DebtBusters, het aan *Rapport* gesê 'n betaalvakansie of grasietyd wat paaiemente betref, gaan gewoonlik gepaard met bepalings en voorwaardes.

"Een daarvan is dat die rente sal oploop en dat jou balans oor drie maande hoër sal wees as die balans vandag as jy geen betalings doen nie."

Sager skets twee scenario's: waar iemand steeds sy volle paaiement betaal en waar iemand 'n betaalvakansie te neem.

**Scenario 1**

Persoon A is veronderstel om R1 857 per maand terug te betaal aan 'n R50 000-lening teen 'n rentekoers van 22% oor vier jaar wat sy ses maande gelede uitgeneem het.

Tot nou toe het sy die volle uitstaande bedrag wat van haar verwag word, betyds betaal. Dit is 'n delging van R11 142 (6 x R1 857) ten opsigte van die oorspronklike lening. Daar is dus nog R74 699 uitstaande.

Ná vier jaar sou sy R85 841 terugbetaal het – rente en maandelikse gelde ingesluit.

| Scenario 1 | Hou aan betaal |
|---|---|
| Totale uitstaande bedrag | R74 699 |
| Rentekoers | 22% per jaar |
| Skuld sover gedelg | R11 142 |
| Skuld gedelg in volgende 3 maande | R5 571 |
| Uitstaande bedrag oor 3 maande | R69 128 |
| Datum afbetaal | Junie 2023 |
| Totale terugbetalings | R85 841 |
| Ekstra koste | R0 |
| **Scenario 2** | **Stop vir 3 maande** |
| Totale uitstaande bedrag | R74 699 |
| Rentekoers | 22% per jaar |
| Skuld sover gedelg | R11 142 |
| Skuld gedelg in volgende 3 maande | R0 |
| Uitstaande bedrag oor 3 maande | R78 807 |
| Datum afbetaal | Desember 2023 |
| Totale terugbetalings | R89 949 |
| Ekstra koste | R4 408 |

Bron: DebtBusters THEUNS KRUGER, Grafika2

**Scenario 2**

Persoon B neem dieselfde lening teen dieselfde rentekoers uit, maar neem 'n betaalvakansie van drie maande. Hy sal uiteindelik 5% of R4 108 ekstra betaal benewens die R85 841. Betaalvakansies kos jou dus meer, soos die tabel illustreer.

Sager benadruk dat betaalvakansies 'n welkome opsie is vir iemand wat korttermyn-kontantvloeiprobleme ondervind.

"Dit is definitief iets wat oorweeg kan word, solank jy besef daar is 'n moontlikheid dat die rente sal ophoop vir die tydperk wat jy nie betaal nie."

Loopbane Rapport

Jou gids tot die arbeidsmark

**MOPANI SOUTH EAST TVET COLLEGE**

**"EXCELLENCE IS ALWAYS OUR CHOICE"**

Mopani South East Technical and Vocational Education and Training College has challenging permanent Lecturing vacancies for dynamic results driven, innovative and sound communicative individuals to join Phalaborwa Campus in Phalaborwa Town and Sir Val Duncan Campus in Namakgale Township.

**POST: Life Orientation x 1**
**REF: SVD1/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: English and Life Orientation x 1**
**REF: SVD2/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Mathematics x 1**
**REF: SVD3/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Boiler- Making x 1**
**REF: SVD4/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Engineering and Related Design x 3**
**REF: SVD5/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Civil Engineering & Mathematics Xi x 1**
**REF: SVD6/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Mathematics and Science (PLP) x 1**
**REF: SVD7/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Information & Technology x 1**
**REF: SVD8/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Electrical Engineering x 2**
**REF: SVD9/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Education Specialist for NATED, Specialising in Computer related Subjects x 1**
**REF: PHL9/03/2020**
**REF: PHL10/03/2020**
**SALARY NOTCH: R348 747- R863 655.**

**POST: Mathematics Literacy Lecturer x 2 permanent**
**REF: PHL11/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: English x 1**
**REF: SVD10/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Hospitality x 3**
**REF: PHL1/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Life Orientation x 1**
**REF: PHL2/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Tourism x 3**
**REF: PHL3/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Marketing Management x 1**
**REF: PHL4/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Computer Practice X 1**
**REF: PHL5/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Information Processing and Office Practice X 1**
**REF: PHL6/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: English/Communication X 1**
**REF: PHL7/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**POST: Financial Management x 2**
**REF: PHL8/03/2020**
**SALARY NOTCH: R211 731 – R467 925 per annum**

**SALARY NOTCH: R348 747 - R863 655 per annum**
**POST: Education Specialist for NATED, Specialising in Marketing Management x 1**

**For detailed advertisement, please visit www.mopanicollege.edu.za**

**REQUIRED DOCUMENTS:** Fully completed Z83 indicating the correct reference number, detailed CV, certified copies of qualifications, SACE and ID document. **NB:** Foreign applicants should attach certified copies of the following documents: **SAQA EVALUATION CERTIFICATE, SACE, QUOTA WORK PERMIT AND POLICE CLEARANCE.**

**SUBMIT APPLICATIONS TO:** The Principal, Mopani South East TVET College, Private Bag X01024, Phalaborwa, 1390, or hand delivers the applications to Cnr Combretum and Harlem Street, Phalaborwa, 1390. Should you not receive a correspondence from us within two months after closing date, consider your application as unsuccessful. Female applicants with relevant qualifications /requirements will be given preference. The College reserves the right to withdraw any advertised post at anytime as well as the right to verify the qualifications of the recommended candidates prior to issuing of the offer of employment. Applicants are discouraged from sending applications through registered mail as the College will not be responsible for the non-collection of the applications sent through registered mail.

**CLOSING DATE: 22 April 2020 AT 15:00**

**Enquiries: Mr Mhlongo FA on 015 781 5721/5.**

PUBLIC INVESTMENT CORPORATION

**With over R2 trillion of assets under management, the Public Investment Corporation SOC Limited ("PIC") is Africa's largest asset manager. The PIC runs a diversified investment portfolio, which comprise of multiple asset classes. These include listed equities, real estate, capital market, private equity and impact investing. Through listed investments, the PIC controls over 10% of the Johannesburg Stock Exchange (JSE) and has direct and indirect exposure to almost all sectors of the South African economy. The Corporation has a mandate to invest in the rest of the African continent and beyond. The organisation is actively seeking to appoint highly regarded and respected leaders of utmost integrity, to assume the positions of :**

**Chief Operations Officer**

**THE ROLE:**

Reporting to the Chief Executive Officer (CEO), the Chief Operations Officer (COO) has overall accountability, responsibility and authority to direct, administer and coordinate PIC's policies, goals and objectives established by the CEO and the Board of Directors. The COO will be responsible for compliance across the organisation and regulatory compliance in respect of investment operations. He/she will support the PIC's strategic direction at operational level through the effective management of operational activities.

**QUALIFYING REQUIREMENTS:**

- Relevant Bachelors degree with post graduate qualification and other related qualifications, i.e. MBA or MBL
- Between 10 - 15 years' relevant experience in the financial services and asset management industry, of which at least 5 years must have been within a senior management role.

**KEY COMPETENCIES AND CHARACTERISTICS:**

- High level competence and unquestionable ethical conduct
- Demonstrable track record in executive management and leadership roles
- Proven track record of performance and delivery in the broader investment management environment
- Demonstrable knowledge and understanding of governmental regulations, compliance requirements and policy considerations
- Excellent written and verbal communication skills, proven presentation and interpersonal skills as well as strong influencing and negotiation capabilities
- Strong ability to build relationships with multiple key stakeholders
- Ability to lead and manage multiple disciplines
- Analytical with strategic thinking and leadership skills
- Decisive and action-oriented with commercial prowess.

**Chief Investment Officer**

**THE ROLE:**

Reporting to the Chief Executive Officer (CEO), the Chief Investment Officer (CIO) has overall accountability, responsibility and authority to direct the prudent management of clients' portfolios and the selection of appropriate investment strategies in keeping with the PIC's stated investment philosophy and in accordance with the strategic plan and objectives adopted and approved by the Board. The CIO will be mandated to oversee the overall fund level investment strategy, monitor and review all investments in the organisation and develop the outlook, corresponding investments theses and asset allocation.

**QUALIFYING REQUIREMENTS:**

- Postgraduate qualification in Investment Management, preferably a CFA or CA (SA), as well as an MBA or PhD equivalent
- CFA designation and/or Certified Financial Planner designation
- A minimum of 10 years' experience in the investment management industry, of which at least 5 years were in an executive leadership role.

**KEY COMPETENCIES AND CHARACTERISTICS:**

- Unquestionable ethical conduct
- Inspirational leader with track record of success in executive management and leadership roles
- Proven track record of performance delivery in the broader investment management environment
- Demonstrable knowledge and understanding of governmental regulations, compliance requirements and policy considerations
- Excellent verbal and written communication and interpersonal skills
- Strong ability to build relationships with multiple disciplines
- Analytical with strategic thinking and leadership skills
- Decisive and action-oriented with commercial prowess.

**The COO and CIO will be based at the Public Investment Corporation's Head Office in Menlyn, Pretoria.**
**A competitive, market related remuneration package will be negotiated with the successful candidates.**
**The PIC is an equal opportunity employer, committed to employment equity.**

**COO ROLE: Confidential applications, giving full career history and contact details should be e-mailed to: PICCOO@spencerstuart.com, before Friday, 24th April 2020**

SpencerStuart
60 Offices in over 36 Countries

**CIO ROLE: Confidential applications, giving full career history and contact details should be e-mailed to: PICCIO@spencerstuart.com, before Friday, 24th April 2020**

# Sport

Jono nou drie jaar in 'n ry Engelse se têkkel-koning 18

Smith hark Polly nader om Proteas te help slyp 19

## Nr. 9-jakkals moet weer streke uithaal

Dok Pool

**Tromp-op**

Kroonwild is daardie spesie wat deur uitwissing in die gesig gestaar word en wat ons probeer red. En in die geval van rugby, die tradisionele skrumskakel.

Tradisioneel was die skrumskakel kort van postuur, vinnig van reaksie en saam met die losskakel 'n belangrike deel van die skakelkombinasie wat die span deurentyd vorentoe laat speel het.

Met die onkantlyn deur die bal, en voorspelers wat nie hoef te bind nie, moes die skrumskakel vinnig kon reageer om nie met die bal betrap te word nie. Hoe korter hy was, hoe nader was sy hande aan die grond en hoe makliker het hy in die posisie ingepas. Om te kon oorleef, moes hy vinnig dink, uitgee, skop en breek. In diere-terme was hy die jakkals van die rugby-wêreld!

Van Suid-Afrika se beste en bekendste skrumskakels het in hierdie kategorie ingepas. Dink aan spelers soos Pierre de Villiers, Fonnie du Toit, Hansie Oelofse, Tommy Gentles, Popeye Strydom, Dawie de Villiers, Dirk de Vos en Divan Serfontein om enkeles te noem.

Uitsonderinge van groter geboude skrumskakels was daar ook, waarvan Danie Craven seker die bekendste is. Hierdie groep het hulself beskerm teen die voorspelers wat knaend op hul rûe was deur die bal uit te duik - en só hul tokse as 'n wapen te gebruik!

Interessant is dat die groter skrumskakel gewoonlik in spanne gespeel het waar hul voorspelers oorheers het en hulle meer tyd gehad het. Dan was daar die uniekes, soos die briljante Gareth Edwards, wat nie in een van die groepe pas nie, maar steeds as een van die bestes van alle tye beskou word.

Skrumskakels moes wakker wees, en vinnig opsom wat die teenstanders - gewoonlik die flanke - doen. Hansie Oelofse vertel dat hy in sy pasoppens moes wees wanneer hy teen die kaalkop-Springbokflank Basie van Wyk gespeel het. Basie het reg bo-op sy kop 'n knop gehad.

Hansie sê as hy by die skrum nie daardie knop gesien het nie, het hy geweet Basie hou hom dop. Wanneer hy die knop gesien het, het hy geweet Basie kyk grond toe en dan kon hy breek!

Terloops, voor die gebruik van plaasvervangers toegelaat is, is skrumskakels dikwels vanweë hul kombinasie met spesifieke losskakels onthou. Daarom word daar gepraat van die era's van Pierre de Villiers/Craven en Bennie Osler, Fonnie du Toit en Hansie Brewis, Dawie de Villiers en Piet Visagie en Tommie du Plessis/Divan Serfontein en Naas Botha, om enkeles te noem.

Hoekom verwys ek dan nou na skrumskakels as kroonwild?

Die reëlveranderinge en professionalisering van rugby het die aard van tradisionele skrumskakelspel heeltemal verander en verwring.

Grootte speel nie meer 'n rol nie. Die feit dat die skrumskakel nie getackle mag word nie al staan hy by die skrum en losskrum met sy hande of voet op die bal, het die eens belangrike voorvereiste van vinnige, flinke handspoed nek omgedraai. Die bykans obsessiewe beplanning van wedstryde en opdragte van die kantlyn af het feitlik alle inisiatief van die skrumskakel af weggeneem. Deesdae is sy belangrikste vaardigheid blykbaar sy vermoë om akkuraat te kan skop!

Die jakkals is ingehok.

Die belangrike kombinasie van skrumskakel en losskakel, wat 'n kenmerk van goeie rugby was, is tot niet. Die skrumskakel het die speler geword om die voorafbepaalde instruksies uit te voer. Hy gee die bal uit na of 'n steelkantvleuel, voorspeler of binnesenter, of skop - met die losskakel as sy laaste opsie. Indien die losskakel die bal kry, moet hy gewoonlik net besluit of hy hoog skop, na 'n hoek skop of vir 'n voorspeler gee. O ja, af en toe kry die senters darem ook die bal.

Rugby en die toeskouers smag weer na die tyd toe die skrumskakel gekyk het wat voor hom aangaan en die opposisie-voorspelers besig gehou het sodat sy agterspelers gate in die verdediging kan slaan. Dis waarom Herschel Jantjies se dikwels onortodokse spel soos 'n vars bries deur die spel trek. Hy doen maar net dit wat skrumskakels voor hierdie moderne benadering as normaal beskou het!

Craven is by geleentheid gevra hoe hy dink spanne in die professionele era sou speel. Sy antwoord: "Hulle sal speel om nie te verloor nie. Dit wil sê, alles word georganiseer om die laagste risiko vir die span in te hou!" Dis presies wat deesdae gebeur.

Sokker het ook deur so 'n tydperk van verbeeldinglose spel gegaan, wat daarop gerig was om nie doele af te staan nie eerder as om doele aan te teken. Gelukkig het Nederlanders soos Johan Cruyff die spel met hul aanvallende benadering uit daardie put van verveligheid geruk. Rugby kort dit!

**Wat het geword van…**

**Albert Heenop gesels met Jaco van der Westhuyzen**

## Die T-hemp op Bul-foto: 'Dit móés gevier word'

Jaco van der Westhuyzen (middel) en sy Bulle-spanmaats vier hul Superrugbyoorwinning oor die Haaie in 2007. | FOTO: CHRISTIAAN KOTZE

Toe Jaco van der Westhuyzen op die Bulle se oorwinningsfoto ná die Super14-eindstryd van 2007 teen die Haaie 'n T-hemp gedra het met die woorde "Jesus is King", was dit nie in 'n vlietende oomblik van gelowigheid nie.

Vandag nog, sê Van der Westhuyzen die afgelope week aan *Rapport*, is sy geloof en sy gesin die twee dinge waaroor hy passievol is. En rugby, veral aanvallende hardlooprugby.

Deesdae is Jaco, wat môre sy 42ste verjaarsdag vier, ver verwyderd van rugby-heiligdomme soos Ellispark en Murrayfield.

Hy hardloop egter steeds rond, en wel in die Alpha Pharm-apteek wat hy en sy vrou, Cornelda, met wie hy van skooldae af gekys was, op Marble Hall bestuur.

"Cornelda het aptekerswese aan die Puk gestudeer en haar pa het die apteek op die dorp besit, so, nadat ek opgehou rugby speel het, was die logiese skuif om die apteek oor te neem," vertel Jaco.

"Ek het nog altyd daarvan gedroom om mense te kan help.

"Ons is natuurlik bedrywig op die oomblik, veral met die noodmaatreëls met betrekking tot die koronavirus. Daar was 'n toeloop van paniekbevange mense na apteke toe, so ons is in die voorste linie."

Jaco en Cornelda het 'n kroos van vier, Nicole (16), Ellené (13), Jaco (11) en Emma-Lee (9). Die drie jongstes is leerlinge aan die Laerskool Marble Hall, terwyl Nicole skoolgaan aan die Hoërskool Ben Viljoen in Groblersdal, wat ook Jaco se alma mater is.

"Dit was die beste tye van my lewe," onthou hy, "en die skool handhaaf steeds dieselfde waardes as destyds."

Jaco se eerste onthou-oomblikke van rugby is van sy skooldae in Witbank.

"My pa was 'n lid van die Witbank-rugbyklub, wat langs die Johann van Riebeeck-stadion geleë was. Dis basies waar ek grootgeword het.

"Wanneer Witbank of Suidoos-Transvaal daar gespeel het, het ek gereeld as *ball boy* diens gedoen - vir 'n ou R2-noot."

Jaco het Suidoos op die Cravenweke vir laer- en hoërskole verteenwoordig, en is ook vir SA Skole gekies.

"Die Haaie het my op grond daarvan genader," onthou hy. "Ek het regte begin studeer in Pietermaritzburg en my o.21-jare in KwaZulu-Natal deurgebring.

"Die studies het, met die rugby saam, te veel geraak, en ek het dit aan die einde van die tweede jaar gelos."

Sy rugby het nietemin van krag tot krag gegaan, en in 1997 was hy een van die sterre in die KwaZulu-Natal se o.21-span wat die nasionale kompetisie ingepalm het.

# Gebed, nie die mes



Jaco (heel links), Cornelda, Emma-Lee en Jaco van der Westhuyzen.

Ellené (links) en Nicole.

Daardie span het ook Geoff Appleford (Engeland, 2002) en voormalige Springbok-kaptein John Smit ingesluit.

"Ons was 'n sterk groep spelers, en dit was lekker om onder 'n afrigter soos Swys de Bruin te kon speel," sê Jaco.

"Hy was 'n uitsonderlike mensmens, en 'n groot voorstander van hardlooprugby. Dit was so in my kraal…"

Daarna is Jaco 'n kontrak aangebied deur die Pumas, waar hy deur die Springbok-legende Danie Gerber afgerig is.

"As 'n *coach* was Danie 'n tawe ou. Hy het geglo dat 'n mens fiks moes wees om te kan jol.

"Dit was hoe hy self gespeel het, dit was sy mantra; en hy het ook daarvan gehou om met die bal te hardloop."

Jaco het op 19 Augustus 2000 sy toetsbuiging vir Suid-Afrika gemaak as 'n plaasvervanger in die spogoorwinning van 46-40 oor Nieu-Seeland in Johannesburg.

"Dit was 'n groot eer om my debuut te kon maak in 'n span wat nog WB-legendes van 1995 soos Chester Williams en Mark Andrews ingesluit het," onthou hy.

"En, om die All Blacks te kon klop; ek sal dit nooit vergeet nie…"

Kort daarna het 'n ernstige kniebesering gedreig om Jaco se belowende loopbaan voortydig kort te knip.

"Ek het 'n kruisligament geskeur," onthou hy. "Die sonar het gewys die ligament was heeltemal af.

"Gedurende daardie tyd het ek geestelik 'n kwaai verdieping ervaar, ek het nader aan die Here beweeg, en ek het derhalwe teen 'n operasie besluit.

"Pleks daarvan het ek 'n besoek afgelê by die Nigeriese pastoor TB Joshua in Lagos, waar hy vir my voorbidding gedoen het.

" 'n Week later het die sonar aangedui dat die ligament 100% aangegroei het.

"Niemand kon dit verstaan nie…

"Tien jaar later, toe die Bulle in Perth gespeel het, is ek genooi om 'n praatjie by 'n kerk te lewer, en het ek as deel van my getuienis die storie vertel. Agter in die kerk het 'n vrou haar hand opgesteek; sy wou net beaam dat dit waar was.

"Dit was dr. Nata Grobbelaar, wat die sonar van my knie gedoen het, en intussen na Australië geëmigreer het…"

**'Ek het nog altyd daarvan gedroom om mense te kan help'**

In 2004 het die nuwe Bokbreier, Jake White, op Jaco besluit as sy eerstekeuse-losskakel vir die Drienasies-veldtog, wat Suid-Afrika vir slegs die tweede keer sedert 1998 kon wen.

"Jake was self nog jonk, maar was toe al 'n man wat ouens kon motiveer," onthou Jaco, wat meen dat White 'n groot impak kan hê by die Bulle as direkteur van rugby.

### Vyf jaar in Japan

Ná die Drienasies van 2004 het Jaco vyf jaar by die NEC Green Rockets in Japan deurgebring, maar omdat die seisoene nie oorvleuel het nie, kon hy steeds vir die Bulle en Suid-Afrika uitdraf.

Só het hy deel uitgemaak van die Bulle se sensasionele sege van 20-19, danksy Bryan Habana se wendrie in die doodsnikke, in die 2007-Super 14-eindstryd op Kingspark.

"Van al die herinneringe staan daardie oorwinning uit," sê Jaco, wat ná die eindfluitjie sy trui uitgetrek het om die "Jesus is King"-T-hemp te ontbloot.

"Die hele verloop van die seisoen het opgebou daarnatoe. Die Bulle het 'n wipplank-seisoen beleef, en ons moes van agter kom om die uitspeelrondes te haal.

"Ek het 'n tweede verdieping beleef op die pad wat ons as 'n span met die Here gestap het. Daardie oggend toe ek Bybelstudie gedoen het, het ek gevoel dat die Here vir my sê: 'Vandag gaan nie oor die Bulle of die Haaie nie…'

"Hy moes gevier word.

"Dis toe dat ek vir ons skakelbeampte gevra het om vir my 'n T-hemp en pen te koop. Die gedagte was uit en uit om aan die Here al die eer gee, en beslis nie net wat die Bulle aanbetref het nie…"

## Bulle nou ook op Manjezi se spoor

**Hendrik Cronjé**

Die Cheetahs het nog hoop om hul slotpaar Sintu Manjezi en Walt Steenkamp te behou, maar Jasper Wiese is verlore.

Die Bulle toon belangstelling in die 24-jarige Manjezi, sowel as die 24-jarige Steenkamp met Jake White wat nou aan die stuur is en verstellings aan sy spelerskorps maak.

Manjezi was vroeër in die Westelike Provinsie se visier, maar die Kapenaars het verlede Vrydag op 'n raadsvergadering besluit om alle kontraktering met die oog op 2021, dié van nuwe aanwinste en verlengings, dadelik tot verdere kennisgewing weens onder meer die koronavirus op te skort.

Dit het die hoop laat opvlam dat die Vrystaat Manjezi sou kon behou, maar nou is die Bulle skielik ook 'n rolspeler om vir die Vrystaatse slot te bie.

Manjezi is 'n speler met 'n nasionale kontrak van SA Rugby wat die Bulle se belangstelling in hom verhoog.



Jasper Wiese

Steenkamp is een van die name wat, soos Manjezi, Jason Jenkins, Gerbrand Grobler en Reniel Hugo, by die Bulle genoem word om hul diepte op slot te verbeter, maar daar is ook belangstelling uit die buiteland.

Die 24-jarige Wiese sal nie sy kontrak by die Cheetahs verleng nie. Hy is glo, soos sy spanmaat die haker Joseph Dweba, op pad na Europa.

Dis onseker waar Wiese sy loopbaan sal voortsit, maar Dweba gaan hom later by die Franse klubspan Bordeaux aansluit.

Hawies Fourie het wel daarin geslaag om te verseker dat Junior Pokomela, Ruben de Haas, Marnus van der Merwe, Aidon Davids en Charles Marais deel van die sowat 35 spelers is wat senior professionele kontrakte met die Cheetahs sluit.

Die Cheetahs mag ingevolge SA Rugby se beperking slegs 45 spelers per jaar as 'n franchise kontrakteer. Al manier hoe die Vrystaters binne hul eie begroting kan bly en steeds spelers van gehalte behou, is om minder spelers te kontrakteer.

Dit lyk tans of die Cheetahs net 35 spelers sal kontrakteer, waaronder Carl Wegner, Andisa Ntsila en Frans Steyn ook kan tel as onderhandelinge met hulle suksesvol verloop.

Pokomela, Van der Merwe, Davids en Marais het hul kontrakte tot 31 Oktober 2022 verleng.

Jannie Louw

# Vernuwe eerder as om te bly kla, sê unie-baas

"Almal is bekommerd, maar ek sê as ons negatief gaan raak, dan begrawe ons die bedryf."

Dit is die pleidooi van Jannie Louw, president van Griekwas Rugby-unie die afgelope week aan sy mederugbyunies, terwyl groot onsekerheid heers oor hoe kwaai die impak van Covid-19-pandemie op rugbyunies se voortbestaan gaan wees.

Daar is kommer by veral die kleiner unies oor wat die toekoms inhou, veral omdat hulle tans net oorleef op die toelaag wat hulle van SA Rugby ontvang.

*Rapport* het die afgelope week met verskeie unies gepraat wat sê dat enige vermindering in die toelaag wat SA Rugby aan hulle betaal "die einde kan beteken" en dat die huidige krisis met die Covid-19-pandemie die deure van verskeie unies permanent kan toemaak.

Die meeste unies kontrakteer spelers net vir 'n sekere gedeelte van die jaar, maar met geen rugby in die vooruitsig nie, kan dit die doodsklok beteken.

"Alles is so onseker," het een uitvoerende beampte aan *Rapport* gesê. " 'n Mens kan nie eintlik enige beplanning doen totdat ons weet hoe lank die inperking gaan wees nie. Indien ons die geld wat ons van SA Rugby kry, gaan verbeur, dan is dit verby met ons."

Maar Louw glo wel daar is 'n lig aan die einde van die tonnel, en glo unies moet vir geleenthede soek eerder as om in sak en as te sit.

"Dit gaan nie maklik wees nie. Die voordeel by die nadeel is dat dit 'n bedryf se probleem is. Dit is nie net Griekwas of Suid-Afrikaanse rugby nie. Dis die hele wêreld. En as die hele bedryf probleme kry, dan is dit 'n gelykmaker," sê Louw.

"Jy kan 'n klomp besigheidsituasies in die wêreld ontleed, en in sô 'n situasie maak dit baie meer gelyk as ongelyk.

" 'n Mens hou nie daarvan nie. By Griekwas was ons nou net sal kry nie."

Etzebeth lag oor 'n berig dat hy glo kwaad was vir Toulon omdat hulle hom nie wou laat huis toe gaan nie, en sê dis bog.

"So 'n week voor Suid-Afrika se inperking het die klub 'n vergadering met die senior spelers gehad. Ek het gevra of dit moontlik was vir my om huis toe te gaan. Hulle het nee gesê omdat hulle gedink het die inperking gaan nie lank wees nie.

"Intussen het SA Rugby ook versoek dat ons kan terugkeer, en dinge het 'n bietjie ernstiger begin lyk.

"Toe ons hoor Suid-Afrika gaan 'n staat van inperking betree, het hulle ingestem."

# Eben: 'Dis familietyd wat jy nie baie kry'

**Brenden Nel**

Die Springbok-slot Eben Etzebeth was amper in Frankryk gestrand, maar danksy die goedhartigheid van sy Franse klub, Toulon, kan hy die staat van inperking saam met sy ouers deurbring.

Etzebeth het aan *Rapport* gesê hy het gedink hy sou dit nie kon terugmaak na Suid-Afrika nie, veral nadat Toulon eers wou hê spelers moet naby bly omdat die Franse liga skynbaar nie te lank uitgestel sou word nie. Dit terwyl hy net by sy ouers, Harry en Karen, wou uitkom toe die koronavirus-situasie ernstig begin raak het.

"Dis vir my belangrik om by my familie te wees. Ek sien om na my familie, my ouers en my broer. My pa se gesondheid is ook nie die beste nie - hy is so drie jaar gelede met kanker gediagnoseer en het oorleef, maar as die wêreld so 'n malhuis word met so 'n siekte, weet jy nie wat gaan gebeur nie," sê Etzebeth.

"Ek kan net dankbaar wees Toulon het my toegelaat om huis toe te kom. As ek terug is, kan ek hopelik vir hulle op die veld dankie sê."

Etzebeth het die Dinsdag voor die inperking in Suid-Afrika geland. Sy broer, Ryan, en dié se vrou, Letitia, asook Etzebeth se meisie, Ashley Rothman, bly almal ook gedurende dié tyd by sy huis in Kaapstad.

"Ek het gedink ek sou in Frankryk gestrand wees, so dit is kosbaar om by my ouers te wees. Ek het 'n klein huis agter by my waar hulle bly. Dit is familietyd wat 'n mens nooit weer



Eben Etzebeth maai Ben Donnell van London Irish af. | FOTO: GETTY

# Vegetariër Virat: 'Ek moes vleis vroeër los'

'n Unieke mediese toestand het die Indiese krieketkaptein, Virat Kohli, genoop om 'n vegetariër te word. En hy sê dit was die beste besluit van sy lewe.

"In 2018 het ek 'n probleem met my ruggraat opgedoen in 'n toets teen Suid-Afrika in Centurion. Een van die skywe in my ruggraat het uitgestaan en 'n senuwee vasgedruk, wat tot in my regterhand se pinkie gegaan het," het Kohli volgens ESPNCricinfo in 'n Instagram-onderhoud met die voormalige Engelse krieketkaptein Kevin Pietersen gesê.

"Ek het toetse laat doen en daar was te veel uriensuur in my maag. Selfs al het ek kalsium, magnesium, elke soort tablet gedrink, was dit nie genoeg vir my liggaam om behoorlik te funksioneer nie.

"My maag het begin om kalsium uit my bene te absorbeer en my bene het swakker geword. Dit is waarom ek die probleem opgedoen het.

"Dis waarom ek opgehou het om vleis te eet, om die uriensuur in my liggaam te verminder."

Hy herstel nou selfs gouer tussen wedstryde.

"Dit is ongelooflik. Dis die beste besluit van my lewe. Ek het nog nooit beter gevoel as ek wakker word nie.

"Dis soveel beter as om vleis te eet. Ek wonder waarom ek nie vroeër 'n vegetariër geword het nie. Dit het alles verander. Jy begin beter voel, beter dink, jou liggaam voel ligter, jy is meer positief en jy het meer energie. Dit maak 'n ongelooflike verskil."

# Ruan Bruwer gesel



AJ Venter langs die kantlyn tydens 'n Bok-wedstryd teen Ierland A in 2000.

# Gestrand in Japan, maar dit gaan goed, sê Bok-trio

**Brenden Nel**

Drie van Suid-Afrika se Wêreldbeker-wenners moes nou die knie voor die koronavirus buig en hul planne laat vaar om terug te keer Suid-Afrika toe.

RG Snyman, Damian de Allende en Malcolm Marx se laaste desperate plan om uit Japan uit huis toe te vlieg, het Maandag erg skeef geloop.

Hulle het dit wel reggekry om 'n vlugbespreking te maak, maar dit is die verste wat hulle met hul reisplanne gevorder het.

Dit is nou die drie Bokke se lot om vir die volle tydperk van die staat van inperking in Suid-Afrika in Japan te bly.

Die Bokke se bespreekte vlug op Ethiopian Airlines was Maandag nog bestem om na Johannesburg te vertrek, maar dit is toe deur die plaaslike owerhede gestop toe die lughawe vir internasionale vlugte toegemaak is.

Vir Marx-hulle was dit neusie verby om by hulle gesinne en familie in Suid-Afrika uit te kom.

Snyman het uit Japan aan *Rapport* vertel hulle soek nog steeds na maniere om by die huis uit te kom, maar dit lyk nie asof dit gaan gebeur nie.

"Dit is die probleem waarmee ons nou sit. Ons het 'n vlug geboek toe hulle die inperking aangekondig het, sodat ons betyds by die huis sou kon wees as die inperking-dinge begin. Toe het hulle daai vlug gekanselleer.

"Ons het een vir die volgende dag ook geboek en dit is toe ook gekanselleer. Ons aanvanklike bespreekte vlug terug huis toe in Mei is nou ook gekanselleer.

"En nou wil niemand meer terugvlieg Suid-Afrika toe voordat die inperking nie verby is nie.

"Ons moet nou maar wag tot dit verby is en sien wanneer ons wel kan vlieg. Ons hou maar aan kyk. Tier (Schoeman) en Matthys (Basson) is ook nog hier en probeer ook om huis toe te gaan. Dit is maar moeilik omdat daar nie vlugte is nie."

Een van die groot probleme vir die spelers is hul tuistes in Japan.

Snyman se klub, Honda Heat, is nie naby Tokio nie, en dit maak reis nog moeiliker. Hulle word darem op die hoogte van sake gehou deur die departement van buitelandse sake se WhatsApp-groep vir Suid-Afrikaners wat in die buiteland gestrand is.

"Dit is die ander probleem vir ons. Ons is so drie en 'n half uur buite Tokio, so dit is nie vir ons so eenvoudig nie. Ons moet met 'n trein in Tokio uitkom. Dit is nie 'n vinnige proses nie.

"Ons kyk nog, maar daar is nie vlugte nie. Ons is ook 'n bietjie onseker wat gaan gebeur as ons sou huis toe kon gaan, want ons weet nie hoe die kwarantyn tuis sal werk nie."

Snyman kuier tans by sy ou spanmaat Jason Jenkins.

"Dis nie te sleg om hier te wees nie. Ons het nie 'n inperking nie, en die klub kyk steeds mooi na ons en maak seker ons is gesond.

"Die ander ding is, omdat ons in die platteland bly, is daar nie so baie mense nie en almal is nie so op mekaar nie.

"Ons kuier nou die naweek by Jason-hulle in die dorp langsaan, so die inperking is vir ons nie so erg nie."

RG Snyman en sy vrou, Saskia, in Japan. | FOTO: VERSKAF

> Ons is ook onseker oor wat sal gebeur as ons sou huis toe kon gaan.

# Rateltaai voorspeler maak hart oop oor sy donker tyd

'n Gebroke hart en twee sakemislukkings het 'n granietblok van Springbok-rugby laat verkrummel.

AJ Venter was in sy tyd 'n gladiator van die rugbyveld. Met sy atletiese spierkrag en 'n aptyt vir fisiekheid het hy sy opponente gelem. Hy was 'n meneer.

Nou, vir die eerste keer, vertel hierdie rugby-gladiator van hoe sy wêreld "vergaan" het en 'n senu-ineenstorting hom geknak het.

Vir etlike jare was dit sy geheim. Hy het nie daaroor gepraat hy. Hy was skaam en selfbewus.

Nou gesels Venter openlik oor die dag 'n paar jaar gelede toe hy 'n senu-ineenstorting gehad het, sy stryd daarna en hoe hy dit te bowe gekom het.

Die 46-jarige oud-Bok, wat tussen 2000 en 2006 in 25 toetse gespeel het en in 'n lang loopbaan ook vir die Blitsbokke, Vrystaat, Haaie, Leeus en Westelike Provinsie as losvoorspeler en slot uitgedraf het, het in 2008 sy toksegweggepak.

"Ek het ná my speeldae in die bankwese en finansiële sektor gewerk en my eie vervoermaatskappy en 'n huuragentskap begin. Dit het alles misluk en ek het baie geld verloor.

"Dit was nie weens roekeloosheid nie, bloot omstandighede. Ek het waarskynlik nie genoeg kennis gehad nie.

"Ek is twee keer geskei en dit was iets wat my gepla het. Ek het met vrae geworstel, soos of ek ooit gaan trou en 'n gesin gaan hê. In daardie stadium is my hart ook vir die eerste keer gebreek toe 'n meisie met my uitgemaak het."

Twyfel het in 'n groot mate sy gedagtegang begin oorheers, sê Venter.

Hy was oorweldig deur negatiewe gedagtes. "Ek het begin voel ek gaan agteruit in my denke. Die tonnel was donker, sonder lig, en alles het onmoontlik en onhaalbaar gelyk.

"Ek het oor myself getwyfel. Dit was enorm. In my gedagtegang was al daardie negatiewe dinge die heeltyd in my kop.

"Dit het my lewe omvergegooi. Ek het gedink almal kyk na my en dink ek is 'n mislukking.

"Soos naweke nader gekom het, het ek al hoe meer angstig begin voel. Naweke was vir my 'n moeilike tyd waarna ek opgesien het. My vriende het almal gesinne gehad met wie hulle besig was, so ek wou nie 'n indringer wees nie. Dan het ek naweke maar alleen deurgebring.

"Een Vrydag het alles te veel geword. Ek het die oggend wakker geword en gevoel iets is nie reg nie. Ek het dronk in my kop gevoel. Ek het my dokter gebel wat vir my 'n antidepressant voorgeskryf het."

Volgens Venter het hy by Allan Kleynhans vir hulp aangeklop. Kleynhans was in 'n stadium die Haaie se prestasie-afrigter met wie Venter 'n goeie verhouding

Venter agter die mikrofoon by sy woonplek in Ballitoville.

> Ek het gedink almal kyk na my en dink ek is 'n mislukking.

deur 'n herstruktureringsproses - wat nooit lekker is nie - maar dit gee vir my hoop in die sin dat ek weet ons sit nie met vet in ons strukture nie. Ons weet ons strukture is reg.

"Die aanpassings wat ons moet maak, gaan die minimum wees in vergelyking met wat ander sal moet maak.

"Dit gaan nie lekker wees nie, maar ek is nie negatief daaroor nie. So 'n situasie skep geleenthede ook."

Louw glo die unies wat dit reg hanteer, sal op die lang termyn beloon word.

"Ons moet die geleentheid aangryp om rugby te herposisioneer. Wanneer is die beste tyd vir beleggings? As dit moeilik gaan in 'n bedryf. Dan skud jy uit en maak jou reg om vorentoe te gaan.

"Die ou wat nou skerp gaan wees, gaan oor drie jaar in 'n beter posisie wees. En dit gaan oor om waarde vir die toeskouer te vind.

"Tipies in so 'n tyd raak vermaak nie 'n prioriteit nie, maar as jy vir 'n ou beter waarde kan gee teen 'n billike prys, dan gaan die ou ons *show* kyk, en nie 'n ander ou se *show* nie."

**– Brenden Nel**

Branden Grace

## Branden reik hand uit na Tuinroete-joggies

Branden Grace, die huidige Suid-Afrikaanse Ope-gholfkampioen, het sy hand in sy sak gesteek om joggies langs die Tuinroete wat vanweë die Covid-19-pandemie hul inkomste verloor het by te staan.

"As 'n reisende beroepspeler stel ek die belangrike rol wat die joggies in my sukses op dié bane gespeel het hoog op prys. Ek het grootgeword en geoefen op bane soos Fancourt en by die George- en Knysna-gholfklub.

"Ek voel dit is my plig om die 197 permanente joggies in dié omgewing by staan, aangesien die werklikheid hulle in die gesig staar om geen inkomste gedurende die pandemie te hê nie," het Grace op sy sosiale media gesê.

Dit sluit in kruideniershoopbewyse van die plaaslike Spar-winkels in Pacaltsdorp en Knysna.

Grace, wat 74ste op die wêreldranglys is, is in Florida (VSA) in kwarantyn. **– Sport24**

## s met AJ Venter

SENU-INEENSTORTING

# Selfs die hardste Bok-staal kan buig

Venter stamp Mose Tuiali'i van die All Blacks af tydens 'n Drienasies-toets op Ellispark in 2004. | FOTO: GETTY

| FOTO: GALLO

gehad het.

"Allan het my geleer om daardie negatiewe gedagtes te identifiseer, dit te respekteer, maar dit in 'n balletjie te plaas en weg te sit. Dan gaan vervang jy daardie gedagte met enigiets waarvoor jy dankbaar kan wees.

"Ek het my brein begin leer om dit vanself te doen. Ja, ek het steeds probleme, maar ek fokus nie meer daarop nie."

Venter sê sover hy kan, skakel hy alle negatiwiteit uit.

"Ek het in 'n stadium besef daar is mense met wie ek vriende is wat my geensins in my saak help nie, so ek het algaande al hoe minder tyd met hulle deurgebring.

"Ek moes van my vriende afstand doen en nuwe vriende maak, mense wat 'n positiewe uitkyk op die lewe het. Dit is een van die dinge wat my die meeste gehelp het."

Op Facebook het hy met opset negatiwiteit vermy.

"Ek het enigiets negatief op my nuusvloei vervang. Jy kan kies watter inligting jy in jou gedagtes toelaat."

Venter het sy selfbewustheid oor sy "probleem" te bowe gekom en die Drienasies-kampioen van 2004 het besluit om oor die dinge te praat wat hom ingeperk het.

"Ons Afrikaanse mense is trots. Ek was altyd iemand wat 'n goeie voetjie wou voorsit. Ek was gesteld op wat mense van my dink. Ek wou mense gelukkig hou. Dit kom maar van die rugbydae af, want mense verbind jou met die Haaie en die Springbokke.

"Ek het besef my storie kan dalk vir iemand van waarde en hulp wees. As dit met my gebeur, kan dit met enigeen gebeur.

"As ek begin praat, gaan dit my krag gee. Want indien jy iets probeer toesmeer en wegsteek, maak jy nie werk daarvan nie en gaan dit altyd 'n kwessie bly. Deel van my genesing is om kwesbaar te wees. Ek glo jy moet kwesbaar wees in jou lewensverhaal om ook geloofwaardig te kan wees, sodat mense daarby aanklank kan vind."

Hy het verlede jaar 'n videoboodskap opgeneem wat hy op LinkedIn vir sakelui en menslike hulpbronbestuurders wou stuur. Daarin het Venter kortliks vertel van wat met hom gebeur het en hy het aangebied om dit met werknemers te deel.

"Ek het vir 'n maand en 'n half probeer om myself sover te kry om dit uit te stuur, maar kon nie die stuur-knoppie gedruk kry nie. Ek het geweet as ek dit druk, is dit verby, dan kan ek dit nie meer langer wegsteek nie.

"Die oomblik toe ek dit gestuur het, was dit asof 'n gewig van my skouers af is. Die volgende dag het mense my begin bel en gevra ek moet by hulle kom praat. Ek het skielik besef ander mense sukkel ook met dié goed.

"Sedertdien het mense met my kontak gemaak wat ek nooit sou kon geraai het ook met angs sukkel nie. Baie mense sukkel daarmee, maar praat nie. Daar is mos die stigma dat jy 'n swakkeling is as jy geestelik wroeg.

"Maar ek het gevind hoe meer ek daaroor praat, hoe beter voel ek. Iets wat ek geleer het, is mense is so besig met hulle eie probleme dat hulle nie worrie oor hoeveel keer jy misluk het nie. Staan op en moet jou nie steur aan wat mense van jou dink of sê nie."

Venter, wat in Ballitoville in KwaZulu-Natal woon en vir Itec werk, het verlede jaar met podsendings begin wat onder meer op sy Facebook-blad Life with AJ Venter verskyn.

"Die podsendings gaan oor interessante mense en die dinge waarmee ons sukkel. Ons praat daaroor. As iemand 'n storie het wat ander kan help of motiveer, dan is dit geslaagd."

Hy sê dit gaan deesdae baie goed met hom.

"Ek mediteer elke oggend oor dit waarvoor ek dankbaar is en wat my gelukkig maak. Hoe meer ek dit doen, hoe meer besef ek hoeveel ek het om voor dankbaar te wees."

## Boek oor Craven wemel van die staaltjies

# Die dag toe Dok aangetree is deur een van sy eie

**'n Boek oor die legendariese dr. Danie Craven, wat ook as Meneer Rugby hier en oorsee bekend was, het onlangs verskyn. Bok-legendes wat as Matie-studente onder Craven as breier gespeel het, soos Jannie Engelbrecht, Dawie Snyman, Morné du Plessis en Jan Boland Coetzee, vertel in die boek staaltjies oor Dok. Hier is enkele verwerkte uittreksels uit die boek:**



Dr. Danie Craven tydens 'n oefensessie. | FOTO: GALLO IMAGES

▸ **Jan Boland Coetzee**, oud-kantman van die Maties, WP en die Springbokke, vertel: Dok het in sy afrigtersdae vele planne gehad. So is die Matie-spanne gereeld die bergpad uitgejaag. Soos 'n student nou maar is, het nie almal altyd om die boom gegaan nie, maar Dok moes 'n plan maak dat die manne die roete voltooi. In die begin het Dok oom Johnnie Meiring, Albie Basson en andere gebruik om te help in hierdie oefening. Wanneer die spelers vir oefening aanmeld, het Dok hulle om die "groot boom" gejaag wat bo teen die bergpad gestaan het. Oom Johnnie of oom Albie sou bo in die berg met dassiedrolle wag en vir elke speler, volgens 'n kode soos met Dok ooreengekom, 'n sekere hoeveelheid dassiedrolle gee sodat hulle dit nie kon uitruil en kul nie. Uit hierdie bergpad-hardloop het twee legendariese stories ontstaan. Die eerste waarvan Dok op 'n betrokke dag besluit het om self die berg uit te klim en te gaan kyk wie kom tot bo.

In stede van dassiedrolle besluit Dok hy klim in die boom en sal só sien wie onder verby-hardloop. So gesê, so gemaak. Die spelers het spoedig verbygekom en Dok het hulle noukeurig getel. Die ou grotes het egter langer geneem en sou heel laaste om die boom gaan. Rampie Stander, Springbok-voorryman van weleer, het uiteindelik bo uitgekom, maar met die om-die-boom-gaan begin stap, waarop Dok uit die hoogte uitroep: "Rampies, jy loop!" Rampies het nie geweet Dok sit in die boom nie en legende wil dit hê dat Rampies onder die eerste spelers onder was.

Die tweede legende van Dok en die boom was toe Jannie Nel, senter van formaat, van Tukkies af op Stellenbosch aankom om te studeer. Jannie oefen vooraf die hele somer in die plat destyde Transvaal. Hy is baie fiks en in topvorm om Dok te beïndruk! Dok jaag die manne met die intrapslag van die seisoen die berg uit. Dok was reeds vooruit om daar bo te gaan wag. Jannie wou natuurlik indruk maak en spring met 'n geweldige spoed onder weg. Hy ken nie die bergpad nie, en so halfpad teen die berg op is hy doodmoeg. Uiteindelik daar bo uitgekom, kyk Jannie Dok so en sê: "Ag liewe Here, hoe het Dok dit reggekry om hier bo uit te kom en ek sukkel so?"



**Die omslag.**

### Behoeftiges baat by boek

*Craven Stories* is saamgestel deur die oud-WP- en Matie-slot Louis Blom en Hanlie Swart. Die opbrengs gaan aan die Craven-beursfonds vir behoeftige studente.

Vir bestellings, kontak Maylene Dietrich by orders@africansunmedia.co.za of Wikus van Zyl by 082 669 7596. Die prys is R350.

▸ **Dawie Swart**, 'n voormalige bestuurslid van Maties en 'n vertroueling van Craven, vertel: Legende wil dit hê dat dr. Paul Sauer, 'n vername Jood in rugbykringe wat vir Maties gespeel het, nie die beste balhanteerder van sy tyd was nie. Die Matie-span het nie die dag na wense gespeel nie, en Salkinder het 'n hele paar "knocks" gevang, maar die span het darem gewen. Dok was baie ontsteld en teleurgesteld met die swak vaardighede, en kon dit glad nie duld nie. Dok loop toe in die Matie-kleedkamer in en vra: "Waar is daai donner?" Salkinder staan toe maar op, kop onderstebo en reg vir 'n skrobbering, toe Dok sê: "Nie jy nie, daai *fool* wat vir jou *gepass* het!"

▸ **Hennie Bekker**, wat slot vir Maties, WP en die Bokke gespeel het, vertel: Soos vele al getuig het, was Dok se sielkunde- en oefenmetodes sy tyd ver vooruit. 'n Voorbeeld hiervan is waar hy vir my en my swaer, Niel Burger, ingeroep het en in geen onduidelike taal laat verstaan het: "Bekker, Burger: Julle is klaar met rugby! Julle kan maar ophou met speel, want ek sal nie toelaat dat julle eers op 'n ander plek speel nie." Dit het ons toe so aangevuur dat ons daardie middagete hard gaan oefen het net om Dok verkeerd te bewys en dit ook reggekry het. Ek onthou ook die groot rivierklippe wat Dok laat aanry het om spelers se kragwerk te oefen. Die "ou honde" het altyd 'n kwaai *sprint* koeikamp toe ingesit om die ligte klippe te kry - net om ná 'n week of wat daar op te daag en te sien dat Dok op elke klip elke speler se naam laat verf het.

**'Ag liewe Here, hoe het Dok dit reggekry om hier bo uit te kom en ek sukkel so?'**

▸ **Dr. Francois Malan**, vir lank die Maties se spandokter met Craven as afrigter, vertel: Tydens een Paas- (klubrugby) toernooi in Durban, is daar onder andere twee uiters belowende jong spelers in die Matiespan. Probleem? Michael du Plessis en Chris Smit verkies albei om losskakel te speel, hoewel beide puik binnesenters is en beide van hul plek in die beginspan verseker is.

Ná die eerste wedstryd voel Dok hy wil hulle omruil met Chris op losskakel en Michael op senter. Daar ontstaan 'n gerug dat Michael ongelukkig voel, die span dra kennis daarvan en so ook later Dok.

Dok hou nie daarvan om teengegaan te word nie en Michael word nie sommer voorgesê nie. Michael word ingeroep en vergader 'n halfuur of wat privaat met Dok.

Met nuuskierigheid wat hoogty vier, meld ek en Albie kort ná die vergadering aan om die verloop van die skrobbering aan te hoor.

Dok sê: "Ek kan dit nie glo nie, die vermetelheid van die mannetjie! Ek het hom teen die einde van die redenasie probeer oortuig met: 'Michael, ek sal nog van jou 'n Springbok-senter maak.' Michael sê toe: 'Dok, as ek wil, kan ek buiten skrumskakel vir die Springbokke enige plek in die agterlyn speel en dit sonder hulp!' "

Dok was tydelik uit die veld geslaan, maar het ná 'n oomblik van bepeinsing sagweg erken: "Die ergste van alles is, ek dink die bogger is reg."

Michael het later 'n beroemde Springbok-senter geword en Dok was verheug: "Ek het hom mos gesê."

▸ **Sakkie Mocke**, oud-voorryman van Maties en WP, vertel: Die jaar wat Dok met die koppestamp-oefeninge begin het, het ons seker maar almal gedink nou raak die Oubaas seker 'n bietjie seniel. Koppestamp was heel aan die begin van die oefening en seker omdat ons gedink het dit is heeltemal onnodig. Dit was 'n sielkundige ding totdat ons die eerste wedstryd gespeel het.

Ná die wedstryd het Jan Boland in die kleedkamer ingekom en gesê: "Kêrels, ons het nou 'n volle wedstryd gespeel en ons haal nog nie eers vinnig asem nie."

Toe het ons besef wat Dok bedoel het met: "As jy wil leer klavier speel, oefen jy nie op 'n vioool nie, maar op 'n klavier."

Dok Craven en Naas Botha in 1989. | FOTO: GALLO

## Rugby spel van die lewe – Dok

Ek het eendag by Dok Craven – nadat hy al as professor afgetree het – op Coetzenburg gesit en so tien minute voor die einde (Stellenbosch het teen Villagers gespeel), het Dok gesê: "Izak, hou nou ons buitesenter dop. As ons nou die bal kry, gaan hy breek en vyf tree van die linkerregoppaal druk." En net so het dit gebeur.

'n Ander keer was ek ná 'n WP-wedstryd baie kwaad en het teenoor Dok begin kla: "Ons het die *game* rustyd in ons hande gehad en toe smyt ons dit weg." Dok het gegrom: "Jy moet leer om jou oë oop te maak, jong. WP se voorry was teen rustyd klàár. As jou voorry uitsak, verloor jy. Rugby word gewen en verloor in die voorry.

"Jy moet eers die bal kry," het Dok gesê, "maar WP wil rugby speel sonder die bal. Luister maar hoe skreeu daai spul Ingelse op Nuweland: 'Run the ball!' Hoe kan jy hardloop met iets wat jy nie in die hande kon kry nie?"

Hy het graag oor rugby gefilosofeer: "Dis die spel van hoe die lewe is . . . Jy kry 'n paar kanse om te breek. Jy moet beur en stoot. Die wind draai soms teen jou. Jy breek 'n been en 'n arm. Jy will soms 'n 'kop' kry, 'n dik kop. En dan bring rugby jou aarde toe. Maar as jy deel was van daardie beweging wat eindig agter jou teenstanders se doellyn – nou-ja – wat is groter as dit?"

■ Dié bydrae in die boek is nagelaat deur wyle Izak de Villiers, voormalige *Rapport*-redakteur.

# Spelers maak kapsie, maar niks is al besluit

■ Vervolg van bl. 20

'n Agent en 'n administrateur het aan *Rapport* hul ontevredenheid uitgespreek oor die wyse waarop MyPlayers Vrydag se bespreking hanteer het.

"My foon lui aanhoudend. Die spelers voel asof hulle in 'n blik gedruk word en nie geraadpleeg word nie," sê een agent.

"Dit is asof 'n geweer teen hul kop gehou word om die veranderinge te aanvaar."

Die administrateur met wie *Rapport* gepraat het, beweer sekere besluite is wel al geneem, maar dat dit net in beginsel is. Dit moet nog goedgekeur word.

"En in terme van die wet kan jy nie geld van iemand se salaris aftrek sonder dat hy jou toestemming gegee het nie," sê die administrateur.

"Elke speler moet individueel die aftrekkings goedkeur voordat dit kan gebeur."

Hoewel Eugene Henning, uitvoerende hoof van MyPlayers, nie kommentaar wou lewer nie, is *Rapport* in besit van MyPlayers se kommunikasie aan spelers. Hierin word dit duidelik gestel daar moet nog goedkeuring vir die plan verkry word.

In dié kommunikasie word dit uitgelig dat 'n reeks van vergaderings geskeduleer is vir die volgende paar dae met die verskeie besluitnemingstrukture van die spelers, asook met elke span om spesifiek die spelers se inkoop en goedkeuring te kry.

> Dit is asof 'n geweer teen hul kop gehou word.

Dit nadat SA Rugby die afgelope Vrydag 'n voorlegging aan die uitvoerende hoofde van al die rugbyunies gedoen het, met verskillende scenario's wat ter tafel gelê is.

Die presidente sal volgende week betrek word, ná 'n tweede vergadering met die uitvoerende hoofde.

'n Ingeligte in SA Rugby het in reaksie op die paniek gesê dis egter nie beperk tot rugby nie, maar in ooreenstemming met 'n wêreldwye tendens.

"Dit word eerder as uiters ongewoon beskou as mense nie onsekerheid en paniek in hierdie tye ervaar nie," het die ingeligte gesê.

Piet Heymans, uitvoerende hoof van Sport Employees Unite (SEU), sê die Covid-19-pandemie het die partye binne die rugbybedryf bymekaargebring.

"Ons gaan binne die volgende paar dae in detail deur die in-beginsel-voorstelle werk," sê Heymans.

"Sodra daar eenstemmigheid is oor die voorstelle en gesprekke, sal dit terugverwys word na ons lede toe en ons besluitnemingstrukture en dan is dit in die hande van die besluitnemers om dit goed of af te keur.

"Die samewerking tussen die partye is net weer 'n bewys dat in hierdie moeilike tye daar 'n dringendheid is, en ook 'n bereidwilligheid om eie belange opsy te skuif en te kyk wat belangrik is vir die groter groep, en dit is wat hierdie proses vir die rugbybedryf doen.

"Ons hoop en vertrou dat die partye kan instem oor die besonderhede om die bedryf by te staan in hierdie baie uitdagende tye."

# Jono verwoes met têkkels ná teëspoed

Jono Ross van die Sale Sharks wen vroeër vanjaar 'n lynstaan in 'n Engelse Premierliga-wedstryd teen Harlequins. | FOTO: GETTY

**Die top-10**

**Die Premierliga se top-10 volgens Opta se statistieke:**

1. Sam Simmonds.....4 865
2. **Dan du Preez.....4 694**
3. Charles Piutau.....4 679
4. Marcus Smith.....3 891
5. Nathan Hughes.....3 738
6. Teimana Harrison.....3 693
7. Jack Willis.....3 501
8. Ted Hill.....3 458
9. **Jono Ross.....3 431**
10. Rhys Priestland.....3 411

Hendrik Cronjé

In 2018 het Jono Ross 'n paar van sy tande ingeboet toe hy by 'n oefenkamp van die Engelse rugbygroep 'n harde hou teen die mond gekry het. Ross se verwagtinge om deur Eddie Jones vir die stryd teen die Barbarians gekies te word, is as gevolg van die stamp en gevolglike harsingskudding ongedaan gemaak.

Ook het dit hom uiteindelik 'n plek in die Engelse toergroep gekos wat in 2018 na Suid-Afrika getoer het.

Nou têkkel die 29-jarige oudleerling van St Stithians College in Johannesburg teenstanders in die Engelse Premierliga dat hul tande klap.

Selfs Jones, wat Ross in 2017 en 2018 na sy oefenkampe genooi het, moes kennis neem van sy 201 duikslae wat wéér die seisoen die meeste deur enige speler in die Engelse Premierliga is.

Dis die derde agtereenvolgende jaar dat Ross die meeste duikslae in die Premierliga uitvoer. In die 2017- en die 2018-seisoen het sy 336 duikslae hom boaan die lys in die afdeling geplaas en niemand het in die 2018- en die 2019-seisoen meer duikslae as sy 331 ingekry nie.

Nog meer indrukwekkend is dat hy en Dan du Preez, sy spanmaat by sy Engelse klubspan Sale Sharks, volgens verskeie statistieke wat die week deur die Premierliga se data-maatskappy, Opta, verwerk en uitgereik is, hulle onder die toptien-spelers van die seisoen bevind.

## Wéér nommer 1

Jono Ross is vir die derde seisoen in 'n ry die speler met die meeste suksesvolle duikslae in die Premierliga.




"Ek voel my verdediging onderskei my van die res," het Ross gesê. "Nie noodwendig in die hoeveelheid duikslae wat ek uitvoer nie, maar eerder die doeltreffendheid daarvan.

"Ek het hard daaraan gewerk om meer oorheersend in duikslae te wees, wat ek dink dié seisoen goed was.

"My hoë syfers kan waarskynlik aan my hoë werkverrigting toegeskryf word, aangesien ek myself in posisies bevind waar ek duikslae moet uitvoer."

Sy strewe om toetsrugby te speel, motiveer hom om nog harder te werk en voortdurend in alle afdelings van sy spel te verbeter.

"Ek sal nie sê dat ek spesifiek op my verdediging fokus nie. Baie van verdediging het te make met jou ingesteldheid.

"Ek het ook deur die jare verskillende duiktegnieke aangeleer.

"Ek wil uiteraard toetsrugby speel, maar ek kan net beheer wat ek kan. 'n Mens weet nooit wat kan gebeur nie."

Dié boorling van Johannesburg se loopbaan het 'n paar interessante draaie deur die jare gemaak.

In 2013 is hy as die eerste Engelssprekende kaptein van die Blou Bulle aangewys nadat hy in 2011 'n lid van die Bul-familie geword het.

Tussendeur het hy op 'n blitsbesoek twee wedstryde vir Saracens in Engelse klubrugby gespeel, voordat hy in 2014 finaal weg uit Pretoria is om sy loopbaan in Parys by Stade Français voort te sit. Hy was tot 2017 by die Franse klub.

> Ek het hard daaraan gewerk om meer oorheersend in duikslae te wees . . .

Dit was ook die jaar toe hy Engeland toe is waar hy vinnig 'n groot gunsteling onder Manchester se rugbyondersteuners as 'n speler van Sale Sharks geword het.

Sy gewildheid onder ondersteuners en die bestuur van die klub het hom gou 'n leiersposisie besorg en hy is later ook as die klub se kaptein aangewys.

"Ek geniet die verantwoordelikheid van die kapteinskap. Daar is egter baie goeie leiers in die span wat my daarmee help.

"Ons vergaderings is deesdae in Afrikaans (verwysend na al die Suid-Afrikaanse spelers daar)," sê hy op 'n tergende trant.

Buiten Dan is Dan se broers, Robert en Jean-Luc, asook Lood de Jager, Akker van der Merwe, Coenie Oosthuizen, Faf de Klerk en Rohan Janse van Rensburg van Sale Sharks se Afrikaanssprekende spelers.

Jean-Luc en Janse van Rensburg lewer self soos Ross-hulle kookwaterspel. Jean-Luc en Janse van Rensburg is onlangs in David Flatman se Flat's XV, die Premierligaspan van die seisoen, ingesluit.

Ross sê dat baie van die spelers se sukses aan die span toegeskryf moet word.

"Ons lê tweede op die puntelys van die Premierliga. Ja, ons is maar erg teleurgestel dat die Premierligabeker-eindstryd nie meer plaasvind nie.

"Jy kry nie dikwels die kans om in 'n eindstryd te speel nie. Dit was vir ons 'n goeie geleentheid om as 'n span iets te wen.

"Dit kon vir ons 'n belangrike bousteen gewees het vir wat ons glo 'n suksesvolle toekoms vir Sale Sharks is.

"Ons moet egter nou eers deur die koronavirus kom en hopelik normaliseer dinge. Mense se gesondheid is nou ons prioriteit.

"Ons is egter uiteraard teleurgestel dat die rugby afgestel is aangesien ons 'n goeie seisoen beleef."

# Hy brei Bokke... van die huis af

## Nienaber sê daar is ook positiewes ná rugby stop

Brenden Nel

Die Springbok-afrigter Jacques Nienaber gaan vir 'n ruk lank nie die geleentheid kry om saam met sy span te oefen nie, maar danksy tegnologie is die nasionale span hard aan die werk om reg te wees vir wanneer toetsrugby weer ná die koronavirus hervat.

Nienaber en sy afrigtingspan het hulle aan die begin van die inperkingstyd tot tegnologie gewend om te vergoed vir die afgelaste oefenkampe.

Die afrigters is danksy Microsoft Teams, 'n videokonferensieprogram wat deur hul borg vir hulle gegee is, in kontak met spelers.

"Ons is nog besig. Die lekker ding is dat afrigting nie net op die veld plaasvind nie. So ons beplan steeds en volg ook steeds ons program. Die enigste verskil is dat ons nie meer ons kampe soos gewoonlik hou nie, maar nou doen ons dit op 'n rekenaar," vertel Nienaber aan *Rapport*.

"Dit is nuut vir ons om so aanlyn te werk, en dit is nogal anders vir die spelers en afrigters. Maar terwyl ek in die verlede nie met spelers kon praat voordat die kampe aangebied is nie, kan ek nou met hulle gesels, of 'n videogreep vir hulle stuur.

"Dit is iets waaraan ek tien dae gelde nie eens sou gedink het nie. Ek sou 'n video kyk, en Duane (Vermeulen) whatsapp en hom vra wat hy dink. En ons sou oor WhatsApp gesels het. Daar is baie positiewes, veral omdat ek nou al met Duane daaroor kon praat, eerder as om te moet wag tot daar 'n kamp gehou word.

"Nou kan ons dit dadelik bespreek en saam na die video kyk. Ek het Vrydag byvoorbeeld met die Leeus se spelers gesels.

"Dit het die afrigter ook in die spelers se huise ingebring. Ek kan met Duane gesels terwyl hy sy braai begin."

Hy erken wel dis moeilik om te beplan terwyl hulle nie weet wanneer hulle weer gaan speel nie.

"Tans is niks gekanselleer nie, maar ons weet dinge kan verander. Ons weet ons kan eerste teen Georgië speel, of miskien Argentinië, en nie Skotland nie. Dit hang af wanneer ons weer op die veld gaan kom.

"Hoewel die spel gestop het, het ons ons ontledings en ons kan daarmee voortgaan.

"Felix (Jones, wat na die Europese Bokke omsien) het sy kampe met die Engelse en Franse spelers gehou. Plaaslik het ons kampe met elke span gehou behalwe die Haaie, wat ons oor die rekenaar gedoen het."

Nienaber beplan asof die tuistoetse in Julie sal begin.

"Ons plan is in vier blokke ingedeel – en elkeen het 'n datum. In blok drie begin ons op die teenstanders konsentreer en ons weet nie wanneer dit sal wees nie.

"Ons gaan steeds aan asof ons seisoen op 4 Julie begin."

Gaan hy oorvat? Die oud-Wallaby-haker Phil Kearns. | FOTO'S: GETTY

# Oudspelers eis Aussie-baas se kop; Kearns vat dalk oor

Rugby Australië (RA) word opnuut deur twis, tweedrag en dreigende bankrotskap geteister nadat nog gesiene oudspelers die kop van Raelene Castle, die uitvoerende hoof van RA, en haar hele raad geëis het.

*The Daily Telegraph* het berig dat die oud-Wallaby-haker Phil Kearns glo gereed staan om by Castle oor te neem.

Nick Farr-Jones, die Wallabies se Wêreldbeker-kaptein in 1991, het gesê geen finansiële instelling sal tot die Aussies se redding kom nie.

"Tragies, ons het nie 'n uitsaaikontrak nie, wat ander sportkodes het. Die NFL het glo $600 miljoen (sowat R68 miljard) deur die banke bekom, want hulle het 'n uitsaaikontrak.

"Hulle gaan elke klub sowat R28 miljoen gee, want banke stel in hulle belang. Hoe lyk die finansiële toekoms van Rugby Australië? 'n Gat in 'n oliering," het Farr-Jones gesê.

Kearns het gister die moontlikheid dat hy by Castle sal oorneem as blote bespiegelinge beskryf.

RA is in tamatiestraat oor die Covid-19-pandemie en sy swak finansiële posisie. RA het onlangs kostebesparingsmaatreëls aangekondig, soos die aflegging van personeel en die besnoeiing van salarisse, wat tot groot onmin gelei het.

> Tragies, ons het nie 'n uitsaaikontrak nie.

Daar was gister 'n verdere uitbarsting nadat Rupa, die Australiese Spelersvereniging, glo onregmatig toegang tot al RA se finansiële state verkry het.

Kearns het die aftog teen Castle geblaas nadat sy twee jaar gelede onbestrede as Bill Pulver se opvolger aangewys is.

Fox Sports, vir wie die uitgesproke Kearns televisiekommentaar lewer, het ook die berigte ontken.

Volgens *The Sydney Morning Herald* het Castle steeds die steun van die RA-raad, ondanks die feit dat 75% van nie-spelende beamptes nie meer in diens is nie en die 192 beroepspelers koppe met die RA stamp.

Daar was Vrydag sprake dat Castle reeds oor die naweek haar pos kwyt kan wees, maar die tussentydse voorsitter, Paul McLean, het dit ontken.

Volgens *The Daily Telegraph* het Kearns genoeg steun vir wanneer rugby na normaal sal terugkeer nadat die Covid-19-pandemie iets van die verlede is.

Castle word erg gekritiseer oor haar onvermoë om 'n televisiekontrak te kon beding en haar hantering van die Israel Folau-saga nadat sy kontrak opgehef is (en daar buite die hof geskik is), onder meer oor sy uitsprake oor gay mense.

Haar uitval met die gewese Wallaby-afrigter Michael Cheika, die Wallabies se swak vertoning by verlede jaar se Wêreldbeker-toernooi in Japan en erg dalende toeskouergetalle by Super-wedstryde is olie op die vuur.

– stuff.co.nz

Raelene Castle, Australië se beleërde rugbybaas.

# Polly slyp Proteas

Shaun Pollock verruil binnekort 'n snyerspak vir krieketklere. | FOTO: GETTY

## Smith vra hom om na die spelers in Durban te kyk

**Tinus van Staden**

Graeme Smith het uitgereik na 'n voormalige spanmaat om die Proteas by te staan sodra die staat van inperking verby is.

Smith, Krieket Suid-Afrika (KSA) se direkteur van krieket, het vir Shaun Pollock gevra om 'n ogie te hou oor die spelers wat in Durban gesetel is.

"Graeme het my gebel en gesê sodra die staat van inperking verby is, is daar geen waarborg dat spelers sal kan reis nie. Hulle dink dus daaraan om oefenkampe in die verskillende streke te hou om die ouens gereed te kry vir hul volgende toer," het Pollock gister aan *Rapport* gesê.

"Hy het gevra of ek sal help met die ouens in Durban en ek het gesê dis doodreg."

Pollock kan dus help om spelers soos David Miller, Andile Phehlukwayo, Keshav Maharaj, en selfs spelers wat aan die deur vir die SA A-span klop, krieketfiks te kry wanneer die spelers weer saam mag begin oefen.

Die Proteas is veronderstel om in Junie in ses witbalwedstryde in Sri Lanka te gaan speel, terwyl 'n Karibiese toer in Augustus moet begin. Weens die Covid-19-pandemie is dit nog nie moontlik om te sê of dié toere voortgaan nie.

Smith het vandeesweek gesê KSA sal graag ses weke voor 'n toer klarigheid wil hê oor of 'n toer voortgaan. Maar hy het reeds planne in plek om te verseker die spelers sal kan goed voorberei sodra die geleentheid kom.

"Ek sal graag kyk hoe ek kan help. Dit is 'n uitdagende tyd vir almal. Almal moet maniere vind om fiks en gereed te bly vir wanneer die staat van inperking verby is en dat die spelers gereed is vir wanneer hulle weer kan speel," sê Pollock.

> Jy moet baie versigtig wees oor hoe jy die inligting oordra.

Hoewel hy nog nie voltyds afgerig het nie, gee dié voormalige Protea-kaptein graag vir spelers raad wanneer hy as televisiekommentator en -ontleder saam met die span reis.

"Dit is 'n rol wat jy kan vertolk, want deur die jare gaar jy baie inligting op," sê Pollock.

"Baie van die hulp wat ek verleen, is situasiegebonde - ek sal sien iemand sukkel met iets spesifieks in 'n wedstryd en dan kan ek dalk hand bysit, want ek het self al sekere ervaring opgedoen wat daardie speler kan help.

"Jy weet self daardie frustrasie kan baie erg raak. Jy moet wel baie versigtig wees oor hoe jy die inligting oordra. Jy kan vir hulle 'n video wys in 'n televisie-trokkie of op 'n selfoon, maar jy moet net seker maak jy kry goedkeuring by die spanbestuur, of dit nou die kolf- of boulafrigter is."

Sommige voormalige spelers wat nou in TV-produksie werk, irriteer soms huidige afrigters wanneer hulle vir spelers probeer raad gee.

Mark Boucher, die Protea-afrigter, het al gemor oor sekere kommentators wat aan sy spelers boodskappe gee wat strydig is met die span se planne.

Pollock is duidelik nie een van die skuldiges nie.

"As jy sien iemand sukkel, kan jy probeer help. Almal doen hul bes, maar soms is dit moeilik om uit te pluis wat fout is."

## Malan weet jy 'hoort' nie op dié vlak, jy veg daarvoor

**Tinus van Staden**

Die krieketwêreld was dit eens: Om só 'n aflewering te kry met die eerste bal wat jy in internasionale eendagkrieket trotseer, is net pleinweg wreed.

Mitchell Starc het die wit Kookaburra teen 143 km/h deur die warm Paarlse lug laat inswaai… Dit het Janneman Malan op die beenskut getref en ná 'n verwysing moes hy terugstap. 'n Goue nulletjie. Ja, wreed - só 'n onspeelbare bal.

Maar Malan self weier om te aanvaar daar is niks wat hy aan daardie wonderbal kon doen nie.

"Ja, dit was 'n goeie bal, maar ek was nie in die beste posisie om die swaai so goed as moontlik te speel nie," het Malan (23) vandeesweek aan *Rapport* gesê.

"Ek moes dit verander in die tweede wedstryd."

En dít het hy gedoen. Van 'n nulletjie in sy buiging, tot 'n onoorwonne 129 in Bloemfontein twee dae later. Die krieketwêreld was dit daarna weér eens: Janneman Malan is 'n juweel vir die toekoms.

"My buiging was moeilik, want as jy met die eerste bal uitgaan, kom daar gedagtes waar jy twyfel of jy rêrig op die hoogste vlak hoort," sê hy.

"Ek het gedink hoe krieket 'n spel van geleenthede is en dat ek net soveel gaan kry. So, ek het net in 'n *mindset* gekom van gee my beste en wat gebeur, gebeur.

"En ja, om die volgende wedstryd te kon deurtrek saam met my kolfmaats was seker die grootste hoogtepunt van my krieketloopbaan sover.

"Dit was nogal 'n intense *mental journey* in een week."

Malan het naam gemaak as 'n verwoestende aanvangskolwer in plaaslike krieket, veral in T20-krieket. Sy treftempo van 135.54 getuig daarvan.

Maar in Bloemfontein moes hy 'n meer berekende aanslag volg in die Proteas se jaagtog na die teiken van 272. Al het hy geëindig met 'n treftempo van 92.80, het hy met baie volwassenheid en selfbeheersing (en 'n tikkie geluk) gekolf.

"Ek glo nie dat mens as 'n kolwer in 'n boksie hoef te wees nie. En ek mik om so aanpasbaar as moontlik te wees en dit te inkorporeer met my positiewe kolfstyl," sê hy.

"Daar is altyd dinge om aan te werk, so dit is belangrik om gereeld te oefen aan elke vaardigheid. Om ekstra opsies te hê, wil ek byvoorbeeld meer gemaklik raak met die *paddle*- en skephoue."

Malan het 'n plaaslike eendaggemiddeld van 44.56 en 'n eersterangse gemiddeld van 50.36. Hy het die reeks van drie wedstryde teen die Aussies afgesluit met 'n gemiddeld van 76 en hoewel dit nog sal sak, word hy skielik gesien as iemand wat die kolfbeurt op lang termyn in eendagkrieket saam met Quinton de Kock kan begin.

Hy erken hy wil 'n lang loopbaan op die hoogste vlak hê, maar weet ook dit gebeur nie net nie.

"Niemand 'hoort' op daardie vlak nie. Selfs die talentvolste speler kan uitgespoeg word as hy dit as vanselfsprekend aanvaar en nie die posisie respekteer waarin hy is nie," sê Malan.

"So, ek voel dit is 'n *fight* wat jy elke dag moet *fight* om op daardie vlak te bly. Daar is baie franchise-spelers wat op daardie vlak kan speel. Dit is net 'n kwessie van jou mentaliteit en fokus wat 'n trappie op moet gaan."

Malan het reeds 'n groot slag geslaan met die wyse waarop hy ná sy nulletjie teruggeveg het. Selfs sy ouer broer, die Westelike Provinsie-kolwer André Malan, het ná die tyd 'n roerende stuk geskryf oor hoe Janneman "sy draak verslaan het".

"Hy het 'n talent met woorde. Dit is net een bewysstuk van hoe naby ons familie aan mekaar is en dit was spesiaal," sê Janneman oor André. Die twee het nog 'n broer, Pieter, die Cobra- en Protea-aanvangskolwer.

Om in so 'n huishouding groot te word, het Janneman vir 'n sportlewe gebrei.

"Ons was sportmal en het elke dag een of ander *game* in die tuin gespeel. Ons ouers (Tessa en Johan) het ons honderd persent ondersteun in alles wat ons gedoen het en dit het ons gehelp om ons bes te gee."

Janneman het ná skool (die Hoërskool Waterkloof) by die Noordwes-Universiteit studeer en sy krieket daar gespeel, maar is nou terug in die Kaap en herenig met sy broers.

"Ons braai gereeld oor naweke. En ons deel in mekaar se geluk en terugslae."

Die Aussies kyk hoe Janneman Malan afstap ná sy nulletjie in sy buiging. | FOTO: GALLO

Malan vier sy honderdtal in die daaropvolgende eendagwedstryd in Bloemfontein. | FOTO: AP

**76**

**Nadat hy vir 'n goue nulletjie uit is in sy eendagbuiging, het Janneman Malan die reeks teen Australië met 'n kolfgemiddeld van 76 afgesluit.**

## Flitse

### 'Niks fout om perde te laat hol'

Die organiseerders van die vierdaagse Cheltenham-perdewedrenfees in Engeland, wat twee weke gelede deur sowat 250 000 toeskouers bygewoon is, het hul besluit verdedig om voort gaan daarmee ondanks die Covid-19-pandemie.

Verskeie toeskouers het op sosiale media gesê dat hulle is aangesteek met die koronavirus toe hulle die byeenkoms bygewoon het.

Maar die organiseerders hou vol dat hulle niks verkeerd gedoen het nie en dat die Britse regering toe nog nie enige stappe van inperking aangekondig het om die virus hok te slaan nie.

Toe die byeenkoms gehou is, was nog net 373 mense positief en ses het gesterf.

Boris Johnson, die Britse eerste minister, wat intussen ook positief getoets is en in selfisolasie tuis is, het die Maandag ná die fees aangekondig dat inwoners alle kroeë, klubs en teaters moet vermy, alle onnodige reise moet inkort en eerder van die huis af moet werk.

**– skysports.com**

### Donker dae wag op Kiwi-netbal

Een van Nieu-Seeland se netbalstreke, wat die Mainland Tactixspan van Christchurch insluit wat in die ANZ-Premierliga speel, gaan aansoek om likwidasie doen.

Netball Mainland, een van Nieu-Seeland se vyf netbalstreke, het gister sy jaarvergadering gehou waarop dié besluit geneem is.

Netbal Nieu-Seeland (NNZ) het reeds aangekondig dat hy vanjaar sowat R130 miljoen aan inkomste kan verloor.

Die NNZ het aanvanklik voorspel dat dit 'n winsgewende jaar sou wees nadat die Kiwi's verlede jaar die Wêreldbekertoernooi in Engeland gewen het.

Maar ná die opskorting van netbal op alle vlakke weens die koronavirus kan die NNZ op sy knieë gedwing word.

Nieu-Seeland het 824 bevestigde gevalle van die koronavirus en een sterfgeval.

**– stuff.co.nz**

## Smith, Faul en 'n multimiljoenrandse ligpunt in krisistye

Daar is altyd iets om voor dankbaar te wees.

Vir krieketliefhebbers en die land se beroepspelers is dit dat Krieket Suid-Afrika (KSA) die koronaviruskrisis met uiters bevoegde leiers in die saal aanpak.

Die waarnemende uitvoerende hoof, Jacques Faul, en direkteur van krieket, Graeme Smith, het die situasie tot dusver skitterend hanteer.

Na wat verneem word, het Smith reeds met die Indiese Krieketraad onderhandel dat Suid-Afrika aan die einde van Augustus in drie T20-wedstryde daar sal speel - 'n reeks wat KSA glo tussen R160 en R180 miljoen in die sak kan bring.

Dit volg nadat die reeks van drie eendagwedstryde in Maart nie kon plaasvind nie, omdat KSA vroeg gespring het om die Proteas voortydig uit Indië terug te bring. Sodoende kon die spelers terug in hul tuisland kom nog voordat enige groot reisbeperkinge weens die Covid-19-pandemie ingestel is.

Die spelers was van 18 Maart vir twee weke in selfkwarantyn en KSA se mediese hoof, dr. Shuaib Manjra, het in die week bevestig die spelers is nou klaar met dié isolasietydperk (al gee hulle steeds gehoor aan die regering se staat van inperking, wat op 26 Maart ingetree het) en dat niemand van hulle Covid-19 onder lede het nie.

Faul het ook geen gras onder sy voete laat groei om alle krieket te staak nie. Reeds op 16 Maart is die aankondiging gedoen dat daar vir 60 dae geen krieketaktiwiteite sal wees nie. Die seisoen is gestaak met die meerdag- en eendagreekse nog aan die gang, maar daar is wéér met beslisheid opgetree deur die meerdagtitel aan die Lions en die eendagtitel aan die Dolphins toe te ken.

KSA verdien ook 'n pluimpie vir die wyse waarop hy reeds sy visier op die toekoms en die wêreld post-Covid-19 rig.

Faul en Smith het die media vandeesweek via 'n elektroniese nuuskonferensie toegespreek en Faul het KSA se vierpunt-Covid-19-plan verduidelik.

Die eerste punt was om seker te maak almal is veilig. Tweedens wil KSA sy stem en die stem van sy spelers gebruik om 'n positiewe boodskap oor te dra. Derdens wil KSA sorg dat hy met sy belanghebbendes in verbinding bly en vierdens wil hy vir die toekoms beplan.

In dié verband is daar reeds vooruitskouings en scenarioplanning gedoen vir wat oor drie maande, ses maande en nege maande kan gebeur.

'n Covid-19-stuurkomitee is vroeg reeds gestig en goeie nuus vir die land se beroepspelers is dat die Suid-Afrikaanse Krieketspelersvereniging (Saca) ook op dié komitee dien.

Saca sien na die spelers se belange om en dit sal spelers baie gemoedsrus gee dat die spelersvereniging en KSA in dié onskeure tye kan saamwerk.

Die vorige uitvoerende hoof, Thabang Moroe, het alles in sy vermoë gedoen om Saca te marginaliseer en te ondermyn. Dit kon 'n totale ramp gewees het as hy die skeepskaptein was wat KSA deur dié onstuimige waters moes stuur.

Die reaksie van veral Faul en Smith op die koronavirus-situasie wys hoeveel kalmte en sekerheid bevoegde leierskap na 'n organisasie kan bring.

Dit is ook nie net die wyse waarop hulle Covid-19 hanteer wat hul bevoegdheid onderstreep nie.

Die grootste gemors wat Moroe agtergelaat het - die dreigende hofsaak teen Saca oor die beplande herstrukturering van plaaslike krieket - is reeds opgelos. Saca het sy hofsaak laat vaar en 'n nuwe herstruktureringskomitee is op die been gebring.

Daar is reeds sekerheid oor hoe plaaslike krieket volgende jaar gaan lyk, met alle betrokke partye wat gelukkig is.

Faul en Smith het in 'n kort tydjie reeds baie vermag en hul visie en gravitas kan krieket in die land baie baat.

Die tugsaak teen Moroe, wat aanvanklik vir ses maande geskors is, behoort teen Junie afgehandel te wees. KSA se raad kan krieket in die land 'n groot guns bewys deur Faul as sy voltydse plaasvervanger aan te stel.

Dis nou te sê as die raad hom kan oorreed om voltyds uit dié gifbeker te bly drink.

Tinus van Staden

**Op my seepkis**

Damian Willemse duik sierlik oor die doellyn vir 'n Stormers-drie. | FOTO: GETTY

Rapport
Sport
5 April 2020

# Jake wil Damian by Stormers gaps

Jake White

## Groot toutrekkery kom
## Rupert dalk troefkaart?

**Hendrik Cronjé**

Jake White wil Damian Willemse vir die Bulle kaap.

*Rapport* verneem die Stormers se veelsydige agterspeler is 'n rooiletter-naam op White se inkopielys ná die gewese Springbok-afrigter se aanstelling as die Bulle se direkteur van rugby.

Nog 'n speler van die Stormers, Rikus Pretorius, is ook in White se visier om met 'n goeie aanbod Pretoria toe te trek, terwyl Gio Aplon al vanjaar in die Bul-trui in die Curriebeker-reeks kan speel.

Met White se aanstelling is 'n begin gemaak om die Bulle weer 'n spogspan te maak en die woord uit Pretoria is dat White vanjaar al die Curriebeker as 'n begin wil wen.

Willemse is nog tot ná volgende jaar se besoek van die Britse en Ierse Leeus by die WP gekontrakteer, wat beteken dat die Bulle 'n klomp geld sal moet neersit as hulle hoop om die Kaapse Springbok veel vroeër al op Loftus Versfeld te laat inval.

White het in sy onderhandelinge met Willemse wel 'n belangrike troefkaart in Johann Rupert.

Die sakereus is 'n belangrike vennoot van die Bulle, met Remgro en die sakeman Patrice Motsepe die vernaamste aandeelhouers van die Bulle.

Rupert is ook welbekend met die 21-jarige Willemse.

Sy dogter, Caroline Rupert, se hulp het dit destyds vir Willemse moontlik gemaak om as belowende skolespeler aan Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch skool te gaan.

Rupert het 'n rol gespeel toe Willemse voor verlede jaar se Wêreldbekertoernooi in Japan 'n korttermynkontrak met Saracens aangegaan het.

**Ook in visier**

**White stel ook in die Stormers-senter Rikus Pretorius belang.**

White se gretigheid om die Bulle se spelerskorps met invoerings aan te vul, het die WP klaar op hol.

Die WP het al die werkgewersorganisasie Sareo genader om unies te dwing om die oordragvenster vir spelleronderhandelinge te respekteer, berig **Brenden Nel**.

**Herenig?**

**White en Gio Aplon in hul dae saam by Toyota Verblitz.**

Agente en unies moet tot 1 Mei wag alvorens hulle met spelers mag onderhandel.

Die WP het boonop die afgelope week 'n brief aan agente gestuur om hulle mee te deel dat die unie alle onderhandelinge vir eers staak weens die koronavirus-krisis.

*Rapport* verneem dat die WP alles moontlik sal doen om Willemse in die Kaap te hou.

White se belangstelling in Willemse kan Manie Libbok se toekoms by die Bulle raak.

Sou Willemse 'n Bul word, word die moontlikheid nie uitgesluit dat Libbok se naam onder die beskikbaar-hofie vir ander spanne beland nie.

Die Bulle het ook Morné Steyn op losskakel, wat glo nie deur Willemse se moontlike skuif geraak sal word nie.

Die 21-jarige Pretorius se kontrak met die WP eindig einde Oktober vanjaar.

Soos in Willemse se geval wil die WP hom ten alle koste behou. Veral omdat Dan du Plessis in dié stadium glo die enigste erkende senter is met wie die WP al 'n kontrak met die oog op 2021 gesluit het.

Onsekerheid bestaan nog oor die Kaapse senter Ruhan Nel se toekoms nadat die WP verlede Vrydag op 'n raadsvergadering besluit het om alle onderhandelinge tot verdere kennisgewing te staak.

Die Bulle het al gesprekke met Nel gehad en daar is oorsese klubs wat hom wil bekom.

White is wel bewus daarvan dat Pretorius oor die sogenaamde X-faktor beskik, wat hy nog nie aan die Kaapse ondersteuners kon wys nie aangesien Jamie Roberts tot onlangs hul eerstekeuse-binnesenter was.

White se kontak met Aplon verbaas nie, aangesien hy hom tot onlangs by die Japanse klubspan Toyota Verblitz afgerig het.

White maak met die 37-jarige Aplon se koms waarskynlik onder meer voorsiening dat Warrick Gelant vanweë Springbokverpligtinge min vir die Curriebekerreeks beskikbaar sal wees.

Alfons Meyer, die Bulle se uitvoerende hoof, wou nie oor hul belangstelling in Willemse, Pretorius en Aplon uitwei of dit bevestig nie.

"Dis alles baie goeie vrae, maar daar is nog geen definitiewe antwoorde op jou vrae nie," het Meyer by navraag aan *Rapport* gesê.

"Ons mag nie voor 1 Mei met plaaslike spelers en agente praat nie."

## Bokke se Skotse toetse straks net uitgestel

**Hendrik Cronjé**

Die Springbokke se tuistoetse teen Skotland in Julie sal waarskynlik uitgestel en nie afgestel word nie.

Die TV-geld wat uit dié toetse verdien sal word, is te noodsaaklik om dit net te laat vaar, het *Rapport* betroubaar verneem. SA Rugby sal ook alles in sy vermoë doen om te verseker dat Nuweland tog vanjaar 'n afskeidstoets kry.

Die Bokke moet op 4 Julie op Nuweland teen Skotland speel, wat veronderstel is om die laaste toets in die geskiedkundige stadion te wees.

Weens die negatiewe impak van die koronavirus is daar 'n kleiner as 10%-kans dat die toets in Julie sal plaasvind.

Die tweede toets teen Skotland is vir 11 Julie in Durban beplan, maar ook dit sal later plaasvind.

Wêreldrugby sal aan die einde van April verskillende datums vir die reël van dié en ander Julie-toetse elders voorlê in 'n poging om iets te red uit die wrak wat deur die Covid-19-pandemie veroorsaak is - as dit enigsins moontlik is.

Vanjaar se Sesnasiesreeks met vier uitgestelde wedstryde, en die Rugbykampioenskap met 12 ongespeelde wedstryde, is geskeduleer om in Augustus en September oor 'n tydperk van agt weke plaas te vind.

Die voltooiing van die kompetisies is weens finansiële oorwegings uiters belangrik vir Wêreldrugby, wat die afgelope tyd verskeie konferensieoproepe met sy aandeelhouers gehad het.

Volgende op die lys van prioriteite vir Wêreldrugby is Julie en November se toetse.

Die nuwe datums vir Julie se toetse sal nie met die van die Rugbykampioenskap oorvleuel nie.

As die Julie-toetse weens die impak van die koronavirus in die slag bly, is 'n ander moontlikheid dat die inkomste wat deur die November-toetse gegenereer word, herverdeel sal word om te vergoed vir die verbeurde inkomste weens toetse wat in die slag gebly het.

Die Bokke speel op 7 November teen Italië, 14 November teen Ierland, 21 November is Frankryk hul teenstander en op 28 November kom hulle buite die vensterperiode teen Wallis te staan.

Dis nog onseker wat SA Rugby met die toets teen Georgië beplan, wat veronderstel is om op 18 Julie in Port Elizabeth plaas te vind.

Dié toets se inkomste sal kleiner wees as dié teen Skotland, maar dit kan 'n invloed op die Bokke se beplanning hê.

## SA Rugby maak reg vir verlies van R30 m. per maand; Cravenweek in gedrang

**Hendrik Cronjé** en **Brenden Nel**

Die Covid-19-pandemie kan SA Rugby tussen R27 miljoen en R33 miljoen per maand kos as sy belangrikste bate, sy spelers, nie teen Junie terug op die oefenveld is, en die inperking nie voor einde Mei opgehef word nie.

Die beheerliggaam moes daarom noodgedwonge 'n plan formuleer wat hom teen 'n moontlike verlies van tot R190 miljoen vanjaar sal verskans. Dit sal gedoen word deur onder meer verminderde salarisse te begin beding om die onmiddellike skade te beperk en 'n basis te vorm van die stryd vorentoe teen Covid-19 se uitwerking op die spel.

Dit blyk egter dat spelers voel hulle word "in 'n blik gedruk" en "gewere word teen hul koppe gehou" in die onderhandelinge oor verminderde salarisse.

Dit lyk ook na 'n gegewe dat die meerderheid van SA Rugby se niewinsgewende toernooie, soos die Cravenweek vir hoër- en laerskole, nie vanjaar sal plaasvind nie. Die besluit oor die afskaffing van vanjaar se Cravenweektoernooie kan binnekort deur die regering vir SA Rugby geneem word.

Selfs vanjaar se SuperSportreeks kan in die slag bly.

Die Curriebekerreeks sal wel voortgaan, maar daar moet nog oor 'n formaat besluit word. Die drie voorstelle op die tafel is dat die tradisieryke reeks oor 'n enkelronde, 'n dubbelronde of 'n dubbelronde in twee groepe beslis word.

**Werknemers in SA Rugby se salarisse gaan gesny word.**

Alle werknemers in Suid-Afrikaanse Rugby se salarisse gaan volgens hul vlak van inkomste gesny word.

Die presiese persentasies is nog onder bespreking en moet volgende week deur verskeie relevante direksies en komitees goedgekeur word. Die presiese persentasie is nog nie vasgestel nie.

Daar word selfs oorweeg om spelers van kleiner unies wat die minste verdien, te help om salarisverminderinge vry te spring. 'n Soortgelyke situasie heers in Engeland waar spelers onder 'n sekere salariskerf nie onderworpe aan aftrekkings is nie. Die plan is dat SA Rugby se "bedryfspaarplan", waarvan die verminderde salaris deel vorm, op 1 Mei in werking tree.

Sou SA Rugby se spelers weer van Junie af begin oefen en die bedryf is in 'n posisie om dit te doen, sal die verlies aan inkomste aan die werknemers terugbetaal word.

SA Rugby se Covid-19-bestuurskomitee, wat onder meer uit verteenwoordigers van sy werkgewersorganisasie, MyPlayers (wat die spelers verteenwoordig), Sport Employees Unite (werknemers se vakbond) en Sareo (Suid-Afrikaanse Rugbywerkgewersvereniging) bestaan, is bewus van die paniek en onsekerheid onder die werknemers.

■ Vervolg op bl. 18

BOK-YSTER HELP NOU ANDER
AJ Venter maak hart oop oor senu-ineenstorting bl. 16

CRAVEN-BOEK
Die dag toe Dok deur sy eie speler aangevat is bl. 17

# W

Rapport Weekliks

## Doc Martens se gatskop-stewels raak 60

## Hoe beveg jy ’n virus met ’n pompaksie-haelgeweer?

## Barend maak hart oop oor die ‘Bird Island’-boek

## Steve Hofmeyr spin (weer) ’n lekker storie

## Vrees is besig om te suurdeeg deur Amerika. Dit fermenteer tot visioene van ramspoed en hongersnood, skryf Jani Allen.

8

’n Verpleegster neem ’n blaaskans buite ’n hospitaal in New York.

*'n Lewe* deur **Herman Lategan**

Louis Wilsenach

# Covid-19 eis lewe van geliefde baanbreker

Die skilder, skrywer, digter, sendeling en baanbreker in die advertensiewese Louis Wilsenach is die afgelope Maandag aan Covid-19 in 'n hospitaal in Krugersdorp oorlede. Die 79-jarige Wilsenach is die eerste persoon wat in Gauteng aan die siekte gesterf het en die derde in Suid-Afrika. Hy het reeds voordat hy die virus opgedoen het longontsteking gehad.

Wilsenach was 'n geliefde raconteur, grapjas en het die laaste jare veral sy Christenskap uitgeleef. Sy passie was om kinders van jongs af te leer om selfvertroue te kweek en dat dit altyd moontlik is om hul ideale te bereik.

"Elke kind is 'n God-idee!" het hy gesê.

Nadat hy aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria matrikuleer het, het hy vir 'n graad in argitektuur aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf. Ná 'n paar maande het 'n lektor hom eenkant geneem en voorgestel hy moet in die advertensiewese gaan werk, omdat hy so vol idees en fut was.

"Hy het opgeskop en dadelik 'n werk in dié bedryf gekry," sê sy dogter Mia Ziervogel. "Hy was eiewys, selfversekerd, innoverend en het vinnig sy eie maatskappy begin.

"My ma, Gretchen, het saam met hom gewerk. Sy was 'n radio- en TV-vervaardiger. Hulle het die eerste animasieateljee in die land gehad.

"Hy was die brein agter die veldtogte vir die NikNaksman, Ouma-beskuit ("dip 'n Ouma"), Chicken Licken en veel meer. Hulle was ook die eerste agentskap om swart en wit kinders in 'n Simba-advertensie ("brrrrrul van smaak") te gebruik.

"Destyds wou die SAUK niks daarvan hoor nie, maar my pa se oorredingsvermoë was te groot en toe gee hulle maar in," sê sy.

Sy onthou hoe hy haar eendag gebel het uit die Kaap en gesê het hy gaan in die parlement praat. Hy was 'n strategiese konsultant vir oudpres. FW de Klerk.

Hy het nie geweet wat met hom gaan gebeur nie, omdat hy hulle gaan vertel dat die land inklusief moet wees rakende rasseverhoudinge. Oudpres. FW de Klerk het (in 2011) gesê hulle het baie sakke sout saam opgeëet en dat die slagspreuk "Die Nuwe Suid-Afrika" syne was.

**'Elke kind is 'n God-idee!' het hy gesê.**

Sy boek, *Die aha!-fenomeen*, is in 2018 deur Graffiti-boeke uitgegee. Dit fokus op inspirerende stories deur bekende mense en hul eie aha-oomblik.

Wilsenach was die jongste van ses kinders en is in Pretoria gebore. Sy pa, George, het sy loopbaan by die Universiteit van Pretoria gelos om sendingarbeid te doen.

Met sy ma, Margaretha, het hulle daarna voltyds sendingwerk onder die Sjangaan-bevolking gedoen.

Ziervogel vertel hoe haar ouers ontmoet het: "My ma was pragtig, soos 'n jong Elizabeth Taylor. Hulle almal het in Valhalla in Pretoria gewoon.

"Baie van die seuns was mal oor haar, sy was maar 14. Die ouens het hom gewaarsku om van haar weg te bly. Vol bravade is hy na haar. Klop aan die voordeur en sy maak oop.

"Hy sê toe: 'Met jóú gaan ek nog trou!' Hulle is inderdaad op 21 getroud."

Omdat Ziervogel en haar een seun in kwarantyn is kon sy nie haar pa se begrafnis Vrydagoggend bywoon nie. Twee van sy seuns en 'n pastoor sal wel daar wees.

"Ek is verniel omdat ek nie by my eie pa se begrafnis kan wees nie," het sy gesê. Hy het gevra dat hulle Dave Brubeck se "Take Five" op sy diens speel.

Hy word oorleef deur sy dogter Mia, haar broers Len, Tebo en Lebo, en drie kleinseuns Neo, Luca en Max. Sy vrou, Gretchen, met wie hy 50 jaar lank getroud was, is drie jaar gelede dood.

**† Louis Wilsenach, gebore 8 Desember 1940, oorlede 29 Maart 2020.**

## Rus in vrede

■ **Chris Brunette**, 'n voormalige joernalis by *Huisgenoot* en vryskutredaksielid van LitNet, is aan 'n hartaanval op 59 dood. Hy het op 25 Maart met vriende vir middagete uitgegaan. Volgens die kunstenaar Theo Kleynhans het Chris gesê hy voel nie lekker nie en het hy ineengestort. Omdat die ambulans so lank geneem het, het hulle hom in 'n motor gelaai en na die Karl Bremer-hospitaal gejaag.

Hy is kort daarna oorlede.

■ Die voormalige ANC-hoofbestuurder **Ignatius Jacobs** is op 57 aan kolonkanker in Johannesburg oorlede.

Jacobs het opslae gemaak toe daar in 2016 beweer is dat hy die meesterbrein agter 'n fopnuussmeerveldtog teen opposisiepartye was. Dit was tydens die munisipale verkiesing en is bestuur soos 'n sogenaamde koverte oorlogkamer. Die doel was om hul beeld te knou en verdag te maak sonder dat dit lyk of die ANC daaragter sit. Hy het voor 'n tugkomitee verskyn en is ses maande se salaris aangebied om vreedsaam te verdwyn.

■ **Alan Merrill**, die skrywer van die liedjie "I Love Rock 'n' Roll", gesing deur Joan Jett & the Blackhearts, het aan Covid-19 in New York gesterf. Hy was 69.

Hy het twee weke gelede begin siek voel, maar omdat sy simptome nie ernstig genoeg was nie, wou geen hospitaal in New York hom toelaat nie. Sy vrou het op Facebook geskryf: "There was nothing I could do for Alan except watch him get worse. When he finally couldn't breathe, was so cold he needed piles of blankets on top of him, and couldn't sleep, I called an ambulance."

Hy is ure daarna dood.

# Wat anders as 10 mense in een huisie bly?

Julian Jansen

**Strandloper**

Dis vroeg in die 21 dae-inperking. Buurman is ligdag by sy hek, tuur na die verlate straat, swaai dan die arms en strek die bene moeisaam. Hy weet nie meer nie, sê hy, al die kaste is al uitgepak, al die ou foto's in sy huis is al herrangskik.

Toe ek antwoord daar's nog 17 dae om te gaan, sug hy diep, sê dit raak nou eerder 'n kopsaak. Sy vrou het gesê hy moet die masker sommer in die huis ook dra, want hy gaan nog al die kosvoorraad vroeër opvreet. Ook dat almal 'n roetine volg en daarby hou - om by jou volle verstand te bly. Hulle kwalifiseer in elk geval nie vir Covid-19 nie, want die meeste slagoffers is ouer mense, het vroeër gereis, of was tussen 'n klomp mense, sê hy.

Suid-Afrikaners volg die maatreëls teen die koronavirus tot die letter. Groot stede en dorpe het oornag spookdorpe geword. In my tuisdorp, die Strand, is selfs die bendegeteisterde buurte stil. Hier en daar loop iemand met 'n masker. Daar's 'n ingeburgerde bewustheid in die oorgrote meerderheid townships en munisipale buurte, maar nie oral nie. Op De Doorns word seisoenwerkers nog in stampvol trokke rondkarwei, met geen maskers en sigbare sanitasie nie. In Delft, langs die Kaapstad-lughawe, lyk dit asof niemand van die aansteeklike virus gehoor het nie. Inwoners pak die sypaadjies vol, vergader in groepies. Só moes die polisie 'n groep klante verlede Vrydag buite 'n winkelsentrum met 'n waterkanon uitmekaarjaag.

Is diegene net argeloos arrogant, traakmy-nie-agtig?

Dink jou egter eers in: Jy woon in 'n sinkhok in die agterplaas van 'n munisipale huis, met ses tot tien mense. Hoe behou jy fisieke afstand in dié beknopte spasie en gee nog ag op die noodmaatreëls ook? Jy's daarby nog bekommerd of jou geld sal hou om genoeg proviand te koop. Jy moet dan ver stap, oorvol taxi's vat en by die naaste groot winkel nog in lang rye gaan staan.

Op straat is daar vir huismense en bure meer ruimte vir arms en bene strek.

Die bekendmaking van 'n positiewe Covid-19-geval in Khayelitsha is met groot bedenkinge ontvang: Wat as daardie besmette persoon in kontak was met groot groepe mense en uit die genoemde haglike woonplekke kom?

Kenners sê in veral sulke gemeenskappe laat die ingrypende maatreëls die wantroueriheid jeens die polisie en wetstoepassing na vore kom weens die historiese konflik.

Die ontstellende nuus tans is die beweerde magsvergrype van soldate, polisie en munisipale wetstoepassers. Soldate laat beweerde oortreders paddaspronge doen, of vir ente in die straat rol. By sjebiens konfiskeer soldate in tipiese *RoboCop*-styl bottels drank en breek van dit voor die "geskokte" inwoners. Die beweerde oortreders word ten aanskoue van hul gemeenskap verneder.

Ek het 'n video op sosiale media gedeel van wetstoepassers wat per motor 'n man in 'n nou straat verjaag en hom dan deur die motorvensters in kru taal aansê om dadelik by sy huis uit te kom. Iemand neem vanuit die agtersitplek die jaagtog op 'n selfoon op. Wanneer hulle uiteindelik die verbouereerde man vaskeer, bestook hulle hom verder met eksplosiewe klinkerwoorde, van f** jou, ma se p*** en jou n***.

"Da pis die n*** hom nou," merk een wetstoepasser onder 'n gelag op.

Facebook-gebruikers was erg verdeeld oor dié video. Waar baie die optrede van die wetstoepassers veroordeel, het 'n beduidende groep hul taalgebruik verwelkom en opgemerk dat die betrokke man, soos baie ander, nie wil luister nie en net dié taal verstaan, dat hy dié verbale kartetse verdien.

Ons is in die tweede week van die 21 dae-inperking. Dit gaan maak of breek wees, want daar móét 'n afname in die getal positiewe infeksies kom. In die verte is geluide van 'n moontlike verlenging.

Alle Suid-Afrikaners het 12 dae om 'n groot verskil te maak. Zweli Mkhize, minister van gesondheid, het Dinsdag genoem dat die infeksiesyfer 1 353 was, ver onder die verwagte 4 000.

In die stikdonker tonnel blink 'n skerfie lig.

"Kom, die *bodies* moet fiks raak, die kop oop!" kom dit vanaf buurman se stoep. Hy en sy twee dogters doen paddaspronge.

Loftus Marais

**Bekrek**

# Sosialemedia-pronker, jy's g'n 'n ghoeroe of stromingsdiens

Eers het selfopgelegde afsondering en nou die staat van inperking aan veral die jonger generasie die klimaks van hulle *woke* ingesteldheid gebied: Jy doen absoluut niks, en juis deur die niksdoenery kan jy wys hoe verhewe jy is.

Ek stry natuurlik nie oor die noodsaak van tans alleen of apart wees nie. Waaroor ek dit het, is mense wat in die laaste weke dinge soos kwarantyn en isolering gebruik om hulself ten toon te stel as enersyds die goedheid self en andersyds vreeslik vermaaklik.

Kom ons begin by die goedheid. Hoeveel WhatsApp-, Twitter-, Instagram- en Facebookprekies gaan ek nog moet lees?! (Baie aan my gestuur deur vriende wat ook hulle oë daaroor rol). Byvoorbeeld, een leidsman der deugde basuin uit wat jy mag en nie mag doen nie - hy't dit gedoen voor die amptelike maatreëls afgekondig is. 'n Ander ene beoordeel gedrag wat hy beskou as onverantwoordelik, selfsugtig, vrot van bevoorregting, rassisties, moorddadig of al hierdie dinge tegelyk. Nog 'n ander ene deel insigte oor hoe die "ware morele aard" van die mens nou blootgelê word, en dít in sy kleurvolle WhatsApp-status met teks in Comic Sans en 'n geanimeerde prentjie van 'n gebroke hart. O, ons sou verlore wees sonder sulke self-aangestelde voorligters!

Sekere etimoloë sê die woord "kwarantyn" is afkomstig van die 40-dae-storie van Christus in die woestyn. Die sosialemedia-heiliges dink seker ook hulle durf die verlokking en foltering van die nuwe woestyn aan, en bly rein. Hosanna.

Dan, die vermaaklikheid. Want in die *woke* tydperk is goedheid nie genoeg nie. Jy moet jouself ook verpak.

Die inperking word hanteer as 'n werklikheidstelevisiereeks. Daar's korona-Kardashians by die tienduisende. Kyk, ek maak tuin om besig te bly! Kyk, ek werk só van die huis af! Kyk, ek doen oefeninge in my sitkamer!

Dalk gaan een van die kulturele veranderings post-korona wees dat ons nóg meer dink die ekke is altyd moerse interessant vir ander? Ons het almal in ons hokkies ingegaan en uitgevind hoe verskriklik spesiaal ons eintlik is? Mag die woestynse Christus ons hiervan behoed en bewaar.

Sosialemedia-pronker, jou ingesteldheid van jitte-ek's-darem-ougat is grillerig. Jy's nie 'n ghoeroe nie. Jy's nie die redakteur van jou eie digitale tydskrif genaamd *House & Leisure: Quarantine Edition* nie. Jy is nie 'n stromingsdiens nie.

Jy's wel iemand wat op 'n minder vermetele manier 'n ernstige krisistyd moet trotseer.

**Genl. Bheki Cele is aan die voorpunt van die stryd.**

***Kruis-verhoor*** deur **Hanlie Retief**

# 'Jy kan nie verwag soldate moet mense net smeek nie'

Wat is verkeerd met paddaspronge en opstote, vra **Thabo Mmutle**, sweep van die ANC se studiegroep oor verdediging. Hulle monitor die "goeie werk" van weermaglede gedurende die inperking.

**Julle prys die weermag vir hul "gehoorsaamheidsbystand". Verduidelik?** Die weermag beveg 'n onsigbare vyand. As ons mense nie dissipline het nie, die regulasies ignoreer en ander in gevaar stel, pas die weermag eenvoudige maatreëls toe om te verseker hulle doen dit.

**Eenvoudige maatreëls soos om mense te skop en in die gesig te klap?** Nee, ons sê duidelik geen buitensporige kragdadigheid mag gebeur nie.

**So gewone kragdadigheid is in die haak, soos om mense te laat paddaspring en in die modder te laat rol?** Ja, dis eenvoudige maatreëls sodat mense nie weer dieselfde foute maak nie.

**Maar dis mos vernederend?** Geen oefening is vernederend nie, mense moet daagliks oefeninge doen vir 'n gesonde lewe. Ons moet 'n aktiewe nasie wees.

**Is 'n blaffende hond 'n bedreiging? Daar is 'n video van 'n soldaat wat 'n blaffende hond skiet.** Moet hy toelaat dat die hond hom byt en almal vir hom lag? Dan sê hulle die weermag is swak.

**Maar die arme hond het net geblaf?** As die hond hulle wil byt, moet hulle weghardloop?

**En die klagtes dat hulle op mense losbrand? Is dit nie 'n resep vir 'n volgende Marikana nie?** Nee, die soldate is nie ontplooi teen die mense nie, hulle misbruik nie hul mag nie, mense moet net leer om in hul huise te bly. Dan sal daar geen ongevalle wees nie.

**En weermaglede wat mense wat in hul erf is tot binne-in hul huise boender?** Hulle sê mense moet in hul huise bly, maar ek beskou jou erf as deel van jou huis. Die beste plek is om in jou huis te bly.

**Die president het gesê geen skop, skiet en donder nie. Is dit nie presies wat hier gebeur nie?** Nee. Mense kan magsmisbruik aanmeld by die militêre ombudsman.

**Steun jy die DA-leier, John Steenhuisen, se voorstel van 'n parlementêre ad hoc-komitee om die polisie en weermag gedurende die inperking te monitor?** Dit hang van die speaker af. Die portefeuljekomitee monitor dit in elk geval.

**Jy sê in 'n mediaverklaring die Handves van Menseregte is opgeskort. Hoe dan nou?** Nee, ek het dit teruggetrek. Dis net vryheid van beweging wat opgeskort is.

**Sjoe, so dit was net 'n flater?** Dit was die verkeerde bewoording of mense het dit verkeerd geïnterpreteer.

**Jy sê DA-taktieke stel mense bloot aan infeksiegevaar. Hoe dan so?** As mense gelos word om vrylik te rond te beweeg, wat sal gebeur?

**Maar die DA verwys net na die polisie en weermag wat menseregte aantas?** Wat moet hulle (polisie en weermag) dan doen? Jy kan tog nie verwag soldate moet net rondgaan en mense smeek om in hul huise te gaan nie. Of die regulasies aflees nie. Hulle moet dissipline afdwing.

**Is die rol van die weermag nie bloot om die polisie te ondersteun nie?** Ek sê duidelik: Hulle dra nie boeie nie en neem nie mense in hegtenis nie.

**Hulle skiet net?** Wil jy hê die polisie moet almal in hegtenis neem wat op straat rondloop? Hulle het nie die vermoë nie. Die DA wil hê soldate moet net staan en kyk terwyl mense hul lewens in gevaar stel.

Pollux se

**pruttelpraatjies**

# As MK wil opdress, kan kommando ry

### Wie sal die Boere kom lei?

Pollux het met kommer kennis geneem van die veterane van Umkhonto we Sizwe wat hul hulp aangebied het "to strengthen law enforcement efforts to help contain the coronavirus".

Behoede ons as 'n hele peloton van Careltjie Niehause in hul *dress-up*-uniforms ons reeds gewelddadige weermag bystaan om kinders wat in die jaart speel, met knuppels die huis in te jaag.

*Pollux het intussen 'n paar grysbaarde in die Vrystaat opgekommandeer en dus staan die veterane van genl. Chrisjan de Wet se Heilbron-kommando gereed as die goewerment van die Transvaal begin steier onder die aanslag van die Ingelse, jammer tog, die Chinese kiem.*

### Looks at the scoreboard

Van die ou Transvaal gepraat.

'n Kêrel daar uit die hoofstad van die ou Republiek en 'n gereelde besoeker aan die groot blou arena in Arcadia laat weet dat elke keer as hy "Covid - 19" lees, wil sy brein byvoeg: "Bulle - 0".

*Jip, Pollux vermoed al lank daai tempel is meer mausoleum as colosseum.*

### 'n Lat vir hul gat

Pollux was nog altyd mal oor 'n mooi eufemisme; soos om te sê jy's "tussen werke" in plaas van werkloos. Of dat die ou president lang vingers gehad het in plaas daarvan om die skelm op sy naam te noem.

Danksy die ANC het ons nou nog 'n mooi eufemisme. In 'n mediaverklaring van kameraad Thabo Mmutle, die party se hoofsweep in hul studiegroep vir verdediging, laat weet die kameraad hoe dankbaar die party is dat die weermag mense wat nie by die huis wil bly nie, "assist with discipline".

Nou ja. As ons eendag weer krieket mag kyk, kan ons ook sê die Ingelse het ons manne "ge-assist with their discipline".

*Dit klink mos darem baie beter as om te sê hulle het op hul moer gekry.*

# Docs: Ikonies én mitologies

Dié onmiskenbare Britse stewels het 'n voorgeskiedenis wat self die moeite werd is om te vertel, skryf **Desmond Painter.**

Doc Martens kan miskien 60 wees, maar dié skoene bly steeds die simbool van jeugdige aspirasie; van daardie ironiese versugting om met behulp van iets wat jy met duisende ander deel, 'n kommersiële produk wat jou rustelose soeke na individualiteit sinies deel maak van 'n geteikende bemarkingsveldtog, anders te wees.

Maar Doc Martens was nie spesifiek ontwerp vir tieners wat wil gatskop nie, en miskien is die langdurigheid van die produk juis hierin te vind. Toe die Britse skoenvervaardigers R. Griggs Group Ltd. daardie eerste onderskeidelik kersierooi en swart oprygstewels in hulle Cobbs Lane-fabriek in Wollaston, Northamptonshire, gemaak en uitgereik het, was dit as 'n funksionele produk wat veral onder die werkersklas aftrek gevind het.

Dit was gemaklik, relatief bekostigbaar, en het lank gehou. Ideaal vir fabriekswerkers, posbodes, busbestuurders en polisiebeamptes, mense wat werkstewels nodig gehad het eerder as modieuse bykomstighede. Dit het aan die nou beroemde stewel 'n allure van outentisiteit verleen wat bemarkers kon uitbuit, maar nooit sou kon opmaak nie.

R. Griggs Group Ltd. se onmiskenbare Britse stewels het 'n voorgeskiedenis wat self die moeite werd is om te vertel. 'n Vroeë weergawe van die stewels is deur Klaus Märtens ontwerp, 'n dokter in die Duitse weermag tydens die Tweede Wêreldoorlog. Märtens het sy enkel in 1945 tydens 'n skivakansie in die Beierse Alpe beseer, en het toe sy weermagstewels gemakliker gemaak met, onder meer, sagte leer en luggestopte sole van buitebande.

Ná die oorlog het Märtens sy ontwerp verfyn en stewels begin maak van herwonne leer wat hy uit Duitse skoenmakerswinkels gekry het. In 1947 het hy en 'n universiteitsvriend Herbert Funck saam 'n onderneming begin en skoene gemaak van weggegooide rubber wat hulle aanvanklik op Duitse Luftwaffe-vliegvelde opgetel het. Hulle funksionele skoene, gekenmerk deur 'n gemaklike snit en die luggestopte sole, was 'n reuse-sukses onder veral Duitse huisvroue, en meer as 80% van hulle mark gedurende die eerste dekade van hul bedryf was vroue ouer as 40.

In 1952 het Märtens en Funck 'n fabriek in München oopgemaak, en teen 1959 was hulle gereed om hul skoene ook internasionaal te bemark. R. Griggs Group Ltd. het op hierdie punt toegetree en die patentregte gekoop om die skoene in Brittanje te vervaardig.

Hulle het die naam verengels na Dr. Martens, die hak verander om beter te pas, die stewels (en later skoene) se kenmerkende geel stikwerk bygevoeg, en die sole onder die handelsnaam AirWare geregistreer. Die res is nie net geskiedenis nie. Die res is mitologie.

**Die amptelike naam was die 1460, genoem na die eerste datum van uitreiking.**



'n Britse punk in die 1980's. FOTO'S; GETTY IMAGES

Dr. Martens is vandag 'n wêreldhandelsnaam en teen die 2010's was R. Griggs Group Ltd. een van die suksesvolste en steeds vinnig groeiendste ondernemings in Brittanje. In 2018 het Business Insider berig dat daar jaarliks meer as 10 miljoen pare Dr. Martens-skoene vervaardig word, verreweg die meerderheid hiervan deesdae buite Brittanje. Die handelsnaam Dr. Martens verwys vandag na 'n uitgebreide reeks skoene en ook klere en ander produkte, maar ongelooflik genoeg bly hul gewildste produk steeds daardie eerste nederige stewel wat 60 jaar gelede bekend gestel is, die ikoniese Docs. Die amptelike naam was die 1460, genoem na die datum van eerste uitreiking.

Dit het nie lank geneem vir die Doc Marten 1460 om meer te word as bloot 'n funksionele leerstewel nie. Die eerste groep in die Britse jeugkultuur wat dit deel gemaak het van hul kollektiewe es-

# Wie is weghol-virus se ware slagoffers?

Is die Chinese manier om Covid-19 te beveg die enigste manier, vra **Pieter Malan.**

Wat sou gebeur het as die Covid-19-pandemie sy oorsprong in Suid-Afrika gehad het?

Hoe sou die Suid-Afrikaanse regering se reaksie - in die afwesigheid van enige ander voorbeelde elders in die wêreld - dan gelyk het?

Hierdie is vrae wat by my opkom na aanleiding van die uitstekende analise van Suid-Afrika se "korona-raaisel" deur die filosowe Alex Broadbent en Benjamin Smart, albei verbonde aan die Universiteit van Johannesburg.

Hulle vra die vraag wat die meeste Suid-Afrikaanse kommentators tot dusver as ondenkbaar beskou: Wat is beter? Om oues te laat sterf en die jonges te laat lewe? Maak dit sin om die spoed waarteen die koronavirus versprei te probeer beperk op 'n kontinent waar die meeste mense nie toegang tot mediese dienste het nie? Red 'n gesonde ekonomie nie meer mense as wat Covid-19 uitwis nie?

Dis moeilike vrae met geen maklike antwoorde nie. Maar die feit dat hulle moeilik is, beteken nie dat hulle nie gevra moet word nie.

Maar pleks van om vir 'n oomblik by die kwessies te vertoef, word die wêreldwye reaksie op die pandemie ingegee deur 'n taktiek wat in die Ooste ontwikkel is in lande met 'n bevolking, kultuur en ekonomiese werklikhede wat heeltemal anders is as in die res van die wêreld.

Die reaksie op die feit dat die Wuhan-model elders nie so suksesvol is nie, laat my dink aan die ou storie oor sosialisme: Dis eintlik 'n wonderlike stelsel, die probleem is net dat dit nog nooit reg toegepas is nie.

So ook met korona. Lande wat nie die virus onder beheer kan kry nie, het net nie die Wuhan-resep reg gevolg nie. Probeer net harder, wees meer soos die Chinese, en julle sal ook uiteindelik die virus op sy kop slaan.

En omdat die hele Noordelike Halfrond saamstem dat die Chinese styl van inperking die antwoord is, het Suid-Afrika (en talle ander lande in 'n soortgelyke posisie) nou presies dit gedoen.

Aangemoedig deur 'n onkritiese media wat 'n eenvoudige binêre prentjie skets van "meer siekes sleg, minder siekes goed", wag ons elke aand angstig vir die minister van gesondheid om die dag se siekes op die nasionale bywoningsregister aan te teken.

En natuurlik het jy simpatie met die Suid-Afrikaanse regering en sy kundiges. Die druk om die Chinese model hier te implementeer was oorweldigend. Om daarvan af te wyk sou jou ooplaat vir 'n stortvloed van kritiek.

Die gevolg is dat ons sit met 'n inperkingsbevel wat perfekte sin

Skinheads in Brighton, Engeland, 1985.

'n Model in Parys in Maart vanjaar.

tetika, was die "mods".

Hierdie groep naoorlogse *boomers* het die Europese modernisme omhels. Hulle het op Vespas in Londen en Manchester se strate gery, in straatkafees en jazzklubs uitgehang, en onmiddellik aangetrokke gevoel tot die minimalistiese koel van 'n paar Docs. Die deurslaggewende oomblik was toe Pete Townshend, die hoofkitaarspeler van The Who, een van die mods se gunsteling- Britse rockgroepe, met 'n paar van die stewels op die verhoog verskyn het.

Die Britse jeugsubkulture van die 1950's tot vroeë 1980's was natuurlik berug vir hulle onderlinge antagonisme en die soms gewelddadige identiteitskonflikte wat daarmee gepaard gegaan het. Die mods het hulle nie net van die konserwatisme van die vooroorlogse generasie, hul ouers en grootouers, gedistansieer nie, maar ook van hul tydgenote, die "rockers". Verskille was nie beperk tot musiek en modes nie. Fisieke ondersonsies tussen mods en rockers in Britse stede soos Brighton het in 'n stadium in die 1960's die status van 'n morele paniek verkry. Daarmee saam het Doc Martens 'n visuele assosiasie verkry van hardegatgeit, anargie en selfs openbare geweld.

Hierdie assosiasie is verder gevoer deur die "skinheads", of "skins", wat hulleself selfs meer as die mods aan hulle Docs laat ken het. Die skinheads was 'n grootliks werkersklas-jeugbeweging wat hul klasseherkoms met trots koester en tot kulturele uitdrukking gebring het, en hulle van die tydgenootlike hippies se middelklaswaardes en sentimentele etos van liefde en vrede onderskei het.

Die semi-militaristiese Doc, saam met bomwerperbaadjies en jeans, was die perfekte visuele teenvoeter vir die hippies se los kleredrag en sandale.

In die laat 1970's, en deels op die hakke van die assosiasie met die skinheads, het Doc Martens moeiteloos deel geword van die "punks" se uitrusting, en is die assosiasie met buitestanderskap, anargie en stedelike subkultuur finaal beklink.

Die punks het, ten spyte van hulleself, natuurlik die groot teenstrydigheid van kontrakulturele jeugbewegings en identiteite blootgelê. Hoe meer hulle hulself esteties gedefinieer en teen die hoofstroom geposisioneer het, hoe makliker is hulle deur die verbruikerskultuur ingesluk.

Die mods, die skinheads, en die punks het een ná die ander 'n bemarkbare produk geword, net nóg 'n modegier wat deur die kapitalistiese stelsel oorgeneem is en nostalgies hersirkuleer kon word.

Toe "grunge" in die 1990's vir 'n oomblik gepoog het om iets van die kulturele verset van punk te laat herleef, hierdie keer in die VSA, was dit weer eens dikwels met 'n paar Docs aan die voete.

Maar soos enige werklik suksesvolle produk, was Doc Martens nooit afhanklik van outentisiteit en buitestanderskap nie. Die blote skyn daarvan was genoeg om dit 'n selfs meer duursame kulturele artefak te maak as enige van die subkulture wat hulleself daarmee geassosieer het.

Natuurlik, Doc Martens sou sonder hierdie geskiedenis van jeugsubkultuur nie die ikoniese en nostalgiese waarde verkry het wat dit nou het nie.

Dit is presies die langdurige assosiasie met die kontrakultuur, met jeugdige rebellie en identiteitskonflik, wat die stewel so 'n begeerlike bykomstigheid gemaak het.

Of wie weet, dalk is dit bloot daardie luggestopte sole?

**■ Desmond Painter het 'n paar rooi Docs begeer, maar sy ouers wou niks weet nie. Om oor sy teleurstelling te kom het hy sosiologie aan die Universiteit Stellenbosch gaan studeer waar hy steeds klasgee.**

---

maak vir dié van ons wat in middelklasbuurte agter hoë mure teen die virus skuil terwyl die kinders in die swembad baljaar, maar onmoontlik is om toe te pas in die land se townships en plakkerskampe waar miljoene mense in sinkhokkies drie-drie 'n bed deel.

En as die pogings om die weghol-virus met Chinese kundigheid hok te slaan nie werk nie, probeer net harder. En harder probeer in die Suid-Afrikaanse konteks beteken om terug te val op dit wat sowel die pre- as post-'94-bedeling in gemeen het: rubberkoeëls en die pompaksiehaelgeweer.

Die vraag is hoe 'n eg Suid-Afrikaanse reaksie op die pandemie sou gelyk het? Sou dit dieselfde klem gelê het op 'n strategie van inperking wat die hele ekonomie lamlê op 'n wyse wat miljoene burgers verarm en uithonger? Of sou ons dalk strategieë bedink het wat eerder die mees kwesbares teen die virus beskerm terwyl die wat jonk en gesond is (en die siekte in alle waarskynlikheid sal oorleef) toegelaat word om steeds te gaan werk soek - al is dit in 'n ekonomiese omgewing waar talle besighede noodwendig uit noodsaak of vrees hulle bedrywighede sal inkort.

**Maatreëls gaan lei tot wanvoeding van miljoene mense.**

Niemand sê beleidsbesluite wat tot die dood van baie mense kan lei is maklik nie. Natuurlik nie. Maar om voor te gee dat pres. Cyril Ramaphosa se besluit net meer as 'n week gelede om die land vir drie weke lank in 'n staat van inperking te plaas, die enigste, die beste en noodwendig die mees verantwoordelike een is, is 'n oorvereenvoudiging - en 'n gevaarlike een daarby. Want, soos Broadbent en Smart dit stel, dié maatreëls gaan lei tot die wanvoeding en hongersnood van miljoene mense, 'n gruwel-scenario waar kinders en baba's die grootste slagoffers gaan wees.

En laat ons onsself herinner dat uitvoerende besluite oor lewe en dood, ook in Suid-Afrika, nie ongewoon is nie. Twintig jaar gelede was oudpres. Thabo Mbeki gekonfronteer met 'n soortgelyke keuse: Moet hy skaars staatshulpbronne gebruik om die land se MIV/vigs-pandemie te beveg of moet hy op die ekonomie fokus.

Mbeki het (vir komplekse redes en met bisarre regverdigings) besluit op laasgenoemde en volgens sommige ramings meer as 330 000 mense 'n vroeë dood laat sterf. Desnieteenstaande is hy by die stembus beloon met die hoogste ANC-meerderhede nog, 'n feit wat kommentators toeskryf aan die ekonomiese voorspoed onder sy bewind.

Ramaphosa het sy moeilike en onbenydenswaardige keuse gemaak: 'n keuse wat korttermyngesondheidsvrese bó die gevare van 'n ekonomiese ineenstorting en hongersnood stel. Dit gaan waarskynlik nog jare duur voordat ons weet of hy reg was.

**■ Pieter Malan is redakteur van *Weekliks*.**

# Misbruik van mag dalk erger as die virus

Mpiyakhe Dhlamini

**Die ander kant**

Suid-Afrikaners het pas die eerste week van hul inperking van drie weke voltooi.

Dié week is gekenmerk deur verskeie voorvalle van misbruik en inbreuk op die burgerlike vryhede deur die veiligheidsmagte. Ná die ervarings van die afgelope week is dit miskien tyd dat Suid-Afrikaners hulself afvra of die advies van wetenskaplikes 'n goeie genoeg rede is om ons vryhede so maklik te laat vaar.

Vryhede is bykans onmoontlik om weer op te eis nadat dit eers laat vaar is. Dit is kommerwekkend om vooraanstaande lede van die opposisie te hoor wat luidkeels hierdie oortredings toejuig, omdat dit gedoen word om ons "van die virus te red". Aan die ekstreme kant van die spektrum het jy vir Makashule Gana, 'n DA-lid van die Gautengse provinsiale wetgewer, wat van die ergste oortredings verwelkom. Dis moontlik die radikaalste voorbeeld, maar baie ander lede van opposisiepartye toon 'n ontstellende gebrek aan insig oor die skending van ons regte.

'n Mens sou dit nog verwag van die EFF (wat, die laaste keer dat ek gekyk het, dit op hulself geneem het om die inperking namens die regering te polisieer), maar nie van die DA nie, immers 'n party met 'n lang geskiedenis van veg vir die burgerlike vryhede van Suid-Afrikaners.

En moenie vergeet nie: Die afkondiging van 'n nasionale ramp is gedoen deur 'n uitvoerende verordening moontlik gemaak deur die Wet op Rampbestuur. Leiers van opposisiepartye het later hul steun aan die uitvoerende gesag verleen in hul gebruik van dié magte. Dit is ondanks die feit dat die behoefte om dit te doen of die data en die metode wat die regering gebruik, nooit in die parlement bespreek is nie.

Dit is kommerwekkend gegewe die omvang van die maatreëls. Niemand het die vermoë om te oordeel of die regering en hul wetenskaplikes moontlik verkeerd is nie. En dis belangrik, gegee die geskiedenis van 'n regering wat dikwels data ignoreer as dit kom by beleidsontwikkeling (soos wat die trae ekonomiese groeisyfers van die afgelope tien jaar toon).

Van die ekonomie gepraat: Die waarskynlike impak van hierdie ineenstorting op die ekonomie is ook nie bespreek nie. Ons is veronderstel om bloot te vertrou dat die regering die nodige koste-voordeel-ontleding gedoen het nadat die relevante data oorweeg is. Dit klink nie vir my soos 'n grondwetlike demokrasie nie.

Dit mag nooit vir die regering maklik wees om ons regte weg te neem nie, veral nie as die wette of regulasies wat gebruik word, nie eweredig toegepas word nie. Daar is tekens hiervan op twee vlakke: Eerstens word die veiligheidsmagte meestal in die townships en informele nedersettings ontplooi. Bedoelende dat alhoewel ons almal ons regte verloor het, jy in baie voorstede steeds jou normale lewe kan lei (dis nou as jou bure jou nie verkla nie; 'n rubriek vir 'n ander dag). In talle dele van die land word mense dikwels opdrag gegee om in hul huise te bly, alhoewel die regulasies jou slegs tot jou eiendom beperk.

Tweedens het die regering onder druk van belangegroepe begin swig om hulle spesiale voorregte tydens die inperking te gee. Soos mens seker kon voorspel, was die taxibedryf een van die eerstes. Ná dreigemente van taxibase het die departement van vervoer hul regulasies oor die getal passasiers wat vervoer kan word, gewysig.

Die inperking illustreer hoe sleg die land kan word as die neiging tot 'n magtiger staat onverpoos voortduur. Dit wys ook dat opposisiepartye nie noodwendig vertrou kan word om ons vryhede te verdedig nie. Laastens sien ons dat hierdie regering nie in staat is om aan die oppergesag van die reg te voldoen nie.

Daar is miskien slegter dinge as 'n hoogs aansteeklike virus. Ons sal gou genoeg daarvan uitvind.

# Gety aan't draai in guns van lokalisme

Tim du Plessis

**Dís die punt**

Die ANC se sentrale dogma van 'n oppermagtige staat wat letterlik alles rig en beheer, was reeds voor korona in die wagkamer buite die siekeboeg. " 'n Staat op sy knieë", in die woorde van 'n ingeligte burokraat die afgelope week - Jacob Zuma se "geskenk" aan sy geliefde ANC, deurgegee aan die land.

Dit lyk dalk nie nou so nie, maar moenie verbaas wees nie as die virus dié "staatspasiënt" mettertyd stuur na die terminaal-saal.

Met pres. Cyril Ramaphosa se eerste TV-verskyning drie Sondae gelede het dit gelyk of die groot staat 'n *comeback* maak. So ook 'n paar dae later, toe die president die nasionale staat van inperking afkondig. Hy was indrukwekkend. Die ferm en op die oog af deurdagte optrede van die gesondheidsminister, dr. Zweli Mkhize, het dié gunstige indruk versterk.

Maar toe verskyn ministers Fikile Mbalula, Bheki Cele en Lindiwe Zulu op die skerm om die inperkingsregulasies te bepraat. En skielik val die hyser van die vyfde na die kelderverdieping.

Die vraag is nie of die diepsnydende inperking die regte skuif was nie. Dit wás, sonder twyfel. Ek koop allermins die argument dat jy maar lewens kan opoffer solank die ekonomie net aan die gang bly. Wie gaan besluit wie leef en wie sterf? Die staat of die mark? Jammer, maar as 'n kandidaat vir die sterflys (65+) vertrou ek nie een van daai twee nie.

Welke gebroke instrument die groot staat reeds is, het in minder as 'n week van die inperking geblyk. Die vergrype van oorywerige wetstoepassers ure ná die ingrendeling het die eerste rooi ligte aangeskakel.

Teen die einde van dié week het Mbalula, die vervoerminister, paniekerig in die water gespartel in die verwarring oor die regulasies vir minibustaxi's. Wees Mbalula maar genadig. Die ploeterstaat is nie sy skuld alleen nie.

Simon Jenkins, die Britse oudredakteur en rubriekskrywer, het dié week in *The Guardian* geskryf hoe die naoorlogse krisis in Brittanje in die 1950's geboorte gegee het aan die welsynstaat, daardie een wat vir jou sorg "van die wieg tot die graf".

Jenkins vra dan wat die korona-krisis sal baar. Want wat die inperkings tot dusver uitgewys het, is private burgers se intense behoefte aan presies dit wat 'n "plaaslike gemeenskap" nog altyd gebied het - 'n straat met winkels, 'n polisiekantoor, 'n bank, 'n biblioteek, dagsentrums en 'n gemeenskapskliniek. Só veel dat hulle nou terugval op tegnologie "om 'n byna Middeleeuse behoefte aan gemeenskapsteun te bevredig".

Inderdaad. My WhatsApp-groepies en ons I love Northcliff-blad op Facebook is goed en wel. Maar hulle vervang nie daardie diepe behoefte aan egte gemeenskap nie; dít wat die groot staat en die korporatisme van die afgelope paar dekades met hul meedoënlose najaag van sentralisme en besuiniging vernietig het.

Jenkins voorspel wat in die post-korona-wêreld gaan gebeur, is "localism", die teenoorgestelde van die groot staat.

Spruitend uit sy slagkreet van "ANC lives, ANC rules", probeer die regerende party nou al sedert vir altyd om 'n voorhoede-staat, of 'n ontwikkelingstaat, hier te vestig. Nugterder ANC-figure soos Trevor Manuel het later die term "bekwame staat" oorgeneem. Maar dié "bekwame staat" was die vroedmeester van die rampsalige Suid-Afrikaanse ekonomie, wat dié week die finale rommel-tjap gekry het. Wat laat jou glo iets het verander?

Kom ons kyk maar wat gebeur as die inperking behoorlik begin byt. As dit nie meer gaan oor hoeveel mense in 'n minibus-taxi mag wees nie, met óf sonder maskers. Of oor die anomalie dat die winkels skeermesse vir vroue, maar nie vir mans nie, mag verkoop. En of die verbod op die verkoop van sigarette en alkoholvrye bier nie belaglik is nie.

Nee, die "bekwame staat" sal getoets word as Covid-19-pasiënte eensaam sterf in hospitaalgange en as desperate, honger mense in die strate voor TV-kameras smeek om hulp. En as die WhatsApp-groepies oorstroom word met stemnotas van leed en smart. Mag die Vader dit behoed.

Kyk bietjie na die Solidariteit-beweging. Flip Buys, voorsitter, sê: As die ouetehuis op 'n afgeleë dorpie bel om te sê hulle is in 'n bestaanskrisis, stuur ons hulle nie na die naaste regeringskantoor nie.

"Ons kontak ons plaaslike mense. Hulle kan omtrent altyd help. Dit verg net inisiatief en die mobilisering van plaaslike hulpbronne, wat nie noodwendig geld is nie."

Hier's 'n voorspelling, een wat die deugseiners sal vertoorn wie se sakemodel gebou is daarop om Solidariteit en AfriForum te demoniseer: Dis onseker of die Suid-Afrikaanse staat meer of minder bekwaam uit die korona-krisis sal tree. Dis veiliger om te wed daarop dat die gety aan't draai is in die guns van Solidariteit en ander se inisiatiewe, na die lokalisme van gemeenskappe van vlees en bloed.

# Weerlose, weerlose mense

Die korona-pandemie laat 'n paar interessante regsvrae oor skuld en verantwoordelikheid sou iemand met wie jy kontak het, siek word.

Ons Grondwet sê alle mense is gelyk. Covid-19 wys dit.

Wel, gedeeltelik. Alle rasse, klasse en geslagte word siek en kan sterf, maar by die impak speel bevoorregting duidelik 'n groot rol.

Lewe en dood het regsimplikasies. Covid-19 ook. Ek noem enkeles.

Die Grondwet erken die regte op lewe; menswaardigheid; vry beweging; vry assosiasie; en gemeentelike aanbidding. Hoe gemaak met gevaarlike gekke wat in hierdie tyd ander se lewe en menswaardigheid weens eiebelang, selfbeheptheid of onkunde minag? Of ministers, generaals en korporaals wat hul mag misbruik?

Ons regte word tans erg beperk. Een van die kwesbare aspekte van 'n demokrasie is dat regte uitgeoefen kan word op 'n wyse wat ander se regte skend - en inderdaad die demokratiese staat bedreig. Mededingende regte word dus teenoor mekaar afgeweeg en beperk. Selfs normaalweg moet die staat byvoorbeeld die reg tot vrye beweging beperk deur verkeersreëls wat spoed beheer en voorskryf aan welke kant van die pad ons ry. Jy kan ook nie sommer met jou nuwe 4x4 deur die bure se voortuin kortpad strand toe vat nie.

Volgens art. 36 mag regte beperk word, mits die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop demokratiese samelewing. Verskeie faktore word in ag geneem, waaronder die doel en aard van die beperking. 'n 10 km/h-spoedbeperking sal nie padveiligheid nie, maar chaos tot gevolg hê. Proporsionaliteit is belangrik. Minder streng beperkings moet oorweeg word, maar hoef nie verkies te word nie. 'n Vlieg word nie met 'n voorhamer doodgeslaan nie, maar hoe mag ook nie vir die wetgewer voorskryf dat 'n 125 km/h-spoedperk beter as 120 is nie.

**Ek twyfel of hy 'n militêre staatsgreep beplan.**

Die president en konstabel Abel kan nie regte beperk nie. Slegs die reg kan. In die huidige geval bemagtig die Rampbestuurswet die uitvoerende gesag om regulasies te maak.

Straf kan voorgeskryf word. Lewenslange gevangenisstraf vir op die straathoek rook sal sekerlik te ver gaan. Dieselfde om met 'n sambok getug te word as jy op Sondag gevang word met jou pasgekoopte *Rapport* en hulle jou nie glo dat dit voedsel vir die siel is nie. Vir dronk straatmoles en die minagting van lewens lyk kwaai woorde, noodsaaklike hardhandigheid, 'n stywerige boete, of 'n tydjie agter tralies heel redelik. Talle se reg op lewe weeg swaarder as sommiges se reg om omhelsend besope rond te slinger. Om traangas by onwettige byeenkomste te gebruik, sal dom wees, maar busse mag voorgekeer en hekke gesluit word.

Verlede week sê *Rapport* se redakteur en grondwetkundiges dat min. Bheki Cele en kie niks vir ons regte voel nie; 'n noodtoestand beter as rampbestuur sou wees; en sommige regulasies dalk vaag is. Dalk beslis ons hoogste hof nog hieroor.

Onderskei egter tussen - aan die een kant - die rampbestuurswet se moontlike ongrondwetlikheid omdat dit te veel mag aan ministers gee om deur regulasies te regeer, regulasies wat verder gaan as wat 'n behoorlike interpretasie van die rampbestuurswet toelaat, en vae onduidelike regulasies; en - aan die ander kant - gewoon brutale magsoorskryding deur polisiebeamptes en soldate.

Cele geniet die militêre mag wat hy lank reeds begeer; Lindiwe Zulu trek verspot aan; Fiks Mbalula blaf soos altyd; en staatsman Cyril hoort nie in uniform nie. Ja, ons moet hulle dophou, maar ook nie in irriterende kleinighede vaskyk nie. Ramaphosa wil dalk maar oningeligtes en halsstarriges beïndruk met die erns van ons "oorlog" teen die virus. Ek twyfel of hy 'n militêre staatsgreep beplan. Dink net, ons kon Zuma as opperbevelhebber gehad het… of Trump, wie se haarstyl belagliker en praatjies aanstootliker as enige modewinkel-uniform is.

Wat van die gewone strafreg?

Moord is die wederregtelike, opsetlike veroorsaking van 'n mens se dood. Veral opset en oorsaaklikheid vorm hier die kern.

As ek, wetende dat die virus in my woon, op my naaste spoeg met die opset om hom dood te maak, en hy sterf inderdaad aan Covid-19, kan ek heel moontlik aan moord skuldig wees. As ek iemand probeer doodspoeg, maar sy oorleef, mag ek aan poging tot moord skuldig wees, net soos wanneer ek op haar skiet, maar die teiken mis.

Indien ek niemand wil doodmaak nie, maar onverskillig rondloop en nies met kennis van die virus in my kan ek op grond van my nalatigheid aan strafbare manslag skuldig wees. 'n Redelike lid van die gemeenskap sou versigtiger wees. Wanneer ek, sonder moordlus, iemand se dood veroorsaak deur nalatig en onverskillig oor 'n sperstreep te ry geld dieselfde tog. Baie growwe onverskilligheid kan inderdaad opset "met moontlikheidsbewussyn" wees - en derhalwe moord. Dit is die "dolus eventualis" wat onnodig deur die Oscar Pistorius saak wêreldberoemd gemaak is.

Die moeilike element om in 'n hof te bewys, is dat die dood of skade wel die gevolg van my optrede is. Wetenskaplik is oorsaaklikheid 'n ingewikkelde begrip. Die lewe maak onverwagte draaie. As die ongelukkige ontvanger van my nare niesdruppeltjies siek word, suksesvol behandel word en op pad huis toe op die hospitaaltrap gly, val en aan breinbloeding sterf, kan ons wel sê dat as dit nie vir my nies was nie, sy nie in die hospitaal sou beland het nie.

Die vallery op die trap was egter 'n heel nuwe gebeurtenis in die oorsaaklikheidsketting.

As, nadat ek die virus op my onskuldige slagoffer uitgenies het, hy by 'n kerksaamtrek met ander virusdraers skouers skuur, siek word en sterf, is die doodsoorsaak nie duidelik nie.

Veronderstel die oorledene het duidelik die virus by die kerkbyeenkoms opgedoen. Waar laat dit die godsmanne - soos ons Durbanse "biskop" vir wie Hanlie Retief uitgevra het - wat mense kerk toe jaag te midde van die pes omdat "God bo die president en reg" is?

Op 'n video praat Kenneth Copeland, 'n Amerikaanse prediker binne die "seed faith"-stroom van die charismatiese beweging, met sy bedremmelde volgelinge. Met oë wat vurig tuur soos die Here of Satan selwers, beveel hy hulle om ten alle koste hul finansiële bydraes te betaal. Indien hulle nie kerk mag bywoon nie, moet hul fisiek die virus trotseer en hul geldjies onder die deur kom laat - anders kan God se kerk nie floreer nie. Hulle moet hulle nie bekommer oor of hulle kan werk nie, sê hy, maar slegs oor Jesus!

Kan diesulkes aanspreeklik wees vir iemand se siekte of dood?

Wat is nuut? Jare al vertel mense soos Benny Hinn desperate, armsalige, brandarm goedgelowiges dat hulle van kanker genees sal word, of oornag ryk sal word, as hulle hul laaste sente vir hom gee. Hoe minder hulle het, hoe meer vrugte sal die saadjie wat hulle saai oplewer.

Om te lieg met die doel om wins te maak is bedrog, sê die strafreg. Ons vervolg egter nie hierdie pastore nie omdat ons respek het vir godsdiens - asook vir enige skelmspul wat as godsdiens voorgehou word. Dalk glo die prediker self inderdaad sy bisarre beloftes en lieg nie opsetlik nie, redeneer ons. Wonderwerke gebeur. Water is immers in wyn verander. Vir siviele aanspreeklikheid is slegs nalatigheid egter nodig, nie opset nie. Sou predikers wat mense aansê om die reg en die virus te ignoreer omdat gebed hulle sal beskerm, dalk skadevergoeding of onderhoud moet betaal as gebed nie werk nie?

Heelwat godsdiensleiers het die afgelope tyd mooi gehelp. Godsdiens kan in krisistye 'n sterk positiewe rol speel. Ook is dit dikwels gebruik as verskoning en motivering vir grondroof, diefstal, oorlog, moord, gierigheid en rassisme.

Die Grondwet, reg en regering kan nie alles vermag nie. Wyn ook nie. 'n Knippie naasteliefde is nodig. Kan kerke help om ons menswaardigheid te eer?

En die media? Die res van ons?

Ons is almal Koos du Plessis se "weerlose, weerlose mense".

■ **Johann van der Westhuizen is 'n oud-regter van die konstitusionele hof.**

Om ouer te word is soos om 'n boete te kry vir iets wat jy nie doelbewus gedoen het nie, skryf **Jani Allan.**

# Die pes, die lewe

Vrees is besig om te suurdeeg deur Amerika. Dit fermenteer tot visioene van rampspoed en hongersnood.

Die Ooskus-dorpie waar ek woon se naam is New Hope. 'n Vandaal het die dorp se naambord met spuitverf toegetakel. Daar staan nou: "You are now entering the borough of No Hope".

Die lewe het geëindig. Gekanselleer. Dis tot stilstand gebring.

Soos Perceval voel ek asof ek verlore en onopgeëis in 'n woud ronddwaal.

Buite blom die forsythia skitterend en heldergeel, maar niemand is besig om die eerste tekens van die lente te vier nie. Is dit nie ietwat ironies dat forsythia in tradisionele Chinese medisyne gebruik word om die liggaam te reinig nie? Daar is egter slegs een Chinese gespreksonderwerp in hierdie dele: die feit dat die koronavirus sy oorsprong in 'n *wet market* in China het.

Ons leef in die lang skaduwee van die staat New York, waar die virus besig is om soos 'n sneltrein te versprei.

Drie miljoen Amerikaners het hul werk verloor en die virus kan soveel as 200 000 doodmaak, volgens Amerika se voorste kenner vir aansteeklike siektes, dr. Anthony Fauci.

Was ek nie veronderstel om "*hashtag* die droom te leef nie"?

Ek is immers in Amerika, die land van vryheid en die tuiste van die dapperes. As jy dit nie die eerste keer regkry nie, dink aan die laaste drie letters van "American". Amerika is nie net die plek waar wonderwerke gebeur nie – dis die plek waar hulle die hele tyd gebeur.

Alexis de Tocqueville het gesê dit was eers nadat hy in die kerke van Amerika was en na die preke vol vuur en eiegeregtigheid geluister het, dat hy die geheim van hul genialiteit en mag besef het.

Ronald Reagan het verder gegaan toe hy gesê het: "God het 'n goddelike doel gehad deur hierdie land tussen twee groot oseane te plaas waar mense wat 'n spesiale liefde deel vir vryheid en moed dit kon vind."

Dit was nie die Amerika wat ek kom kry het nie.

Vryheid? Ek is 'n virtuele gevangene.

Ek kyk met ingehoue asem na hoe vinnig lughawens en kantore, huise en stede leeggeloop het.

Tot my teleurstelling "Broadway has gone dark" (soos die *luvvies* sê.) Net toe ek veronderstel was om 'n resensie te skryf van die drama *Lungs* met Claire Foy en Matt Smith (die sterre van *The Crown*).

Die stad New York het 'n bevolking van 8,6 miljoen en 'n toerismebedryf van ongeveer 65 miljoen en is tot stilstand gedwing. Stadsinstellings is gesluit. Nee, alles is gesluit.

Die deurwagte by die deftige hotelle en rykmanshuise in New York het hul wit handskoene vir lateks-handskoene verruil. Hulle het enorm belangrik vir ryk New Yorkers geword.

Die 35 000 of so wit gehandskoende portiers, deurwagte en opsigters doen veel meer as net deure oopmaak, bagasie na limousines dra of pakkies ontvang. As die bewakers van die grense tussen die openbare en die private speel die hekwagters 'n belangrike rol in die onderstrominge van die metropool, een wat nog nooit meer sigbaar was as nou nie.

In hierdie onsekere tye is hulle aan die voorpunt van diegene wat moet verhinder dat die wêreldwye pandemie jou drumpel oorsteek. *Perish the thought.*

New York se moltreinstasies lyk soos die stel van 'n distopiese film.

Die Oculus-stasie in Manhattan is grotendeels sonder pendelaars. Die openbare biblioteek in New York is gesluit. Times Square is verlate. Die Lincoln Center is leeg. So ook Grand Central Terminal. 'n Tydskrif by 'n koerantstalletjie moedig jou halfhartig aan: "Moenie paniekerig raak nie."

Ons daaglikse lewens begin al hoe meer na 'n wetenskapsfiksierolprent lyk. Steven Soderbergh se *Contagion* volg die spoor van 'n raaiselagtige patogeen op 'n vliegtuig van Hongkong

# Wil jy dans, Kwarantyn?

Ons moet nou soos mistici uiteen bly om iets reg te kry, skryf **Christo Lombaard.**

Stille nag. Stille dag ook. Stille weke, dalk…

Tuis, alleen-alleen, of saam met ander alleen, sit-sit so alleen. Corona volente. Winston Churchill sou kon kwink: Nog nooit het iets so klein so baie aan soveel gedoen nie. Die ou skoorsoek-sêding, dat sterk gif in klein botteltjies kom, word in ons dae nog meer waar bewys: 'n Piepklein virus hou 'n ganse planeet tuis.

Wie rus? Ons almal. Amper.

In 'n era van netwerke bou en 'n wêreldwye web en verdrukkende groepdenke, word ons skielik teruggegooi na 'n uitdrukking uit Britse diplomatieke denke van 'n eeu en 'n kwart gelede: "splendid isolation". Jy's op jou beste as jy op jou eie is. Anders as die gewone slagspreuk om 'n probleem op te los – "eendrag maak mag" – moet ons nou uiteen bly om iets reg te kry. Soos met die mees onlangse mediese massakode, MIV, is dit met Covid-19 ook: Moenie sáámstaan teen hierdie probleem nie; bly apart daarteen. (Sonder die regse politieke implikasies!) Sover jy kan, so ver as wat jy kan van ander af: Hou verkieslik jou naaste ver. En weer soos met MIV, staan korona teenoor die immer vlakke motiveringspreuke: Hier wil jy nié positief wees nie.

Die godsdienstige eggo's van alleen wees bied hulself eintlik aan, met hierdie grootse afsondering van ons tyd. Soos monnike en nonne in hul kloosters, soos solo-mistici, is die ideaal van ons tyd – hoe uiters onverwags! – om afgesonderd te leef. "Jy in jou klein hoekie, en ek in myn" – die ou *Halleluja*-sangboek se liriek, kry skielik nuwe inhoud. In eensaamheid vind 'n kluisenaar sielerus en geestesgesondheid, in so 'n geloofswêreld. Dit is iets wat vir die meeste van ons wêreldvreemd lyk, maar tog nie is nie.

Ons besef nou, eerstehands: Sulke alleenheid is nie vir jouself nie, maar liefdesdiens. Jy sluit jouself van die wêreld af, nie omdat jy die wêreld afskryf nie, maar omdat jy die wêreld ter wille is. Jou eenheid is g'n afkeer-weens-afkeur nie, maar is juis vir die heil, vir die welsyn van ander. Afstandelikheid is nie selfgerig nie, maar stel die beswil van elke ander mens eerste. (Wat ook die wetenskapsideaal van die universiteitswese is!) Die Afrikaanse woord "eensaam" vat hierdie tweekantigheid presies raak met sy dubbele klemtoonmoontlikhede: éénsaam en eensáám.

Ná die fratsdood in 1960 van die Algeryns-Franse Nobelprys-filosoof Albert Camus het sy eertydse vriend Jean-Paul Sartre dit in die begrafnisrede so verwoord: Om weg van mekaar te wees, is net 'n ander manier van saam wees.



Verlate; Oculus-stasie in New York City. FOTO: GETTY IMAGES

Ek en my kinders.

na Chicago - 'n vroeë weergawe van 'n pandemie wat oor die aardbol versprei, oor grense en deur liggame. Onder die eerste slagoffers tel die uitvoerende hoof van 'n groot maatskappy Beth Emhoff (Gwyneth Paltrow), wat, kort nadat sy teruggekeer het uit Hongkong, op haar kombuisvloer in Minneapolis rondkruip met glasige oë en skuimende mond.

In sy distopiese visie van 'n hede wat kwaadaardig besmet is deur vrees, paranoia, eiebelang en die ontkenning van wetenskap, is hierdie film beslis een vir die oomblik, selfs al trek dit ook die verlede by.

Die groot vrees vir besmetting woed in 'n land waar selfs die sakrament nou in 'n gesteriliseerde, ontsmette klein sakkie bedien word. Hulle wil graag hul Skepper ontmoet. Maar nie nou al nie.

Wat die supermark betref, is die trollies lankal toegerus met handreinigers. Alle produkte moet met 'n tang en plastiekhandskoene en klein stukkies papier hanteer word. Ek kan 'n tyd onthou toe 'n mens vars brood in Suid-Afrika gekoop het toe die warm brood net 'n *cummerbund* van papier gedra het en niks anders nie.

Natuurlik het elke oppervlak, ongeag hoe vervolmaak dit is, 'n potensiële gevaarterrein geword.

Elke hysbakknoppie, elke deurknop, elke gesprek is 'n potensiële moordenaar. In supermarkte is daar stroke met kleefband geplak om te wys waar jy moet staan. Slegs elke tweede kassier is oop. Koffiebaristas word gekeur asof hulle bankklerke is. Ek het al mense met deurskynende *hazmat*-pakke en gasmaskers uit die Tweede Wêreldoorlog gesien. Die ander dag sien ek hoe 'n paartjie lateks-handskoene aantrek voordat hulle hande vashou.

'n Paar dae gelede het 'n vrou in die supermark vir my gesê dat ek baie dapper is. Ek was besig om te konsentreer op die pienk pomelo's uit Israel.

Ek het opgekyk en gevra waarom. Ek het veronderstel dat was 'n verskuierde verwysing na my ouderdom.

"Kyk na Italië. Hulle is berug vir hul baie ou mense," het sy gesê. "En kyk hoe sterf hulle af!"

Ek veronderstel dat om ouer te word, is soos om 'n boete te kry vir iets wat jy nie doelbewus gedoen het nie. Die virus raak buite verhouding diegene wat in hul metallurgiese jare is: silwer hare en goue tande.

Ek het probeer om nie te giggel nie. Nie net weens die gebruik van die woord "berug" nie, maar omdat die woord "dapper" iets is wat ek in my boek assosieer met die landing op die strande van Normandië.

■ ■ ■

In Oktober 1820 woed tifus in Napels. Die Britse digter John Keats ("I have been half in love with easeful death") was vir tien dae lank op 'n skip in die stad se hawe vasgekeer, nie naastenby die quaranta giorni van 40 dae nie - waarvandaan ons die woord kwarantyn kry.

Keats het die blanko dae gebruik om 'n kort opsomming van sy nie-so-poëtiese opvoeding te skryf, met byna almal wat hy gedurende sy kinderjare liefgehad het. Hy het geskryf oor die onstabiliteit, armoede en voortdurende gevegte met boelies.

**Hulle wil graag hul Skepper ontmoet. Maar nie nou al nie.**

Die nuwe boelies is die opgaarders wat soos sprinkane deur die winkels trek.

Terwyl soi-disant oordeelsdagvoorspellers al uitgelag word solank as wat daar samesweringsteorieë is, is elkeen besig om vir die oordeelsdag voor te berei.

Die aanlyn mark is die nuwe Wilde Weste, waar opportuniste hul kliënte afpers met ontsmettingsmiddels en gesigsmaskers. In Amerika is hebsugtigheid nie soseer 'n virus as 'n chroniese siekte van epidemiese afmetings nie.

Geld is wat die dood vir Keats was.

'n Mexikaanse entrepreneur het 'n bloeiende onderneming agterop sy tuindienste-bakkie begin. Hoe? 'n Kennis wat 'n paar pizzerias besit en van die juwele bedruip is, bied 'n gratis rol toiletpapier met elke pizza-aflewering.

Dit is die tipe mense wat sekerlik vir hulself 'n klein pied-á-terre in Dante se *Inferno* verdien het.

■ ■ ■

Dr. Fauci waarsku dat "miljoene" mense siek sal word van die virus. Werkers wat na bejaardes omsien is angsbevange. Maar daar is silwer randjies. Veronderstel ek. Ons vind nuwe maniere om ons aandag af te lei van 'n sukkelende openbare gesondheidsorgstelsel en 'n tekort aan ventilators.

Mia Farrow het 'n video geplaas van haar seun Ronan waar hy as tiener Stephen Sondheim se "Not While I'm Around" sing.

Sosiale distansiëring? Ek leef in 'n gloed van obskuriteit in 'n mooi klein rivierdorpie. Ek was besig om myself sosiaal te distansieer sedert ek in Amerika aangekom het. Welkom in my wêreld.

Lees 'n boek. Of twee. Soek die Here. Leer Russies.

■ ■ ■

Moet jou nie ontstel nie.

In sy naoorlogse roman *La Peste* (*Die pes)* beantwoord Albert Camus sy eie vraag: "Maar wat beteken dit, die pes? Dit is tog die lewe."

---

Amper so, is ons op Planeet Aarde tans saam-saam elkeen op ons eis.

Inherent aan sommige van die maniere waarop die afsonderingslewe in die geskiedenis afgespeel het, is reinheid. Nie net in die vorm van suiwerheid van geloof nie, maar ook die lyflike spieëlbeeld daarvan: om jouself gereeld te was. Die simboliek van water wat skoonmaak en die nabye teenwoordigheid voor God wat rein maak het op mekaar ingespeel. 'n Mens sien dit steeds, op half-parallelle maniere, in die Christelike doop, in die daaglikse was-voor-bid-ritueel van Moslems en in die Sabbatsbad van ortodokse Jode.

En nou, analoog, leer korona almal om tog 'n slag of wat jou hande ordentlik te was - iets wat die kiembevreesdes onder ons nog altyd wéns almal wil doen. Bladgee en soengroet is uit; bankmasjien- en hysbakknoppies druk, bykans doodsonde; spansport speel en spanbou by die werk, neusie verby. Want jou neusie gaan loop…

Daar is allerlei ander meelope en aflope van korona-koors ook. Die wêreld wys byvoorbeeld sy slimheid met nuwe grappies wat die www-sfeer deurblits. Soos die Finse twitterateur @AkolaJuho ons wêreld opsom (hier effens aangepas). Die politieke landskap tans is geheel buitengewoon - almal kry skielik presies wat hulle wou hê:

■ Konserwatiewes: Landsgrense word gesluit;

■ Groenes: Vliegtuie besmet nie meer die lugruim nie;

■ Sosialiste: Alkoholverkope word beperk;

■ Liberales: Regerings gee geld weg;

■ Kommuniste: Winkelrakke is leeg;

■ Burgery: politici is plus-minus onder huisarres.

Die wêreld se wysheid verbaas 'n mens ook. Soos een Pretoriase gemeente selfs paniekkopers probeer omspraat het met dié raad: "Intussen wil ons vra dat elkeen van ons probeer om homself so goed moontlik op te pas. En ook sorg te dra vir mense wat rondom en vanaf jou lewe. Indien jy massa-aankope gedoen het, wil jy dit nie oorweeg om te hoor of jou naaste nie dalk iets nodig het nie?"

Met onmiddellik daarna, dié stiltetydboodskap: "Vriende, dit is Lydenstyd. 'n Meer gepaste tyd om aan ons broosheid te dink, kan daar nie wees nie. Dalk kan ons in dié tyd na nadenkende Lydensmusiek luister? Laat die verhoudinge in jou klein kring groei. Maak moeite met jou binneste."

Natuurlik, die wêreld se onsinnigheid stel 'n mens nooit teleur nie. Soos 'n pastoor wat Covid-19 as God se straf teen die Weste verklaar het, en 'n ghoeroe wat joga en sy eie brousel as korona-kuur probeer smous. Mense sal ons nou maar eenmaal mens bly: *Homo sapiens* is nie aldag 'n ewe intelligente spesie nie. Tog kan 'n mens nou al voorspel hoe, met rougedagtes aan diegene wat die pandemie nie oorleef het nie, ons hierdie paar weke nog gaan romantiseer: hoedat die wêreld eens saam-saam eensaam was.

■ **Prof. Christo Lombaard is verbonde aan die departement Christelike spiritualiteit van Unisa.**

# Ons ly aan velhonger sonder aanraking

**Lina Spies, Stellenbosch, skryf:**
Die inperkingsperiode om Suid-Afrikaners sover moontlik te beskerm teen die koronavirus belet alle vorme van aanraking tussen mense.

In sy artikel "Senu en vesel deel van hoe ons groet" verlede week voorsien Izak du Plessis by die afloop van die uiters moeilike tyd van eensaamheid en afsondering die "einde van die era van hartlikheid".

Dié hartlikheid gaan volgens hom gepaard met die Afrikaner se soengroettradisie en is die aanleiding tot sy beskrywing van die verskillende wyses van soengroet in sy familie: "sagte soene van satyn"; 'n "dungerekte mond gesoen"; "kaplaks vol op die mond gesoen".

In sy kontrei, sê Du Plessis, het die "tannies gesoen, in wisselende grade van vogtigheid". Daarnaas beskryf hy ook die hardhandige handdrukke van die ooms. Moet ek my goeie vriend Izak ernstig opneem of skryf hy ironies? Sy weersin is duidelik as hy sê dat 'n sekere tannie se "sappige soene enige klein seuntjie die horriepiep sal gee." Op my beurt kan ek net wys op die walging aan die misbruik van die mondsoen deur 'n oom of familievriend van ongetroude meisies en jong vroue wat ongetwyfeld nie net tot my ervaring behoort nie.

Oor die wesenlike betekenis van aanraking wat Du Plessis ten slotte uitlig, is ek dit volkome eens en is sy artikel 'n demonstrasie van ironie op sy beste. As hy die aanraking deur die elmboog in die toekoms afwys as 'n "gehoenderdansery" ten gunste van "mekaar sopnat te soen" is dit glo ek "overstatement".

Sonder aanraking ly 'n mens inderdaad aan velhonger.

# Nou dink mense ek praat twak

**Willem Laubscher, Stellenbosch, skryf:**
Ek verwys na my brief op hierdie blaaie verlede week oor Quinton de Kock se driedubbele rol as kaptein, paaltjiewagter en openingskolwer.

Die manier waarop my brief gerediger is, skep 'n wanvoorstelling van my argument.

My punt was dat De Kock se bydrae met die kolf in duie stort wanneer hy in eendagwedstryde die beurt moet begin as die Proteas tweede kolf. Dít is omdat hy pas vir langer as drie uur agter die paaltjies moes swoeg. Dit het sekerlik niks met sy kapteinskap te doen nie – soos wat die opskrif voorgegee het. (En het ook niks met sy rol in toetswedstryde te make nie – soos wat die koerant se geredigeerde weergawe van my brief suggereer nie).

Heftige kritiek oor die kaf wat ek geskryf het, is tans my voorland. Ek eis dus 'n verskoning vir die twak wat u onder my naam gepubliseer het.

■ *Jy is reg, Willem. Die redigering het veel te wense oorgelaat en ons vra om verskoning vir die ongerief. – Redakteur.*

# Sy is reg, ons pas nie die aarde op

**Karin Marten, Garsfontein, skryf:**
Ek sluip Sondag weg na 'n vulstasie om die koerant te koop. Die petroljoggie sê vir my ek kan nie sigarette koop nie en ek sê nee, ek is net hier vir die koerant. Dit was nogal snaaks!

Nes die sin vir humor wat deurskemer in Hanlie Retief se gesprek met Amanda Strydom – die artikel wat my die meeste geroer het. (En ek het werklik alles in die koerant oor twee dae gelees.)

Ek bly alleen en vind dit báie moeilik om so ingeperk te wees. Ek gesels met my geliefde hond, maar ongelukkig kan hy nie antwoord nie – dalk net sy stert swaai.

Amanda is reg. Ons bly regtig op 'n klein blou ghoen, maar ons het die ghoen ongelukkig nie opgepas nie.

"Die balans op ons planeet is heeltemal, heeltemal omver gegooi. Die reënwoude… Hoe kán mense nog aardverwarming bevraagteken? Ons stuur af op selfvernietiging."

My pleidooi aan ons president en die minister van omgewingsake is om dringend om te sien na alles wat besoedel en bemors is. Die vorige twee ministers van omgewingsake was pateties. Ons oes nou wat hulle gesaai het. Hierdie virus is, myns insiens, gestuur om ons in alle erns te laat nadink oor ons gedrag. Ons moet nou wakker word. Sake moet ten goede herstel word – ons het nie meer 'n ander keuse nie.

"Die aarde is besmet. Ons moet skoon word, man, en dis wat hierdie ding doen," sê Amanda.

Mag almal van ons tot dié insig kom.

■ *Karin, ons kan nie meer met jou saamstem nie en dink aan mense soos jy wat alleen die inperking moet trotseer. Ons beloof om aan te hou om julle op 'n Sondag geselskap te hou. – Redakteur*

# Oefeningreëls maak nie sin

**Anel Viljoen skryf per e-pos:**
Ek hou van reëls en orde, maar dit moet darem net logies sin maak.

Die reël dat ons gedurende die inperking nie buite mag oefen nie, is net onlogies en maak geen sin nie.

Vanoggend gaan ek vinnig winkels toe nadat ek kilometers om my huis probeer hardloop het. Oral loop daar groepe mense werk toe.

Honderde mense loop met sakke vol inkopies deur die strate terug na hul huise. Tog mag géén mens oefening gaan doen, stap of draf nie, nie eens alleen nie.

Die winkelsentrums is vol. Voor Dis-Chem staan daar rye en rye mense wat wag om in te gaan – maar jy sal ses maande tronkstraf kry as jy in oefenklere gevang word alleen op straat.

Meneer die minister, verduidelik asseblief vir my wat so sondig is om op my eie gesond te probeer bly.

Dit terwyl jy op dag drie die reël ophef dat mense nie sigarette mag koop nie.

Regtig? Maar ons word verbied om 'n gesonde leefstyl te lei terwyl 'n siekte-epidemie die wêreld verwoes?

Jammer, ek verstaan nie.

# Fokus op die pad vorentoe

**Dawie Jacobs, Sterrewag, skryf:**
Ek verwys na die drie briewe verlede week in reaksie op prof. Wannie Carstens se artikel oor apartheidskuld.

Die verklaring wat hy, ek en ander onderteken het, het nie in 'n lugleegte ontstaan nie. Dit was in reaksie op die pyn en woede van ons medelandgenote toe wonde weer oopgeruk is deur die hantering van die debat.

Dié verklaring bied vir die eerste keer 'n landswye platform waar mense in solidariteit jammer kan sê. Ek vind dat waar mense sê hulle het genoeg jammer gesê en jy vra hoe en waar hulle jammer gesê het, daal 'n dawerende stilte neer.

Wat belangrik is, is nie die briefskrywers se reaksies nie, dit bevestig maar net ou denkpatrone. Wat tel, is diegene aan wie die verskoning gerig was.

Verder is die "jammer" net een aspek van die verklaring. Daar is 'n fokus op die pad vorentoe rakende realistiese vorms van ekonomiese restitusie. Die verklaring kyk na gister en vandag, maar die fokus is op môre.

Suid-Afrikaners se reaksie op die koronavirus is in die gees van die verklaring en gee my hoop vir môre.

■ Kontak ons: Weekliks-redakteur: Pieter Malan – pmalan@rapport.co.za; boeke: Johan van Zyl – johan@subteks.co.za

# Kleindogter ook bang vir die virus

**Hendrik Pretorius, Bloemfontein, skryf:**
My sewejarige kleindogter Amandi sit langs my toe ek die brief vir *Rapport* begin skryf. Sy vra waaroor ek gaan skryf en ek verduidelik dat ek wil skryf oor die Covid-19-virus.

Sy sal graag iets daaroor wil skryf, maar sy kan nie goed skryf nie en ook nie tik nie, laat sy van haar hoor.

"Kan ek vir Oupa vertel hoe ek en ander kinders oor die virus voel, dan tik oupa dit?"

Dit klink vir my na 'n goeie idee. Laat die toekoms sê hoe hulle oor die pandemie voel.

Amandi sê hulle hoor elke dag van die virus, hoe om hulself te beskerm met 'n masker, nie te hoes sonder om jou mond toe te hou nie. Die grootmense praat elke aand van al die nuwe gevalle en hoeveel daar nou in die Vrystaat is.

Gaan sy, as sy weer terug is by die skool, nog al haar maatjies sien of gaan daar van hulle dalk ook dood wees? Sy sal elke dag vir oupa bel om te hoor of oupa en ouma nog gesond is, beloof sy.

Wanneer gaan ons weer vir Selina wat vir ons werk sien? Gaan sy darem reg wees? Mamma het haar geld en ekstra kos gegee om haar te help, gaan dit genoeg wees?

"Oupa, ek bid elke aand vir Jesus dat Hy ons moet beskerm teen die virus, maar elke oggend as ons opstaan, is ek bang om uit die huis te gaan, bang vir die virus wat ons nie kan sien nie.

"Ek moet huiswerk doen, maar Oupa, ek mis my maatjies, ek wil hoor wat hulle doen en wat hulle pla. Dink Oupa ek kan hulle WhatsApp, of sal die kiem deur WhatsApp kan gaan? Ek wil nie hê my maatjies moet iets oorkom nie."

Hierdie virus is 'n ongekende ding en almal van ons is bang.

# Is Ramaphosa die regte leier?

**Gustaf Claassens, Bloemfontein, skryf:**
Prof. Dirk Kotzé meen pres. Cyril Ramaphosa is skielik die regte leier vir sy tyd. Ná al sy mislukkings word hy nou op voorkoms en hoe hy verklarings voorlees, beoordeel?

Substansie, waarvan min gesien is, tel niks. Is jy skielik 'n leier as jy iets aankondig? Genade!

**Wenner van Blokraai 412:**
■ Elfriede Naudé van Kimberley wen R500 met haar SMS-inskrywing.
■ Gretha Taljaard van Parow (foto) wen R250 in ons Junior Blokraai.
■ Weens die inperkingsmaatreëls is dit nie moontlik om die wenner van die posinskrywing vandag aan te kondig nie. Dit sal later gedoen word.

# Lyding van die 'derde minister'

Herman Lategan verdien eer vir sy moed om na soveel jare na vore te kom oor die skreiende dinge wat met hom as kind gebeur het, skryf **Barend du Plessis.**



**Oudmin. Barend du Plessis.** | FOTO: ALET PRETORIUS

Ek skryf na aanleiding van Herman Lategan se bewonderenswaardige en dapper stap verlede week op hierdie blaaie om na vore te kom oor die skreiende onreg wat teen hom gepleeg is tydens sy kinderjare. Hy verdien eer vir sy moed.

Sy openhartige skrywe oor sy pyn en lyding het my laat besef dat daar belangrike raakpunte tussen sy skrywe is en wat ek die afgelope 19 maande beleef het.

Die beeld van die veragtelike molesteerder wat ongetwyfeld in die gedagtes van lesers opgekom het met die lees van Herman se ontboeseming, is presies die beeld wat van my geskep is in die boek *Die seuns van Bird Island*.

Herman vra tereg wat aangaan in die siel van die persoon wat hom geteister het. Ek vra dieselfde oor almal wat agter daardie onware boek sit.

> Reeds vir 600 dae word my menswees verniel.

Herman vertel hoe die slang jou voorberei en uiteindelik in jou bed geseil het. Ek is ook deur 'n slang gepik, een wat totaal onverwags uit die lug op my geval het.

Ek en my regsmense het intussen sy kronkelpad na my toe ontrafel.

*Rapport* het indertyd die moed en integriteit gehad om te erken dat die koerant 'n fout gemaak het om oor die bewerings in die boek te berig en om verskoning gevra. Ek ag die redakteur daarvoor.

NB-Uitgewers, wat die boek uitgegee het, het eers onlangs, heelwat later, ook sogenaamd om verskoning gevra. Anders as dié van *Rapport* was dié verskoning dubbelsinnig en word ek steeds subtiel as skuldig voorgehou. Daarom het ek dit verwerp.

Dade laat letsels. Fisiek en geestelik.

Reeds vir 600 dae word my menswees gewetenloos verniel. Die uitgewers en oorlewende outeur weier skaamkwaad om hul fout te erken en 'n eerlike apologie aan my te publiseer, as voorloper tot 'n omvattende skikking.

My jare en gesondheid loop uit, en as eggenoot, pa, oupa en grootoupa, verbeur ek van die lewensvreugde van my herfsjare saam met my geliefdes. Ek móét egter aanhou om die smet wat NB-Uitgewers op my gewerp het en wat vir altyd via elektroniese data, sosiale media en biblioteke ook op my nageslag rus, ongedaan te maak.

Ek voel besmet, net soos talle slagoffers van sulke mishandeling voel.

Dit word vererger omdat mense jou nie wil glo nie, net soos talle slagoffers ook beleef.

Selfs beëdigde verklarings van mense van onkreukbare integriteit, soos 'n afgetrede senior staatsaanklaer, 'n dokter, 'n topsakeman en 'n gewese mariene bioloog, word geïgnoreer.

Die wêreldbekende onafhanklike forensiese wetenskaplike dr. David Klatzow het jare lank Wouter de Swardt, 'n hoogs bekwame, onafhanklike forensiese ondersoeker, as medewerker gebruik. In opdrag van die Stigting vir Menseregte (FHR) het hulle een van die outeurs, Mark Minnie, se dood ondersoek. De Swardt moes ook die bewerings van pedofilie teen my en twee ander ministers, soos dit in die boek verskyn het, ondersoek.

Die bevinding was dat Minnie homself om die lewe gebring het. Daarná het De Swardt 'n verslag ingedien dat geen bewyse vir die bewerings teen die drie ministers bestaan nie. Ses FHR-regsadviseurs het hom daaroor onder kruisverhoor geneem. Sy verslag staan egter onbetwis. Desnieteenstaande verwerp die uitgewers dit.

Weens die uitgewers se dubbelsinnige verskoning agtervolg die mantra "Waar daar 'n rokie is, is daar 'n vuurtjie" my onverpoosd.

My naam het eers ná dié van my twee gestorwe kollegas in die opeenvolgende weergawes van die manuskrip begin verskyn, want ek moes as lewende lokaas dien vir die toekomstige bemarking van die boek.

Vir dié doel moes ook heelparty fiktiewe "insidente" rondom ons drie ministers versin word. Regsadvies was dat dooie mense nie belaster kan word nie, so die outeurs en uitgewer het veral met Magnus Malan 'n vrye hand gehad.

Tot by die voorlaaste manuskrip, was al drie name in die teks - op aandrang van Minnie se medeskrywer Chris Steyn.

Regsadvies was egter dat, indien ek met regstappe kom, daar 'n wesenlike risiko was dat die uitgewers nie in staat sou wees om genoeg bewyse voor te lê om die publikasie van die beskuldigings teen my te regverdig nie.

My naam is toe vervang met die "veilige" wegkruipnaam, "die derde minister".

Die regsadviseur was tevrede dat die boek se beskrywings van die derde minister my maar onmiskenbaar kan beskryf, want buitestanders sou my ná publikasie heel gou identifiseer.

Hy was reg. Ek was dadelik herkenbaar. Honderde oproepe en boodskappe bevestig dit.

Woensdag 1 Augustus 2018, enkele dae voor publikasie, word onverwags 'n rooiletterdag vir die boek. E-posse vlieg heen en weer.

Om 11:33 stuur die uitgewer vyf moontlike "tricky" mediavrae met aanbevole antwoorde aan die skrywers. Die eerste vier het, veelseggend, almal oor die "derde minister" gehandel.

Vraag 3: "Waarom laat julle hom dan nie toe om julle hof toe te neem en gaan bewys dan wat hy gedoen het nie?" Daarop erken die uitgewer beduidend: "It will be difficult to provide physical proof in a court of law. It will be the word of the authors (and their dozens of sources) against the word of the Third Minister".

Wat het geword van die "getuienis" en verklarings van hierdie beweerde "dosyne" bronne? Absoluut niks!

Toe Herman en twee ander na vore gekom het, het die media nie geskroom om daaroor te berig nie, want soos NB se prokureur, Willem de Klerk, in 'n onlangse (onverwante) podsending in Kaapstad gesê het: Die media kan eers op beweerde pedofilie reageer as daar beëdigde verklarings is.

Presies die teenoorgestelde het in die *Bird Island*-sage op gesag van dieselfde regsadviseur gebeur.

Om 13:50 op 1 Augustus skryf Minnie in 'n e-pos aan sy uitgewer dat moontlike navrae oor getuienis voor die hof hom hinder. Dan volg sy verdoemende bekentenis: Hulle het geen konkrete bewys dat enige van die drie ministers 'n slagoffer seksueel gemolesteer het nie. 'n Slagoffer moet opgespoor word wat 'n klag sal indien.

Hoe hanteer die uitgewer en Steyn die enorme implikasies van Minnie se bekentenis? Deurslaggewende besluite was dringend nodig.

Deur Herman se artikel het ek kennis gemaak met twee begrippe wat ek nog nooit tevore raakgeloop het nie. Ek moes "omertà" én *gaslighting* gaan navors. Albei het in werking getree in die optrede van die uitgewer en Steyn ná Minnie se bekentenis.

Omertà: Sorg dat niks oor Minnie se bekentenis bekend word nie, so, snoer onmiddellik sy mond met 'n streng opdrag dat hy geen inligting aan die media gee wat hulle nie vooraf gesien het nie.

*Gaslighting*: Laat iemand twyfel aan hul eie geestesgesondheid deur die verspreiding van 'n leuen. Jy weet hulle praat nonsens, tog lieg hulle in jou gesig.

Hulle gaan dus roekeloos voort met die uitreiking en verdediging van die boek, al het Minnie se bekentenis die ruggraat daarvan uitgeruk en die uitgewer se geadverteerde klassifikasie van die boek as "nie-fiksie" in 'n oogwink uitgewis.

Herman en ander slagoffers se stellings sal ook deur sommige as slegs "bewerings" afgemaak word. Hy en sy drie medeslagoffers moet egter krag daarin vind dat hulle uiteindelik die moed gehad het om na vore te kom en verklarings af te lê.

Oor die nare bewerings teen my en my kollegas het ná dekades nog geen enkele slagoffer na vore gekom nie.

Res ipsa loquitur. Die feite spreek vanself.

■ **Barend du Plessis is 'n voormalige minister van finansies.**

***Die Kwesbares: 'n Sluiper-roman*** **deur Steve Hofmeyr. Uitgewer: Zebra Press. Prys: R210.**




# Steve spin 'n lekker storie

Met 'Die kwesbares', sy derde Sluiper-roman, wys Steve Hofmeyr hy kén die misdaadrillergenre. Maar bowe als is sy doel eenvoudig: om ál pronkend en pierewaaiend 'n storie te spin wat lees weer lekker maak, skryf **Jean Meiring.**

In wie anders as Steve Hofmeyr se broek sit dit om suutjies-suutjies die p**sboekie van ouds te laat herleef? En dít nogal in 'n tyd waar gender 'n reënboog geword het en brose jongelinge op beskutting teen byna als aanspraak maak – veral teen uitgediende en aanmatigende gebruike en idees.

Kort op die hakke van die netjiese klein boekies *Die onaantasbares* (2017) en *Die Lucky Strike* (2018), wat 'n volgroeide man van so ses voet in sy sokkies knus in die palm van sy hand kon vashou, tree die derde Sluiper-riller in gelid.

Voor televisie sy opwagting gemaak het en toe die wêreld deur slegs manhaftige mans en meesal fraaie meisies bewoon is, was Mark Condor en die Ruiter in Swart twee van die grootste helde wat die fotoboekgenre in Suid-Afrika rasend gewild gemaak het.

Wydsbeen en stokkig het hulle die kamera se blik vól gestaan en hulle pad van die een raampie na die ander geskopskiet-en-donder om die boewe te uitoorlê, om die Kruger-miljoene op te raap en die weerlose blondine in die nok van hul arms in 'n beskermde greep te koester.

Maar tussen die mannehelde was daar natuurlik ook die rysige Tessa. In 'n tyd van strenge sensuur het die kamera telkens dié geëmansipeerde heldin se lang bene boontoe gevolg – waar die ademlose Suid-Afrikaanse leespubliek van toeka waarskynlik 'n puntige ster sou verwag het. Vir kabouters had Tessa min geduld. Ál bultend en pruilend besorg sy byna eiehandig aan die alomteenwoordige fotoboekies hul slaapkamernaam.

Die klok draai vorentoe. In Hofmeyr se vernuftige hande kom dit so ruweg in die hede te ruste. Die vreesaanjaende wedervaringe wat die naamlose en deels gesiglose Sluiper in die vorige twee boeke beleef het ten spyt, is hy sinies en uitdagend wéér op die been.

Maar dis sy bék wat jêm kort. Anders as in die eerste boek, waar die Sluiper die vertellersrol met 'n alsiende derdepersoonsverteller deel, is die Sluiper hiér, soos in als behalwe die eerste hoofstuk van *Die Lucky Strike*, heeltyd aan die woord.

Dis derhalwe deur sý dikwels goedgelowige oë dat die leser die verhaal sien ontknoop. Én weer vir Tes, die harpspelende plaasmeisie met wie hy al sedert boek een in 'n gevaarlike kat-en-muis-spel gewikkel is, in die visier kry. *Die kwesbares* se doek vou immers met die onwaarskynlike vooruitsig oop dat die Sluiper en Tes hul skrede Mauritius-waarts sal wend – om *happily ever after* rus en stilligheid op te soek.

Op pad lughawe toe doen hulle by die Sluiper se bergingshokke in Honeydew aan en die leser word gou herinner dat die bekoorlike Tes 'n palimpses is wat oor die fotoboek-argetipe Tessa lê (bl. 31): "Daar was nie tyd vir koer en liefkoos nie. Klaarblyklik ook nie vir ontklee nie. Sy het haar ligblou blommetjiesrok tot op haar heupe gerol en met haar regterhand haar broekie voor die paradys weggetrek…"

Maar die lughawe sien hulle nooit nie. Die Veearts van Baia Farta, húl Kubaan, sal dit nie toelaat nie. En later moet die Sluiper, sonder 'n oordosis ironie of selfkennis, dít laat val (bl. 204): "Ek ken 'n heuninggesmeerde lokval."

Albei vorige Sluiper-boeke het ek vir *Rapport* onder die loep geneem en lofliedere daaroor aangehef. As dit by dié klas van ding kom, is dit nou maar eenmaal wors. Selfs die neebroers moet vir Hofmeyr 'n voldonge ja gee. Van die opbou van 'n slim en telkens verrassende intrige en van die handhawing van 'n snelle tempo kan 'n mens hom weinig leer.

Soos die vorige twee boeke bestaan nommer drie ook uit kort en blitsig afgevuurde hoofstukke waarin Hofmeyr met ratse hale die toneelinkleding doen en dán sonder omhaal óf skroom sy karakters in die maalstroom dompel.

Hy ken die genre soos die palm van sy hand. Langs die weg vernuwe hy dit en stuur dit soms 'n bietjie op. Maar bowe als is sy doel eenvoudig: om ál pronkend en pierewaaiend 'n storie te spin wat lees weer lekker maak. Om in 'n tyd waar mense aan flitsende skerms vasgenael sit 'n beskeie wonderwerkie te skep: 'n klein papierboekie waarvan die bladsye as't ware hulself voosblaai.

Want, as lesers die spel speel en hul ingegreinde twyfellus ophef, sal hulle gewoon nie weet wat om die draai wag nie. Of nee: As een ding vasstaan, is dit dat hulle sál weet daar wag om elke hoek en draai 'n verrassing. En húlle kan nie wag nie.

Maar soos die titel dalk wil suggereer is daar in dié derde aflewering 'n merkbare verdieping in Hofmeyr se karaktertekening. Al is daar nog baie genre-getroue tonele waar die karakters hulle in tekenprentgeweld verlustig – liggaamsdele wat vergruis en oë wat versuur word – kom die Sluiper hiér veel meer lewensgetrou en kwesbaar as tevore uit die verf. Dís deels weens die stadiger, meer realistiese tonele wat tussen die frenetiese aksie ingebou is én die Sluiper se vriendskap met Sherman de Villiers, sy MacGyver-agtige steunpilaar.

Hofmeyr se aanspraak om 'n plek aan die opvoutafel van die ernstige Afrikaanse letterkunde – wat hy reeds in sy vorige romans en kortverhale gemaak het – is ook hier te bespeur.

'n Duidelike voorbeeld is die vernuftige goëlary met parallelle openingstonele, wat 'n brug vanuit die Kalahari moet span, waar *Die Lucky Strike* bloedgietend afgesluit is. So ook die behendige wyse waarop karakters, storielyne en motiewe uit die vorige twee boeke opnuut hier opgeneem of sagkens geëggo word, byvoorbeeld Tes se broekie wat soos 'n mitologiese sirene blý fluister (bl. 209).

En Hofmeyr se grootste waagstuk? In die lig van sy ongelukkige openbare persona waarskynlik die oproep van 'n behoorlik outydse mannewêreld wat die broses onder sy lesers oor die gebrek aan sensitiwiteitsinjale sal laat mor.

Hoe beenaf die Sluiper ook al op Tes is, hy blý 'n seksis – juis ook omdat hy telkens homself as haar redder verbeel. Tog wys Hofmeyr uiteindelik waarop dié versugting uitloop.

Van die tonele waarin Tes verskyn, bly egter ontstellend. Omdat die leser hulle deur die prisma van die Sluiper se oë en sy ontsteltenis sien, vermy Hofmeyr egter die pornografie waarin dié beelde kon ontaard het.

Ook word die Sluiper in hierdie aflewering, verbasend, as 'n anti-Semiet ontsluier. Clive Joffe, wat reeds in *Die Onaantasbares* sy opwagting gemaak het, het die "grootste haakneus in Atlanta" (bl. 141) en beskik oor 'n aptyt vir "sikkels" (bl. 128).

Seker Hofmeyr se grootste slag in *Die kwesbares* is dat die Sluiper, met al hierdie tekortkominge, steeds 'n vreemd aantreklike karakter is. Hy is ontboesemend eerlik. Nóú is hy die ene wraaksugtige mannemoed, nóú kry selfvertwyfeling hom onder.

Dié prestasie behaal Hofmeyr, soos ook die geval met die vorige twee boeke was, deur die stem wat hy aan die Sluiper toevertrou: 'n uiters intelligente, spitsvondige en volkome individuele stem. Dié stem gebruik 'n rare, kordate Afrikaans wat in dieselfde asem ruimskoots uit 'n vervloë idiomeskat ("graswewenaars", bl. 201), neologismes ("hyghok" op bl. 200 en "Tupper-tieties", bl. 201) en skunnighede ("pispoel", bl. 199) put. Tog kom dit ten volle outentiek en geloofwaardig oor. Maar natuurlik sal die Sluiper 'n ent hierdie eeu in só praat. Hoe dan anders? Dít wil gedoen wees.

Hofmeyr is 'n wafferse verkleurmannetjie. Enersyds is hy 'n siener ("[d]ie allemintige dak het soos 'n korona oor die heerlikheid gespan", bl. 143) en andersyds 'n stoutmoedige kulturele argeoloog. In *Die kwesbares* toon hy opnuut dat hy ook 'n besonder vindingryke verteller van stories is.

'n Mens wonder wat nog in sy broek sit. 'n Gróót roman dalk?

■ **Jean Meiring is 'n Johannesburgse regsgeleerde en vryskutresensent.**

# Op die spoor van 'n sluwe seksmisdadiger

Twee bekroonde boeke oor die Harvey Weinstein-seksskandaal wys hoe slagoffers én ondersoekende joernaliste wat dié sake ondersoek telkens verneder en verdag gemaak word, maar gelukkig begin dinge nou verander, skryf **Theunis Engelbrecht.**







***She Said: How Two Reporters Broke the Story that Changed the Rules About Sex and Power*** **deur Jodi Kantor en Megan Twohey. Uitgewer: Bloomsbury. Prys: R320.**

***Catch and Kill: Lies, Spies and a Conspiracy to Protect Predators*** **deur Ronan Farrow. Uitgewer: Little, Brown and Company. Prys: R340.**

Die eens magtige rolprentmagnaat Harvey Weinstein (68) is onlangs 23 jaar tronkstraf opgelê vir verkragting en verwante seksmisdade. Albei hierdie boeke is geskryf deur ondersoekende joernaliste wat die skandaal oopgevlek het: Jodi Kantor en Megan Twohey van *The New York Times* en Ronan Farrow, voorheen van die Amerikaanse TV-nuuskanaal NBC. In 2018 is al drie skrywers met 'n Pulitzerprys vereer vir hul werk.

Indien jy graag albei boeke wil lees, is *She Said* die beste een om mee te begin omdat jy hierin die hele agtergrond tot die morsige en skokkende sage kry. As jy egter net vir een kans sien, lees Farrow s'n. Sy boek is meer lewendig en gekonsentreerd as *She Said*, maar dit beteken nie laasgenoemde is minder belangrik nie. In hierdie geval is meer beter as minder.

Waar die kollig in *She Said* grotendeels op die oopvlek van Weinstein se seksmisdade val, fokus Farrow skerper op al die gekonkel agter die skerms in Hollywood, New York en Washington om die joernaliste se speurtogte te saboteer. Farrow het baie teenstand gekry by NBC en is om elke hoek en draai deur van sy seniors ondermyn sodat hy nie kon voortgaan met sy ondersoek nie. (Hy is gevolglik vort by NBC en het uiteindelik sy onthullings in *The New Yorker* gepubliseer.)

Maar dis nie al nie. Kort nadat Weinstein daarvan bewus geword het dat sy misdade ondersoek word, het hy die hulp ingeroep van 'n gevreesde onderneming, Black Cube, wat spesialiseer in spioenasie, *dirty tricks*, intimidasie, propaganda en sielkundige oorlogvoering.

Black Cube bestaan grotendeels uit oudbeamptes van Mossad en ander Israelse intelligensie-agentskappe en het kantore in Tel Aviv, Londen en Parys. Hulle moes al die vroue intimideer wat gedreig het om onthullings oor Weinstein te maak en klagte teen hom aanhangig te maak, asook die joernaliste wat die aantygings ondersoek het (onder meer deur die verspreiding van vals inligting om hulle te diskrediteer).

Harvey Weinstein

Benewens die teenstand van sy eie werkgewer, NBC, moes Farrow ook met dié bedreiging rekening hou, en sy onthullings daaroor maak die spanningslyn in sy boek nóg sterker. Dit is 'n misdaadriller in eie reg – dog helaas nie fiksie nie, maar die waarheid. Dit maak dit nóg meer pakkend as wat suiwer fiksie sou kon vermag.

Albei boeke is besaai met karakters wat 'n mens se bloed laat ys, soos die mense wat selfs die regsprosesse oor seksmisdade uitbuit om soveel geld as moontlik daaruit te maak. So is daar ene Lisa Bloom, wat van die slagoffers verteenwoordig het en hulle almal aangemoedig het om nie teenoor joernaliste te onthul wat hulle weet nie, maar om eerder 'n vertroulike finansiële skikking met Weinstein te bereik. Natuurlik het Bloom op dié manier miljoene rande aan kommissie verdien.

Dit is ook uit albei boeke duidelik watter verrotte plek Hollywood is. Blinde ambisie, rugstekery, kwaadwillige skinderstories, die strewe na "mag" wat kwansuis met roem gepaardgaan en 'n onversadigbare geld- en publisiteitshonger is aan die orde van die dag.

Dit is ontstellend dat daar mense is wat die slagoffers van seksmisdade slegsê en probeer verdag maak, en dat hulle dus skynbaar meer simpatie het vir die seksmisdadigers oor wie daar aantygings gemaak word. Slagoffers word van bymotiewe verdink, en dan is daar die alewige vraag wat van oningeligtheid getuig: Nou hoekom het dit so lank gevat voor jy iets gesê het? Mense wat nie self as kinders of tieners onsedelik aangerand is of kinders het wat seksueel misbruik is nie, sal nooit weet watter ding dit is om deur te gaan en te probeer verwerk nie.

Weinstein was in 'n magsposisie. Hy kon nie net mense se loopbane maak of breek nie, maar ook hul lewens. Dis te verstane dat dit vir so baie aktrises 'n groot risiko moes wees om uit te praat. So ook vir die slagoffers van ander seksmisdadigers in magsposisies, of hulle nou magnate of onderwysers, joernaliste, Sondagskool-onderwysers, pastore, politici, priesters, predikante of hooggeplaastes in die kultuurwêreld is.

> **Dit is uit albei boeke duidelik watter verrotte plek Hollywood is.**

Voorts gee albei boeke boeiende leidrade oor Weinstein se psigometriese profiel. Ek dink nie 'n mens gaan te ver as jy hom 'n narcistiese psigopaat noem nie. Hy het nie omgegee oor watter sielkundige skade hy sy slagoffers berokken nie, hy toon geen berou nie, hy het geen empatie of skuldgevoelens nie.

Dit is skokkend op watter slu en venynige maniere seksmisdadigers soos dié met 'n verdeel-en-heers-mentaliteit hul slagoffers teen mekaar opsweep deur liegstories oor hulle te versprei, veral wanneer 'n slagoffer haar of hom verset teen die seksroofdier en hy nie sy sin kry nie.

Dan is die slagoffer skielik die gewetenlose seksmisdadiger se grootste vyand en sal hy alles probeer om jou te vernietig. Die meeste pedofiele gaan ook so te werk. Hulle is koelbloedige, geslepe manipuleerders wat al talle mense se loopbane, drome en aspirasies verwoes het.

Bewenens al dié aspekte wat albei boeke besonder fassinerend maak, bied *She Said* en *Catch and Kill* ook 'n openbarende blik op hoe hard ondersoekende joernaliste werk. Dié van hulle wat hulle sout werd is, is die ware helde in vandag se mal wêreld vol fopnuus en "alternatiewe feite".

Hulle weet hoe om te onderskei tussen feite, liegstories, halwe waarhede en wit leuens. Mense besef nie watter nougesetheid, vreesloosheid en dapperheid dié werk van hulle verg nie. Hulle verdien gerus meer erkenning daarvoor, veral ook dié in Suid-Afrika.

Nog een van die talle belangrike bydraes wat albei boeke lewer, is dat albei beklemtoon hoe noodsaaklik dit is dat slagoffers van seksmisdadigers nie langer moet swyg oor wat met hulle gebeur (het) nie, al is dit hoe moeilik. Daar is niks en niemand om voor bang te wees nie. Geregtigheid móét geskied. En slagoffers wat te bang is om te praat, asook mense wat weet wat met hierdie slagoffers gebeur het, moet mooi nadink oor dié woorde van Kantor en Twohay: *We can't change what's happened to you, but if you work with us and we work to tell the truth, we may be able to prevent other people from getting hurt.*

■ **Theunis Engelbrecht is 'n joernalis en skrywer.**

---

**Nuut op die rak**

## Die wêreld ná mans

**In 'n wildewragtig-wêreld wat wankel onder virusse en inperking is 'n vars vlaag distopiese romans byna gewaarborg. Eerste aan die beurt is Lauren Beukes se blinknuwe *Afterland*, wat van môre af aanlyn te koop is en op 9 April om 18:00 ook virtueel bekend gestel word.**

Met haar trefferroman *The Shining Girls* (2013) wat al in 'n verstommende 26 tale vertaal is, verstaan 'n mens waarom geswore Lauren Beukes-aanhangers al letterlik hulle tande slyp vir die byna 400 blaaie van haar nuwe distopiese riller, *Afterland*.

Dié eg menslike verhaal wat in die nabye toekoms afspeel, fokus op Cole en haar 12-jarige seun, Miles, wat uit die VSA na Suid-Afrika probeer vlug, aanvanklik om weg te kom van Cole se bose suster, Billie, wat toe nie die tydelike met die ewige verwissel het soos wat Cole vermoed het nie.

Ná 'n verwoestende internasionale epidemie is Miles boonop een van net 'n handjie vol mans wat oor is in 'n wêreld wat nou volkome deur vroue beheer word – ook die navorsingsprogramme om die voortbestaan van die menslike ras te verseker. Dit maak van Miles 'n skaars en gesogte kommoditeit vir almal van die departement van mans wat hom in ewige kwarantyn wil plaas tot 'n spul mensehandelaars wat in seuns spesialiseer en 'n kultusgroep nonne vir wie hy die antwoord op hulle gebede is…

Hoewel die digitale weergawe van môre af aanlyn te koop sal wees, sal die eerste gedrukte eksemplare waarskynlik eers teen Julie in boekwinkels land. Gaan na www.laurenbeukes.com of www.readinglist.click vir meer inligting.

**Uitgewer: Umuzi. Prys: R290.**










# Volg die goudspoor

Die weeklikse besending nuwe boeke het 'n trio eiesoortige titels vir niefiksielesers opgelewer.

## Nuut op die rak

Terry Crawford-Browne se *Eye on the Gold* volg in die spore van *Eye on the Money* (2007) en *Eye on the Diamonds* (2012). Hierdie keer kry die leser (onder meer) 'n historiese oorsig oor die goudstormloop ter plaatse en die deurslaggewende rol wat Cecil John Rhodes, Joseph Robinson, John Hays Hammond, Brittanje, die Oppenheimers en Anglo-American in die toekoms van die land gespeel het. Suid-Afrikaanse goud het nie net die Britse Ryk en sy oorloë gefinansier nie - die plaaslike goudbedryf het ook geweldig voordeel getrek uit die apartheidstelsel. Maar nou is goud se gô uit - is kriptogeld straks "die nuwe goud"? **Verspreider: Blue Weaver. Prys: R275.**

In *Changing a Leopard's Spots: The Adventures of Two Wildlife Trackers* deel die natuurspoorsnyers, motiveringsprekers en skrywers Alex van den Heever en Renias Mhlongo stories oor hulle gesamentlike avonture oor meer as 20 jaar - óf op die spoor van luiperds en leeus by Londolozi óf jaguars in Suid-Amerika óf grysbere in die VSA. En soos 'n mens kan verwag, gebeur daar iets met 'n vriendskap tussen mense wat soms saam in doodsgevaar verkeer en slegs op mekaar aangewese is. Die Australies-Suid-Afrikaanse skrywer Tony Park noem dit "vermaaklik en inspirerend, 'n veldgids vir die lewe". **Uitgewer: Pan Macmillan. Prys: R290.**

"Ek wil 'n boek skryf, maar…" Die skryfafrigters (en skrywers) Sarah Bullen en Kate Emmerson het al elke flou verskoning in die boek gehoor. Daarom is hulle boek *Write Your Book in 100 Days: Stop Mucking About and Just Write Your Book* 'n praktiese gids gemik op enigiemand wat woorde op papier wil sit op so 'n manier dat ander dit wil lees of hoor - en hier praat ons van volslae amateurs, storievertellers en sogenaamde *influencers* tot sakelui, sprekers en kenners wat hulle insigte verstaanbaar moet deel. As jy jou deel doen nadat jy die boek gelees het, belowe hulle jy sal binne 100 dae 'n eerste weergawe van jou storie kan voltooi.

En as jy sowaar deurgedruk het, en dis 'n roman van minstens 40 000 woorde, kan jy dit net sowel inskryf vir NB-Uitgewers se Groot Afrikaanse Romanwedstryd wat oor 118 dae (op 1 Augustus 2020) sluit. Stuur 'n e-pos na romanwedstryd@nb.co.za of bel Sadé Walter by 021 406 3412 vir meer inligting of 'n inskrywingsvorm.

Die boek is op Amazon en by uitgesoekte boekwinkels beskikbaar. Jy kan dit ook teen R340 (koerierkoste ingesluit) bestel by www.thewritingroom.co.za. **Uitgewer: Quickshift Publishing. Prys: R340.**

### Wenner

Baie geluk aan Johanna Lind van Hartenbos wat die Protea Boekhuis-geskenkpak met Karel Schoeman se *Bailie's Party*-trilogie gewen het. Dit sal versend word wanneer koerierdienste volledig herstel het.

# Dit is die begin van ’n nuwe storie…

Herman Lategan

**Woorde wat wip**

**inkerker ww. (figuurlik) Binne enge perke plaas, hou. – Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Hoofredakteur: W.F. Botha.**

Hierdie week se woord het ek raakgelees op die reisiger en skrywer C. Johan Bakkes se Facebook-blad. Dit is ’n gepaste woord vir hierdie tye, nietemin, ons verbeeldings kan steeds vlieg.

Hy vertel onder die plasing: Ingekerker Dag 3: 29 Maart 2020, wat hy doen as hy iets roerend lees: “[So] af-en-toe tref ’n sin




of sinsnede my en ek draf gemakshuisie toe en ek gaan skryf dit op die muur. My gemakshuis se mure is oortrek met sêgoed.” Jy kan ure aldaar deurbring, selfs as die nood nie druk nie.

Van die graffiti op sy muur is: “In die lampkring is daar drie – ’n swanger weduwee.” – W van Deventer.

“Ons het vir mekaar geglimlag en gewaai, maar ons het nie gegroet nie.” – Aldri Van Jaarsveld.

Dit het my herinner aan ’n tyd, jare terug, toe die digter Sheila Cussons vir ’n ruk by ’n ander digter, Phil du Plessis, in Kalkbaai gebly het. Hy het ’n mooi ou huis daar langs die treinspoor gehad. Cussons het ook soms daar in sy gastetoilet gedigte teen die mure geskryf.

Daar is baie reëls uit poësie of ander boeke wat ek graag iewers op mure sal wil neerpen, te veel vir ’n plek groter as ’n paleis. In die gedig “Heloïse” skryf einste Cussons: “Ek het vergeet wat ons gesê het, lief / die tyd het oud geword.”

Eugène Marais, “Die Towenares”: “Wat word van die meisie wat altyd alleen bly? / Sy wag nie meer vir die kom van die jagters nie / sy maak nie meer die vuur van swartdoringhout nie / Die wind waai verby haar ore / sy hoor nie meer die danslied nie.”

In “Ouma Farieda se kind” van Ronelda S. Kamfer: “[My] pa is my ma se lost interior designer dream / in sy fifties toe lyk hy en die voorhuis dieselfde / in sy sixties is hy ’n wewenaar alleen / en lyk nou weer soos wat hy altyd was / Farieda se weggooikind.”

“Kaalkoppe”, van Fourie Botha: “In Mexikostad: dertien koppe / verkool langs ’n vulstasie gevind / die polisie soek steeds lyke / om met die moorde te verbind.”

Uit “Ek sal opstaan” van W.E.G. Louw: “Ek sal opstaan en na my vader gaan / opstaan uit my vodde en my vuil / opstaan en onder die volle maan / wat geel streep oor die vleiland, gaan en huil / aan sy breë skouer, en hóm saggies vra / om alles te vergeet, en te vergewe.”

In dié tye is die laaste sin in *Crime and Punishment* van Fjeodor Dostojewski sekerlik profetiës: “But that is the beginning of a new story – the story of the gradual renewal of a man, the story of his gradual regeneration, of his passing from one world into another, of his initiation into a new unknown life. That might be the subject of a new story, but our present story is ended.”

# Vibracrete confessions vannie ou tannie mettie borsie

Chase Rhys

**Suikewate**

Is lockdown en my nerves is klaa.

Een oggen, nog voorie son opgeko et, het ek paniekerig wakke geskrik. Om my mind ’n bietjie vannie brandende wêreld af te neem, besluit ek ommie wasgoed vroeg te doen. Maa dit hettie gehelp ie; soes ekkie klere oppie lyn innie jaat hang, briek elke twiede pennetjie in my vingers. Te veel nervous energie in my liggam. Ek vloek soema die wasgoed yt.

’n Sagte stem vannie anne kant vannie vibracrete sê: “Hallo?”

Ek loer deur ’n kleine spleet innie concrete slabs en ek sien ’n paa faded pienk sloffies oppie annekant.

Die antie wat agte os bly hette vibe tussen osse huise gebou wat veel hoer as gewone mure is. Sy’t it aspris soe hoeg gemaak wan sy en my oupa kon nettie mekaa vedra nie. Ek kennie ees haa naam ie, my familie het haa allie jaare net Antie Sout geroep. As kind was sy die neighbour wie nooit my balls trug gegie et as ek it by accident in haa jaat geskop het ie.

“Is jy alright my boy?” Die sagtheid in haa stem klink vreemd. Gewoonlik het sy ’n harde skrie-stem, even as sy ’n mens gegroet et, het sy geklink soes sy nou lielik jou gesig gaan afwas.

Ek wietie offit die lang muur was wat my laat voelet soes ek inne Roman Catholic confession booth sittie, of nettie feit dat ek vi dae nie ’n nuwe stem gehooret ie, maa ek moes al my spanning laat vaar.

Ek haal een diep asem en sê vi haa: “Alles is net te veel, it voel daas heeltyd groot knope in my maag. Ek’s bang vi Covid-19, ennie mense wattie binne bly nie, en ek worry oorie mense wattie nou geld het om kos te koep ie, en polisiebrutaliteit…”

Toe ekkie spyt van haa asthma pompie hoo, hou ek op praat. Hie stress ek tewyl die vrou sukkel vi asem.

Die antie sê: “Ek’s oud en ek het ’n borsie. Ek’t al my laaste dae begin tel. Die Covid-19 gaan my Co-wit-biene maak.” En sy lag.

Ek ken die lag, klink soes my oupa geklinket in sy laaste dae. Hoe nader hy an sy dood geko het, hoe mee het hy versag. Daa was ’n siekere rustigheid om hom. Hy’t lekke gelag, asof hy skielik die divine joke vannie liewe yteindelik vestaan. Ek kon it in sy oë oek sien, soe ’n kennende blik wat ’n mens soema at ease gesit et. Die auntie se stem het nou dieselle effect op my.

“Die liewe is kot,” sê sy. “Mense sê issie corona virus, maa vi my issit carona grace. Issie alles net doom en gloom nie. Ja it is nou erg en os suffer, maa die is hoe die wêreld gaan verander. End of the day gaan die iets goed wies virrie wêreld, mark my words.”

En daais presies wat ek nou doen; ek wag byrie vibe met my boek en pen. Die anne oggen gie sy my ’n resep vi dahl en homemade brood. Gister leer sy my hoe om konfyt yt lukwarts te maak. En veoggen het sy vetel van haa ervaring van apartheid en forced removals. “Gewoonlik issit te seer om oor die goed te praat, maa nou kan ekkie mee stil bly nie.”

Die confession sessions oorie vibe wys my hoe belangrik en therapeutic it is om in isolation nog steeds connections te bou.

Os is biesag om osse elders vinnig te veloo, os moet vesieke maak dat hulle wysheid nog met os bly.

## Kontak ons

**Teken in:** 087 353 1300. SMS “Rapport” na 31069.
**Intekenare-navrae:** 087 353 1300. (Maandag tot Vrydag: 07:00-16:30. Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae: 07:00-11:00.) SMS “diens” na 31069. E-pos: intekenare@media24.com WhatsApp: 087 353 1333
**Waar kry ek Rapport?** 087 741 3137
**Nuuswenke:** 011 713 9633 of 021 406 3228 E-pos: nuus@rapport.co.za
**Klagtes oor stories:** Alet Wichmann 011 713 9682. alet@media24.com
**Redakteur:** Waldimar Pelser 011 713 9633 of 021 406 3228 waldimar.pelser@rapport.co.za
**Nuus- en Sakeredakteur:** Erika de Beer 011 713 9633 of nuus@rapport.co.za
**Sportredakteur:** Albert Weideman 011 713 9671 of albert.weideman@rapport.co.za
**Beleef:** Alet Wichmann 011 713 9682 of alet@media24.com
**Weekliks en briewe:** Pieter Malan 021 406 3514 of pmalan@rapport.co.za

# Agterblad




## Pretblad-oplossings

### Oplossing 412

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | | S | | V | ■ | K | | O | |
| | E | | E | | U | | E | | O | |
| | K | | K | | O | | F | | S | |
| V | E | R | S | O | R | G | ■ | V | E | R |
| | N | | E | | E | R | D | | A | |
| | M | | I | | S | T | E | L | ■ | O |
| | E | | S | | O | L | I | D | E | O |
| W | E | ■ | E | D | E | L | ■ | K | O | E |
| | S | | ■ | O | | E | ■ | P | A | S |
| A | T | L | A | N | T | I | E | S | ■ | A |
| | E | | E | L | T | E | ■ | K | R | |
| | R | I | V | I | E | R | S | O | N | D |
| | S | E | E | S | L | A | K | K | E | ■ |
| | ■ | R | ■ | S | P | O | K | E | ■ | S |
| L | E | E | M | ■ | S | T | E | R | I | E |
| | S | K | O | P | P | E | ■ | G | ■ | R |
| | K | O | E | L | ■ | V | O | E | G | ■ |
| | A | L | N | A | G | ■ | I | N | V | O |
| | R | O | D | E | O | ■ | S | T | A | D |
| | P | E | E | R | ■ | G | E | V | L | E |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | W | A | | | | | | | | |
| | S | P | R | E | E | U | S | | | |
| | U | | E | | S | | | | | |
| | E | | G | E | | | | | | |
| | B | | A | | | | | | | |
| | O | N | G | E | D | U | L | D | | |
| | G | L | O | R | I | A | | | | |
| | I | M | E | L | K | | | | | |
| | A | S | E | | E | | | | | |
| | A | A | N | D | A | G | | | | |
| | K | R | | E | | I | | | | |
| | S | O | N | D | E | R | E | N | D | |
| | A | K | K | E | | S | E | L | A | S |
| | S | P | O | K | E | | S | E | S | D |
| | S | T | E | R | I | E | L | | E | |
| | G | | R | O | N | K | | | | |
| | V | O | E | G | | E | K | K | E | |
| | I | N | V | O | E | G | S | E | L | |
| | S | T | A | D | | T | E | N | T | |
| | G | E | V | L | E | U | E | L | D | E |

### Junior blokraai

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | G | P | S |
| | | | | S | | | | H | E | R |
| V | O | O | R | K | O | P | | G | L | |
| Y | | P | | R | | A | R | E | N | D |
| | | | | E | I | L | | V | I | |
| | | | | E | | I | M | A | G | O |
| | | | | U | R | N | | N | | |
| | | | | | | G | O | G | | |
| M | O | R | S | I | G | | O | | | |
| E | | O | | E | | D | I | S | | |
| I | | T | E | M | A | S | | S | I | M |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| O | | E | R | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |

**Woordslim-oplossing:** (c) buitelaag van die oogbol. Die woord sklera verwys na die digte, veselagtige, wit buitelaag van die oogbol waaraan die spiere wat die oog beweeg, geheg is en wat die oogbol beskerm. Die woord kan teruggevoer word na Grieks *skleros*, wat "hard" beteken. (*WAT*)

### Maklik

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 4 | 7 | 8 | 2 | 3 | 1 | 6 | 5 |
| 2 | 3 | 1 | 4 | 6 | 5 | 9 | 8 | 7 |
| 6 | 8 | 5 | 1 | 7 | 9 | 3 | 2 | 4 |
| 8 | 1 | 3 | 2 | 5 | 7 | 4 | 9 | 6 |
| 4 | 5 | 9 | 6 | 3 | 1 | 8 | 7 | 2 |
| 7 | 2 | 6 | 9 | 8 | 4 | 5 | 3 | 1 |
| 1 | 9 | 8 | 7 | 4 | 6 | 2 | 5 | 3 |
| 3 | 6 | 2 | 5 | 1 | 8 | 7 | 4 | 9 |
| 5 | 7 | 4 | 3 | 9 | 2 | 6 | 1 | 8 |

### Moeilik

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 5 | 6 | 1 | 3 | 4 | 7 | 2 | 9 |
| 4 | 3 | 7 | 8 | 2 | 9 | 6 | 5 | 1 |
| 1 | 9 | 2 | 6 | 7 | 5 | 4 | 8 | 3 |
| 5 | 6 | 3 | 2 | 9 | 8 | 1 | 4 | 7 |
| 7 | 1 | 8 | 5 | 4 | 6 | 3 | 9 | 2 |
| 9 | 2 | 4 | 3 | 1 | 7 | 8 | 6 | 5 |
| 6 | 4 | 9 | 7 | 5 | 3 | 2 | 1 | 8 |
| 3 | 8 | 1 | 9 | 6 | 2 | 5 | 7 | 4 |
| 2 | 7 | 5 | 4 | 8 | 1 | 9 | 3 | 6 |

**Blokmakierie-oplossing**

**Versteekte sin:** Het al die jare gedink my trauma is my skoonmoeder.

**Dwars:** 1. Skik, 4. Heterdaad, 9. Afry, 11. Taalstudies, 14. Lae, 15. Jare, 17. Malkop, 19. Nar, 20. Nagedink, 22. SAE, 23. Nasê, 24. Mymer, 27. SAL, 29. Traumaties, 35. RSA, 36. Eselin, 37. Sist, 38. Naak, 39. Ondermyn, 41. Asem, 44. Aesopus, 45. Rûe, 46. Pit, 47. Elf, 48. Skoonmoeder. **Af:** 2. Klaskamers, 3. Kalkoen, 4. Hut, 5. Epiek, 6. AA, 7. Afransel, 8. Dr., 10. Ysere, 12. Ulane, 13. Dalk, 16. Raar, 17. Mistas, 18. Prys, 21. DA, 25. Manskappe, 26. Rein, 28. Totem, 29. Triomfe, 30. Aandurf, 31. Merries, 32. Te, 33. Il, 34. Snags, 40. Navo, 42. Suid, 43. Este.

**Vasvra-antwoorde**

1. (c) 26. Die Britse koningin, staatshoof van 16 lande, is vir Suid-Afrikaners die bekendste van die wêreld se 26 monarge, wat oor altesaam 43 lande regeer. Monargieë word ingedeel in dié waar die monarg uitvoerende mag het (soos Saoedi-Arabië, Koeweit, Katar, die Verenigde Arabiese Emirate, Eswatini, Broenei, Oman, Bahrein, Jordanië, Marokko en die Vatikaanstad); dié waar die monarg beperkte mag het (soos Monaco, Thailand, Tonga, Bhoetan en Liechtenstein); en dié waar hy of sy bloot seremoniële status het (soos Brittanje, Noorwêe, Swede, Nederland, Spanje, Luxemburg, België, Lesotho, Kambodja, Maleisië en Japan).
2. (a) Kanada se regeringshoof is die premier. As dit 'n man is, word sy vrou in Engels Spouse of the Canadian Prime Minister en in Frans Époux du Premier Ministre du Canada genoem. Die eerste vrou met hierdie titel was Agnes Bernard, in 1867 getroud met sir John Macdonald, wat in daardie jaar Kanada se eerste premier geword het. Sophie Grégoire, in 2005 met Justin Trudeau getroud, is sedert haar man se ampsaanvaarding in 2015 die 19de vrou wat dié titel gebruik. Kim Campbell, Kanada se enigste vroulike premier tot dusver, was ongetroud terwyl sy die pos beklee het.
3. (c) 400 jaar. Volgens die Gregoriaanse kalender is net eeujare wat deur 400 deelbaar is, skrikkeljare. Ander eeujare is nie skrikkeljare nie. Die Gregoriaanse kalender is ingestel om die verskil wat met verloop van tyd tussen die kalender en die sonjaar ontstaan het, sover moontlik uit te skakel. Die eerste siklus was van 1582 tot 1982. (Die kalender wat in 1582 gebruik is, lyk dus presies soos die kalender vir 1982.) Alhoewel die Gregoriaanse kalender naastenby by die sontyd bly, is daar 'n klein verskil, wat ná 3 000 jaar 'n aanpassing van 'n dag nodig sal hê.
4. (d) Indonesië se vlag lyk op die oog af soos Monaco s'n, met 'n rooi baan bo en 'n ewe breë wit baan onder. Die twee vlae se skakerings van rooi verskil, asook die verhouding van die lengte tot die breedte. Vir Monaco se vlag is dit 4:5 en vir Indonesië s'n 2:3.
5. (d) Geen stad nie. Die Switserse grondwet bevat geen verwysing na 'n hoofstad nie. Switserland se grootste stad is Zürich, maar die federale parlement en die regering is in Bern. Die federale howe is in ander stede.
6. (a) Die timusklier is 'n orgaan waarin limfosiete, 'n klas witbloedliggaampies, gevorm word. Hierdie klier speel 'n belangrike rol in die immuniteitstelsel en die buislose kliersteisel. Dit is goed ontwikkel by pasgebore babas, kinders en jongmense. Die stamselle wat die timusklier produseer, ontwikkel in T-selle, wat die liggaam help met die vernietiging van kankerselle en selle met 'n infeksie.
7. (d) Blou Nyl. Dié dam is vroeër Millennium- of Hidasedam genoem. Verlede jaar was dit ongeveer 70% voltooi. Wanneer dit klaar is, sal dit tussen 5 en 25 jaar duur om dit vol te kry.
8. Tafelberg. Die Woodheaddam, die oudste dam op dié berg, is in 1897 voltooi en het 'n wal wat 252 meter lank is. Die Hely-Hutchinsondam, in 1904 gebou, lê stroomop van die Woodheaddam. Die ander drie damme op Tafelberg – Victoria, Alexandra en De Villiers – is tussen 1904 en 1910 voltooi.
9. (a) Op die maan geloop. Hulle is ses van die tien ruimtevaarders wat ná Neil Armstrong en Buzz Aldrin op die maan geloop het. Die ander vier is Alan Bean, Charles Duke, Harrison Schmitt en Eugene Cernan.
10. (b) Nigerië het 'n bevolking van meer as 205 miljoen mense of naastenby 2,6% van die wêreldbevolking. Dit is die land met die sewende meeste mense. Die bevolkingsdigtheid daar is ongeveer 223 mense per vierkante kilometer.



**Kerrievis vir Goeie Vrydag – 13**


**'n Engelse dorpie** in builepes-kwarantyn – 2
**Paasfees op Genadendal:** Vanjaar is dit stil – 6
**Oefen saam** al is jy alleen by die huis – 7
**Bak en brou:** Beskuit, brood en appelkoek – 12
**Studeer iets nuut** met 'n aanlyn kursus – 14
**Hyundai Atos:** Die agtste dwergie – 15



B

Rapport Beleef

# ’n Les geleer uit die pes…

In die 1600’s het ’n vérsiende predikant die dorpie Eyam in ’n staat van inperking geplaas, skryf **Loraine Maritz.**

**Eyam is ’n Engelse dorpie wat in die 1600’s te midde van die uitbreking van builepes in ’n staat van inperking geplaas is.** | FOTO’S: LORAINE MARITZ

Omring deur die groen golwende heuwels van ’n idilliese Engelse landskap lê die sewe grafte. ’n Rowwe klipmuur, wat in die vorm van ’n hart gebou is, omring dit. Daar is ses grafstene en ’n graf met ’n plat klip daarop. Die inskripsie op die klip lees:

*John Hancock, sen., Buried August 7, 1666*

*Remember man*
*As thou goest by,*
*As thou art now,*
*Even once was I;*
*As I doe now*
*So must thou lie,*
*Remember man*
*That thou must die.*

Op die ander grafstene is die name:
Elizabeth Hancock, Buried Aug. 3, 1666
John Hancock, Buried Aug. 3, 1666
Oner Hancock, Buried Aug. 7, 1666
William Hancock, Buried Aug. 7, 1666
Alice Hancock, Buried Aug. 9, 1666
Ann Hancock, Buried Aug. 10, 1666.

Dit is die grafte van Elizabeth Hancock se man en ses kinders. Hulle is almal binne die bestek van sewe dae dood – aan die builepes.

Toe ek in September 2018 by dié grafte staan, was dit onmoontlik vir my om my so ’n gesinstragedie in te dink. Nog minder kon ek toe weet hoeveel raakpunte daardie plek in die toekoms met ons huidige situasie sou hê.

## Builepes in Londen

Die Hancocks het in Eyam gebly, ’n klein dorpie in die Derbyshire Dales. Vandag val dit binne die Peak District- nasionale park. Die meeste inwoners het in die loodmyne, wat al sedert die Romeinse tyd ontgin is, gewerk. Loodneerslae is in die omliggende kalksteenheuwels aangetref en is in oop myne of ondergronds ontgin. Op daardie stadium het Eyam 350 inwoners gehad.

Eyam was ver van Londen, waar die builepes toe duisende lewens geëis het. Builepes het sedert die Middeleeue periodiek in Europa uitgebreek. Die *Yersinia pestis*-bakterie word hoofsaaklik deur vlooie wat deur rotte besmet is, versprei. Die siekte word dan deur ’n vlooibyt aan die mens oorgedra, waar dit in die limfstelsel beland. Pynlike geswolle buile (bubo’s), of limfnode, is ’n sigbare teken van die siekte – die uiteinde was gewoonlik ’n pynlike dood.

**Die besluit was ’n geweldige opoffering.**

Die Swart Dood, ook ’n builepes, wat in die middel van die 14de eeu in Europa uitgebreek het, het na skatting tussen 30% en 50% van Europa se bevolking uitgeroei.

Londen was in die 17de eeu ’n potensiële teelaarde vir siektes. In veral die armer dele van die stad was dit onmoontlik om higiëne te handhaaf. Die strate was nou en oorbevolkte skakelhuise het skouer aan skouer ingeryg gestaan. Die keistene was glibberig van dieremis en -uriene, asook vullis en riool wat by die huise uitgegooi is. Inwoners wat op die hoër verdiepings en solderkamers gebly het, het dikwels die vullis by die vensters uitgegooi. Daar was geen sanitasie nie, en oop dreine het in die middel van die paaie geloop.

Die rykes kon in die veiligheid van koetse of drastoele deur die strate beweeg, maar voetgangers is aan die stinkende modder in die strate en spatsels wat deur die wawiele en perdepote opgeskiet is, blootgestel. Orals was daar vlieë, rotte en ’n oorweldigende stank.

## Dié wat kon, is platteland toe

Die builepes is vermoedelik in 1664 deur Nederlandse skepe wat katoenbale vervoer het, na Londen gebring. Dit was dan ook vanaf die hawegebied dat die pes deur die stadspoorte na die stad versprei het. Met die koms van warmer weer in die lente van 1665 het die plaag soos ’n veldbrand versprei en sterftes van meer as 300 per week is aangeteken. Welaf Londenaars, asook koning Charles II, het die stad vir die yler bevolkte en hopelik pesvrye platteland verlaat.

Eyam, ongeveer 260 km vanaf Londen, was dus ’n onwaarskynlike teiken vir die pes. Maar die noodlot het ander planne gehad…

In die herfs van 1665 het ’n kleremaker



Die kerkhof in Eyam. Nadat die dorp onder kwarantyn geplaas is, mag geen van die inwoners meer hier begrawe word nie.

Die graf van John Hancock.

Die huis van die kleremaker Alexander Hadfield, waar die plaag na Eyam gekom het.

in Eyam, Alexander Hadfield, materiaal vanaf Londen bestel. Toe die kleremaker se kneg, George Viccars, die materiaal oopmaak, was dit klam en het bedompig geruik. Hy het die materiaal naby die vuur gesit om uit te droog en homself ook daar naby vir 'n slapie neergevly.

Viccars was natuurlik onbewus dat daar pesbesmette vlooie in die materiaal was… Die hitte van die vuur het die vlooie wakker en meer aktief gemaak en van hulle het op Viccars gespring. Hy is binne 'n week dood. Die kleremaker se twee stiefseuns en 'n buurman het kort daarna gesterf. Hadfield self is 'n jaar later aan die pes dood.

Binne 'n paar weke het nog 40 inwoners gesterf. Die inwoners van Eyam het besef dat die gevreesde pes hul dorpie getref het. Niemand het toe al geweet hoe die pes oorgedra word nie. Maar skielik, met die verskyning van die eerste koue van die winter van 1665, het die sterftes afgeneem! Die inwoners was optimisties dat die pes hom uitgewoed het en dat hul lewens gespaar is. Hulle was nie bewus daarvan dat die vlooie maar net minder aktief is in die winter nie. Helaas, in die lente van 1666 het die sterftes weer begin en drasties toegeneem.

## 'n Staat van inperking

Paniekbevange het die dorpenaars hulle na die plaaslike predikant, William Mompesson, gewend vir leiding. Hulle het gehoop dat Mompesson met meer gesag tot God sou kon bid om Eyam van die pes te red. Mompesson se hulp was egter meer prakties van aard.

Met die hulp van 'n afgetrede predikant, Thomas Stanley, het hulle verbasend versiende maatreëls voorgestel. Omdat hulle vermoed het dat persoonlike kontak 'n rol speel in die verspreiding van die pes, het hulle gepoog om dit te verminder. Hulle het onder meer besluit dat die dooies nie meer in die kerkhof begrawe mag word nie en dat families sélf na hul gestorwenes moes omsien. Kerkdienste is ook in die buitelug gehou om die risiko van infeksie onder die inwoners te verminder.

Maar die maatreël waarvoor Eyam bekendheid verwerf het, was die besluit om te keer dat die pes na ander dorpe versprei. Eyam is onder kwarantyn geplaas – niemand mag die dorpie binnegekom of verlaat het nie. 'n Edele besluit, maar wat op die ou einde ten koste van Eyam se inwoners sou werk.

Dit was 'n geweldige opoffering. In die weke en maande wat gevolg het, moes die dorpenaars toekyk hoe hul gesinne, bure, dikwels 'n hele familie, soos in die geval van die Hancocks, sterf.

Oorlewing was moeilik en voedsel en voorrade het skaars geraak. 'n Plan is egter gemaak. 'n Groot, plat klip, die Boundary Stone, is op die grens van Eyam geïdentifiseer waarop die buurdorpie, Stoney Middleton, se inwoners voedsel en mediese voorrade kon plaas. Naby die Boundary Stone het Eyam se inwoners geld in 'n kliptrog gelos. Die trog was met asyn gevul om die geld te steriliseer.

Die pes het hom oor 'n tydperk van 14 maande uitgewoed. Die kerk in Eyam het vandag steeds historiese inskrywings van die 273 inwoners wat aan die builepes dood is.

## Waarom het party oorleef?

Navorsers wonder steeds waarom sekere inwoners gelukkig was om die pes vry te spring. Die grafgrawer het byvoorbeeld nie die pes opgedoen nie, al het hy baie besmette lyke hanteer. Die kleremaker se vrou, Mary Hadfield, het ook vier sterftes in haar huis gehad, en oorleef. En dan is daar Elizabeth Hancock – sy moes die lyke van haar familie na hul grafte, wat sy self moes grawe, sleep, en toegooi… sewe maal. Sy het wonderbaarlik oorleef.

Deur fisieke isolasie toe te pas, kon Eyam nie die lewens van sy inwoners spaar nie, maar hulle kon keer dat die plaag na die naburige dorpe versprei en het sodoende duisende se lewens gespaar.

Die kille inskripsie op John Hancock se graf herinner ons aan ons almal se sterflikheid. Die inwoners van Eyam kon hul vrees vir die dood opsy skuif en deur selfopoffering die lewens van baie ander spaar. Dalk kan ons 'n les hieruit leer.

■ **Bron: Eyam Museum, contact@eyam-museum.org.uk.**

Explore Sideways, 'n aanlyn reisbesprekingsdiens, neem jou onder meer om na die noorderligte in Alaska te gaan kyk. | FOTO: GETTY IMAGES

# Reis op jou rusbank . . .

Net omdat jy huisgebonde is, beteken dit nie jy mag nie meer reis nie, skryf **Annemarie van Burick.**

Die Covid-19-pandemie het die wêreld getref soos 'n tsoenami wat alle deure toegeklap het. Jy mag nêrens meer gaan nie en miljoene mense moes hul reisplanne uitstel of afstel.

Die goeie nuus is dat die mens innoverend is. Wêreldwyd het organisasies soos operahuise, dieretuine en museums nou hul virtuele deure oopgegooi waardeur jy steeds vanaf die rusbank in jou huis kan reis. In Suid-Afrika, waar die inperking sedert middernag 26 Maart geld, kan reisliefhebbers ook steeds deur middel van hierdie aanlyn reise, oftewel rusbank- of leunstoelreise, die wêreld verken sonder om 'n voet by die deur uit te sit.

## Neem jou smaakpapille op reis

As jy 'n verskoning soek om te smulkyk, sal Netflix se programme *Street Food* en *Salt Fat Acid Heat* jou inspireer en superhonger laat voel. *Street Food* neem jou op 'n meesleurende uitstappie na die lewendige kostonele in nege verskillende Asiatiese lande. Van Bangkok tot Singapoer sal jy geboei word deur die watertandgeregte asook die unieke individue wat agter die geregte staan.

*Salt Fat Acid Heat* sal jou verlief maak op talle nuwe kulinêre bestemmings.

## Stap deur die strate

Google Street View op Google Maps se span het 'n lys van gunsteling-straatuitsigte beskikbaar gestel met interessante agtergrondinligting vir jonk en oud. Dit bied 'n indrukwekkende lys van plekke vir jonk en oud om te verken.

- Bestyg Yosemite se El Capitan in Kalifornië saam met 'n bekende bergklimmer.
- Sweef deur die Internasionale Ruimtestasie met Space View in samewerking met Nasa en voel hoe dit sou wees om 'n ruimtereisiger te word.
- Ry saam perd by Mongolië se Chöwsgöl-ysfees. Hier kan jy ervaar hoe om die ysige winters in Mongolië aan te durf. Street View sit jou op 'n perdekar waar jy eerstehands 'n ysspeelterrein kan ervaar.
- Klim Mont Blanc in die Alpe. Street View het saamgespan met wêreldbekende fotograwe, skiërs, bergklimmers en sportlui om 'n aansig van Wes-Europa se hoogste pieke vir jou te bring.
- Japan se sakoera oftewel kersietyd is wêreldbekend. Hier kan jy 'n ontspanne wandeling onderneem gedurende Tokio se lente en die bekende Zödjö-dji-tempel in die Sjibakoen-buurt ervaar.
- Besoek Barcelona se La Sagrada Família-katedraal met sy liggies sonder hordes mense. Hier kan jy die kerk se bekende boomagtige kolomme en glinsterende liggies waarneem sonder dat mense na jou staar.
- Ervaar die Kerseiland in Australië. Die afgeleë tropiese terrein in die Indiese Oseaan bied jou die geleentheid om die jaarlikse rooikrap-migrasie te ervaar. Hiermee saam kan jy die asemrowende sonsondergang ervaar en sien hoe miljoene krappe van die woud na die see vertrek.
- Stap langs die Sjeik Zajed-moskee in Abu Dhabi. Die moskee het plek vir tot 40 000 aanbidders, met 'n oopdeur-beleid wat besoekers van oor die wêreld lok.
- Besigtig die Ilulissat-ysfjord in Groenland. Dié Unesco-wêrelderfenisterrein herinner jou aan die planeet se prag en ook hoe klimaatsverandering 'n uitwerking op die natuur het.

## Besoek 'n kunsmuseum

Met behulp van Google Arts & Culture se aanlyn platform (Artsandculture.google.com) kan jy kajuitkoors bestry met reise na honderde van die wêreld se grootste museums en kunsgalerye. Dit sluit in die Metropolitan-kunsmuseum in New York, die Van Gogh-museum in Amsterdam en die British Museum in Londen. Buiten vir die virtuele reise word ongelooflike inhoud oor die kunswerke aangebied, en het jy die geleentheid om in te zoem en die kunswerke in die fynste besonderhede te bestudeer.




Die Metropolitan-operahuis in New York vertoon elke dag klassieke vertonings uit hul opnames. Die afgelope week was *Nixon in China* een van die produksies.

Baie van die wêreld se gewildste toeristebestemmings word hier herskep. Sien die uitsigte vanaf die Eiffel- en Tokio-toring en stap op roetes by die Taj Mahal, Machu Picchu en die piramides by Giza.

Baie van die inhoud, wat 360°-videos insluit, is beskikbaar op die tradisionele webwerf, maar daar is ook 'n verryktewerklikheid-slimfoonapp waar beelde reageer op die bewegings van die foon, wat die sensasie van beweging binne die digitale ruimtes skep.

Die stad Porto in Portugal het ook 'n aanlyn platform bekend gestel vir virtuele kultuurbedrywighede (porto.360portugal.com). Die Livraria Lello, 'n boekwinkel (#HarryPotterVibes) en die Porto-katedraal is van die plekke wat jy kan verken in die historiese kern van Porto, 'n Wêrelderfenisgebied.

## Nader aan die natuur

'n Afrika-safari is op talle mense se wenslys, terwyl ander weer nog altyd die noorderligte, oftewel aurora borealis, wou sien.

Explore.org het talle regstreekse natuurkameras wat jou laat voel asof jy daar buite in die natuur is. Sit by 'n watergat in

## Besienswaardig

Toeristetrekpleisters

- Buckingham-paleis, Londen – www.royal.uk/virtual-tours-buckingham-palace
- Colosseum, Rome – Tinyurl.com/thrprzf
- Machu Picchu, Peru – www.youvisit.com/tour/machupicchu?pl=f
- Noorderligte – Explore.org/livecams/aurora-borealis-northern-lights/northern-lights-cam
- Piramides, Egipte – www.tripsavvy.com/virtual-field-trip-pyramids-1259200
- Stonehenge, Engeland – Tinyurl.com/wz3xgz7
- Street Art with Google – Streetart.withgoogle.com/en/
- Taj Mahal, Agra, Indië – Tinyurl.com/qpz7vmt
- Groot Muur van China – www.thechinaguide.com/destination/great-wall-of-china
- Toer deur Rome, Italië – Tinyurl.com/s5vlzbc

**Leer meer**

- Op Nasa se webblaaie kan jy meer leer oor ruimtereise en saam met hulle gaan – ExoPlanets Nasa - https://exoplanets.nasa.gov; Nasa, Langley Research Centre - https://oh.larc.nasa.gov/oh/
- Op The Kennedy Centre in Washington, VSA, se webblad kan jy natuurlik na heelwat musiekproduksies kyk, maar daar's ook elke middag 'n tekenles vir kinders deur Mo Willems - www.kennedy-center.org/digitalstage/

die Tembe-olifantpark in KwaZulu-Natal of kuier by gorillas in die Demokratiese Republiek van die Kongo.

Explore Sideways (www.facebook.com/exploresideways), 'n aanlyn reisbesprekingsdiens, bied weer video's waarin jy kan ontsnap gedurende hierdie onseker tye. Hulle neem jou ook na die beroemde Livraria Lello-boekwinkel in Porto, en ook om na die onheilspellende groen golwe van die aurora borealis in Alaska se hemelruim te gaan kyk.



**Die stad Porto in Portugal se aanlyn platform neem jou onder meer na hierdie boekwinkel.** | FOTO: GETTY IMAGES

Op die webblad Eventbrite.ca neem die Amerikaner Chris Moriarty van Wildland Adventures jou op 11 April op 'n reis van Kaapstad na die Krugerwildtuin. Chris het sy hart hier verloor en reis al vir 20 jaar lank gereeld in Afrika. Skakel in vir "From the Kruger to the Cape and everything in between" om jou eie land deur ander oë te sien. Chris neem jou op reis van kosmopolitiese Kaapstad met sy wêreldklaskos en -wyn tot in die hartjie van die Krugerwildtuin, waar hy vertel van nuwe kampe en unieke boetiekhotelle, wanneer die beste tyd is om besoek af te lê en hoe om groot groepe mense te vermy.

Gepraat van die Krugerwiltuin: WildEarth neem jou elke dag om 05:30 en 15:30 op wildritte wat jy deur hul YouTube-kanaal kan onderneem. Besoek Wildearth.tv vir meer inligting.

**Proe Suid-Afrikaanse wyn**

As jy voor hierdie staat van inperking 'n groep wynliefhebbers sou nooi om op 'n Vrydagaand aan 'n virtuele wynproegeselligheid deel te neem, sou hulle sekerlik gedink het jy's onder die prop. Maar tye het verander … dis nou glad nie meer vreemd om te sien hoe vriende 'n glasie klink oor 'n selfoon- of rekenaarskerm nie.

Maak jouself gemaklik, gryp 'n bottel van jou gunstelingwyn en sluit aan by een van hierdie virtuele wynervarings in die komende weke.

Hoewel sommige wynkelders fokus op die proe van hul eie wyne, lê die grootste pret daarin om deel van die wyngemeenskap te word en meer oor Suid-Afrikaanse wyne te leer - ongeag die inhoud van jou glas.

Besoek Exploresideways.com/blog/the-best-south-african-virtual-wine-experiences/ om te sien watter wynplase al virtuele wynklubs begin het.

**'n Dosis kultuur en dierevermaak**

Die Metropolitan-operahuis in New York stroom elke aand klassieke vertonings op hul webblad www.metopera.org. Elke vertoning begin 01:30 Suid-Afrikaanse tyd, maar jy kan dit dan herhaaldelik tot 21:30 in die aand kyk. "Ons wil goeie operatroos bied aan operaliefhebbers gedurende hierdie uiters moeilike tye," het die hoofbestuurder, Peter Gelb, aan InspireMore gesê. "Ons bied operajuwele uit ons versameling hoëdefinisie-vertonings van die afgelope 14 jaar."

Indien jy nie 'n opera-aanhanger is nie en dalk klein kinders by die huis het, is daar ander vrolike opsies. Die Cincinnati-dieretuin wys Maandag tot Vrydag om 21:00 Suid-Afrikaanse tyd wat van hul diere aanvang. Besoek hul Facebook-blad, Cincinnati Zoo & Botanical Garden om saam te kyk.

Virtual South Africa (www.virtualsouthafrica.travel/portfolio/) neem jou weer na die Two Oceans-akwarium in Kaapstad. Van hul ander virtuele ervarings is besoeke aan die Rupert-museum in Stellenbosch, die Distrik Ses-museum in Kaapstad of die Bay Harbour Market in Houtbaai.

## Op jou skerm

Hier is 'n lys van museums en ander besienswaardighede wêreldwyd wat jy kan besoek gedurende self-afsondering:

**Museums**

- Musei Vaticani, Vatikaanstad – www.museivaticani.va/content/museivaticani/en/collezioni/musei/tour-virtuali-elenco.html
- Anne Frank-museum, Amsterdam, Nederland – www.annefrank.org/en/museum/web-and-digital/
- British Museum, Londen – Britishmuseum.withgoogle.com/
- Guggenheim, Bilbao, Spanje – www.guggenheim-bilbao.eus/en
- Hermitage-museum, St. Petersburg, Rusland – www.youtube.com/watch?v=49YeFsx1rIw&feature=youtu.be
- Louvre-museum, Parys – www.louvre.fr/en/visites-en-ligne
- São Paulo-kunsmuseum (MASP), São Paolo, Brasilië – Masp.org.br/en
- Met-museum, New York – www.metmuseum.org/art/online-features/met-360-project
- Musée d'Orsay, Parys – M.museeorsay.fr/en/home.html
- Museum of London Docklands – www.museumoflondon.org.uk/about-us/business-services/venue-hire/museum-london-docklands/virtual-tour
- National Gallery of Arts, Washington DC – www.nga.gov/
- National Gallery, Londen – www.nationalgallery.org.uk/visiting/virtual-tours
- Natural History Museum, Londen – Artsandculture.google.com/streetview/the-natural-history-museum-hintze-hall/yQHjHCmSOMKyhQ
- Palestine Museum, Birzeit – www.palmuseum.org/ehxibitions/virtual-exhibitions
- Picasso-museum, Barcelona – www.bcn.cat/museupicasso/en/museum/presentation.html
- Rijksmuseum, Amsterdam, Nederland – Artsandculture.google.com/partner/rijksmuseum
- Royal Academy of Arts, Londen – Britishart.yale.edu/
- Salvador Dalí-museum, Figueres, Spanje – www.salvador-dali.org/en/museums/dali-theatre-museum-in-figueres/visita-virtual/#
- Tate Britain, Londen – www.tate.org.uk/visit/tate-britain/display/walkthrough-british-art
- J. Paul Getty Museum, Los Angeles, VSA – Artsandculture.google.com/partner/the-j-paul-getty-museum
- The Museum of Flight, Seattle, VSA – Museumofflight.org/Explore-The-Museum/Virtual-Museum-Online
- Yale Centre for British Art en The National Museum of Computing on Bletchley Park, New Haven, VSA – Britishart.yale.edu/
- Uffizi-galery, Florence, Italië – Artsandculture.google.com/partner/uffizi-gallery
- US Holocaust Museum, Washington, VSA – www.ushmm.org/information/exhibitions/online-exhibitions
- Van Gogh-museum, Amsterdam, Nederland – Artsandculture.google.com/partner/van-gogh-museum
- Virginia Living Museum, Virginië, VSA – Thevlm.org/visit/about-us/covid-19-update/natural-education/
- Women's History Museum, Virginië, VSA – www.womenshistory.org/womens-history/online-exhibits

'n Hond dwaal deur die hoofstraat in Genadendal.

Die begraafplaas op Genadendal.

Jy word verwelkom en gewaarsku met jou aankoms.

# 'n Paasfees op 'Genaal'

Die koronavirus toon ook geen genade vir die Paastradisies van die sendingstasie Genadendal nie, skryf **Heindrich Wyngaard.**

Aankoms op Genadendal het sedert die totstandkoming van Suid-Afrika se oudste sendingstasie in 1738 dieselfde indruk op besoekers gelaat. Dit traak nie of jy 'n Morawiese sendeling uit die 18de eeu, oudpres. Nelson Mandela in die middel 1990's of 'n hedendaagse reisiger is nie. Die gewaarwording van die aankomeling word opgesom deur die begin van 'n P.J. Philander-gedig ("Aand op Genadendal", uit 'n keurbundel deur Daniel Hugo): "Dit is stil (…)"

En dié stilte laat jou amper voel asof jy op iemand anders se heilige grond voet sit.

Wat waarskynlik hiertoe bydra, is 'n waarskuwing op die "Welkom in Genadendal"-kennisgewingbord: "Onregmatige betreding, storting en die oprig van onwettige strukture sonder die toestemming van die Genadendal GEV (Gemeenskaplike Eiendomsvereniging) word streng verbied."

Hoofpad langs ry jy, verby die sportterreine, die polisiekantoor, HOP-huise, munisipale kantore, 'n winkel op die hoek.

Draai links af in die rigting van die kern van die dorp, alombekend as "Die Werf", en jy besef gou waarom 'n reis hierheen as 'n tree terug in die verlede bemark word.

Die stilte is egter nie van 'n dorre aard nie; die klanke van die dorp is dalk net gedemp: kinderstemme by plaaslike skole, voertuie, donkies, perde, skape en beeste wei in tuine of kruis die pad, musiek uit die voorkamers van outydse rietdakhuisies.

**'Dit is die tyd dat Genalers uit die stad huis toe kom.'**

### 'n Naweek wat nog altyd die stilte breek

Selfs vir eerw. Martin Wyngaard (terloops, dis nie familie van die skrywer nie) was die stilte érg toe hy meer as drie jaar gelede deur die Morawiese Kerk uit Belhar op die Kaapse Vlakte hierheen verplaas is. Tóé het hy sommer saans om halfagt al gaan inkruip; in die winter sou hy huisbesoek in die middae doen omdat sy ganse gemeente skynbaar teen agtuur al onder die komberse is.

Moderne tye het egter ook hier kerkbywoning laat taan. Tussen 100 en 300 mense woon darem nog gereeld dienste by; daar is wel plek vir 600. Wanneer Paasnaweek in April en die jaarlikse kinderfees in Augustus aanbreek, vind jy egter óórvol kerkbanke. Dit is ook oor Paasnaweek dat die stilte hier behóórlik verbreek word.

Die historiese Morawiese kerk op Genadendal is tussen 1891-1893 gebou.

"Paasfees op Genaal was en is nog steeds 'n groot gedoente, 'n spesiale tyd, iets wat amper meer *heavy* as Kersfees is," sê 'n boorling, Johann Abrahams, TV-man en filmmaker. "Dit is die tyd dat Genalers uit die stad huis toe kom, soos 'n *homecoming*; almal se huise is vol en dit gaan net lekker."

Die atmosfeer van afwagting is vooraf tasbaar. Nóg 'n Genadendaller, Frederick Daniëls, onthou 'n tydperk toe die naweek begin is met tussen ses en tien vól busse van die Du Plessis-familie wat die Donderdag reeds met boorlinge uit die stad arriveer.

Plaaslik het families hulle voorberei op die "groot inval".

"Huise is afgewit en kamers en ou beddens is vars gemaak. Die vis is ingelê en die paasbolletjies gebak," vertel Frederick. Soms was die huise oorvol, ook by dié van sy oupa Kallie Duminy, waar die hele familie saamgetrek het.

"Soos my een tante altyd op sulke naweke opgemerk het, as een opstaan van sy slaapplek, is hy dit kwyt, want 'n ander val net in."

### Paastradisies op Genadendal

Martin gee 'n uiteensetting van die tipiese verloop van die kerkprogram op 'n Paasnaweek: "Aktiwiteite begin met die viering van die heilige Nagmaal op Witte Donderdagaand; op Goeie Vrydag begin die kerkdienste om 10:00 met die leesdiens van die lyding van onse Here Jesus Christus. Om 14:30 vind die leesdiens van die sterwensuur van ons Here Jesus Christus plaas, gevolg deur die viering van die heilige Nagmaal."

Die res van die program sluit onder meer in dat mense op die Saterdag ("Stille Sabbat") na die plaaslike begraafplaas gaan om grafte van afgestorwe familielede skoon te maak en vars blomme daarop te plaas.

Hierdie gebruik dien as 'n voorloper vir die Sondag, Paasfeesoggend, wanneer die gemeenskap om 06:00 voor die kerkgebou op Die Werf byeenkom.

Hiervandaan stap hulle vir omtrent 'n kilometer, onder begeleiding van die bekende Genadendalse Basuinorkes, na die begraafplaas geleë op 'n bult aan die oostekant van die dorp.

"By die begraafplaas volg die gemeente 'n liturgie waartydens die name van familielede, gemeentelede en vriende wat sedert die laaste Paasfees afgesterf het, afgelees word; dit word die Opstandingsdiens genoem," verduidelik Martin.

Die Paasfees-oggenddiens begin gewoonlik om 10:00. Hierna gaan die oor-en-weer-kuiery voort en word voorbereidings getref vir die Maandag se gebruiklike basaar met heerlike eet- en drinkgoed. Ook vrugte en groente uit die vrugbare grond, waarin omtrent alles groei, iets wat die sendelinge Marsveld, Schwinn en Kuhnel (*The Genadendal Diaries, 1792 - 1794*) aangenaam verras het toe hulle die stigtingsvader Georg Schmidt se werk kom voortsit het.

Pres. Nelson Mandela het Genadendal in 1995 besoek.
| FOTO'S: HEINDRICH WYNGAARD EN ISTOCK

Die feestelike atmosfeer sluit ook disko's in die gewilde Vanguardsaal in. Waar Frederick se generasie liries raak oor orkeste van ouds soos die Invaders en Restless Children - "onder daai pers ligte, terwyl daar rustig geblues (styf gedans) word" - verskaf groepe soos The Rockets en bekende DJ's vandag die vermaak.

Naas die basaar is 'n plaaslike rugbytoernooi die ander hoofaanbod op die Maandag, vertel Johann. Frederick onthou die groot skares in die verlede - veral wanneer die destydse Progress van Caledon teen United van Genadendal kragte gemeet het.

Dít is die gees wat hy en die res van die Friends of Genadendal die afgelope vyf jaar oor Paasnaweek lewendig probeer hou, terwyl hulle ook geld vir behoeftige organisasies insamel.

Maar nou sak hy droefgeestig af: "Genaal sal nie dieselfde wees hierdie Paasfees nie."

Ook hiér in die dal van genade toon die koronavirus geen genade vir tradisies nie.

# Oefen saam, al is jy alleen

Van strek tot spring. Van draf tot dans. Van onfiks tot Olimpiese atleet. Vir elke soort oefening is daar iemand wat voor 'n kamera staan en dit vir jou moontlik maak, skryf **Kelly Minnie.**

**Popsugar Fitness**
**Platform:** YouTube
**Koste:** Gratis
**Hoe dit werk:** Daar is video's vir elke soort oefen-inspirasie wat jy soek. Elke video het drie mense wat saam met jou oefen. Een wat voor is en vir jou alles verduidelik. Dan is daar iemand wat die makliker weergawe doen vir die wat begin of dalk bietjie onfiks is. Die derde persoon is daar vir die res wat iets bietjie meer uitdagend soek.
***Rapport* sê:** Dit is maklik bekombaar. YouTube is 'n eenvoudige platform om video's te kry. Die verskeidenheid is fantasties. Daar is alles van dans- tot kardio-oefeninge. In omtrent elke video is daar verskillende aanbieders en dit hou dinge interessant. Dit is 'n goeie opsie as jy nie weet hoe om te begin nie.
(www.youtube.com/channel/UCBINFWq52ShSgUFEoynfSwg)




**Move with Colour**
**Platform:** YouTube
**Koste:** Gratis
**Hoe dit werk:** As jy nog altyd 'n kampioendanser wou wees, maar nooit die tyd gehad het vir jare se opleiding nie, is Move with Colour perfek vir jou. In tien minute leer jy 'n nuwe danspassie op die maat van bekende musiek. Elke video het 'n tema met musiek wat daarmee gepaard gaan, byvoorbeeld disco of Justin Bieber-treffers.
***Rapport* sê:** Dit is baie lekker en eenvoudig om te volg. Die instrukteur is baie vriendelik en snaaks. Jy kom nie eens agter jy oefen nie, totdat jy ná tien minute sweet op jou voorkom voel en vinniger asemhaal as gewoonlik. Daar is iets vir almal se smaak.
(www.youtube.com/channel/UCZFdkG03mZwKGt1_RJ23vAA)

**Nike Training Club**
**Platform:** Beskikbaar op jou selfoon. Vir iOS en Android.
**Koste:** Gratis
**Hoe dit werk:** Jy laai heel eerste die app af op jou selfoon of tablet. Daar is verskeie oefen-opsies. Jy laai 'n oefenprogram af en kan dan enige tyd of plek die video's speel en die oefeninge navolg. Jy kan selfs jou musieklys daaraan koppel en luister na jou eie keuses. Dit teken ook aan watter oefeninge jy al gedoen het en meet jou vordering.
***Rapport* sê:** Baie professioneel en maklik om te volg. Dit is ideaal vir mense wat meer dissipline het en al gewoond is daaraan om op eie stoom te oefen. Dit is veral geskik vir diegene wat nie nou na 'n gimnasium kan gaan nie en dit voor die staat van inperking gereeld gedoen het.

**FitOn**
**Platform:** Beskikbaar op jou selfoon. Vir iOS en Android.
**Koste:** Gratis
**Hoe dit werk:** Jy laai heel eerste die app af op jou selfoon of tablet. Daarna tik jy in wat presies jou doelwit met die oefenprogram is. Jy tik ook jou gewig en lengte in. Hulle vra jou ook hoe gereeld en vir hoe lank jy beplan om te oefen. Dit bied ook baie ander opsies soos eetplanne, raad oor slaappatrone, medikasie vir atlete en oefenroetines. Jy kry ook daaglikse motivering en kan jou oefenprogram met vriende deel.
***Rapport* sê:** Dit is die perfekte program om saam met jou eggenoot of beste vriendin te begin doen. Daar is baie opsies vir elke fiksheidsvlak. Boonop help al hul raad jou om 'n gesonder leefstyl aan te pak.




**Rise Studios**
**Platform:** Aanlyn op 'n toestel van jou keuse.
**Koste:** R200 per maand vir twee oefensessies per week of R350 per maand vir vier oefensessies per week
**Hoe dit werk:** Op 'n Sondag word die week se oefeninge opgelaai saam met demonstrasies vir elkeen. Jy kan dan enige tyd of plek oefen. Jy het beperkte toerusting nodig om die oefeninge te doen.
***Rapport* sê:** Die oefeninge is maklik om te volg, leer jou verskillende maniere om te beweeg, en verbeter jou krag, fiksheid en buigsaamheid. Jy het die vryheid om die oefensessies te voltooi in enige volgorde wat jy kies en op die dae wat die beste by jou skedule inpas.
(www.risestudios.co.za/)

**JEFF together**
**Platform:** Facebook
**Koste:** Gratis
**Hoe dit werk:** Elke dag om agtuur soggens oefen John en sy vrou regstreeks in hul huis saam met jou. Om 15:00 smiddae oefen hy en sy vrou saam met die kinders. Die oefensessie word regstreeks op hul Facebook-groep uitgesaai. Mense kan van 15 minute voor die tyd begin inskakel en hulle navolg.
***Rapport* sê:** Die paartjie is baie interaktief en antwoord op wat mense in die kommentaar sê soos wat hulle aangaan. Hulle gee tonne opsies vir dinge om saam met jou kinders te doen.
(https://www.facebook.com/groups/jefftogether)

**Fit4two**
**Platform:** Aanlyn
**Koste:** Eerste sessie: gratis. Die hele reeks: R200
**Hoe dit werk:** Jy skep 'n profiel en kies daarna watter opsie jy wil doen. Die oefeninge is vir swanger vroue of nuwe mammas. Hulle het takke in Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg en Pretoria en bied gewoonlik daar klasse aan.
***Rapport* sê:** Die webtuiste is maklik om te gebruik. Die behoeftes van swanger vroue word deeglik ondersoek as jy aanteken. Die oefeninge fokus op die gesondheid van die swanger vrou of nuwe mamma en die aanbieder herinner jou dat jy die oefeninge teen jou eie pas moet doen. Dis ideaal vir enige vrou, of jy reeds geoefen het voor swangerskap of nie.
(https://fit4two.co.za/online-videos/preggy-exercise/)

# Vandag TV

**Die Byl (kykNET, 20:00):** Spanlede se desperate soektog na 'n medelid lei hulle al hoe nader aan 'n aartsvyand. Byl kry te doen met iets uit sy verlede wat hy gehoop het vergete sou bly.

## KYKNET
DStv 144

07:00 Hotel 4 (OL13) (H)
07:30 Ontbytsake (H)
09:00 Die Boodskap: Sondagdiens
09:30 VeranderDinge 6 (H)
10:00 Bravo! 9 (H)
10:30 André Rieu: Love in Maastricht (H)
Dié konsert bevat onder meer "Nessun Dorma", "Can't Help Falling in Love" en "You Raise Me Up".
13:00 Kook en geniet (H)
13:30 Daar doer in die fliek (H)
14:00 Hotel 4 (OL13) (H)
14:30 Verskietende ster (OL13G) ★★★
16:00 Fiësta 21 (H)
16:30 VeranderDinge 6 (H)
17:00 Kampkos 4 (H)
17:30 Glam Guru 18
Seisoen begin. Branda het in vyf jaar baie uitdagings beleef. Vir die eerste keer in vyf jaar kan sy aan haar voorkoms aandag gee.
18:00 Kwêla 22
19:00 Nuus
19:30 Bravo! 9
20:00 Die Byl 2 (16GT)
21:30 Sara se geheim 3 (13) (H)
22:30 Hoor my, sien my, soen my (H)
23:30 Kampkos 4 (H)
00:00 Koffieboon (H)

## SABC 1
DStv 191

15:00 Sokker
17:30 Gospel Unplugged
18:00 Break Da Beat II
19:00 Nuus
19:30 Transformers: Revenge of the Fallen (OL13G) ★★★
21:30 Agent (16)
22:30 Titel nie bekend nie
23:00 Selimathunzi (H)

## Via
DStv147

17:00 Landbouweekliks (H)
18:00 Stik-stik so (H)
19:00 Blitsbrein jr. (H)
19:30 Weg! Agterpaaie (H)
20:00 Boer maak 'n plan (H)
20:30 Jan (H)
21:30 Vergewe my (H)
22:30 Konings van kitskos (H)
23:00 Kom ons braai: Familie en vriende (H)

## SABC 2
DStv 192

06:30 Music and the Spoken Word
07:00 Morning Live
08:30 7de Laan (H)
Omnibus.
11:00 Life 24/7
11:30 Issues of Faith
12:30 It's Gospel Time
13:30 Sport on 2
14:30 Countdown to Tokyo
15:00 The Cube (H)
16:00 Meet Dave (OL) ★★★
Avontuur, komedie. Die bemanning van 'n miniatuur-ruimteskip in die vorm van 'n mens kry probleme wanneer die skip op 'n vrou verlief raak. Met Eddie Murphy en Elizabeth Banks. (2008)
18:00 Fokus
18:30 Nuus (Afrikaans)
19:00 Afro Café
20:00 Nuus
20:30 Made in Africa: Ties that Bind Us
21:30 Benjamin Dube
22:30 Red Cake – Not the Cooking Show (H)
23:30 Hosanna

## SABC 3
DStv 193

07:00 Sadhana
07:30 Chuck's Choice
08:00 Www.Exfrontiers
08:30 Nowhere Boys
09:00 Terrific Trucks
09:30 Isidingo (OL) (H)
Omnibus.
12:00 Top Billing (H)
13:00 @ The Table (H)
13:30 Funny You Should Ask
14:30 Velaikkaran (OL13) ★★★★
17:30 Mela
18:30 Earth's Great Seasons
Reeks eindig. Dit is winter, en plante en diere pas hulle by die koue aan. Andrew Scott is die verteller.
19:30 Spirit
20:30 Joyride
21:00 Nuus @ 21:00
21:30 The Rewrite (13T) ★★★
Komedie. 'n Skrywer begin klas gee by 'n kollege en raak verlief op 'n enkellopende ma wat in sy klas is. Met Hugh Grant en Whit Baldwin. (2014)
23:30 Koze Kuse

## E.TV
DStv 194

06:00 I Am Soul Precious
06:30 Hillsong
06:55 Peppa Pig
07:00 Care Bears and Cousins
07:25 Disney's Elena of Avalor
07:55 Trolls: The Beat Goes On
08:25 Ninjago: Masters of Spinjitsu
09:00 Rhythm City (OL13)
Omnibus.
11:00 CheckPoint (H)
11:30 Films and Stars
12:05 Trolls (OL) ★★★★
Animasie. 'n Tragedie begin vir 'n klomp vrolike trolle wanneer van hulle deur hul vyande ontvoer word.
(2016)
14:00 America's Got Talent
16:00 Impact
18:00 Family Feud SA
19:00 NewsNight
19:30 Black-ish (OL13)
20:00 The One (OL13GT) ★★★
Aksie. 'n Man moet veg teen identiese weergawes van homself wat van ander planete kom. Met Jet Li en Carla Gugino. (2001)
21:50 Impact Wrestling Specials (13GT)
00:50 Judge Judy (13) (H)

* Alle inligting oor uitsaaitye, programtitels en -inhoud was teen druktyd korrek. Die inligting word van die skakelafdelings en publisiteitspanne verkry en in goeie trou gepubliseer.
** **A** almal; **G** geweld; **H** herhaling; **OL** ouerleiding; **S** seks; **T** sterk taal en **N** naaktheid.
*** **TV-skedulenavrae:** e.tv: 083 1222; SABC: 011 714 9797; M-Net: 011 289 2222.

# Maandag

**Cas oppie kassie (kykNET, 20:30):** In dié sketskomedie vermaak Casper de Vries met van sy bekendste karakters, asook 'n paar nuwes.

## SABC 1
DStv 191

15:00 Degrassi: Next Class
15:30 Yo.TV Live
16:30 Zaziwa (H)
17:00 Expressions
17:30 Nuus
18:00 Orange Couch
18:30 Skeem Saam
19:00 Nuus
19:30 Sgudi' Snaysi (H)
20:00 Generations: The Legacy
20:30 Uzalo
21:00 My Story in Kwaito
22:00 SoccerZone

## Via
DStv147

18:00 Stories wat saakmaak
18:30 Vergewe my
19:30 Geldhelde
20:00 Jan
21:00 Pasgetroud
21:30 Kruidjie roer my (H)
22:00 My vreemde vriende (H)
22:30 Wie's jou poppie? (H)

## SABC 2
DStv 192

06:00 Morning Live
09:00 COVID-19-verslag
09:30 Going Strong
10:00 Voetspore VII (H)
11:00 7de Laan (H)
11:30 Muvhango (H)
12:00 Uzalo (H)
12:30 Generations: The Legacy (H)
13:00 Skeem Saam (H)
13:30 Ga Re Dumele
14:00 Magnum
15:00 Yo.TV
17:00 Dragon Ball Z Kai: The Final Chapter
17:30 Nuus
18:00 7de Laan
18:30 Nuus (Afrikaans)
19:00 Voetspore VII (H)
20:00 Nuus
20:30 Leihlo La Sechaba
21:00 Muvhango
21:30 Benjamin Dube
22:00 Out of Time (16) ★★★
Misdaaddrama. Met Denzel Washington en Sanaa Lathan. (2003)
23:30 Dragon Ball Z Kai: The Final Chapter (H)

## SABC 3
DStv 193

06:00 Barbie and Her Sisters in a Pony Tale (OL) ★★
07:00 Expresso
09:00 Top Chef Junior (H)
10:00 Nuus
11:00 Isidingo (OL) (H)
11:30 Judge Faith Jenkins (H)
12:00 Magnum
13:00 On Point
14:30 Truth Be Told (13) (H)
15:00 Battle of the Versus
16:00 Hectic on 3
16:30 Judge Faith Jenkins
17:00 The Backstory (H)
18:00 Top Chef Junior
19:00 Isidingo (OL) (H)
19:30 Survivor 34: Game Changers – Mamanuca Islands (OL13)
Ná twee skokkende uitstemsessies is net ses deelnemers oor. Met hart en siel pak hulle die volgende uitdaging van hierdie voorlaaste episode aan.
20:30 Unfiltered
21:00 Nuus @ 21:00
21:30 Billions II (16)
Seisoen eindig.
22:30 High Rollers II (16) (H)

## E.TV
DStv 194

06:00 The Morning Show
08:00 The Morning News
08:30 Tanto Amor (13)
09:30 Days of Our Lives (13) (H)
10:30 Gebroke harte (13)
11:30 Rhythm City (OL13) (H)
12:00 Scandal! (OL13) (H)
12:30 Imbewu: The Seed (13) (H)
13:00 Open News
13:30 The Wild (OL13) (H)
14:00 Premier League World
14:30 Craz-e
16:20 Judge Judy (13)
16:45 Days of Our Lives (13)
17:30 Bittersoet (13)
18:30 Paternity Court (13)
19:00 Rhythm City (OL13)
19:30 Scandal! (OL13)
20:00 eNews
20:30 Chicago Fire (13)
21:30 Imbewu: The Seed (13)
22:00 Queen Sugar (13T)
23:00 The Late Show with Stephen Colbert
23:45 Mozart and the Whale (OL) ★★★★
01:30 Gebroke harte (13) (H)

# Woensdag

**Getroud met rugby (kykNET, 18:00):** Candice maak reg wat sy verbrou het. Rita se kêrel daag in die salon op. Thinus het vir Ryno 'n verrassing.

## SABC 1
DStv 191

15:00 Degrassi: Next Class
15:30 Yo.TV Live
16:30 Ispani (H)
17:30 News
18:00 Kookprogram
18:30 Skeem Saam
19:00 Nuus
19:30 Mina Nawe (H)
20:00 Generations: The Legacy
20:30 Uzalo
21:00 Khumbul'ekhaya
22:00 Sports @ 10
23:00 Sokker

## Via
DStv147

18:00 Minki (H)
18:30 Nisboere
19:00 Geldhelde (H)
19:30 Vergewe my
20:30 Trap! Dis my huis
21:30 Boer maak 'n plan (H)
22:00 Jan (H)
23:00 Gebroke harte (H)

## SABC 2
DStv 192

06:00 Morning Live
09:00 COVID-19-verslag
09:30 Stories Untold
10:00 Health Talk
11:00 7de Laan (H)
11:30 Muvhango (H)
12:00 Uzalo (H)
12:30 Generations: The Legacy (H)
13:00 Skeem Saam (H)
13:30 Lithapo
14:00 Magnum
15:00 Yo.TV
17:00 Dragon Ball Z Kai: The Final Chapter
17:30 Nuus
18:00 7de Laan
18:30 Nuus (Afrikaans)
19:00 Fokus
19:30 The Riviera
Reeks begin.
20:00 Nuus
20:30 Ngula Ya Vutivi
20:57 Lotto-trekking
21:00 Muvhango
21:30 Lithapo
22:00 Health Talk (H)
23:00 Our Moments

## SABC 3
DStv 193

06:00 Barbie Mariposa and the Fairy Princess (OL) ★★★
07:00 Expresso
09:00 Top Chef Junior (H)
10:00 Nuus
11:00 Isidingo (OL) (H)
11:30 Judge Faith Jenkins (H)
12:00 Knight Rider
13:00 On Point
14:30 Special Assignment (H)
15:00 Battle of the Versus
16:00 Hectic on 3
16:00 Judge Faith Jenkins
17:00 The Backstory (H)
18:00 Top Chef Junior
19:30 Isidingo (OL) (H)
19:30 Ready for Love
Reeks begin.
20:30 @ The Table
21:00 Nuus @ 21:00
21:30 Narcos (16)
Dit lyk asof die soeke na die Colombiaanse dwelmbaas Pablo Escobar verby is nadat hy met die regering 'n ooreenkoms aangegaan het.
22:30 High Rollers II (16) (H)
23:30 Knight Rider (H)

## E.TV
DStv 194

06:00 The Morning Show
08:00 The Morning News
08:30 Tanto Amor (13)
09:30 Days of Our Lives (13) (H)
10:30 Gebroke harte (13)
11:30 Rhythm City (OL13) (H)
12:00 Scandal! (OL13) (H)
12:30 Imbewu: The Seed (13) (H)
13:00 Open News
13:30 The Wild (OL13) (H)
14:00 Couples Court with the Cutlers (13) (H)
14:30 Craz-e
16:20 Judge Judy (13)
16:45 Days of Our Lives (13)
17:30 Bittersoet (13)
18:30 Paternity Court (13)
19:00 Rhythm City (OL13)
19:30 Scandal! (OL13)
20:00 eNews
20:30 Chicago Fire (13)
21:30 Imbewu: The Seed (13)
22:00 Kingdom (16GT)
23:00 The Late Show with Stephen Colbert
23:55 Hidden Crimes (13SGT) ★★
01:35 Gebroke harte (13) (H)

# Vrydag

**Suidooster (kykNET, 18:30):** Kate se inmenging maak die Gerbers raadop en Bridgette se gewete pla haar. Justin kom af op iets wat hom laat wonder.

## SABC 1
DStv 191

15:30 Yo.TV Live
16:30 My Night
17:00 Restyle My Style
17:30 Nuus
18:00 Lip Sync Battle
18:30 Skeem Saam
19:00 Nuus
19:30 Live: Amp
20:00 Generations: The Legacy
20:30 Uzalo
21:00 Fliek (titel teen druktyd nie bekend nie)
23:00 Mzansi Insider (H)

## Via
DStv147

18:00 Trap! Dis my huis (H)
19:00 Laat die potte prut
20:00 My vreemde vriende
20:30 Klink soos naweek
21:30 Kom ons braai: Familie en vriende (H)
22:30 Pasgetroud (H)
23:30 Sien, smaak, slaap (H)

## SABC 2
DStv 192

06:00 Morning Live
09:00 COVID-19-verslag
09:30 Koskaskenades (H)
10:00 Musiek Roulette (H)
11:00 7de Laan (H)
11:30 Muvhango (H)
12:00 Uzalo (H)
12:30 Generations: The Legacy (H)
13:00 Skeem Saam (H)
13:30 Lithapo
14:00 Magnum
15:00 Yo.TV
17:00 Naruto
17:30 Nuus
18:00 7de Laan
Aggie moet op die nippertjie improviseer. Die Hillsiders vier Paasfees.
18:30 Nuus (Afrikaans)
19:00 Soul'd Out Session
19:30 #karektas II
20:00 News
20:30 Visionaries
21:00 Muvhango
21:30 Muvhango
22:00 Mmampodi
22:30 TKO Boxing Magazine
23:30 Full View

## SABC 3
DStv 193

06:00 Casper's Scare School (OL) ★
07:00 Expresso
09:00 Top Chef Junior (H)
10:00 Nuus
11:00 Isidingo (OL) (H)
11:30 Judge Faith Jenkins (H)
12:00 Miami Vice
13:00 On Point
14:30 @ The Table (H)
15:00 Battle of the Versus
16:00 Hectic on 3
16:30 Judge Faith Jenkins
17:00 The Backstory (H)
18:00 Top Chef Junior
19:00 Isidingo (OL) (H)
19:30 Christina Milian Turned Up (OL13)
20:30 Truth Be Told (13)
Mitch en Tracy vertel graag hul pasgetroude vriende Russell en Angie hoe 'n mens 'n gelukkige huwelik het.
21:00 Nuus @ 21:00
21:30 Four Against the Bank (16) ★★★
23:30 The Secret Life of Marilyn Monroe (16) ★★★★

## E.TV
DStv 194

06:00 The Morning Show
08:00 The Morning News
08:30 Tanto Amor (13)
09:30 Days of Our Lives (13) (H)
10:30 Gebroke harte (13)
11:30 Rhythm City (OL13) (H)
12:00 Scandal! (OL13) (H)
12:30 Imbewu: The Seed (13) (H)
13:00 Open News
13:30 The Wild (OL13) (H)
14:00 Couples Court with the Cutlers (13) (H)
14:30 Operation: Neighborhood Watch! (OL13T) ★★
16:20 Judge Judy (13)
16:45 Days of Our Lives (13)
17:30 Bittersoet (13)
18:30 The Culture
19:00 Rhythm City (OL13)
19:30 Scandal! (OL13)
20:00 eNews
20:30 Chicago Fire (13)
21:30 Imbewu: The Seed
22:00 The Siege (16GNT) ★★★
Aksie. 'n FBI-agent moet Amerika red van ekstremiste en 'n bose generaal. Met Denzel Washington. (1998)

# Dinsdag

**Projek Dina (kykNET, 20:00):** Die reeks eindig vanaand. 'n Onverwagte bedreiging kom na vore terwyl die taakspan met 'n ondersoek voortgaan.

## KYKNET
DStv 144

10:30 Sara se geheim 3 (13) (H)
11:30 Ontbyt-grotes (H)
12:00 Koffieboon (H)
12:30 Nasie in gesprek 5 (H)
13:00 Fiësta 21 (H)
13:30 Hoor my, sien my, soen my
14:30 VeranderDinge 6 (H)
15:00 Kook en geniet (H)
15:30 Kampkos 4 (H)
16:00 Glam Guru 18 (H)
16:30 La't wiel 22 (H)
17:00 Bravo! 9 (H)
17:30 Safari 4x4-roetes 13
Seisoen begin.
18:00 Getroud met rugby
18:30 Suidooster
Justin doen sy bes om sy pa se guns te wen.
19:00 Nuus
19:30 Binnelanders
20:00 Huis Lelieveld II (OL13)
Tweede seisoen begin.
20:30 Cas oppie kassie (OL13)
20:30 Fiësta 22
21:00 Prontuit
21:30 Verslag
22:00 Bravo! 9 (H)

## SABC 1
DStv 191

15:00 Degrassi: Next Class
15:30 Yo.TV Live
16:30 Yilungelo Lakho (H)
17:30 News
18:00 Nyan' Nyan
18:30 Skeem Saam
19:00 Nuus
19:30 Selimathunzi
20:00 Generations: The Legacy
20:30 Uzalo
21:00 Cutting Edge
22:00 Nyan' Nyan (H)
22:30 The Chatroom (H)

## Via
DStv147

18:30 Kom ons braai: Familie en vriende (H)
19:30 Landbouweekliks
20:30 Kom ons kamp
21:30 Nisboere (H)
22:00 Wolfgat (H)
22:30 Stories wat saakmaak (H)
23:00 Gebroke harte (H)

## SABC 2
DStv 192

06:00 Morning Live
09:00 COVID-19-verslag
09:30 Ke Zaka
10:00 Meeulanders (H)
11:00 7de Laan (H)
11:30 Muvhango (H)
12:00 Uzalo (H)
12:30 Generations: The Legacy (H)
13:00 Skeem Saam (H)
13:30 Ga Re Dumele
14:00 Magnum
15:00 Yo.TV
17:00 Dragon Ball Z Kai: The Final Chapter
17:30 Nuus
18:00 7de Laan
Ivy is geraak deur Aggie se vriendelike gebaar.
18:30 Nuus (Afrikaans)
19:00 DEKATv
19:30 Melody
20:00 Nuus
20:30 Nhlalala Ya Rixaka VI
21:00 Muvhango
21:30 Lithapo
22:00 Gospel Superfest Holiday 2015 (H)

## SABC 3
DStv 193

06:00 Barbie: Princess Charm School (A) ★★★
07:00 Expresso
09:00 Top Chef Junior (H)
10:00 Nuus
11:00 Isidingo (OL) (H)
11:30 Judge Faith Jenkins (H)
12:00 A-Team
13:00 On Point
14:30 Unfiltered
15:00 Battle of the Versus
16:00 Hectic on 3
16:30 Judge Faith Jenkins
17:00 The Backstory (H)
18:00 Top Chef Junior
19:00 Isidingo (OL) (H)
19:30 Tropika Island of Treasure Curaçao (13)
Die eliminasiedag het aangebreek. In die eerste ronde moet 'n span die aksie dophou terwyl die ander twee mekaar uitdaag.
20:30 Special Assignment
21:00 Nuus @ 21:00
21:30 MotherFatherSon (16)
Reeks begin.
22:30 High Rollers II (16) (H)

## E.TV
DStv 194

06:00 The Morning Show
08:00 The Morning News
08:30 Tanto Amor (13)
09:30 Days of Our Lives (13) (H)
10:30 Gebroke harte (13)
11:30 Rhythm City (OL13) (H)
12:00 Scandal! (OL13) (H)
12:30 Imbewu: The Seed (13) (H)
13:00 Open News
13:30 The Wild (OL13) (H)
14:00 Paternity Court (13) (H)
14:30 Craz-e
16:20 Judge Judy (13)
16:45 Days of Our Lives (13)
17:30 Bittersoet (13)
18:30 Couples Court with the Cutlers (13)
19:00 Rhythm City (OL13)
19:30 Scandal! (OL13)
20:00 eNews
20:30 Chicago Fire (13)
21:30 Imbewu: The Seed (13)
22:00 CheckPoint
22:30 Forensic Files
23:00 The Late Show with Stephen Colbert
23:45 Tears of the Sun (16GT)

## KYKNET
DStv 144

10:30 Kwêla 22 (H)
11:30 Glam Guru 18 (H)
12:00 Hoor my, sien my, soen my (H)
13:00 Ontbytsake (H)
14:30 Prontuit (H)
15:00 Sara se geheim 3 (H)
16:00 Bravo! 9 (H)
16:30 Nasie in gesprek 5 (H)
17:00 Huis Lelieveld II (OL13) (H)
17:30 La't wiel 22 (H)
18:00 Getroud met rugby
18:30 Suidooster
19:00 Nuus
19:30 Binnelanders
'n Vreemde versoek laat Louis kopkrap, en Tracy is nie die enigste wat snuf in die neus kry nie.
20:00 Projek Dina (16)
21:00 MegaBoere 6
Seisoen begin. In Uganda is landbou die belangrikste ekonomiese aktiwiteit. Kommersiële boere moet met bestaans- en middelslagboere saamwerk.
21:30 Verslag
22:00 Winslyn

# Donderdag

**Sara se geheim (kykNET, 20:00):** Regter Pretorius lewer sy uitspraak. Nadat Arthur die familie ontmoet het, stel hy aan Sara 'n belangrike vraag.

## KYKNET
DStv 144

10:30 La't wiel 22 (H)
11:00 Kom ons praat daaroor (H)
12:00 MegaBoere 6 (H)
12:30 Kwêla 22 (H)
13:30 Koffieboon (H)
14:00 Nasie in gesprek 5 (H)
14:30 Winslyn (H)
15:00 Kampkos 4 (H)
15:30 Daar doer in die fliek (H)
16:00 Huis Lelieveld II (OL13) (H)
16:30 Vat jou goed en trek 5 (H)
17:00 Bravo! 9 (H)
17:30 Glam Guru 18 (H)
18:00 Getroud met rugby
18:30 Suidooster
Nazeem weier om te gaan lê, en 'n gawe vreemdeling nader Quinton.
19:00 Nuus
19:30 Binnelanders
Louis se vermoedens maak René senuagtig. Conrad bespreek die waarheid met Ingrid, en Botha se bewerings skok Tracy.
20:00 Hoor my, sien my, soen my
21:00 Verslag in gesprek
22:00 MegaBoere 6 (H)
22:30 Getroud met rugby (H)

## SABC 1
DStv 191

15:00 Degrassi: Next Class
15:30 Yo.TV Live
16:30 Ispani (H)
17:30 Nuus
18:00 Instapreneurs
18:30 Skeem Saam
19:00 Nuus
19:30 #TBT (Throwback Thursday)
20:00 Generations: The Legacy
20:30 Uzalo
21:00 One Day Leader
22:00 Mzansi Insider
23:00 Yilungelo Lakho (H)

## Via
DStv147

18:00 Heerlik halaal
Tweede seisoen begin.
18:30 Landbouweekliks (H)
19:30 Boer maak 'n plan
20:00 Laat die potte prut
21:00 Uit die spens
21:30 Stik-stik so (H)
22:30 Geldhelde (H)

## SABC 2
DStv 192

06:00 Morning Live
09:00 COVID-19-verslag
09:30 Ladies Club
10:00 Authentiek II (H)
10:30 Fokus (H)
11:00 7de Laan (H)
11:30 Muvhango (H)
12:00 Uzalo (H)
12:30 Generations: The Legacy (H)
13:00 Skeem Saam (H)
13:30 Lithapo
14:00 Magnum
15:00 Akili and Me
15:30 Yo.TV Land
15:45 Yo.TV Ilitha Lethu
16:00 Cave Quest
16:30 Hectic Nine-9
17:00 Naruto
17:30 Nuus
18:00 7de Laan
18:30 Nuus (Afrikaans)
19:00 Beter assie bure
20:00 Nuus
20:30 Relate
21:00 Muvhango
21:30 Bones of My Bones II (16)
22:00 Prison Wives (16)

## SABC 3
DStv 193

06:00 Barbie & Her Sisters in the Great Puppy Adventure (OL) ★★★
07:00 Expresso
09:00 Top Chef Junior (H)
10:00 Nuus
11:00 Isidingo (OL) (H)
11:30 Judge Faith Jenkins (H)
12:00 Airwolf
13:00 On Point
14:30 @ The Table (H)
15:00 Battle of the Versus
16:00 Hectic on 3
16:30 Judge Faith Jenkins
17:00 The Backstory (H)
18:00 Top Chef Junior
19:00 Isidingo (OL) (H)
19:30 The Fashion Hero
20:30 @ The Table
21:00 Nuus @ 21:00
21:30 El Chapo II (16GT)
El Chapo voer 'n gewelddadige aanval teen die Golfo-kartel perfek uit. Maar daar is 'n nuwe vyand wat vir 'n ander vlak van geweld verantwoordelik is.
22:30 High Rollers II (16) (H)
23:30 Airwolf (H)

## E.TV
DStv 194

06:00 The Morning Show
08:00 The Morning News
08:30 Tanto Amor (13)
09:30 Days of Our Lives (13) (H)
10:30 Gebroke harte (13)
11:30 Rhythm City (OL13) (H)
12:00 Scandal! (OL13) (H)
12:30 Imbewu: The Seed (13) (H)
13:00 Open News
13:30 The Wild (OL13) (H)
14:00 Paternity Court (13) (H)
14:30 Craz-e
16:20 Judge Judy (13)
16:45 Days of Our Lives (13)
17:30 Bittersoet (13)
18:30 Couples Court with the Cutlers (13)
19:00 Rhythm City (OL13)
19:30 Scandal! (OL13)
20:00 eNews
20:30 Chicago Fire (13)
21:30 Imbewu: The Seed (13)
22:00 The Fixer (13ST)
23:00 The Late Show with Stephen Colbert
23:45 Street (13G) ★★
01:20 Gebroke harte (13) (H)

## KYKNET
DStv 144

10:30 Safari 4x4-roetes 13 (H)
11:00 Nasie in gesprek 5 (H)
11:30 La't wiel 22 (H)
12:00 Bravo! 9 (H)
12:30 MegaBoere 6 (H)
13:00 Ontbytsake (H)
14:30 Vat jou goed en trek 5 (H)
15:00 Verslag in geprek (H)
16:00 Kwêla 22 (H)
17:00 Koffieboon (H)
17:30 Huis Lelieveld II (OL13) (H)
18:00 Getroud met rugby
Chrissie is terug. Simon en Renate gaan met die egskeiding voort.
18:30 Suidooster
Chad wil Quinton sover kry om hom in die geheim te ontmoet.
19:00 Nuus
19:30 Binnelanders
'n Bekende daag by Binneland op – en hy soek nie werk nie. 'n Aanstelling veroorsaak ongemak tussen Annelize en Tertius.
20:00 Sara se geheim 3 (13)
Seisoen eindig.
21:30 Verslag
22:00 Cas oppie kassie (OL13) (H)

# Saterdag

**Skemerson (kykNET, 20:00):** 'n Sielvolle jong vrou, haar brose, tog stralende ma en die jong man met 'n donker gees se paaie val mekaar in die rede.

## KYKNET
DStv 144

10:30 Kwêla 22 (H)
11:30 Huis Lelieveld II (OL13) (H)
12:00 Vat jou goed en trek 5 (H)
12:30 La't wiel 22 (H)
13:00 Nasie in gesprek 5 (H)
13:30 Sara se geheim 3 (13) (H)
14:30 Safari 4x4-roetes 13 (H)
15:00 Bravo! 9 (H)
15:30 Hoor my, sien my, soen my (H)
16:30 MegaBoere 6 (H)
17:00 Ontbyt-grotes
17:30 Koffieboon (H)
18:00 Getroud met rugby
18:30 Suidooster
19:00 Nuus
19:30 Binnelanders
Louis bespreek sy probleme met Naomi. Jacques het sy mes vir Louis in, en Steve is bly Lexi het haar houding verander.
20:00 Toks & tjops 8
21:00 MegaBoere 6 (H)
21:30 Projek Dina (16) (H)
22:30 Getroud met rugby (H)
23:00 Suidooster (H)
23:30 Binnelanders (H)

## SABC 1
DStv 191

11:00 Generations: The Legacy (H)
Omnibus.
13:30 Sport Magazine
14:00 Sokker-voorskou
14:30 Sokker
17:30 Roots
18:00 Musiek
19:00 Nuus
19:30 The Real Goboza
20:00 Sokker
22:30 Love Stories (H)
23:30 Selimathunzi (H)
00:00 Koze Kuse (H)

## Via
DStv147

16:30 Blitsbrein jr. (H)
17:00 Kom ons kamp (H)
18:00 Klink soos naweek (H)
19:00 Uit die spens (H)
19:30 Kom ons braai: Familie en vriende (H)
20:30 My vreemde vriende (H)
21:00 Laat die potte prut (H)

## SABC 2
DStv 192

06:00 The Numtums
07:00 Morning Live
08:30 Muvhango (H)
Omnibus.
11:00 Lithapo (H)
Omnibus.
12:30 Relate V (H)
13:00 Talkability
13:30 Dijo Le Bophelo III
14:00 SA Inc.
14:30 Trendz
15:00 A-Team (H)
16:00 The Last: Naruto the Movie (OL13) ★★★
Animasie. Met die stemme van Junko Takeuchi en Nana Mizuki. (2014)
18:00 Nuus (Afrikaans)
18:15 Nuus
18:30 Excuse Me for Living
20:30 Supernatural XIII (16GT)
Seisoen begin.
20:57 Lotto-trekking
21:00 Supernatural XIII (16GT) (voortsetting)
21:30 Johannesburgse Internasionale Komediefees
23:00 Game Plan

## SABC 3
DStv 193

07:00 Sadhana
07:30 Restyle Mystyle
08:00 Xcellerate
08:30 I Am a Work of Art
09:00 48 Hours
09:30 Judge Faith Jenkins (H)
Omnibus.
11:00 The Grand Pavilion Cricket Magazine
12:00 Survivor 34: Game Changers – Mamanuca Islands (OL13) (H)
13:00 Ready for Love (H)
14:00 The Fashion Hero (H)
15:00 Mela (H)
16:00 Nqubeko Mbatha & Ntokozo Mbambo
17:00 Christina Milian Turned Up (OL13) (H)
18:00 Top Billing
19:00 World of Dance
20:00 Tropika Island of Treasure Curaçao (13) (H)
21:00 Nuus @ 21:00
21:30 The Weather Man (16SNT) ★★★★
23:30 Koze Kuse

## E.TV
DStv 194

06:10 Friends: Girls on a Mission
06:25 Hanazuki
06:40 Wissper (H)
06:55 Dawn of the Croods
07:25 Voltron Force
08:00 Engelse Premierliga
08:30 Scandal! (OL13)
Omnibus.
10:20 Imbewu: The Seed (13) (H)
Omnibus.
12:30 Premier League World
13:00 Xplosion
14:15 Operation: Neighborhood Watch! (OL13T) ★★
16:05 Despicable Me (A) ★★★
Animasie. Met die stemme van Steve Carrell en Jason Segel. (2010)
18:00 Fear Factor MTV USA
19:00 NewsNight
19:30 Marlon (13ST)
20:00 Men in Black (13GT) ★★★★
Aksie, komedie. 'n Hoogs geheime organisasie wil die wêreld teen ruimtewesens beskerm. Met Will Smith en Tommy Lee Jones. (1997)
22:50 The One (OL13GT) ★★★

## KYKNET
DStv 144

07:30 Ontbytsake
09:00 Getroud met rugby (H)
09:30 Binnelanders (H)
Omnibus.
12:00 MegaBoere 6 (H)
12:30 Sara se geheim 3 (13) (H)
13:30 Kwêla 22 (H)
14:30 Bravo! 9 (H)
15:00 Toks & tjops 8 (H)
16:00 La't wiel 22 (H)
16:30 Daar doer in die fliek (H)
17:00 Vat jou goed en trek 5 (H)
17:30 Safari 4x4-roetes 13 (H)
18:00 Huis Lelieveld II (OL13) (H)
18:30 Koffieboon (H)
19:00 Nuus
19:30 Glam Guru 18 (H)
20:00 Skemerson (16) ★★★
21:30 Silwerskermfees: Van nasionale belang (13)
'n Agent van die Nasionale Intelligensie-agentskap verneem die verantwoordelike minister se lewe word bedreig. Sy interne konflik oor die saak bemoeilik sy werk.
22:00 Bravo! 9 (H)
22:30 Sara se geheim 3 (13) (H)

# Pretblad

## Oplossings op bl. 16 van Weekliks

**Blokraai 416**

## Sudoku

**Maklik**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | | | | | 3 | | | |
| 2 | | 1 | | 6 | 5 | 9 | | |
| | | | 1 | 7 | | | | 4 |
| | | 3 | | | | | | |
| 4 | 5 | | 6 | | 1 | | 7 | |
| 7 | 2 | | 9 | | 4 | 5 | 3 | |
| | | | | | 6 | | | |
| | 6 | | | | | 7 | | 9 |
| 5 | 7 | 4 | 3 | | | 6 | | 8 |

**Moeilik**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 7 | | |
| | 3 | | | 2 | | | | 1 |
| 1 | 9 | | | | | 4 | 8 | |
| 5 | | | 2 | | 8 | | | |
| 7 | | | | 4 | 6 | | | 2 |
| 9 | | | 3 | | | | | |
| | 4 | | | | | | | |
| | | 1 | | | | 5 | 7 | |
| | | | | 8 | 1 | 9 | | |

## Vasvra

**deur Dawid van Lill**

1. Hoeveel monargieë is daar in die wêreld?
(a) 6; (b) 16; (c) 26; (d) 36.
2. In watter land was Agnes Bernard die eerste vrou wat as "eggenote van die premier" bekend was, terwyl Sophie Grégoire nou dié posisie beklee?
(a) Kanada; (b) Australië; (c) Nieu-Seeland; (d) Brittanje.
3. Hoeveel jaar duur dit totdat die Gregoriaanse kalender se siklus voltooi is?
(a) 4 jaar; (b) 100 jaar; (c) 400 jaar; (d) 1 000 jaar.
4. Watter land se vlag lyk amper soos Monaco s'n, met net die verhoudings van die sye wat effens verskil?
(a) Spanje; (b) Japan; (c) Pole; (d) Indonesië.
5. Watter stad is volgens Switserland se grondwet dié land se hoofstad?
(a) Bern; (b) Zürich; (c) Basel; (d) Geen stad nie.
6. Watter belangrike klier lê agter die mens se borsbeen, tussen die longe?
(a) Timusklier; (b) Pineale klier; (c) Pankreas; (d) Skildklier.
7. In watter rivier is die Groot Ethiopiese Renaissance-dam, wat Afrika se grootste dam én grootste hidro-kragsentrale sal wees wanneer dit voltooi is?
(a) Zambezi; (b) Wit Nyl; (c) Niger; (d) Blou Nyl.
8. Op watter berg is die damme Woodhead, Hely-Hutchison, Victoria, Alexandra en De Villiers?
9. Wat het Pete Conrad, Alan Shepard, David Scott, John Young, Edgar Mitchell en James Irwin gemeen? Hulle het…
(a) Op die maan geloop; (b) 'n Nobelprys gewen; (c) Die Oscar vir die beste akteur ontvang.
10. Watter Afrikaland het die grootste bevolking?
(a) Soedan; (b) Nigerië; (c) Algerië; (d) Egipte.

## Woordslim met die WAT

**Wat beteken sklera?** (a) Skandinawiese trom; (b) siektetoestand; (c) buitelaag van die oogbol



## Blokmakierie

In die geel blokkies is 'n koddige sin versteek wat op die rooster sal verskyn nadat jy die Blokmakierie korrek voltooi het (jy lees die sin van bo af ondertoe).

**Dwars**

1. Jy is in joune as jy doodtevrede is
4. Wie hierop betrap word, word (soos die Amerikaners sê) met sy hand in die fles met koekies gevang
9. Ondertoe gaan in 'n voertuig
11. Bestuderings van die wese van bv. Engels, Duits en Frans
14. Nie hoë nie
15. Tydperke waarin die Aarde sy sirkelgange om die son voltooi
17. Verspotte, roekelose ou grapjas
19. Nog een van 17 Dwars, maar hy word betaal om so verspot te wees
20. Het oorpeins
22. Suid-Afrikaanse Engels (afk.)
23. Praat wat 'n ander praat
24. Enigsins weemoedig doen wat in 20 Dwars gedoen is
27. Ons staatsbeheerde onderneming wat in sakeredding geplaas is, afgekort
29. Uiters onaangenaam
35. Ons republiek, afgekort
36. Donkiemerrie
37. Ruimte in die liggaam wat wondvog bevat
38. Nudiste loop graag só
39. As jy deur iemand gerysmier word, word jy…
41. Lug wat die longe intrek en uitstoot
44. Griek van die Oudheid, bekend om sy fabels
45. Dorsale vinne is op die… van visse en dolfyne te sien
46. Harde ding in vrugte of sekere swere
47. Twee ene wat nie twee is nie
48. Jou huweliksmaat se ma

**Af**

2. Skoolvertrekke waarin leerlinge onderrig word
3. Voël wat tradisioneel met Kersfees geëet word
4. Eenvoudige huis wat miskien 'n lapa daarby het
5. Beskrywende, verhalende letterkunde
6. Aftree-annuïteit (afk.)
7. Iemand laat bokspring
8. Druk (afk.)
10. Wat baie sterk is, soos die metaal met die simbool Fe
12. Berede soldate in eertydse Poolse en Duitse leërs
13. Miskien
16. Sonderling
17. Jou vergis deur nie raak te vat nie?
18. Enigiets wat in 'n kompetisie gewen kan word
21. Party van John Steenhuisen, Helen Zille en andere, kortweg
25. Soldate
26. Onbevlek en volkome suiwer
28. Afbeelding op 'n paal van 'n plant of dier wat deur sekere Noord-Amerikaners as hul beskermgees vereer word
29. Oorwinnings
30. Die stoute skoene aantrek en die bul by die horings pak
31. Vroulike perde
32. Oormatig
33. In Italië was die diktator Benito Mussolini as…Duce bekend
34. Dan is alle katte glo grou
40. Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (afk.)
42. Rigting aan die onderkant van 'n landkaart
43. Noordelike bure van die Lette




**Twee kanse om R500 te wen**

Versteek in die sirkels, afwaarts gespel, is die naam van 'n monoteïstiese godsdiens wat baie eeue gelede in die ou Persië gevestig is en steeds bestaan. SMS die woord BLOK gevolg deur jou antwoord na 34581. Die lyn sluit op 12 April om 12:00, en elke SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie, en foutiewe SMS'e word verreken. Die wenner word op 19 April aangekondig.

Naam.....

Tel..... Faks of e-pos.....

Stuur jou inskrywing na pretblad.weekliks@rapport.co.za

**Kompetisie:** Het jy die junior blokraai geniet? Stuur vir ons 'n selfoonfoto van jou met jou voltooide blokraai (sowel as jou naam en jou ouderdom) na pretblad.weekliks@rapport.co.za en jy kan 'n kontantprys van R250 wen. Die antwoorde van jou blokraai hoef nie alles sigbaar te wees nie.

**Blokkiesraaisels deur DUGEOT**

# Bouwer steek toon in yskoue rillerwater

## Hy span kamera in as deelnemende, benouende verteller in 'The Rage'

*The Boy Who Harnessed the Wind.*

Leon van Nierop

**Fliekvlooi**

***The Rage*. Met Carel Nel en David Viviers. Regisseur: Jaco Bouwer. ★★★ (Showmax)**

Joe-hoe! Uiteindelik 'n plaaslike riller deur Suid-Afrikaners oor Suid-Afrikaners. Alhoewel die draaiboek 'n onnodige Amerikaanse geur het.

Hier bewys die teater-, rolprent- en TV-regisseur Jaco Bouwer dat hy sy grieselstorie ken en weet hoe grillers se ratte geolie moet word. Ook dat 'n neurotiese kamera spanning se treffendste verteller is.

Jong, wellustige tieners (monsterkos) rafel uit gedurende 'n paartie met 'n uitklopskop. Hulle beland in 'n winkel uit *The Texas Chain Saw Massacre* (1974).

Lida Botha lewer 'n kostelike vertolking soos net sy kan as die eienaar. Soos te verwagte, word een na die ander tieners afgemaai of deurboor. Wees voorbereid – daar is erge bloedige geweld en gemotiveerde kru taal.

Bouwer slaag daarin om, soos in *The Blair Witch Project* (1999), die kamera in te span as 'n deelnemende en benouende verteller. Die redigering gee flink tempo en is in die kol en die snitte is meestal op die regte oomblik. Die kamera terroriseer jou soos ook die beligting en musiek, hoofsaaklik deur stemme (baie doeltreffend), maar die belangrikste: Bouwer se tydsberekening is fyn. Hy weet wanneer om te skok.

Die draaiboek gee hom egter nie genoeg geleentheid om die volle impak van die grieselrigheid te ontgin nie – daarvoor is dit te voorspelbaar. Dink hoe oorspronklik was *Midsommar*, *A Quiet Place*, *Get out!*, *The Invisible Man* en *Us*. Ons kan by daardie draaiboeke leer.

Ná daardie vernuwing is dit moeilik om na nabootsings van tiener-opkerf (*slasher*)-films te kyk en nie te weet wat kom nie.

Die akteurs verdien lof. Nicole Fortuin, asook Carel Nel as 'n wandelende voëlverskrikker met sy *The Machinist*-aanslag, wie se ruggraat ook 'n karakter in die storie is, beïndruk geweldig. Ook die bekwame David Viviers lewer onderspeelde spel wat 'n balans bring.

Maar dis Bouwer, wat sy toon in flieks se yskoue rillerwater steek (dis anders as TV-grillers), wat uitstaan.

Aanbeveel! Maar dit ontstel. Bouwer is ons eie George Romero, maar meer as dit: Hy het ook sy eie oorspronklike styl. Hou hom dop!

■ Niemand onder 16 as gevolg van taal, seks, dwelms en geweld.

***The Boy Who Harnessed the Wind*. ★★★★ Met Chiwetel Ejiofor en Maxwell Simba. Regisseur: Chiwetel Ejiofor (Netflix)**

Dit is die beste Afrika-film wat niemand gesien het nie. Dit is in 2018 gemaak nadat Ejiofor 'n ware storie uit Malawi gehoor het wat 'n mens met ontsag en hoop vervul. Veral in vandag se inperkingstye, wanneer hulp deur en aan die gemeenskap 'n toonaangewende rol speel, vertroos dit.

Landelike Malawiërs gaan gebuk onder 'n erge droogte. Mielies is skaars en mense stormloop skure waar dit geberg word. Die selfsugtige regering word geblameer. Die inwoners probeer mielies in verdorde grond plant sonder water.

'n Blinkslim seun, pragtig gespeel deur Maxwell Simba, beplan om 'n windpomp op te rig wat water uit 'n boorgat kan trek om die mielies te voed maar die plattelanders weier.

Hy doen alles in sy vermoë om hulle te oortuig.

Die uiteinde sal 'n knop in jou keel bring en jou laat glo aan medemenslikheid en hoop.

Hierdie film op Netflix moenie onderskat word nie. Dit sal jou aangryp en verstom. Ten sterkste aanbeveel.

■ Beperking: niemand onder 13

***The Healer* ★★★ Met Oliver Jackson-Cohen en Camilla Luddington. Regisseur: Paco Arango (Netflix)**

Ons het wonderwerke en mededeelsaamheid nou nodiger as ooit tevore, daarom is hierdie fliek nou soos soet medisyne en dit laat jou boonop lag.

Jy sal selfs jou kop in ongeloof en mededoë skud as jy besef: Dis die klein dingetjies wat mense in tye van nood (en pandemies) doen wat 'n verskil maak. En hierdie storie is op die waarheid gegrond.

'n Sjarmante jongman wie se lewe uitgerafel het, maar wat fluit-fluit deur die lewe gaan, moet hom 'n jaar lank inperk op die dorp Halifax, in Novia Scotia, Kanada, om te bewys hy kan verantwoordelikheid aanleer.

Hy ontmoet nie alleenlik 'n flink-mooi meisie wat lipstiek oor sy lewe sit nie, maar word as 'n wonderwerker beskou wat ongeneeslike siektes kan genees. Nou moet hy uithaal en wys!

Wat hy in nood in die goedige dorpie regkry, sal jou inperkingstyd met verwondering en pret vul. Sterk aanbeveel. (Netflix)

■ Niemand onder 7.

**Op televisie**

## Luisterryke reis deur die heelal – en mens se rol…




***Cosmos: Possible Worlds* ★★★★ Met Neil deGrasse Tyson. Regisseurs: Ann Druyan en Brannon Braga.**

Nou, meer as ooit tevore, raak 'n mens daarvan bewus hoe nietig jy is. Hoe oorweldigend majestueus die skepping is en hoe die mens die planeet vernietig het. Deesdae word menings gelug dat die mens die planeet so vernietig het, dat die natuur haar regmatige plek terugvat. Sy's te lank getreiter, seergemaak en misbruik. Dis terugbetaaltyd. Dis waarop hierdie reeks indirek sinspeel. Neil deGrasse Tyson neem die kyker op 'n luisterryke reis deur die oorweldigende heelal. Jy het 'n groot plasmaskerm hiervoor nodig, want die episodes bestaan uit oog-ontploffende spesiale effekte, beeldskone musiek deur Alan Silvestri en weergalose visuele reise soos jy selde tevore gesien het. Met spesiale effekte wat Disney se superheldfilms in die skadu stel, word die heelal herskep en word gewys hoe nietig die vernietigende mens eintlik is.

Op onderhoudende, toegankliklike en persoonlike wyse neem die reeks jou van die oerknal tot by vandag en gee selfs 'n toekomsblik waar die mens gaan probeer om die ruimte te beman en te tem. Maar eers, weet ons, moet hy die koronavirus oorkom. Die reeks vervul jou met verwondering en konfronteer jou met beelde soos nog nooit tevore gesien.

■ **Op National Geographic.**

**Regstelling**

Ons het verlede week verkeerdelik gesê dat die National Theatre se at Home-inisiatief elke Donderdagaand om 21:00 op YouTube uitgesaai word. Dis eintlik 20:00. Skakel hierdie week in vir Sally Cookson se verhoogverwerking van Charlotte Brontë se Jane Eyre. www.nationaltheatre.org.uk/at-home

**Nuwe TV-reekse**

***The Valhalla Murders* ★★★★**

Hoeveel reeksmoordenaarfilms het jy al gesien waar alles binne vier episodes opgelos word? Maar Noorweegse noir (soos *The Killing*) en die reeks *The Girl with the Dragon Tattoo* het 'n genre en TV-beweging geskep wat verby die grense van geykte, kommersiële en kunsmatige moordpleegsels op televisie strek. Dis dieper met subteks.

Hierdie reeks is grys, yskoud en beklemmend. Jy voel die neurose en angs wat elke toneel kenmerk. Dit is een van die opwindendste TV-reekse van die jaar, en almal wat dit sien is dit eens. Jy vraatkyk! Jy kan nie van jou stoel af opstaan nie.

Dit gaan oor Ysland se eerste reeksmoordenaar wat mense een na die ander grieselrig vermoor deur hul oë uit te steek. Maar hoekom? Die Valhalla van die titel word as 'n leidraad geïdentifiseer. Die verlate Yslandse landskap, soveel beter aangewend as in die langdradige *Fortitude* (2015), is self 'n karakter en weerspieel die ondersoekbeamptes se innerlike struwelings en demone. Maar dis die verlate geboue, die aanslae op slagoffers en die breinspeletjies wat die moordenaar met die speurders speel wat jou sal verstom.

Die regie is ekonomies. Jy raak nooit verveeld nie en jy oorkom die onnodige vooroordeel teen byskrifte. Die harde klank van die taal dra by tot die gruwels.

■ **Op Netflix.**

Anél Potgieter

Kostelik

# Bak & bly

Die stories van drie vriendinne

Nog nooit het Suid-Afrikaners so gebak as die afgelope week te midde van grendeltyd nie. Ekself bak elke tweede dag brood. Ek het twee van my kosvriendinne gevra wat hulle in dié tyd bak. Hier is ons stories.

**Anél se storie**

**Waar #StayHome jy?** In die Kaap met my Ier en my twee hondekinders, Frankie en Robbie. Maar ek kook nog elke oggend op *Expresso Morning Show* - ons word as essensiële mediadienste gesien.

**Wat is vir jou die ergste van #StayHome:** Ek kan nie vir ma Babs gaan kuier nie. Die lekkerste is, ek doen alles stadiger - ek jaag nie meer nie, so my kop is besig om af te skakel.

**Wat bak jy?** My broer Piet het my vertel van 'n volkoringbrood waarvan die koring vir twee dae geweek word. Die koring word dan sag en fermenteer effens. Ek het sy resep bietjie aangepas en bak nou elke tweede dag dié lekker gesonde broodjie.

**Bella se storie**

Isabella Niehaus, of Bella vir haar vriende, is 'n kosghoeroe van Langebaan wat gaste onthaal aan haar tafel op 'n duin.

**Waar #StayHome jy?** By my huis op die Duin in Langebaan.

**Wat is vir jou die ergste van #StayHome:** Om op 'n duin te bly met die mooiste skoon ongerepte strand op jou voordeur waarheen jy en jou honde nie mag stap nie, is seker vir my die moeilikste. Maar ek kan daarmee saamleef. Die lekkerste is om my seun, Taro, by my te hê… en my hele dieretuin. Ons kook en bak, want ek het al vergeet hoe baie kos 'n jong man nodig het. 'n Ruspe!

**Wat bak jy?** My Langtafel op die Duin is vanjaar agt jaar aan die gang. Hier het honderde mense om my tafel gesit en smul. Die gevolge van die inperking het reeds vroeg Maart my Langtafels gekelder en ek moes skielik ander planne beraam. Ek het my gunstelinge begin bak en op bestelling gaan aflewer. Kaap toe gery met my klein grys tjorretjie propvol gerookte-snoek-kaaskoeke, quiches… en my nuwe gunsteling: vars-appel-en-rum-koek! Ek moes die aflewerings stop, maar ek bak steeds vir myself. As kind het my ma, Issie, 'n warm appelkoek gebak… nie 'n tert nie. 'n Koek wat dan met ryk tuisgemaakte vla bedien is. Daar was nou wel nie rum in haar resep nie, maar as ek my oë toemaak, proe ek dit… stomend warm. Ek het dit altyd met die kleinste teelepeltjie happie vir happie geëet sodat die lekkerte ekstra lank kon hou!

**Hazel se storie**

Die slimkop Hazel Lategan (sy's 'n finansiële direkteur) is die ma van vier seuns en moet sorg dat die vyf manne in haar lewe elke dag gesond eet. Sy bak elkeen se verjaardagkoek en sorg vir elke ete.

**Waar #StayHome julle?** Ons kruip op Bettysbaai weg.

**Wat is vir jou die ergste van #StayHome:** 'n Tekort aan daaglikse vars vrugte en groente en my *escape* na die *gym*.

**Wat bak jy?** Ek het vier tienerseuns en hulle eet aanmekaar. Daar is altyd bakke beskuit in die huis om die honger gaatjies toe te stop.

So bak en bly ons almal nou in ons huisies. Laat weet gerus waarmee is jy nou besig in jou kombuis en wees veilig!

**Groete uit my kombuis**
**Anél**
**anelpot@telkomsa.net**

## Broer Piet se aangepaste koringbrood

(Resep: Anél Potgieter)

1 koppie koring
2½ koppies water
1 t sout
1 t gis
1½ koppies meel
¼ koppie hawermout en ekstra vir bak

Week die koring in die water vir 1½ tot 2 dae. Kap effens fyner met 'n handstok-voedselverwerker. Meng die sout, gis en meel by. Skep in 'n gesmeerde broodpannetjie, strooi bietjie hawermout oor en laat rys tot dubbel. Bak teen 180 °C vir 1 uur en 15 minute. Draai in 'n klam doek toe. Sny en eet saam met lekker egte botter.

Isabella Niehaus

Hazel Lategan

## Bella se appel-en-rum-koek

(Resep: Isabella Niehaus)

Dié maklike resep is geïnspireer deur twee van my gunstelinge: Franse kookboekskrywers… en rum. Laasgenoemde is noodsaaklik in hierdie resep!

¾ koppie koekmeel (110 g)
¾ teelepel bakpoeier
knippie sout
4 groot appels, geskil en in klein blokkies gesny
2 groot eiers
100 g suiker
4 tot 5 eetlepels rum
½ teelepel vanielje-essens
8 eetlepels (115 g) botter, gesmelt
room of crème fraîche vir opdien

Voorverhit die oond tot 180 °C. Ek bak die koek in 'n broodpannetjie, maar enige pan is reg. Sorg dat jou pan goed gesmeer is en indien jy sou verkies, voer dit uit met bakpapier. Skil die appels en sny in blokkies, ongeveer 2 cm in deursnee. Meng die meel, bakpoeier en sout in 'n klein bakkie.

In 'n groot mengbak, klits die eiers en suiker tot romerig. Voeg nou die rum en vanielje by en klits. Vou met 'n ballonklitser die helfte van die meel by die eiermengsel in. Vou dan die helfte van die gesmelte botter ook in. Meng deeglik. Nou die res van die meel en dan die res van die botter. Vou nou die gesnyde appelstukkies in en sorg dat dit goed bedek is met die deegmengsel.

Skep in jou pan. Gebruik 'n lek of houtlepel om die bokant glad te druk en bak vir 40 tot 50 minute. Haal uit en laat afkoel voordat jy dit versigtig uit die pan haal. Bedien met roomys of crème fraîche, of eet net so!

## Hazel se karringmelkbeskuit

1 kg bruismeel
5 ml sout
10 ml bakpoeier
350 ml suiker
350 g botter (kamertemperatuur)
2 eiers
500 ml karringmelk

Voorverhit die oond tot 180 °C. Smeer 'n groot oondpan. Sif die meel, sout, bakpoeier en suiker saam in 'n groot bak. Vryf die botter by die droë bestanddele in. Meng die eiers en karringmelk saam in 'n skoon mengbak, voeg die droë bestanddele by en sny dit met 'n paletmes in tot dit 'n deeg vorm. Knie die deeg liggies om seker te maak al die bestanddele is goed deurgemeng. Rol die deeg in balle van sowat 100 g elk. Plaas die deegballe langs mekaar in die bereide oondpan. Die balle moet elk omtrent twee-derdes hoog teen die binnekant van die pan op staan. Ek maak gewoonlik sowat 20 balle en pak hulle in vyf rye met vier balle elk per ry. Plaas dadelik in die oond en bak vir 30 minute. Keer uit op 'n afkoelrak en breek in individuele stukke beskuit. Droog uit in die oond.

# Eet lekker

## Ingelegde beet

24 heel bete
250 ml water
200 g (250 ml) suiker
250 ml witasyn

Ek verkies om nie die stoompot te gebruik soos my ma nie, maar jy is welkom. Maak die heel beet gaar met skil en al deur dit in gesoute water te kook. Dreineer, laat effens afkoel en trek die skille af. Giet die water, suiker en asyn in 'n groot pot en bring tot kookpunt. Plaas die gaar beet in die asynmengsel en kook vir 5 minute. Skep dan die warm beet in gesteriliseerde glasflesse en maak tot bo teen die rand vol met die asynsous – hoe voller hoe beter. My ma het die flesse in 'n oondroosterbak gepak en dan het sy die flesse gelooi met die pekelwater tot dit oor die flesse se rand loop. Gebruik 'n sosatiestokkie of 'n mes se punt en werk enige lugblasies uit die flesse. Draai goed toe en laat onderstebo afkoel.

Dankie, Mamma, vir jou sagte hande wat enige seer soos botter laat wegsmelt wanneer jy my bystaan en sagte drukkies gee. – Minda van der Walt

*Hierdie resep het verskyn in* Dit proe soos huis: Geure van my ma se kombuis *deur Herman Lensing. Dit word uitgegee deur Human & Rousseau en kos R365.*

## Pesto

Maak 250 ml

Ek wonder hoe voel Italië oor wat ons met pesto gedoen het? In sy suiwer vorm, pesto alla genovese, bestaan dit uit vars basiliekruid en olyfolie. Dit word ook nie erg verwerk nie, net met klip op klip gelouter. Dis 'n sprong om hierdie resep pesto te noem.

40 g basiliekruid
20 g wilde roket
1 vet knoffeltoontjie, of meer as jy wil
50 g haselneute, gerooster
125 ml vars gerasperde parmesaankaas
skil van 'n halwe suurlemoen
20 ml suurlemoensap
2,5 ml seesoutvlokkies
vars gemaalde swartpeper
160 ml ekstrasuiwer olyfolie, plus ekstra om aan die einde oor te gooi

Sit die basiliekruid, wilde roket, knoffel en haselneute in 'n voedselverwerker. Verwerk 'n paar keer, terwyl jy tussendeur die kante van die bak afskraap, sodat alle stukkies fyngemaak word.

Voeg al die orige bestanddele by, behalwe die olyfolie, en verwerk vir 'n oomblik om te meng. Gooi die olyfolie by en meng deur. Skep die pesto in 'n gesteriliseerde bottel en gooi 'n dun laag olyfolie bo-oor om dit te bedek. Dit voorkom dat die pesto sleg word.
Die pesto sal vir 'n week in die yskas hou. Deur die olyfolie deur te meng, behou jy die heldergroen kleur.

*Hierdie resep het verskyn in* Bibby's Kitchen: The Essence of Good Food *deur Di Bibby. Dit word uitgegee deur Human & Rousseau en kos R420.*

# 'n Tyd om in te lê

Die regering beveel aan dat jy in grootmaat koop. Dit maak dus nou sin om weer te leer preserveer soos van ouds. Hier is 'n paar lekker resepte, verskaf deur Human & Rousseau.

## Blomkool-atjar

Resep: Mymoena (Jill Levenberg)
Atjar is heel of bonkige stukke groente of vrugte wat in sout, asyn of olie bewaar word. Speserye, en soms suiker, sorg vir smaak.

Maak 500 ml

1 groot vars blomkool
groot hand vol sout
3 knoffelhuisies, gekneus
5 ml fenegriek
5 ml borrie
40 ml kerrie
30 ml mosterdsaad
750 ml olie
3 heel groen brandrissies

Breek die blomkool in blommetjies. Gooi 'n groot hand vol sout in die water (minder as die koolkop kleiner is). Plaas die blomkoolblommetjies in die soutwater en laat oornag lê. Dreineer en laat droog word. Skep die blomkool dan in 'n groot fles. Meng die knoffel, fenegriek, borrie, kerrie en mosterdsaad eers met 'n bietjie van die olie en meng dit dan met die res van die olie. Voeg die rissies by. Verhit die oliemengsel tot kokend en giet dit oor die blomkool. Laat afkoel en skroef die fles goed toe.

*Hierdie resep het verskyn in* Suidooster Kombuis, *'n resepteboek waarin gewilde karakters uit dié sepie wys wat kook in hul kombuis. Dit word uitgegee deur Human & Rousseau en kos R280.*

## Gepiekelde komkommer

Resep: Nellie Viljoen, Vryburg, Kalahari Lewer 1 fles
500 ml wit druiweasyn
150 ml suiker
3 lourierblare
9 peperkorrels
1 komkommer, in dun skywe gesny

Verhit die asyn, suiker en speserye tot kookpunt en roer tot die suiker opgelos is. Pak die komkommerskywe in 'n gesteriliseerde fles. Giet die sous oor die komkommer in die fles. Verseël en laat afkoel.
Hou in die yskas tot benodig. Die geur ontwikkel.

*Hierdie resep verskyn in* Die VLV Kookboek: Resepte van toe en nou. *Dit word uitgegee deur Human & Rousseau en kos R360.*

## Gepiekelde vis

Tradisioneel word hierdie dis op Goeie Vrydag saam met Paasbolletjies of witbrood en botter voorgesit.

1,2 kg stukke palmgrootte stokvis, bestuif met 250 ml (1 koppie) koekmeel, gegeur met sout en 5 ml (1 t.) borrie
250 ml (1 koppie) olie vir vlak braai
250 ml (1 koppie) water
250 ml (1 koppie) bruinasyn
5 lourierblare
10 ml (2 t.) swartpeperkorrels
10 ml (2 t.) koljandersade
15 ml (1 e.) borrie
30 ml (2 e.) kerriepoeier
sout na smaak
6–8 uie, gesny in ringe
30 ml (2 e.) appelkooskonfyt
125 ml (½ koppie) suiker

Braai die vis, met die meellagie om, in die olie vir omtrent twee minute aan elke kant, afhangend van hoe dik die stukke is. Plaas in 'n groot bak en sit eenkant.
In 'n groot pot op hoë hitte, gooi die water, asyn, al die speserye en sout. Verhit tot kookpunt.
Voeg die uie, appelkooskonfyt en suiker by. Kook vir 8 minute.
Haal die stroop van die hitte af en gooi oor die vis in die bak.
Laat afkoel. Maak die bak toe en laat oornag in die yskas staan, voordat jy dit eet.
Wenke:
1. Moenie die uie te lank kook nie. Hierdie gereg is 'n piekel, wat beteken die uie moet nog effens krakerig wees.
2. Die suiker speel 'n belangrike rol om die soetsuur smaak, eie aan piekelvis, te gee. Ek maak myne die dag voor Goeie Vrydag, anders eet my gesin dit op lank voor Paasfees.
3. As jou gepiekelde vis effens laf smaak, is daar waarskynlik te min sout in.
4. Om dit te verdik, voeg 'n mengsel van 15 ml (1 e.) mielieblom en 30 ml (2 e.) water by terwyl die sous nog kook.
5. Jy kan enige soort vis van jou keuse gebruik.

*Hierdie resep het verskyn in* Kaap, Kerrie & Koesisters *deur die tweelingsusters Fatima Sydow en Gadija Sydow Noordien. Dit word uitgegee deur Human & Rousseau en kos R340.*



As jy wonder wat om met jou tyd te doen, is dit nou jou kans om verder te studeer. Boonop is heelwat gerekende aanlyn kursusse nou gratis.

# Kennis deur die druk van 'n knoppie

As jy nou tuis is en nie hoef te werk nie, is dit 'n goeie tyd om iets nuuts te leer. Daar is hope aanlyn kursusse om uit te kies, skryf **Terésa Coetzee.**

Aanlyn kursusse is glad nie 'n nuwe konsep nie, hoewel die aantal studente wat registreer vir hierdie kursusse beslis die laaste tyd wêreldwyd vermeerder het. Die rede is nie net inperkings weens die Covid-19 pandemie nie, maar volgens prof. Andrew Crouch, visekanselier van die Sol Plaatje-Universiteit in Kimberley (en voorheen werksaam by Wits), is aanlyn kursusse vir 'n geruime tyd al gewild, omdat daar deesdae so 'n groot verskeidenheid goeie kursusse by geakkrediteerde instansies beskikbaar is. Jy kan hierdie kursusse op jou eie tyd voltooi, vanaf enige plek wat jou pas. Dis goedkoop en dikwels selfs gratis.

"Een van die platforms wat ek beslis kan aanbeveel is Edx.com, waar daar sowat 2 000 aanlyn-kursusse deur die top-140 universiteite oor die wêreld heen aangebied word," sê Andrew.

Hy beveel ook die Oxford Home Study Centre se gratis kursusse aan (www.oxfordhomestudy.com/OHSC-Blog/free-short-online-courses-with-certificate). "Dis 'n baie goeie platform vir akademiese kursusse wat gewig dra."

"Die gewildste kursusse volgens my, is kursusse in sakestudies," sê Andrew.

Volgens Aamira Sonday van die Universiteit van Kaapstad (UK) het inskrywings vir die universiteit se MOOCs (Massive Open Online Courses) vanjaar aansienlik vermeerder.

Die UK het besluit om al die MOOCs gratis te maak gedurende die Covid-19-inperkingstyd. Besoek die webwerf by https://blog.coursera.org/coursera-together-free-online-learning-during-covid-19.

Volgens Aamira is een van die gewildste kursusse op die oomblik een wat jou help om mense se menings te help vorm en verander.

Class Central, 'n platform wat aanlyn kursusse lys en resensies daaroor versamel, lys 85 van die gewildste kursusse by www.classcentral.com/report/coursera-free-certificate-covid-19. Volgens hulle tel Dino101: Dinosourus-paleobiologie deur die Universiteit van Alberta in Kanada en aanloop tot rekenaarprogrammering met Matlab deur die Vanderbilt-Universiteit in Amerika onder die beste kursusse ter wêreld.

Daar is ook www.futurelearn.com/courses wat gratis kursusse aanbied oor temas rondom gesondheid en besigheid. Daar is onder meer 'n kursus om jou te leer hoe om ander via die internet te leer Engels praat.

Hoewel die kursusse by www.udemy.com nie heeltemal gratis is nie, kan jy dit vir spotgoedkoop doen. Daar is meer as 100 000 kursusse om van te kies, in elke denkbare rigting - van besigheid tot gesondheid, leefstyl ens. en dit word beskou as 'n baie betroubare platvorm.

**Jy kan hierdie kursusse op jou eie tyd voltooi, vanaf enige plek wat jou pas.**

### Leer om emosioneel gesond te bly

Dit is nie net akademiese aanlyn kursusse wat wêreldwyd al hoe gewilder raak nie, maar ook selfhelpkursusse waar jy na jou geestelike gesondheid kan omsien.

Volgens Mark Baker, uitvoerende hoof van Mygrow, 'n platform wat veral fokus op emosionele intelligensie (EQ) en hoe jy dit kan ontwikkel, het hulle 1 500 nuwe registrasies gekry sedert die staat van inperking in Suid-Afrika aangekondig is.

Die eienaars van Mygrow het besluit om een van hul kursusse in emosionele intelligensie gratis beskikbaar te stel vir hierdie 21 dae van inperking.

Mygrow is begin deur Mark ('n sielkundige) en Theran Knighton-fitt ('n filmmaker) en hul visie was om mense toe te rus om gelukkiger te wees.

"Ons het agtergekom dat aanlyn kursusse suksesvoller is omdat jy dit as 'n langtermyn-proses kan aanpak wat dikwels nodig is om jou brein te herprogrammeer.

"Mense skeep hul psigologiese welstand af en dis veral nou belangrik omdat faktore soos sosiale distansiëring en afsondering 'n groot impak op mense se gemoedstoestand kan hê. Dit is veral wanneer mense terugkeer werk toe ná hierdie 21 dae, dat hulle gaan sukkel om weer aan te pas omdat depressie en angstigheid dan 'n realiteit gaan wees," meen Mark.

Besoek www.wellbeingincovid19.com vir gratis webinaar-sessies gedurende die staat van inperking waar sielkundiges van oor die land heen riglyne en raad gee. Of stuur 'n e-pos na hello@mygrow.me vir meer inligting.

### Aanlyn kursusse vir ieder en elk

Van kunsklasse en kreatiewe skryfkuns tot selfhelpklasse - by Skillshare kan jy allerhande kreatiewe leefstylklasse aanlyn kry en hoewel jy moet betaal as jy die meer gevorderde weergawe wil hê, is daar baie kursusse wat gratis is.

Hierdie webwerf maak jou behoorlik lus om meer te leer oor alles en nog wat. Daar is kursusse in fotografie, kunsklasse, hoe om jou eie juwele te maak en ook selfhelpkursusse, soos hoe om jou tyd beter te bestuur of hoe om minimalisties te leef.

Besoek www.skillshare.com/browse/lifestyle.

### Leer kitaar speel

Justin Guitar op Youtube het verskeie kursusse vir beginners tot meer gevorderde kitaarlesse en jy kan ook 'n spesifieke genre kies soos jazz, blues of ukelele. Sy kursus vir beginners bevat 72 lesse en dis gratis.

### Leer kook.

As jy soos 'n sjef wil leer kosmaak, kan jy registreer by die World Chefs Academy. Die kursusse is gratis en beskikbaar by www.worldchefsacademy.com

As jy sommer net vir die lekkerte wil kosmaak en jou vaardighede in die kombuis wil verbeter, is daar The Kitchn (www.thekitchn.com/collection/cooking-school) met baie handige resepte en wenke in die kombuis.

Die webwerf Yuppie Chef bied op die oomblik 'n gratis kookkursus aan wat andersins steeds baie bekostigbaar (R97 tot R285) is: www.yuppiechef.com/yuppiechef-cooking-school.htm?id=49081&name=Yuppiechef-Online-Cooking-School-30-Days-Free-Bundle.

As jy sommer maar net lekker idees wil hê en lekker kos wil maak, is YouTube 'n wonderlike platform met miljoene video's met flatervrye resepte.

Die volgende kanale is van die gewildstes:

Food Wishes: https://www.youtube.com/user/foodwishes

Jamie Oliver: https://www.youtube.com/user/JamieOliver

### Rekenaarprogrammering

As jy belangstel in programmering en wil leer programmeer, besoek W3Schools by www.w3schools.com of daar is Free Code Camp by www.freecodecamp.org. Albei is goeie webwerwe en leer is gratis.

### Vir skoolkinders

Khan Academy bied gratis ekstra klasse vir skoolkinders in wiskunde, wetenskap, chemie, geskiedenis en hulle het ook programme vir verskillende grade wat 'n baie handige hulpmiddel kan wees, veral gedurende die inperking. Gaan kyk by www.khanacademy.org.

### Leer 'n nuwe taal

DuoLingo (www.duolingo.com) is 'n wonderlike plek waar jy aanlyn 'n nuwe taal kan baasraak.

Hyundai se nuwe Atos is een van vanjaar se sterker Motor van die Jaar-kandidate. **Egmont Sippel** het hom tydens die Kers-vakansie bestuur.

# Die agtste dwergie

Sneeuwit met swart hare was sy, omring deur sewe dwergies: Grompie, Vrolik, Bedees, Vakie, Slapie, Snies en Dokcraven.

Dit nou nadat Sneeuwitjie se ma gesterf het en haar pa – die koning – met 'n mooi nuwe vrou trou, een wat elke dag van 'n towerspieëltjie wou weet: "Spieëltjie, spieëltjie aan die wand, wie's die mooiste vrou in die land?"

Omdat die Grimm-broers hul bekendste sprokies al 'n eeu en 'n half voor Raquel Welch se ontploffing op die wêreldtoneel gepubliseer het, is die nuwe koningin altoos as "die allermooiste" benoem… tot eendag op 'n reëndag, toe die eer Sneeuwitjie sou toekom.

Die jaloerse stiefma het onmiddellik die kop van haar man se dogter geëis. Die jonge skoonheid het die bos in gevlug, maar haar heenkome – in die huis van sewe dwergies – is deur die towerspieël aan die jaloerse stiefma geopenbaar. Twee keer het die sluwe vrou probeer om Sneeuwitjie aldaar te vermoor, maar sonder sukses.

En, in 'n effense verbuiging van die sprokie, trou onse heldin toe met 'n agtste dwergie.

Atos was sy naam.

## Dwergies vir minder as R160 000

Alexandre Dumas se drie beroemde musketiers was Aramis, Porthos en Athos.

Atos is nie laasgenoemde se broer nie. Hy's eerder Hyundai se jongste klein intreemodel in 'n motormark wat veral nou, nadat korona ons almal met 25% verarm het, op sy pryssensitiefste punt in dekades gaan wees.

Wat die oorgrote meerderheid van motorkopers nou benodig, is 'n musketier wat – soos die Atos – onder aankoopprys kan slag.

In die segment onder R175 000 baklei einste Atos saam met sewe ander dwergies: die Renault Kwid, Datsun Go, Kia Picanto, Suzuki Celerio, Suzuki Swift, Hyundai Grand i10 en 'n Chinese luikruggie genaamd BAIC – wat jy letter vir letter kan uitspreek, of as "bike", sou jy wou.

Laasgenoemde se plaaslike intreemodel is die D20 Hatch 1.3 Comfort, wat vir R150 000 verhandel. *Rapport* moet hom nog toets. Goedkoper as die D20 is intreemodelle vir die Renault Kwid en Suzuki Celerio (albei teen R145 000); 'n entjie duurder is die Kwid 1.0 Dynamique (R155 000) en die Atos (R160 000) – plus 'n outomodel van die Kwid.

En dis dit as R160 000 jou afsnypunt is.

Verskuif die grens na R175 000 en nog 'n paar Kwids, Go's en twee Suzuki's – die Swift en DZire – kom ook in't spel, plus 'n Kia Picanto en BAIC se D20 1.5.

**Die Atos is boonop meesterlik verpak.**

## Bougehalte en ingenieursintegriteit

Almal van hulle, buiten die BAIC en Picanto, word in Indië vir Derdewêreldse markte gebou. Klein en goedkoop is ieder geval ook Suid-Afrika se voorland en dis een goeie rede om notisie van die Atos te neem.

"In Indië gebou" is dikwels egter 'n kode vir effe slapper botsveiligheid- en bougehalte. Sommige van dié motortjies ruik byvoorbeeld na gom en goedkoop plastieke. Paneelgapings is groot en oneweredig en meganiese aspekte – soos kieriekuiwe – herinner aan slaptjips.

Nie so wat die Atos betref nie. Meganiese asook bou-integriteit is 'n tweede rede om hom op jou radar te plaas.

Pas-en-presisie op die voorpaneel is byvoorbeeld netjies en solied en deure pas mooi in hul rame, knip stewig in hul slotte en klink allermins na blik.

En dis te verstane: Die Atos word op Hyundai se nuwe K1-platform gebou, wat 63% wringstewiger as die vorige platform vir kompakte motors is.

Dis 'n uitstekende begin, en dit wys op die pad.

## Verrigting en meganiese superioriteit

*Rapport* het Hyundai se nuwe kleintjie oor die Kersvakansie bestuur. Hy't op die langpad verras deur die nasionale spoedgrens met gemak te handhaaf en selfs 130 km/h sonder klagtes te haal, maar 140 is omtrent die buitegrens van sy gemaksone.

Bó dit begin sy 1.1-liter-enjintjie (50 kW/99 Nm) kla, al is die amptelike topspoed 155 km/h en al hardloop die oondjie tot 600 r.p.m. bo sy rooilyn van 6 400 toere – en steeds het die Atos 430 km uit sy tenk van 35 liter (die Kwid s'n hou 28 liter) gelewer, al is 'n goeie 370 van dié spesifieke 430 km op die grens van sy gemaksone deurgebring.

In die strek tussen 3 000 en 5 000 r.p.m. rêw die Atos-oondjie egter lekker glad en trek hy goed. Hou hom hier en versnel en rem geleidelik, en jy sal – teen 5,8 liter/100 km – meer as 600 km per tenk tap.

Verrigtingsyfers is omtrent op baansyfer vir die segment (0-100 km/h in 14.5 sek.; topspoed van 155 km/h), maar hier's waar die Atos voordele lewer: Sy 1.1-liter bied vier gladde silinders teenoor party van die ander dwergies se drie raserige kokers elk; en remafstande (skywe voor/trommels agter, insluitend ABS en noodremdrukverspreiding) is klasleidend.

Die beste voorbeeld van die Atos se meganiese superioriteit is egter sy 5-gang-handratkas met maklike, goeie, stewige, akkurate en positiewe skuiwe; 'n segment-rariteit. Sy stuur is ook akkurater, en met beter selfsentrering, as dié van ander dwergmotors uit Indië.

## Verpakking en toerusting

Die Atos is boonop meesterlik verpak. Hy's die breedste in sy klas en ook maar goed, daar skouerruimte net-net genoeg is. Die laairuim is effe knapper as byvoorbeeld die Kwid s'n, maar die agterkajuit en brandstoftenk aansienlik ruimer en groter.

Die agterkajuit bied boonop goeie knie- en veral kopruimte.

Voorlangs sit jy hoog, ja, en regop, tussen kantafwerking uit fopleer vir flanke en dye, maar met hope kopruimte; die Atos meet 3,6 m lank, amper 1,8 m breed en 1,56 m hoog. Die linkerbeen kan voorts lekker ver langs die koppelaarpedaal strek.

En ja, die voorpaneel klink hol as jy op hom tik, maar hy's stewig gebou, terwyl sy harde plastiek met 'n fyn tekstuur afgewerk is om 'n amperse premium gevoel te skep.

Geriefs- en nuttigheidsvlakke is boonop segmentleidend. Daar's 'n bêrekassie met verskillende vakkies voor die handremhefboom, behoorlike groot deursakke, 'n geribte bêrerakkie bo die (groot) poeierkassie, groot en duidelike draaiknoppe vir lugversorging, voorste kragvensters (met beheerskakelaars op die kieriekonsole), 'n 12 V-punt, Bluetooth, Apple CarPlay, Android Auto, inligtinglesings in Engels, Arabies of Español, satellietbeheer vir klankfunksies (radio/telefoon) op die stuurwiel en 'n gebruiksvriendelike infovermaak-raakskerm.

Veiligheidstoerusting behels die genoemde ABS-remme en twee voorste lugsakke.

Minder luuks is syspieëls wat met die hand verstel, agtervensterslingers, geen afstandsluiting/-ontsluiting nie, net 'n enkele sleutelgat (op die bestuurdersdeur geplaas) en 'n gebrek aan hoogteverstelling vir voorstoele of enige verstelling aan die stuurkolom.

## Tru-sig op oop pad en gevolgtrekking

Die grootste vaal kol kom egter in die vorm van die truspieël, of wat mens op die oop pad daarin kan sien.

Spieëltjie, spieëltjie aan die wand, watter motor het agter my op die pad beland?

Want hier's die ding: Mens sit hoog in die Atos, wat beteken dat die derde remlig aan die boonste binnekant van die agterdak maklik inbreuk op tru-sig maak.

Met die voertuig agter jou net 70 m ver op die oop pad, kan jy klaar nie meer sy wiele op die teer sien nie. Teen 120 km/h is iets wat jou met 'n tydsgaping van net twee sekondes volg, feitlik dan buite sig – en dis onveilig (alhoewel jy jou kantspieels ook kan gebruik, maar dis lastig).

Volgafstande in die dorp of stad is veel korter en daarom nie 'n probleem nie.

Wat die res betref, is die Atos egter daai agtste dwergie, so volwasse en afgerond en onweerstaanbaar, en met soveel integriteit, dat Sneeuwitjie net eenvoudig met hom môés trou.

Wat die Grimm-broers voorts nie vertel het nie, was dat die troue ook 'n 7 jaar/200 000 km-waarborg en 'n 1 jaar/15 000 km-diensplan sou insluit, wat nie iets is wat die ander dwergies naastenby kon ewenaar nie.

■ **Prys: Hyundai Atos 1.1 Motion – R159 900**

# Masker in die mode

Maak 'n modestelling met jou masker, skryf **Alet Wichmann.**

P&H Boutique se maskers het 'n egte Afrika-gevoel. R50 by www.phboutique. com.

**HEELBO: Woodstock Laundry se maskers het vrolike motiewe, soos goudgeel piesangs. R500 vir tien by info@woodstock-laundry.co. BO: The Silk Lady se maskers van sy kos R242 by Thesilklady.com.**

Om 'n masker te dra, of nie? Dit bly 'n vraag wat wyd bespreek word.

Zweli Mkhize, minister van gesondheid, het die afgelope week gesê: "Om maskers te dra is ongetwyfeld een van die beste maniere om te keer dat die virus versprei. Ons beveel dit veral aan vir mense wat hoes of enige van die ander simptome wys, of in situasies is waar fisieke afstand moeilik is."

Die sleutel is egter om 'n masker reg te dra.

**Sit dit reg op**

Die Wêreldgesondheidsorganisasie beveel die volgende stappe aan:

1. Was jou hande met seep en water of 'n wasmiddel met 'n alkoholbasis.
2. Bedek jou mond en neus met die masker en maak seker daar is nêrens gapings tussen jou gesig en die masker nie.
3. Moenie aan die masker raak terwyl jy dit op het nie. As jy wel daaraan raak, maak dadelik weer jou hande skoon.
4. Ontsmet jou hande weer voordat jy dit afhaal en haal dit dan af deur net aan die toutjies te raak.

**Steriliseer jou masker elke keer**

Nadat jy teruggekeer het van jou noodsaaklike uitstappie, soos om kruideniersware of medisyne te gaan koop, moet jy dadelik die masker afhaal en steriliseer, beveel Lucie McPherson van The Silk Lady, een van die vervaardigers van herbruikbare materiaalmaskers, aan. "Was dit in die warm siklus van jou wasmasjien en stryk dit, want die hitte sal help om dit te steriliseer. As jy nie toegang tot 'n wasmasjien of strykyster het nie, kan jy die masker ook in 'n pot warm water kook."

**Maskers van materiaal help tog**

Al die vervaardigers van lapmaskers benadruk dat hul maskers nie so doeltreffend soos mediese maskers is nie, maar dat dit tog 'n mate van beskerming bied.

"Ons verkondig nie dat ons mediese maskers maak nie, maar ons het heelwat navorsing gedoen en glo dat ons maskers voorkomend kan wees," sê Dylan Rothschild, bestuurshoof van Woodstock Laundry in Kaapstad.

Hy noem verder dat dit 'n manier is om steeds werk te verskaf aan hul werknemers.

Met Woodstock Laundry se maskers kan jy boonop 'n modestelling maak. Hul ontwerpe wissel van eenvoudige effekleure tot vrolike apies, goudgeel piesangs en tropiese blare. Jy kan 'n pak van tien maskers vir R500 bestel by info@woodstocklaundry.co. Hulle het ook maskers wat kinders sal pas.

Ook P&H Boutique, wat eintlik spesialiseer in etniese drag, maak maskers met etniese motiewe. Hul maskers kos R50 elk by www.phboutique.com.

The Silk Lady se maskers is van 100% sy, met 'n weggooibare filter wat in 'n sakkie in die middel van die masker geplaas word. Die maskers het ook 'n draad in die soom wat die kontoer van jou neus navolg. Dit kos R242 by www.thesilklady.com.

Al dié maatskappye het permitte bekom om jou maskers selfs gedurende die inperkingstyd binne dae te kan aflewer.

SHEREEN-RH080919

**Wes-Kaap**

**15 Gordonsbaai**

THE BOARDWALK Seefront vakansiewoonstelle. Ten volle toegerus (DSTV) Privaat parkering. ≈Paula: 021-856-3471 / 082-555-9318 www.boardwalk accommodation.co.za

**16 Hartenbos**

Verblyf v/af **R130pppn** 0823989903

**20 Kaapstad**

083 414 5100 BELLVILLE netjiese w/s. Vanaf R450 p/nag

**Oos-Kaap**

**41 Tuinroete**

**KwaZulu-Natal**

**51 Margate**

MARGATE-REST: 082 771 2127 www.margaterest.co.za

**Mpumalanga**

**64 Algemeen**

A1 SABAAN vakansieoord. Toegeruste chalets. Geleë tussen SABIE en HAZYVIEW. Bied spesiale afslag tariewe. Skakel 071 545 0155.

**OM HIER TE ADVERTEER**

**KONTAK ASB SHEREEN SEPHIRI**
**087 741 3130 • 012 485 9080**
ssephiri@beeld.com